Die aanbieding van politiek as nuusonderwerp in *SARIE*, *rooi rose* en *Fair Lady* (1994-2005)

C.H. Boshoff Hons. BA

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Lynnette Fourie

Hulpstudieleier: Me. Thalyta Swanepoel

Potchefstroom

2009

Dankbetuigings

My innige en opregte dank gaan aan:

- Die Here
- Familie en vriende, in besonder my ma Ronél, pa Ters en Stephanus Cloete
- My studieleiers, prof. Lynnette Fourie en me. Thalyta Swanepoel

Opsomming

Hierdie verhandeling bespreek die aanbieding van politiek as nuusonderwerp in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* in geselekteerde jare van demokratisering vanaf 1994 tot 2004. Die sentrale aanname in dié studie is dat die media in 'n demokrasie, veral waar vroue se politieke kennisvlakke laer is as dié van mans, die pertinente funksie het om die samelewing in te lig en op te voed om effektief in die bestel te funksioneer. Vanweë die feit dat vrouetydskrifte gewilde leesstof is onder vroue is dit uniek geposisioneer om politieke inligting aan hulle te verskaf, hoewel dit tradisioneel nie hierdie rol vervul het nie. Die aanbeveling is dat die uitgangspunte van die aanlynevalueringsmodel, skemateorie en agendastellingsteorie in inligtingseleksie en -aanbieding in ag geneem moet word om politieke kennisvlakke by die vrou te verhoog. Volgens eersgenoemde leer die meeste mense op toevallige wyse van politiek omdat hulle nie aktief na die inligting soek nie. Volgens die skemateorie word al die inligting oor 'n bepaalde onderwerp saamgegroepeer en beïnvloed hierdie kennisstrukture hoe mense nuwe inligting opneem, verwerk en hoe reaksies na aanleiding daarvan gevorm word. Agendastelling sê in wese dat die leser geneig is om 'n saak wat baie aandag in die media kry as belangriker te ag as een wat nie so baie aandag kry nie. Die aspekte wat uitgelig word, word ook as belangriker beskou.

Teen die teoretiese agtergrond is riglyne opgestel vir die aanbieding van politiek in vrouetydskrifte. Dié uitgangspunte is geverifieer teen artikels in *Ms. Magazine*, 'n publikasie wat reeds politiek op haar agenda het. Die riglyne het as basis gedien vir 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van politieke nuusitems in *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE*. Die resultate het getoon dat *Fair Lady* baie dekking van die onderwerp het, terwyl *rooi rose* en *SARIE* aansienlik minder het. Hoewel die tydskrifte reeds heelwat van die riglyne implementeer in hul dekking van politieke nuusitems, kan van die publikasies nog meer doelbewus 'n poging aanwend om die leser se aandag na politieke items te trek en dit beter te behou.

Ten slotte word geargumenteer dat vrouetydskrifte aan die leser moet bied wat hulle wil hê om ekonomiese voortbestaan te verseker, maar dat die sosiaal-verantwoordelike redaksielid van die riglyne wat in hierdie studie voorgestel word gebruik kan maak. Die publikasies kan sodoende hul funksies as mediums om lesers in te lig en op te voed vervul sonder om die leser wat op soek is na vermaak te vervreem.

Trefwoorde

Ontwikkelende demokrasie, vroue, politieke kennis, vrouetydskrifte, media-funksies, skemateorie, aanlynevalueringsmodel, agendastellingsteorie

Abstract

This dissertation discusses the presentation of politics as news topic in the South African women's magazines *Fair Lady*, *rooi rose* and *SARIE* in selected years from democratisation in 1994 to 2004. The basic assumption of the study is that the media has the pertinent function to inform and educate society to effectively partake in a democracy, especially where women's levels of political knowledge are lower than those of men. Due to the fact that women's magazines are popular reading material amongst women, it is uniquely positioned to provide political information to them, apart from the fact that they have not been traditionally prone to do so. It is recommended that the points of departure of the online evaluation model, schema theory and agenda setting theory be considered in the selection and presentation of information to contribute to women's political knowledge aquisition. According to the first mentioned theory most people learn about politics coincidentally as they do not search actively for this type of information. According to the schema theory all acquired knowledge on a topic is grouped together and these knowledge structures influence how people recieve, process and react to new information. Agenda setting basically implies that the reader is prone to regard an issue that recieves a relatively high frequency of coverage in the media as more important than one not recieving much attention. The aspects that are highlighted regarding the specific issue are also viewed as more important than other aspects.

Against this theoretical background guidelines were created for the presentation of politics in women's magazines. These departure points were verified against articles in *Ms. Magazine*, a publication already covering politics. The guidelines served as basis for a qualitative content analysis of political news items in *Fair Lady*, *rooi rose* and *SARIE*. The results show that *Fair Lady* has a high level of political coverage while *rooi rose* and *SARIE* have considerably less. The publications already implement most of the guidelines to a degree. However, in an effort to attract and keep readers' attention to political news items more, some guidelines could be utilised more consciously.

In closing it is argued that the publications should take care to provide the reader with what they want to ensure economic survival, but that the socially responsible editorial team member may make use of the guidelines set out in this study. In doing this, the publications can fulfill their functions as informational and educational mediums without alienating the entertainment seekers.

Key words

Developing democracy, women, political knowledge, women's magazines, media functions, schema theory, online evaluation model, agenda setting

Inhoudsopgawe

Dankbetuigings iii

Opsomming iv

Abstract v

Inhoudsopgawe vii

Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings 2

1.1 INLEIDING EN KONTEKSTUALISERING 2

1.2 VROUE SE POLITIEKE KENNISVLAKKE EN DEELNAME AAN POLITIEK 6

1.3 DIE SPESIFIEKE POTENSIAAL VAN VROUETYDSKRIFTE 9

1.4 PROBLEEMSTELLING 10

1.5 ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG 11

1.6 SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE 11

1.7 SPESIFIEKE NAVORSINGSDOELWITTE 11

1.8 TEORETIESE ARGUMENTE 12

1.9 NAVORSINGSMETODE 13

1.9.1 Literatuurstudie 13

1.9.2 Inhoudsanalise 13

1.9.3 Semi-gestruktureerde onderhoude via e-pos 14

1.10 HOOFSTUKINDELING 14

Hoofstuk 2: Die rol wat vrouetydskrifte speel in die bevordering van politieke kundigheid onder vroue 16

2.1 INLEIDING 16

2.2 DIE FUNKSIES VAN DIE MEDIA 17

2.3 DIE FUNKSIES VAN (VROUE)TYDSKRIFTE 20

2.4 DIE SKEMATEORIE EN AANLYN-EVALUERINGSMODEL 21

2.5 AGENDASTELLINGSTEORIE 25

2.6 DIE FUNKSIE(S) WAT VROUETYDSKRIFTE KAN VERVUL 27

2.7 SAMEVATTING 30

Hoofstuk 3: Riglyne vir die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte32

3.1 INLEIDING 32

3.2 KRITIEK TEEN VROUETYDSKRIFTE 32

3.3 SPESIFIEKE TEORETIESE STELLINGS EN FORMULERING VAN RIGLYNE33

3.3.1 Spesifieke teoretiese stelling 1 33

3.3.2 Spesifieke teoretiese stelling 2 34

3.3.3 Spesifieke teoretiese stelling 3 35

3.3.4 Spesifieke teoretiese stelling 4 36

3.3.5 Spesifieke teoretiese stelling 5 41

3.4 SAMEVATTING 44

Hoofstuk 4: Navorsingsmetode 45

4.1 INLEIDING 45

4.2 DIE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE BENADERINGS TOT NAVORSING IN KOMMUNIKASIESTUDIES 45

4.3 DIE RELEVANSIE VAN KWALITATIEWE INHOUDSANALISE VIR HIERDIE STUDIE 47

4.4 TRIANGULASIE 50

4.4.1 Betroubaarheid 50

4.4.2 Geldigheid 52

4.5 NAVORSINGSONTWERP 53

4.5.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise 53

4.5.1.1 Ondersoekmateriaal en -tydperk 53

4.5.1.2 Die ontwerp van die datavelle (addendums A en B) 55

4.5.1.3 Kategorieë 55

4.5.1.4 Toetsstudie: Inhoudsanalise van *Fair Lady, rooi rose en SARIE* 59

4.5.2 E-posvraelyste 60

4.6 WERKSWYSE 60

4.6.1 Inhoudsanalise van *Fair Lady, rooi rose* en *SARIE* 60

4.6.2 E-posvraelyste 63

4.7 VERWERKING VAN DATA EN AANBIEDING VAN RESULTATE 63

Hoofstuk 5: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *Fair Lady* 66

5.1 INLEIDING 66

5.2 RIGLYN 1 66

5.3 RIGLYN 2 66

5.3.1 Dekking, genres en onderwerpe 66

5.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte 69

5.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte 71

5.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye 71

5.4 RIGLYN 3 72

5.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad) 73

5.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei 74

5.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan 76

5.5 RIGLYN 4 77

5.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items 77

5.5.2 Die gebruik van interessante feite 79

5.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel 80

5.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek 83

5.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal 87

5.6 RIGLYN 5 88

5.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is 88

5.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe 88

5.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is 89

5.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering 90

5.7 RIGLYN 6 91

5.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne 91

5.8 NOEMENSWAARDIGE VERWYSINGS 92

5.9 SAMEVATTING 93

Hoofstuk 6: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *rooi rose* 94

6.1 INLEIDING 94

6.2 RIGLYN 1 94

6.3 RIGLYN 2 94

6.3.1 Dekking, genres en onderwerpe 94

6.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte 97

6.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte 98

6.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye 99

6.4 RIGLYN 3 99

6.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad) 99

6.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei 100

6.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan 102

6.5 RIGLYN 4 103

6.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items 103

6.5.2 Die gebruik van interessante feite 104

6.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel 105

6.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek 106

6.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal 108

6.6 RIGLYN 5 109

6.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is 109

6.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe 110

6.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is 110

6.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering 112

6.7 RIGLYN 6 113

6.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne 114

6.8 NOEMENSWAARDIGE VERWYSINGS 114

6.9 SAMEVATTING 115

Hoofstuk 7: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *SARIE* 117

7.1 INLEIDING 117

7.2 RIGLYN 1 117

7.3 RIGLYN 2 117

7.3.1 Dekking, genres en onderwerpe 117

7.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte 119

7.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte 120

7.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye 121

7.4 RIGLYN 3 121

7.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad) 122

7.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei 122

7.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan 124

7.5 RIGLYN 4 125

7.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items 125

7.5.2 Die gebruik van interessante feite 126

7.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel 127

7.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek 129

7.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal 131

7.6 RIGLYN 5 131

7.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is 132

7.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe 132

7.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is 133

7.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering 134

7.7 RIGLYN 6 135

7.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne 135

7.8 NOEMENSWAARDIGE VERWYSINGS 136

7.9 SAMEVATTING 136

Hoofstuk 8: Samevatting en gevolgtrekkings 138

8.1 BEANTWOORDING VAN SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAAG 1 138

8.2 BEANTWOORDING VAN SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAAG 2 140

8.3 BEANTWOORDING VAN SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAAG 3 141

8.4 BEANTWOORDING VAN ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG 150

8.5 SAMEVATTENDE ARGUMENTE 151

8.6 BYDRAE VAN DIE STUDIE 154

8.7 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE EN BEVINDINGE 154

8.8 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING 154

Bronnelys 156

Addendum A - Datavel A 170

Addendum B - Datavel B 173

Addendum C - Bibliografie: items uit *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* 174

Lys van tabelle

Tabel 1 - Aantal politieke items in spesifieke genres in *Fair Lady* (1994-2004). 67

Tabel 2 - Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *Fair Lady* 1994 – 2004 67

Tabel 3 - Die aantal bronne in *Fair Lady* 1994-2004 91

Tabel 4 - Aantal politieke items in spesifieke genres in *rooi rose* (1994-2004) . 94

Tabel 5 - Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *rooi rose* (1994-2004) 95

Tabel 6 - Die totale aantal bronne in *rooi rose* (1994-2004) 114

Tabel 7 - Aantal politieke items in spesifieke genres in *SARIE* (1994-2004) ... 117

Tabel 8 - Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *SARIE* (1994-2004) 118

Tabel 9 - Die aantal bronne in *SARIE* 1994-2004 135

Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings

1.1 Inleiding en kontekstualisering

Mense is van nature nuuskierig en het ook die reg op inligting (Froneman *et al.*, 2005:2). Dié outeurs (2005:49) meen verder dat daar van joernaliste verwag kan word om "omvattende nuusdekking oor alle fasette van die lewe" te bied. Die *Perskode van Professionele Praktyk* sluit hierby aan: "The press has the right, and indeed the duty, to report and comment on all matters of public interest" (Retief, 2002:239).

Politiek is seker een van die belangrikste sake wanneer dit kom by die openbare belang. Aan die een kant behels dit die wyse waarop 'n land regeer word. Aan die ander kant het politiek ook 'n direkte invloed op mense se persoonlike lewens deurdat dit die ontwikkeling van dominante oortuigings en opinies in die samelewing stimuleer, wat lei tot die vorming van 'n kollektiewe, sosiale identiteit en dus mense se alledaagse besluitneming en funksionering beïnvloed (Odendal, 1994:809; Buckingham, 1999:178; Sreberny & van Zoonen, 2000:13). Mediaboodskappe help individue as't ware om besluite te neem oor die waardes en opinies wat heers in die samelewing waarin hulle leef (De Beer, 1998:14). Die volgende aanhaling van Buckingham (1999:178) illustreer dié punt verder:

> In attempting to understand the development of political understanding, we need to adopt a broader definition of politics, which recognises the potentially political dimensions of 'personal' life and of everyday experience. In the process, it is important to recognise that 'political thinking' is not merely an intellectual or development achievement, but an interpersonal process which is part of the construction of a collective, social identity.

In hierdie studie word daar met "politiek"[1] bedoel: die bestuur van die samelewing deur deelname van die burgers en openbare amptenare en ook die bestuur van die lede van die samelewing se alledaagse bestaan, deur die aanwending van sekere beginsels, wat opinie, oortuiging, reaksie en optrede in situasies in die openbare domein ("public sphere")[2] rig. Die studie fokus spesifiek op hoe vroue in hierdie openbare domein funksioneer.

---

1 Die konsep *politiek as nuusitem* soos dit in die titel van hierdie studie voorkom, word in drie aspekte verdeel, naamlik "politiek", "nuus" en "item". Politiek is in die vorige paragrawe gedefinieer. Die definisie van nuus is: "interesting or important information not previously known" (Collins, 2004:1010). "Item" word gedefinieer as "punt, artikel ... onderdeel van 'n geheel, besonderheid" (Odendal, 1994: 460). "Politiek as nuusitem" beteken dus die voorkoms en behandeling van politieke onderwerpe in die media (wat handel oor die direkte of indirekte wisselwerking tussen die staat en publiek) in gepubliseerde formaat van enige aard in die vorm van gespesifiseerde eenhede (soos artikels, berigte of kleiner afdelings van rubrieke).

2 Die openbare domein het te doen met die politieke, ekonomiese en kommersiële aspekte van die samelewing, terwyl die private domein te make het met die familie, huislike opset, en die sosiale aspek van die samelewing (Youngs, 2004:188-189).

Volgens De Beer (1998:13) is van die media se *fundamentele* funksies om in te lig en op te voed.[3] Die media en ook tydskrifte kan dus 'n sleutelbydrae lewer om inligting oor te dra in enige veld waarin dit gebrekkig is. Dit kan wees onder die samelewing of segmente daarvan, in pas met 'n spesifieke medium se teikenmark. (Daar bestaan egter kritiek dat spesifiek vrouetydskrifte dit nié altyd op 'n omvattende manier doen nie – sien afdeling 3.2.) Die redaksionele span van die vaktydskrif *Columbia Journalism Review* (Anon, 2008:4) sluit hierby aan deur te stel dat die beste joernalistiek "investigative, public-service-orientated [sic]" van aard is en dat daar 'n behoefte is vir die vestiging van sodanige joernalistieke tradisie in vandag se nuuskantore. Die klem is dus daarop dat joernalistiek in wese 'n diens aan die samelewing is.

Fourie (2004:42,96) stel dit duidelik dat die media in 'n demokrasie[4] die plig het om aan die samelewing spesifiek ook *politieke* inligting te verskaf aangesien polities-kundige burgers positief tot 'n demokrasie bydra, veral in 'n jong demokrasie soos dié van Suid-Afrika (vgl. ook Geertsema, 2008a; Geertsema, 2008b). Polities-kundige burgers dra as't ware by tot die effektiewe funksionering van 'n demokrasie mits hulle oor 'n redelike vlak van politieke inligting, of anders gestel oor 'n redelik goed ontwikkelde kognitiewe skema oor politiek, beskik (Fourie 2004:21,42,96; Delli Carpini & Keeter in Eveland *et al.*; 2003:374; Berelson, 1960:527; Hendriks *et al.*, 2004:421).

Die hele punt van demokrasie is die bevordering van sosiale en politieke omstandighede waarin mense hul eie keuses kan uitoefen (Oosthuizen, 2003a:133). Om sodanige besluite te kan neem en gevolglik beheer oor hul lewens te hê, is mense (vroue) afhanklik van toegang tot inligting en die vermoë om te kommunikeer op gelyke vlak met ander lede van die samelewing.

Vir mense om hul regte as burgers van 'n demokratiese land ten volle uit te leef moet hulle toegang tot inligting hê oor wat presies daardie regte in die algemeen en in bepaalde situasies behels. Hulle moet ook 'n bron hê wat hulle van raad voorsien oor hoe om hierdie regte optimaal te benut. In effek word daar van die media verwag om as hierdie spesialis-adviseur op te tree (Murdock in Nel, 2001:9). Soos Fourie (2004:13) dit duidelik stel: "...die media moet die publiek inlig, nie net deur die klakkelose weergee van inligting nie, maar ook deur politieke gebeure te vertolk en in konteks te plaas."

Dit is bewys dat politieke *deelname* gestimuleer word deur media-gebruik, samesprekings tussen mense wat verskillende perspektiewe het en die reflektiewe integrasie van feite. Al hierdie genoemde faktore steun in geheel of grotendeels op die media – dit is inderdaad die samelewing se pertinente *primêre*

---

[3] Die funksies van die media word in hoofstuk 2 in detail uiteengesit.

4 *Demokrasie* impliseer 'n staat geregeer deur die hele bevolking by monde van 'n aantal verkose leiers; gekenmerk deur vryheid en onafhanklikheid (van spraak, die individu asook die regstelsel) (Nel, 2001:9; Odendal, 1994:135).

bron van politieke inligting en is die enigste instelling wat werklik kan waghond speel oor die politiek (Sotirovic & McLeod, 2001:286; Hendriks *et al.*, 2004:421, Sreberny & Van Zoonen, 2000:9). Aktiewe deelname vereis dus burgers wat in die openbaar in politiek belangstel en daaraan deelneem, asook betrokkenheid by besprekings en/of debatte sodat demokrasie wat die belang van die samelewing beskerm tot sy reg kom (Fourie, 2004:21). Deelname impliseer ook stem in verkiesings, vrywilligheidswerk, sosiale aktivisme en die bou van sosiale kapitaal (Anderson & Stewart, 2005:606).

Dit is uiters belangrik vir die verdieping van demokrasie dat elke burger daaraan deelneem (Goldenberg, 2008) omdat die media nie alleen verantwoordelik is daarvoor om te verseker dat demokrasie seëvier nie. In 'n radiogesprek op Overvaal Stereo in Oktober 2008 het prof. Lizette Rabe, hoof van die nagraadse joernalistieke departement van die Universiteit van Stellenbosch, aangevoer dat die samelewing inderdaad ook verantwoordelik is daarvoor om die media te monitor, wat op sy beurt weer die staat en ander instellings monitor[5]. Die verantwoordelikheid word dus voor die landsburger se deur geplaas om deel te neem aan die werkinge van die openbare domein. Burgers moet betrokke raak, maar is afhanklik van inligting van 'n verskeidenheid media vir politieke emansipasie. Hoewel die belang hiervan onbetwisbaar is ontstaan daar 'n mate van besorgdheid oor die bereikbaarheid van hierdie ideaal. Verskeie studies het getoon dat burgers nie noodwendig oor parate politieke kennis beskik nie, maar dat hulle steeds in staat is om politieke keuses uit te oefen en dit boonop te motiveer (Redlawsk, 2001; Hastie & Pennington, 1989; Baum 2003:174,181; Buckingham, 1999:172-3). Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die aanlyn-evalueringsmodel.

Volgens die aanlyn-evalueringsmodel *soek die meeste mense*[6] *nie aktief na politieke inligting nie*. Die bestaande kognitiewe kennisstrukture oor politiek wat in mediagebruikers se leeftyd opgebou word, bestaan grotendeels uit inligting wat *toevallig* opgedoen is en die subjektiewe interpretasie van 'n gebeurtenis word eerder gestoor in die geheue as die objektiewe feite rondom die gebeurtenis self. Wanneer politieke (en ander) mediaboodskappe waargeneem word organiseer mense hierdie inligting verstandelik op 'n bepaalde wyse, dikwels onbewustelik. Hierdie kennisstrukture wat gevorm word staan bekend as *skemas*. Tydens die aanlyn-evalueringsproses kan presiese inligting nie soseer vanuit die geheue herroep word nie en nuwe inligting word na aanleiding van hierdie bestaande skema-raamwerke spontaan geëvalueer, hoe gebrekkig dit ook al mag wees (Conover & Feldman, 1986; Lau & Sears, 1986; Baum, 2003; Buckingham, 1999; Fourie, 2004:88; vgl. Hastie & Pennington, 1989). Hoe meer 'n

---

5 Prof. Rabe het voorgestel dat dit geskied deurdat die samelewing aktief en krities met die media omgaan en hulself wend tot die regulasie-organisasies wat daar bestaan – die Persombudsman vir drukmedia en die Broadcasting Complaints Commission of South Africa (BCCSA) vir uitsaaimedia (vgl. ook Schramm, 1960:648).

6 Die studie erken dat daar baie vroue is wat in politiek belang stel en aktief na politieke inligting soek, maar op grond van die aanlyn-evalueringsmodel se beginsels asook ander navorsing oor vroue se politieke kennisvlakke en belangstelling (sien afdeling 1.2), word daar van die standpunt uitgegaan dat vroue in die algemeen nie aktief na politieke inligting soek nie.

saak egter op die media se agenda is, hoe groter is die kans dat die mediagebruiker meer uitgebreide kennis daaroor sal hê.

Die media se agendastellingsfunksie beïnvloed mense se sienings oor die werklikheid en ook hoe hulle hul denke organiseer (Banks, 2004:214; De Beer, 1998:11,12; Tuchman, 1978:2). McCombs (1978:2) het bewys dat die publiek in 'n groot mate reageer op onderwerpe waarop die media hul aandag vestig. Hoe meer klem die media op 'n bepaalde kwessie plaas, hoe belangrik ag die ontvangers van die boodskap in die algemeen dit (McCombs, 1978:5).

Mense se aandag word verder eerder getrek deur nuus wat aansluit by hul bestaande skemas (Redlawsk, 2001). Vroue behoort dus meer geredelik politieke nuus te lees as dit spesifiek op hulle betrekking het. Verder behoort die politieke agenda van media spesifiek op vroue gemik dus die skema van die vrou in ag te neem om die impak van die inligting wat hulle oordra te verhoog.

Die media kan en behoort dus 'n rol te speel om die politieke emansipasieproses te bevorder en vroue aan te moedig tot groter bemagtiging. *Bemagtiging* word gedefinieer as die investering van mag en outoriteit, om aan iemand die vermoë te gee, of hulle in staat te stel om besluite te neem en op te tree. Dit is 'n sosiale proses en verwys na mense se potensiële vermoë om in beheer te wees van hul eie lewe. Mense behoort die mag te hê om in hul eie lewens, sowel as in die gemeenskap en samelewing, effektief te reageer op kwessies wat belangrik is en optrede verg (Page & Czuba, 1999; Anon, 2007). Na aanleiding hiervan verwys bemagtiging in hierdie studie daarna dat vroue in staat gestel word om beheer oor hul alledaagse lewe te neem deur hulle toe te rus met die nodige inligting en om hulle dan ook aan te moedig om daardie inligting, waar nodig, toe te pas.

Dit gaan hier spesifiek oor die *bestuur* van aspekte van vroue se lewens deur hulle in so 'n mate *in te lig* en *op te voed* (sien die onderskeid in die volgende paragraaf) dat hulle optimaal sal kan reageer en optree in enige situasie, wanneer hulle sou besluit om tot optrede oor te gaan. Kennis oor politieke aangeleenthede sal vroue meer *bemagtig*, hoewel dit opsigself nie genoeg is om die *ideale graad* van politieke deelname wat nodig is om vroue hul stemme in die politieke arena te laat hoor, te bewerkstellig nie. Hiervoor is 'n omvangryke verandering in hul waardesisteme nodig. Die beskikbaarstelling van die nodig inligting is egter aanvanklik noodsaaklik (Sotirovic & McLeod, 2001:286). Of vroue wel sal optree na die verkryging van inligting en bemagtiging en dit fisies sal uitleef, is 'n ope vraag wat hierdie studie nie gaan poog om te beantwoord nie. Daar kan wel bepaal word of die media (en in hierdie studie spesifiek *vrouetydskrifte*) media-gebruikers (lesers) met die nodige inligting kan bemagtig en verduidelik/verklaar hoe om hierdie inligting effektief aan te wend. Met ander woorde: doen die tydskrif sy deel? Die blote oordra van inligting is nie altyd noodwendig genoeg om mense werklik met inligting te bemagtig nie. Daar behoort 'n mate van opvoeding te geskied deur die spesifieke verwerking en aanbieding van die inligting aan die leser.

Die verskil tussen "inlig" en "opvoed" sien soos volg daar uit: om *op te voed* beteken om 'n persoon te verbeter, te ontwikkel, of om hulle op te lei vir 'n spesifieke doel (Collins, 2004:460). Om *in te lig* impliseer die oordrag van inligting, maar kan ook verder beteken "to impart some essential or formative characteristic to" (Collins, 2004:747). Dit blyk dus dat opvoeding nie sonder die oordrag van inligting kan geskied nie. Inligting behoort egter op 'n bepaalde manier oorgedra te word sodat dit sal lei daartoe dat die ontvanger daardeur sal verbeter en ontwikkel. Daar moet akkurate en volledige inligting op effektiewe wyse aangebied word met die spesifieke opvoedingsdoel in gedagte. Dit behoort te lei tot die opdoen van kennis by die ontvanger van die inligting, wat hulle meer kundig sal maak.

Kennis ("knowledge") word soos volg gedefinieer (Collins, 2004:815): "the state of knowing"; "consciousness or familiarity gained by experience or learning"; "erudition or informed learning". Kundigheid ("to be knowledgable") beteken "possessing or indicating much knowledge". Die oordra van kennis om kundigheid te verhoog gaan dus om meer as blote oordra van feite – daar moet gepoog word om die ontvangs van die boodskap 'n leersame/opvoedkundige ervaring te maak. Belangrike onderwerpe behoort dus op die media se agenda te wees sodat die gebruiker daaraan blootgestel word, maar die aanbiedingswyse moet voorsiening maak vir die gebruiker se skemas en ingesteldheid.

1.2 Vroue se politieke kennisvlakke en deelname aan politiek

Die belang van 'n polities-kundige samelewing in die algemeen is nou vasgestel. In hierdie afdeling word die belangrikheid van inligting en opvoeding met betrekking tot die politiek spesifiek vir vroue ondersoek.

Daar is teenstrydighede in die literatuur oor vroue se ingesteldheid teenoor die politiek. Hagen (1997:413) stel dit dat mense graag ingelig wil wees oor nuusgebeure en die behoefte aan politieke inligting het, maar nie die kans kry om die nodige inligting te bekom nie. Graber (1977:15,34) het weer gevind dat dit vroue stereotipeer wanneer gesê word dat vroue nie in politiek belang stel nie. Hierdie bevindinge is strydig met ander navorsing wat toon dat vroue nie in politiek belangstel nie (Verba *et al.*, 1997).

Verskeie navorsing toon egter dat vroue wêreldwyd polities minder kundig as mans is. Die sogenaamde politieke "gender gap" (Guynan, 2004:50; Gidengil *et al.*, 2003:13; Anon, 2005; Soule & Nairne, 2006; Somin, 2003:478; Torres & Brites, 2006:190). In Suid-Afrika spesifiek, waar 51% van die bevolking vroulik is (Statistics South Africa, 2007), het vroue laer vlakke van opvoeding en geletterdheid en minder werksgeleenthede as mans en bestaan daar dus 'n groot mate van ongelykheid (Geertsema, 2008a). Vroue wend gewoonlik nie daadwerklike pogings aan om hierdie gaping te oorbrug nie hoewel hulle net soveel belang by politieke opvoeding het as mans (Kennedy *et al.*, 2003 in Sweetser & Kaid, 2008:84). 'n Demokrasie steun op *alle* burgers – mans sowel as vroue – om optimaal te funksioneer (Stewart, 2006).

Navorsing het getoon dat die vlakke van vroue se politieke kennis relatief dieselfde gebly het sedert die 1950's en 1960's. Daar is ook gevind dat vroue relatief min belangstelling toon in media-inhoud wat meer fokus op wat hulle glo "manlike" kwessies is, naamlik die nuus, aktuele sake, wetenskap en sake van 'n dokumentêre aard. Politiek is dus hierby ingesluit. Vroue besef wel die belang en erns van hierdie kwessies, maar ag dit as verwyderd van hul alledaagse bestaanswêreld (Soule, 2001:4; Carter & Steiner, 2004b:22). In afdeling 1.1 is gesê dat die meeste mense in die algemeen nie aktief na politieke inligting soek nie en nou word gesien dat vroue selfs minder geneig is daartoe.

Van die redes waarom "gewone" vroue op die oog af moontlik hulself nie bemoei met politiek nie kan voor die deur van "daily life and institutional and cultural constraints" (Torres & Brites, 2006:192) gelê word. Dit kondisioneer vroue se belangstelling in en deelname aan politiek. Torres en Brites verduidelik dit verder só (2006:210):

> ...women have jobs and combine their occupation with family responsibilities, which are implicitly and explicitly assigned to them as their main responsibility, regardless of whether they work outside the home or not. Accordingly, they have little time for other activities, a fact that surveys on the use of time plainly demonstrate. The obvious conclusion is that objective conditions very scarcely favour female availability for politics, or even interest in it. On the other hand, it is certain that the way the world of politics operates is also a reason, beginning with the fact that there are few women in this field and that the specific ways in which that world functions – irregular hours and implicit rules and regulations that favour those without other responsibilities such as family members – tend to produce effects that exclude women (Viegas and Faria, 2001). Thus we have the double effect of exclusion and self exclusion. These are mechanisms that are generated in daily social life, with powerful symbolic effects, too. They make female participation difficult and impose the need for special measures – for example quotas – to combat what is being recognized as the serious democratic deficit of very limited female participation in politics.

Dit is dus belangrik om te let daarop dat dit nie noodwendig spesifiek in vroue "se aard" is om politiek te vermy nie, maar dat hulle eerder op grond van sosiale prosesse wat uistluiting bewerkstellig, op die oog af minder as mans belangstel (Torres & Brites, 2006:211).

Die feit dat vroue in die besonder politieke kennis behoort op te doen, bly dus staan. Opvoeding verbeter vroue se algemene lewenskwaliteit en bemagtig hulle om krities na sake te kyk. Dit gebeur deur 'n meer ondersteunende omgewing vir hul spesifieke behoeftes te eis, byvoorbeeld die reg op openbare geriewe waar geborsvoed kan word (Van Esterik, 2006).

Nuus (inderdaad die *inligting* wat oorgedra word) is dus belangrik omdat vroue dit juis nodig het in hulle alledaagse lewens. Dit help hulle onder meer om te onderskei tussen geleenthede en risiko's; "vyande" en "vriende" (dink aan politici). Somin (2003:478) maak dit nog duideliker:

> If people know little or nothing about what government is doing, they may have little ability to use their voting power to force elected officials to serve their interests or to punish them for neglect of those interests.

Meer inligting kan lei tot verhoogde politieke assertiwiteit onder vroue. Fourie (2004:22) stel dit so: "[P]olities-kundige kiesers is [dus] beter toegerus om aan 'n verkiesing deel te neem, aangesien hulle oor meer politieke selfvertroue beskik en moeiliker gemanipuleer kan word. Onkundige kiesers daarenteen neig om vir die regerende party te stem, wat die werking van demokrasie kan strem". In pas hiermee stel Prior (2005:578) dat mense wat meer in die politiek belangstel en gevolglik ook selfstandig meer inligting hieroor bekom, geneig is om meer geredelik as onbetrokkenes in verkiesings te stem.

Die vrouebeweging wat 'n opbloei beleef het teen die draai van die 19de eeu, het voorgestel dat vroue juis aan politiek moet deelneem omdat hulle 'n morele ingesteldheid het en tradisioneel as onskuldig en vol deugde gesien is. Die tradisionele siening van die politiek as 'n manlike veld wat dikwels vol korrupsie en konflik is, sou dus deur die toetrede van meer vroue positief beïnvloed kon word. Verder kom vroue se belange en behoeftes sterker na vore hoe meer hulle op openbare vlak verteenwoordig word (Sreberny & Van Zoonen, 2000:2; Mukda-Anan *et al.*, 2006; Viegas & Faria, 2001 in Torres & Brites, 2006:182).

Vroue sal dus in teorie politieke verandering doeltreffend kan beïnvloed deur ingeligte besluite te neem en/of deel te neem aan politiek, wanneer hulle bemagtig is met inligting. Die feit is egter duidelik dat vroue in die algemeen tot dusver nie hulle volle potensiaal uitgeleef het wat dit betref nie (Torres & Brites, 2006).

Dit is 'n onbetwisbare feit dat politiek genderrolle in die samelewing verander het aangesien vroue nie meer hoofsaaklik in die private domein funksioneer nie (Pauwels & Winter, 2007:408-409). In Suid-Afrika neem al hoe meer vroue deel aan die politiek. Die land het byvoorbeeld 'n buitengewone hoë persentasie vroue in die parlement. Voor die 2009-verkiesings het vroue 34% verteenwoordiging in die parlement gehad. Sedertdien is dit 43%, wat die land van 17de na 4de plek op die wêreldranglys laat styg het, wat betref die verteenwoordiging van vroue in die parlement (Gender Links, 2009). Vroue speel boonop 'n belangrike rol in die land se politiek sedert transformasie, wat belangrik is vir die land se sosiale stabiliteit en ekonomiese vooruitgang (IPU, 2007; IFP, 2000; Baden *et al.*, 1999).

Die gevolgtrekking is dat juis omdat die deelname van elke individu in 'n demokrasie belangrik is, vroue hul plek as verantwoordelike burgers op alle vlakke behoort in te neem vir demokrasie om werklik doeltreffend te wees (IFP, 2000), ook op voetsoolvlak. Hiervoor moet vroue egter bemagtig word met kennis hoewel die aanhaling uit Torres en Brites (2006:210) bo aandui dat dit 'n breër

samelewingsuitdaging is. Hierdie studie fokus egter slegs op die moontlike bydrae wat die media en in besonder vrouetydskrifte kan maak in die oplos van die probleem.

1.3 Die spesifieke potensiaal van vrouetydskrifte

Uit die agtergrond is dit duidelik dat die publiek die media nodig het om inligting te bekom sodat die media en die samelewing saam kan waghond speel oor die politiek omdat dit die bestuur van hul alledaagse lewens beïnvloed. Die media is egter 'n uiters gespesialiseerde bedryf in dié sin dat dit op spesifieke teikengehore fokus en dus spesiaal in daardie nismark se behoefte aan nuus voorsien. Die tydskrifmark is die mees beduidende voorbeeld hiervan, soos Claussen (2008:338) tereg stel (vgl. Holmes, 2007):

> Magazines, for instance, are the original niche media product, with magazine design and content historically and still shaped by who the audience is, and the audience sorting itself between one magazine and its competitors based on what the design and content are ...

In 'n rubriek op Media24 se webblad, het prof. Lizette Rabe 'n punt daarvan gemaak om die bevindinge van die derde gender-en-media-oudit, wat vroue en mans se verteenwoordiging in nuus ondersoek, onder mense se aandag te bring, aangesien "it was barely covered in other South African news media" (Rabe, 2006). Vrouetydskrifte het 'n definitiewe rol te speel daarin om sake wat belangrik is vir vroue spesifiek op hul agenda te plaas omdat dit soms nie die nodige aandag in die hoofstroommedia ontvang nie.

Hierdie studie kyk spesifiek na tradisionele vrouetydskrifte wat basies fokus op mode, skoonheid, die gesin en huishouding en loopbane tot 'n mindere mate (Kirca, 2001:465). In Suid-Afrika is die drie gewildste maandelikse vrouetydskrifte wat plaaslik ontstaan het in dié kategorie *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE*. Hul leserstalle (2008) is die drie hoogstes in die land vir die bepaalde teikenmark (Saarf, 2008):

- *Fair Lady* (975 000)
- *rooi rose* (655 000)
- *SARIE* (639 000)

Die tydskrifmark het boonop in sy geheel stadig maar seker uitgebrei die laaste agt jaar (Saarf, 2008) en dus nie veel lesers aan elektroniese media afgestaan nie. Die feit dat hierdie drie spesifieke publikasies reeds gewilde leesstof is (sien ook afdeling 1.9.1), skep 'n platform vir die geleentheid om lesers se skemas te beïnvloed deur subtiele voorstellings- en/of inhoudelike aanpassings te maak, sonder om aan die aard van die publikasie te verander en die ekonomiese voortbestaan daarvan te bedreig.

'n Voorbeeld van 'n vrouetydskrif van 'n ander aard, is die Amerikaanse feministiese tydskrif *Ms. Magazine* wat internasionaal beskikbaar is deur middel van hul interaktiewe webblad, elektroniese nuusbriewe en posdienste. Die publikasie beywer hom vir die bemagtiging van vroue, in die besonder op politieke gebied. Die voortbestaan van die tydskrif is bewys daarvan dat politiek in vrouetydskrifformaat doeltreffend aangewend kan word. Daar kan dus idees vanuit die publikasie gekry word oor hoe politiek vir vroue aangebied kan word. Aangesien die aard van *Ms. Magazine* egter verskil van dié van die tradisionele vrouetydskrif, is die potensiaal van die twee publikasies om by te dra tot verhoogde politieke kennisvlakke onder lesers verskillend. Dit kan dus nie bloot vergelyk word nie. Sien paragrawe 1.9.1 en 3.1 vir 'n verduideliking van hoe *Ms. Magazine* in hierdie studie gebruik is om te help met die opstel van riglyne vir die aanbieding van politiek in tradisionele vrouetydskrifte.

Wat betref die psigografiese profiele van die lesers van die vier tydskrifte wat in die studie gebruik word, kan die volgende afgelei word uit die publikasies se onderskeie "agendas" deur te kyk na die onderafdelings waarin die inhoud verdeel is:

- *SARIE* bedien Afrikaanssprekende vroue. Die fokus is op styl en mode, skoonheid, kos, wyn, raadrubrieke, mense-stories, boeke, reis, finansies, motoraangeleenthede, een spesiale verslag per uitgawe, geestelike aangeleenthede ("sielsdinge") en gesondheid (SARIE, 2010).
- *rooi rose* bedien min of meer dieselfde vroulike leserskorps in Suid-Afrika as *SARIE*. Dit fokus op styl en mode, skoonheid, kos, raadrubrieke, mense-stories, bekendes, ouerskap, verhoudings, beperkte hoeveelheid aktuele artikels en boeke (Rooi rose, 2010).
- *Fair Lady*, aan die ander kant, fokus op Engelssprekende vroue. Hulle groepeer skoonheid en gesondheid saam, asook finansies en loopbaan-aangeleenthede en seks en verhoudings. Hulle fokus ook op kos en boeke, asook huislike aangeleenthede wat huis en tuin, elektroniese toebehore en verbruikersnuus insluit.
- *Ms. Magazine* bevat talle in-diepte nasionale (Amerikaans) en internasionale politieke (feministiese) items per uitgawe. Dit bevat ook afdelings wat handel oor "women's studies", finansies, gesondheid, verskeie skrywerskolomme van polities-bewuste skrywers en resensies van werke met politieke betekenis.

Uit hierdie agendas blyk die belangstellings, en dus psigografiese profiele, van die onderskeie publikasies se lesers duidelik. Die publikasies doen navorsing deur byvoorbeeld forums om uit te vind waarvan hul lesers hou en dateer hul agendas op (Pansegrouw, 2009).

1.4 Probleemstelling

In die lig van bogenoemde bespreking word die volgende probleemstelling vir die studie geformuleer:

Mense in die algemeen het politieke inligting nodig vir die effektiewe funksionering van die demokrasie; vroue is nog oorwegend polities onkundig, omdat hulle nie bewustelik na hierdie

inligting hunker nie en behoort daarom ingelig te word. Baie vroue lees tradisionele vrouetydskrifte en kan dus in teorie aan die nodige politieke inligting blootgestel word indien dit hierin vervat word. Hierdie tydskrifte is egter nie tradisioneel die medium vir politieke inligting nie.

Hierdie studie ondersoek die vraag of tradisionele vrouetydskrifte wel 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot vroue se politieke ontwikkeling en gelyke funksionering in die politieke kultuur van die land.

Die algemene en spesifieke navorsingsvrae en –doelwitte wat spruit uit die probleemstelling word vervolgens gegee.

1.5 Algemene navorsingsvraag

In die lig van die bogenoemde is die vraagstuk wat in hierdie studie ondersoek word, in die volgende algemene navorsingsvraag vervat: **Op watter wyse, indien enigsins, is politieke sake van 1994 tot 2005 in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied, om vroue in te lig en op te voed?**

1.6 Spesifieke navorsingsvrae

Die spesifieke navorsingsvrae wat uit die probleemstelling voortspruit, is:

1.6.1 Watter funksies behoort vrouetydskrifte te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder?

1.6.2 Watter riglyne kan vanuit die literatuur en die tydskrif *Ms. Magazine* geformuleer word, met betrekking tot die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte?

1.6.3 Op watter wyse word politieke sake in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied?

1.7 Spesifieke navorsingsdoelwitte

Na aanleiding van die voorafgaande navorsingsingsvrae is die spesifieke doelwitte van hierdie studie om te bepaal:

1.7.1 Watter funksies vrouetydskrifte behoort te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder.

1.7.2 Watter riglyne vanuit die literatuur en die tydskrif *Ms. Magazine* geformuleer kan word met betrekking tot die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte.

1.7.3 Op watter wyse politieke sake in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied word.

1.8 Teoretiese argumente

Uit die bostaande bespreking blyk dit dat die media na aanleiding van sy funksies, asook die stand van die vrou se ingesteldheid jeens politiek, die verantwoordelikheid het om aan lesers politieke opvoeding te verskaf (Froneman *et al.*, 2005:49; Retief, 2002:239; De Beer, 1998:11-14; Odendal, 1994:809; Buckingham, 1999:178; Sreberny & van Zoonen, 2000:9,13; Anon, 2008:4; Fourie, 2004; Geertsema, 2008a; Geertsema, 2008b; Pansegrouw, 2008; Kort, 2008; Delli Carpini & Keeter in Eveland *et al.*, 2003:374; Berelson, 1960:527; Hendriks *et al.*, 2004:421; Oosthuizen, 2003b:164; Murdock in Nel, 2001:9; Sotirovic & McLeod, 2001:286; Hendriks *et al.*, 2004:421; Hastie & Pennington, 1989; McCombs, 1978:5; Banks, 2004:214; Kennedy *et al.*, 2003 in Sweetser & Kaid, 2008:84). Teen hierdie agtergrond kan die volgende teoretiese argumente, wat die hoekstene van die studie vorm, saamgevat word:

Teoretiese argument 1:

Polities-kundige burgers is 'n aanwins vir enige (veral ontwikkelende) demokrasie, omdat politieke verandering 'n uitwerking op hul alledaagse lewens het. Mense moet ingelig word via die media as spesialis-adviseur, omdat dit deel uitmaak van die media se funksie en verantwoordelikheid om politieke inligting in 'n demokrasie te voorsien.

Teoretiese argument 2:

Talle burgers (vroue meer as mans), is grootliks polities onkundig in die sin dat hulle in die algemeen nie genoeg relevante inligting kan herroep nie. Hulle is egter wel in staat om 'n besluit te neem op grond van inligting wat "toevallig" ingesamel is volgens die aanlyn-evalueringsmodel.

Teoretiese argument 3:

Vrouetydskrifte kan 'n bydrae lewer tot vroue se politieke kundigheid, deur politieke nuus op hul agendas te hê en dit so te raam dat dit by vroue se politieke skemas aanklank vind.

Spesifieke teoretiese stellings sal na aanleiding van hierdie drie teoretiese argumente in hoofstuk 2 geformuleer word.

1.9 Navorsingsmetode

1.9.1 Literatuurstudie

Die doel van die literatuurstudie was om 'n breedvoerige agtergrondstudie te doen oor alle aspekte wat verband hou met die aanbieding van politiek in vrouetydskrifte. Daar is gekyk na wat die literatuur oor die volgende onderwerpe sê:

- demokrasie en politieke kundigheid;
- vrouetydskrifte en hul rol in vroue se lewens;
- kritiek op vrouetydskrifte; en
- die teoretiese raamwerk (funksies van die media, aanlyn-evalueringsmodel, skemateorie en agendastelling).

'n Verskeidenheid van bronne is geraadpleeg – internetbronne (Google), internasionale tydskrifdatabasisse soos EbscoHost (Academic Search Premier, Business Source Premier, Communication and Mass Media Complete), Suid-Afrikaanse tydskrifdatabasisse (SAMedia) en boeke (FerdiKat en SACat).

'n Nexus-soektog het getoon dat geen soortgelyke studie in die verlede gedoen is nie.

Die ondersoek na die inhoud van die tydskrif *Ms. Magazine* is ook deel van die literatuurstudie. Dit is nie vergelyk met die Suid-Afrikaanse tydskrifte nie en dit word ook nie as norm voorgehou nie. Die inhoud van *Ms. Magazine* is ondersoek om *voorbeelde* te soek van hoe die riglyne wat vanuit die literatuur opgestel is neerslag vind in media-inhoud (sien hoofstuk 3). Daar is verder ondersoek of daar moontlik ook ekstra riglyne vir die aanbieding van politiek in vrouetydskrifte geformuleer kon word. Daar is na alle uitgawes beskikbaar op die internet vanaf *April/May 1999* tot *Spring 2006* gekyk.

1.9.2 Inhoudsanalise

Die inhoud van die drie Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte – *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* – is ontleed deur middel van inhoudsanalise. Inhoudsanalise as navorsingsmetode word gebruik in verskeie tipes kommunikasienavorsing, soos die analise van media-inhoud, transkripsies van groepbesprekings en in organisasiekommunikasie (soos die analisering van elektroniese pos en beleidsdokumente) (Du Plooy, 2001:191).

Die spesifieke tydskrifte is as studiemateriaal gekies omdat hulle plaaslik ontstaan het en bedryf word en gesamentlik 'n spesifieke gehoor in die Suid-Afrikaanse samelewing bedien – die deursnit wit Engels- en Afrikaanssprekende vrou (Fair Lady, 2005; rooi rose, 2006; SARIE; 2006). Daar is spesifiek besluit om ondersoek te doen na tydskrifte wat almal op min of meer dieselfde tipe leser fokus, maar wat steeds die

moontlikheid laat vir verskille (byvoorbeeld tussen *Fair Lady* aan die een kant en die ander twee publikasies aan die ander kant, vanweë die feit dat dit verskillende taalgroepe bedien). Die drie publikasies is almal ook onder die top-tien vrouetydskrifte in Suid-Afrika (Anon, 2006) en het die hoogste leserstalle in hul kategorie (sien afdeling 1.3 hier bo).

Daar is in al drie die publikasies gekyk na die wyse waarop daar berig gedoen is oor politieke aangeleenthede (indien enigsins). Ook is daar spesifiek gekyk of daar in die inhoud reaksie was op politieke gebeure in die samelewing, soos byvoorbeeld die wysiging van aborsiewetgewing.

Die ondersoektydperk strek van begin 1994 tot einde 2004. Eksemplare van die tydskrifte in die jare 1994, 1996, 1999 en 2004 is ondersoek. Die grootste politieke omwentelinge in Suid-Afrika, in die algemeen en ook wat vroueregte betref, het in dié jare plaasgevind na aanleiding van nasionale verkiesings en die wettiging van aborsie (sien afdeling 4.5.1.1 vir besonderhede). Daar is dus nie 'n steekproef getrek nie maar op jare in geheel gefokus. Die eksemplare van al die tydskrifte is beskikbaar in die Ferdinand Postma-Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

1.9.3 Semi-gestruktureerde onderhoude via e-pos

Daar is gepoog om semi-gestruktureerde onderhoude (cf. Du Plooy, 2001:175) per e-pos met senior redaksielede of die redakteurs van die vier betrokke tydskrifte, asook ander kenners op die gebied van vrouetydskrifte te voer na afhandeling van die literatuurstudie en voor/na die inhoudsanalise. Die doel hiervan is om die bevindinge van die inhoudsanalise en literatuurstudie te verifieer en dus triangulasie mee te bring asook om beter begrip te kry vir die verskynsel wat ondersoek word. Triangulasie is belangrik in enige studie om die bevindinge se betroubaarheid en geldigheid te verhoog (Du Plooy, 2001:40; Hermes, 1995:207) (sien afdeling 4.4).

1.10 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings
Hierdie hoofstuk gee agtergrond oor die aard van demokrasie en ontwikkeling en die rol van politieke kundigheid daarin. Die verskynsel dat vroue oënskynlik nie in politiek belangstel nie word ondersoek. Die fokus is op politieke opvoeding en die rol wat vrouetydskrifte hierin kan speel.

Hoofstuk 2: Teoretiese hoofstuk – Die rol wat vrouetydskrifte speel in die bevordering van politieke kundigheid onder vroue
Dit handel oor die funksies van die media, die aanlyn-evalueringsmodel en skemateorie wat saamloop en die agendastellingsteorie. Raming word vlugtig bespreek as tweede vlak van agendastelling.

Hoofstuk 3: Teoretiese hoofstuk – Riglyne vir die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte

Die riglyne spruit uit die spesifieke teoretiese stellings soos in hoofstuk 2 geformuleer uit die literatuurstudie (en meer spesifiek die kritiek teen vrouetydskrifte) asook die feministiese vrouetydskrif *Ms. Magazine*.

Hoofstuk 4: Navorsingsmetode

Hierin word die navorsingsmetodologie van die studie volledig beskryf. Die gebruik van die kwalitatiewe benadering word in diepte gemotiveer, sowel as die gebruik van literatuurstudie, inhoudsanalise en semi-gestruktureerde e-posonderhoude.

Hoofstuk 5: Kwalitatiewe inhoudsanalise – Die aanbieding van politiek as nuusitem in Fair Lady

Hier word die bevindinge van die empiriese studie van *Fair Lady* in diepte bespreek. Die resultate van die datavel-analise en onderhoude word gekombineer aangebied. Dieselfde word in hoofstuk 6 (*rooi rose*) en hoofstuk 7 (*SARIE*) gedoen.

Hoofstuk 6: Kwalitatiewe inhoudsanalise – Die aanbieding van politiek as nuusitem in rooi rose

Hoofstuk 7: Kwalitatiewe inhoudsanalise – Die aanbieding van politiek as nuusitem in SARIE

Hoofstuk 8: Samevatting en gevolgtrekkings

Die bevindinge word saamgevat. Daar word getoon hoe die doelstellings bereik is en voorstelle gemaak. Die finale gevolgtrekkings word geformuleer met in ag neming van kenners se terugvoer.

Bibliografie en addendums

Laasgenoemde bestaan uit datavelle wat gebruik is tydens die inhoudsanalise en dan ook bibliografiese verwysings van items uit *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* wat geanaliseer is.

Hoofstuk 2: Die rol wat vrouetydskrifte speel in die bevordering van politieke kundigheid onder vroue

2.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die probleemstelling uiteengesit. Die konteks daarvan is dat vroue politieke inligting benodig vir die effektiewe funksionering van demokrasie, aangesien hulle nie genoegsaam polities-kundig is nie en boonop nie hunker daarna om te wees nie. Die kommunikasieprobleem wat hiermee verband hou, is dat hoewel vrouetydskrifte 'n rol sou kon speel in die bevordering van vroue se politieke kundigheidsvlakke, dit op 'n bepaalde manier gedoen moet word omdat hierdie tydskrifte nie tradisioneel die medium vir politieke inligting is nie.

Die proses waarvolgens mense inligting selekteer en wat hulle onthou en gebruik in besluitneming, is onderhewig aan individuele en kontekstuele faktore. So speel mense se individuele motivering, behoeftes en belangstellings[7] 'n rol en dít word weer deur hulle persoonlike verwysingsraamwerk en subjektiwiteit bepaal (Huang, 2000:94; Liu & Eveland, 2005:913; Fourie, 2004:85; Casey, 1960:230; Lowery & D Fleur, 1988:347).

Daar is nie 'n tekort aan politieke inligting in Suid-Afrika nie. 'n Tekort aan *motivering* veroorsaak eerder onvoldoende politieke kennisvlakke by mense. Mense wat nie van politiek hou nie kan maklik iets anders kies om na te kyk met die groter verskeidenheid media tot hul beskikking. Hulle loop ironies genoeg dus die risiko om nog minder inligting as vroeër te bekom (Prior, 2005:577). Mense se motivering vir die verkryging van inligting is ook belangrik, omdat dit bepaal hoe vatbaar hulle vir boodskappe sal wees, watter indruk dit op hulle maak en die waarde wat hulle gevolglik daaruit sal put (Beaudoin & Thorson, 2004:448).

Die doel van hierdie hoofstuk is om die eerste spesifieke navorsingsvraag te beantwoord. Die vraag is:

Watter funksies behoort vrouetydskrifte te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder?

Bogenoemde vraag sal bespreek word aan die hand van die algemene beginsels van die volgende teoretiese uitgangspunte: die funksies van die massamedia (vrouetydskrifte), die skemateorie, aanlyn-evalueringsmodel en agendastellingsteorie.

---

7 Sien ook paragrawe 1.2 en 2.4 oor die invloed wat mense se belangstelling oor 'n saak het.

2.2 Die funksies van die media

Die funksies van die media word verkry uit die funksionele benadering tot mediastudies. Dit handel oor die essensiële take wat die media verrig om die samelewing in stand te hou. Die aanname is dat kommunikasie soos dit deur die media gefasiliteer word, daar is vir die normale funksionering, kontinuïteit en integrasie van die samelewing. Die media se rol en invloed in hierdie prosesse is integraal. Daar word in die benadering ook erkenning gegee aan die moontlike nadelige invloed wat die media bewustelik of onbewustelik op die samelewing kan hê (McQuail, 2000:46).

Die funksies van die media kan nie in 'n rangorde van belang verdeel word nie. Dit oorvleuel ook en bepaalde mediaboodskappe kan dus meer as een funksie vervul in die opsig dat die inhoud byvoorbeeld op dieselfde tydstip kan vermaak én inlig soos wat die geval is met "infotainment" (McQuail, 2000:80).

Hierdie funksies van die media in die samelewing word soos volg saamgevat (Laswell, 1960:118-130; Lazarsfeld & Merton, 1960:497-501; McQuail, 2000:79-80, 495; McQuail & Windahl, 1990:60-61; Berger, 1995:121-124, 62; Hiebert & Gibbons, 2000:13; Hadland & Thorne, 2004:13; Black, 1982:254-55):

Inligtingsoordrag en opvoeding in demokrasieë

Die media verskaf inligting oor gebeure en die stand van sake in die samelewing en die res van die wêreld. Mense wil bewus wees van kwessies en gebeure met betrekking tot die samelewing en hulle alledaagse bestaan sodat hulle nie onkant gevang word nie. Die media dui ook aan hoe magsverhoudinge in die samelewing verander en fasiliteer opvoeding, innovasie, aanpassing en vooruitgang deur die inligting wat dit verskaf. Inligting behoort gestruktureerd en onbevooroordeeld aangebied te word.

Deur middel van die inligtingsfunksie word bedreigings en geleenthede ook aan die samelewing bekend gemaak deurdat die media die omgewing ondersoek (deur waarneming). 'n Voorbeeld van 'n bedreiging is die identifisering van die kenmerke van piramideskemas. 'n Geleentheid weer, is byvoorbeeld waar die media uitwys aan watter beroepe daar tekorte is in die land of wêreldwyd.

Die funksies bo is relevant vir hierdie studie aangesien dit die voorkoms van politiek in die media ondersteun en inderdaad teoreties voorspraak maak daarvoor (sien ook afdeling 1.1).

Interpretasie, analisering en oorreding

Die media verduidelik, interpreteer en lewer kommentaar op die betekenis van geleenthede en inligting. Dit help mense dus om sin te maak uit mediaboodskappe en trek die verband tussen die inligting en die betekenis daarvan vir mense se alledaagse lewens en belange. Dit speel verder 'n rol daarin om mense te oorreed, dikwels na aanleiding van inligting wat geanaliseer en geïnterpreteer is. Deur dié funksies word mense ook gesosialiseer (sien ook *Kulturele kontinuïteit* hieronder) en opgevoed (afdeling 1.1).

Vermaak

Dit is een van die mees noemenswaardige funksies van die media, omdat die media daardeur gehore lok. Die rede vir die toenemende fokus op vermaak is die feit dat die media winsgewend moet wees en nie meer uitsluitlik 'n diens aan die gemeenskap lewer nie; veral in die geval van kommersiële media.

Die media bied deur vermaak aan gebruikers ontspanning en ontvlugting en verlig ook sosiale spanning. Dit is egter nie maklik om *vermaak en inligting van mekaar te skei* nie, aangesien inligting op vermaaklike wyse aangebied kan word en vermaaklike mediaboodskappe ook kan inlig. In sommige gevalle is vermaak van primêre en inligting van sekondêre belang, en ander kere weer andersom. Wanneer inligting en vermaak so gekombineer word, word gepraat van "infotainment" of "edutainment".

Mense kan wel (beperkte) politieke kennis verkry na aanleiding van blootstelling aan vermaaklike boodskappe met politieke elemente in (Baum, 2003). Die "infotainment"-funksie is dus veral relevant omdat politieke inligting soms *reeds* vermaaklik aangebied word in die media. (Dink maar aan die talle vermaaklike televisie- en drukmedia-insetsels van Evita, oftewel die komediant Pieter-Dirk Uys. Hy lewer kommentaar oor politiek op vermaaklike wyse.) Vrouetydskrifte kan doelbewus hierby aansluit en dit spesifiek van toepassing maak op húl inhoud en aanbiedingswyse.

Die eienskappe van vermaakboodskappe (McQuail, 2000:495):

- Dit is aantreklik/aanloklik.
- Dit amuseer.
- Dit help mense ontvlug; dit laat hulle tydelik van hul huidige omstandighede vergeet.

Kulturele kontinuïteit en sosialisering

Sosialisering is die informele aanleer van sosiale rolle en norme; die proses waardeur mense leer hoe om lede van die samelewing te wees. Dié proses word voortdurend deur die media beïnvloed. Politieke sosialisering is die proses waardeur mense politieke kennis opdoen en houdings en waardes oor die politieke kultuur in 'n land vorm (Atkin, 1981:299; Kraus and Davis, 1979).

Die voorstelling van die dominante kultuur, erkenning van subkulture en nuwe kulturele ontwikkelinge vind uitdrukking in die media. Die mediavoorstelling en –blootstelling van spesifieke groepe se sosiale norme asook die dekking van enigiets wat hiermee strook, lei dikwels daartoe dat dit aangepas word in die werklike lewe. Hierdie dinamiese interaksie tussen media en samelewing verseker die voortbestaan van kulture en subkulture. So kan die "kultuur van vroulikheid" en die norme wat daarmee gepaardgaan volgens die kulturele kontinuïteitsfunksie ook uitdrukking vind in die media[8].

---

8 Dit word meer in besonder bespreek onder die spesifieke funksies van vrouetydskrifte (sien afdeling 2.3).

Groepe, organisasies en sosiale bewegings kry verder, net soos persone en kwessies, sekere sosiale status deur die manier waarop die media hulle voorstel – hulle kry bepaalde vlakke van kredietwaardigheid.

Populêre kultuur vind ook gestalte in die media. Dit behels inhoud wat aanklank vind by die meeste mense. Dit word gestel teenoor elite kunsvorme soos opera, historiese kuns, klassieke musiek en tradisionele teater of –literatuur, wat 'n sekere vlak van kulturele gesofistikeerdheid vereis om te waardeer. Populêre kultuur sluit vorme van kulturele kommunikasie soos koerante, televisie, advertensies, popmusiek, radio, slapbandboeke, rolprente en ook tydskrifte in. Dit is egter nie noodwendig van 'n swak kwaliteit/gehalte net omdat dit populêr is nie (Berger, 1995:177). Dit is veral in hierdie populêre media se boodskappe waar die politieke en alledaagse soms baie subtiel ontmoet (Kaarsholm & James, 2000:195):

> If it [*populêre kultuur*] is seen as mere entertainment, it need not be taken seriously. Instances of what may appear to be mere escapist performance have served as masks to hide more serious political and social commentary – this is an area where popular culture and democratic struggles intersect very tangibly.

Die relevansie van hierdie funksie word veral vergestalt in die laaste deel van die aanhaling: ernstige politieke inligting word subtiel gekombineer met minder ernstige inligting waarby die meeste mense dan aanklank vind en só word hulle daaraan blootgestel. Dink maar aan Zapiro se spotprente en die strokiesprentreeks *Madam & Eve* wat gewoonlik politieke/sosiale kommentaar lewer.

Mobilisering

In die media word daar dikwels voorbrand gemaak vir samelewingsdoelwitte soos die bekamping van armoede of aardverwarming. Mense word bewus van kwessies wat aandag kry in die media[9]. Dit is ook, soos in afdeling 1.1 genoem, noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van 'n demokrasie: "This *instigating* role for the mass media highlights a crucial role they play in a democratic society" (Dearing & Rogers, 1996:99-100) (eie beklemtoning).

Die media dra dus by tot "informed public opinion(s)" (Fourie, 2003a:218). Die media produseer, bestuur en lei openbare mening in 'n sekere rigting. Hierdie funksie kan ook omvangryke gevolge inhou wanneer die media doeltreffend in propaganda-veldtogte gebruik word.

Die geleentheid kan soms vir 'n vrouetydskrif ontstaan om ook die mobiliseringsfunksie te vervul, soos wanneer vroue byvoorbeeld aangemoedig kan word om te registreer om deel te neem aan verkiesings.

Advertensie en wins

Hierdeur lewer die media 'n diens aan die besigheidsektor sowel as die publiek.

Uit die bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat die media die gebruikers daarvan se lewens tot 'n beduidende mate beïnvloed en waarskynlik ook verbeter deur die vervulling van die verskillende funksies daarvan. Dit gaan egter afhang van die manier waarop elke individu kognitief en prakties met die media tot sy/haar beskikking, omgaan. Die manier waarop mense daarmee omgaan, word ook beïnvloed deur die manier waarop mediaboodskappe aangebied word (sien afdeling 2.4).

2.3 Die funksies van (vroue)tydskrifte

Die funksies van tydskrifte is basies dieselfde as die funksies van die massamedia in die breë. Vrouetydskrifte het egter ook spesifieke funksies wat dit van ander media onderskei. Dit help vroue byvoorbeeld om hul identiteit te vorm. Dit geskied deurdat vroue die norme van vroulikheid (hoe vroue behoort op te tree) soos deur tydskrifte voorgehou, internaliseer en geslagsrolsosialisering vind dan in 'n mate plaas, hoewel vrouetydskrifte natuurlik nie vir die hele proses verantwoordelik is nie. Dit korreleer met die kulturele kontinuïteitsfunksie van die media (Narunsky-Laden, 2007:596-597, Le Masurier, 2007:205).

Vrouetydskrifte speel dus 'n belangrike rol in die formulering van genderrolle[10] in die samelewing en kan só sosiale verandering help teweegbring of teenwerk. Selfs vroue wat nié vrouetydskrifte lees nie word indirek deur die tydskrif se boodskappe beïnvloed (Inness, 2004:124-126). Vrouetydskrifte dien dus as een van die "rolmodelle" vir vroulikheid en kan gesien word as 'n tipe behoud; 'n reëlboek van hierdie kollektiewe idee van vroulikheid (McQuail, 2000:80). Hoewel vrouetydskrifte nie alleen verantwoordelik is vir die opvoeding van vroue op enige vlak nie, kan dit steeds 'n effek hê deur politiek uit te sluit by hul definisie van vroulikheid.

Die spesifieke aard van vrouetydskrifte vervul egter wel sekere van lesers se behoeftes. Vroue lees vrouetydskrifte omdat dit, volgens Hermes (1995: 31,34,64,143):

- 'n tydverdryf is wat maklik in lesers se alledaagse roetines ingepas kan word.
- maklik is om tydskrifte neer te sit wanneer 'n ander taak skielik die leser se aandag verg.
- waarde vir geld is.

---

9 Sien ook Agendastelling – afdeling 2.5.

10 *Gender* word gedefinieer as die geslagskategorie van 'n individu – manlik of vroulik – en die gedragskenmerke wat met elke kategorie geassosieer word (Berger, 1995:174). Gender is "a social differentiation that starts with biological differences and which is constituted as an ideology or cultural construction that defines 'appropriate' behaviour and attitudes in a given specific social context" (Torres, 2001 in Torres & Brites, 2006).

- ontspanning en 'n tydverdryf is wanneer hulle verveeld is. Sommige vroue is bloot lief vir lees.
- opvoedkundig is; lesers meen hulle "tel dinge op".
- emosies by lesers ontketen.
- lesers op die oomblik wanneer hulle dit lees, bemagtig laat voel.
- die inkopieblaaie van nut is.

Wanneer na hierdie lys gekyk word, vervul vrouetydskrifte dus in die praktyk die funksies van inligtingoordrag, opvoeding, vermaak, advertensie en wins. Dit is egter slegs dié funksies wat herlei kan word tot vroue se bewustelike behoeftes wat bevredig word deur die lees van 'n vrouetydskrif. Vroue is byvoorbeeld volgens hierdie lys nie bewus daarvan dat hulle tydens die blootstelling aan vrouetydskrif-boodskappe gesosialiseer word, of die tydskrif lees om interpretasies van nuuswaardighede spesifiek op hulle gemik te bekom nie.

In hierdie studie word op inligtingoordrag en interpretasie (wat beide lei tot opvoeding), vermaak (spesifiek "infotainment") en sosialisering (waardeur die leser sekere insigte in hul spesifieke rol in spesifieke situasies kry) as mediafunksies gefokus, omdat dit die mees geskikte platform is vir die bestudering van hierdie studie se spesifieke onderwerp. Om vroue se kundigheidsvlak oor 'n bepaalde onderwerp te verhoog, word hulle immers opgevoed deur inligting wat op vermaaklike wyse oorgedra mag word en wat tot moontlike internalisering van sosiale konvensies mag lei. Mobilisering is tot 'n mate ook 'n fokus, soos bo beskryf. Die ander funksies, soos advertensie, is dus nie noodwendig minder belangrik nie, maar wel minder relevant vir die studie. (Advertensies word egter nie in hierdie studie ondersoek of enigsins in ag geneem nie vanweë die spesifieke aard daarvan.)

In die volgende afdeling word ondersoek hoe vroue se kundigheidsvlak oor 'n bepaalde onderwerp verhoog kan word. Daar is verskeie faktore wat gaan bepaal watter inligting 'n grot(er) invloed op hul kognitiewe kennisstrukture (oftewel, skemas – sien afdeling 2.4) behoort te hê. Hierdie verband tussen die media se funksies en hoe die leser hierdie funksies kognitief ervaar word onder die skemateorie en aanlyn-evalueringsmodel verduidelik.

2.4 Die skemateorie en aanlyn-evalueringsmodel

Die skemateorie en aanlyn-evalueringsmodel hou met mekaar verband en funksioneer in die praktyk in kombinasie met mekaar (Fourie, 2004:83). Die doel daarvan in hierdie studie is om aan te toon hoe die teorieë se aannames deur vrouetydskrifte gebruik kan word. Sodoende kan hul kommunikasie met hul teikengehore verbeter om uiteindelik tot meer polities aktiewe vroueburgers in Suid-Afrika by te dra.

Verskeie studies het getoon dat burgers nie noodwendig oor parate politieke kennis beskik nie, maar dat hulle steeds politieke keuses uitoefen en dit selfs kan motiveer (Redlawsk, 2001; Hastie & Pennington,

1989; Baum 2003:174,181; Buckingham, 1999:172-3). Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die aanlyn-evalueringsmodel.

Die basiese beginsel van die aanlyn-evalueringsmodel behels dat politieke inligting deur individue in hul alledaagse lewensgang ingesamel word omdat baie min mense doelbewus politieke kennis probeer inwin. Volgens die model neem mense meestal politieke inligting onbewustelik deur die loop van die dag waar en word die evaluering/interpretasie van 'n saak/kwessie/gebeurtenis/persoon, eerder as al die bekomde inligting oor die saak/kwessie/gebeurtenis/persoon self gestoor. Selfs toevallige of ongemotiveerde blootstelling kan leer tot gevolg hê (Fourie, 2004:83; Zukin & Snyder, 1984 in Prior, 2005).

Mense vergeet feite dikwels gou, maar behou 'n opsomming van hul mening oor 'n bepaalde kwessie, dus hoe hulle dit *geïnterpreteer* het of sin daaruit gemaak het. Die kwessie en gevolglik ook nuwe inligting wat 'n persoon bekom kry dus dikwels 'n positiewe of negatiewe "etiket" (vgl. Hastie & Pennington, 1989; Baum 2003:174, Buckingham, 1999:172-3). Indien die meeste etikette positief is sal die oorhoofse evaluasie van die spesifieke saak ter sprake ook positief wees en andersom. Deur hierdie proses is dit vir individue maklik om 'n opinie te hê/vorm oor 'n onderwerp, sonder dat hulle noodwendig al die feite wat daartoe gelei het, onthou. Dit stel individue dan ook in staat om 'n nuwe oordeel in reaksie op nuwe inligting te vel sonder om feite te herroep, waartoe hulle dikwels inderdaad nie in staat is nie (Baum, 2003:174,181).

Aanlyn-evaluering is dus 'n *spontane, kognitiewe reaksie* wat op die spesifieke oomblik wanneer 'n persoon nuwe inligting kry, gevorm word in oorleg met bestaande inligting (vgl. Hastie & Park, 1986). Die belang hiervan is dat die media moet antisipeer hoe om inligting op toeganklike wyse aan te bied deur die waarskynlike vlak van ontvangers se kennis, asook hul ingesteldheid jeens 'n onderwerp in ag te neem. Soos bo gestel, genereer mense immers dadelik en outomaties 'n opinie, gevoel of ingesteldheid oor nuwe inligting na aanleiding van dít wat hulle reeds weet. Hierdie versameling bestaande kennis staan bekend as die *skema* en beïnvloed die wyse waarop mense nuwe inligting kognitief filter, verwerk, stoor en herroep (Fourie, 2004:86; Conover & Feldman, 1986; Lau & Sears, 1986).

Die effektiewe vorming van 'n politieke mening vereis per se 'n voldoende bestaande basis van kennis (Anon, 2005; Finkel, 2002). 'n Voorbeeld hiervan is kiesers se mening oor 'n bepaalde politieke kandidaat tydens 'n verkiesing. Vooraf het hulle reeds bepaalde indrukke van die persoon vanweë die blootstelling wat hulle aan hom of haar gekry het deur die media. Namate hulle met meer boodskappe oor en vanaf die persoon tydens hul verkiesingsveldtog gekonfronteer word, kombineer hulle hierdie nuwe inligting met die reeds verwerkte inligting. Die gevolg is dat die kieser 'n bepaalde beeld van die politikus ontwikkel vanuit die inligting wat soos boublokke funksioneer. Die kieser sal moontlik wanneer

die spesifieke politikus op televisie verskyn gedagtes koester dat hy/sy nie vertrou kan word nie, hoewel die kyker nie noodwendig kan onthou presies waarom nie.

Die effek van gebrekkige politieke skemas is dat mense nuwe inligting veel stadiger as hul meer polities bewuste medeburgers prosesseer. Laasgenoemde het meer begrip vir nuwe inligting en hoe dit in verband gebring kan word met bestaande inligting omdat hulle oor die nodige agtergrondkennis beskik *om sin te maak en te leer* daaruit. Mense met karige politieke kennis kan makliker gemanipuleer word en het nie so baie selfvertroue wanneer dit kom by die vorming van politieke standpunte nie (Huang, 2000:94; Eveland *et al.*, 2003:376-8; Fourie, 2004:21; Hagen, 1997:406).

Voorkennis in die vorm van skemas is dus belangrik. Maar watter rol speel voorkennis spesifiek in die organisering en stoor van inligting?

Mediagebruikers word dikwels gebombardeer met inligting en om sin daaruit te maak kies hulle om net op 'n sekere segment te fokus. Mense se aandag word verder ook meer getrek deur nuus wat aansluit by hul bestaande skemas. Die skemas moet "geaktiveer" word deur daarby aan te sluit. Mense is byvoorbeeld meer geneig om inligting oor hulle voorkeurparty te onthou (Redlawsk, 2001).

Wanneer 'n aspek so belangrik is dat dit die persoon se materiële, sosiale en spirituele aspekte (potensieel kan) aantas, word die toeganklikheid daarvan ook verhoog (Lavine *et al.*, 2000:83; Perloff, 1985:178-170). Hoe meer onlangs en gereeld skemas gebruik is, hoe meer bereikbaar is dit ook (Lavine *et al.,* 2000:99; Ottati & Wyer, 1990:199; Zaller, 1992:48-49). Vroue behoort dus meer geredelik politieke nuus te lees as dit spesifiek op hulle betrekking het sodat hul skemas hieroor kan uitbrei. Wanneer daar nuus op die televisie is oor verandering in aborsiewetgewing, dissipline by skole of prosedures by die indiensneming van bediendes, behoort vroue aandag te gee. Hierdie belangstelling kan geprikkel word deur 'n reeds gevestigde basiese skema oor al die onderwerpe wat hulle raak sodat hulle in staat sal wees om die nuwe inligting effektief te kan kombineer met die bestaande inligting (cf. Fourie, 2004:85).

Die emosionele, persoonlike en sosiale konnotasies wat mense aan 'n sekere onderwerp heg en wat dus hul skema help vorm, speel 'n baie meer betekenisvolle rol in hoe hulle 'n sekere politieke kwessie interpreteer as suiwer kognitiewe en rasionele prosesse en die logiese evaluasie wat daaruit voortspruit (Buckingham, 1999:182). Daardie tipes evaluering van 'n kwessie, persoon of gebeurtenis dra dus baie gewig. Mense gebruik dit basies as kortpaaie om inligting te verwerk.

Die mate van onsekerheid wat 'n persoon oor 'n saak het, asook die verwagte graad van inspanning wat dit gaan verg om 'n betroubare bron van relevante inligting te soek, bepaal ook die mate waartoe mediagebruikers vatbaar sal wees vir media-invloed. Hoe groter 'n individu se behoefte om deur die

media georiënteer te word, hoe meer invloed het agendastelling op hom/haar, omdat hy/sy vanweë hierdie behoefte meer aandag aan mediaboodskappe gaan skenk (Lowery & De Fleur, 1988:347).

Passiewe mense kan bereik word deur "loud, catchy messages that, figuratively speaking, hit people over the head and demand attention" (Culbertson, 2003:62). Dit kan vergelyk word met die verskynsel van populistiese joernalistiek, waarvan daar wel aanduidings is in vrouetydskrifte. Hoewel populistiese joernalistiek nie in hierdie studie ondersoek word nie kan sekere elemente daarvan gebruik word in die riglyne vir die aanbieding van politiek in vrouetydskrifte, soos groot en baie foto's. Populistiese joernalistiek is immers nie per se oneties of verkeerd nie (Froneman, 2002) en die vrouetydskrif kan daarby leer hoe om politieke inligting op 'n gebruikersvriendelike manier vir vroue aan te bied.

Dit is egter baie belangrik om, in pas met die bepalinge van die aanlyn-evalueringsmodel en skemateorie, deurentyd en met sorg voldoende konteks en moontlike gevolgtrekkings in politieke beriggewing in te sluit, sodat vroue kan verstaan waarom die inligting vir hulle relevant is en om die moontlikheid van gebrekkige skemas te ondervang (Fourie, 2004:85). Indien daar veranderinge in wetgewing kom oor enige saak wat vroue se alledaagse lewens beïnvloed of raak en hulle verstaan nie die basiese begrippe en werking daarvan nie, gaan hulle ook nie die gevolge van die veranderinge behoorlik hanteer en verwerk nie. Die belang van basiese politieke skemas vir vroue, wat waarskynlik grotendeels eksklusief gevorm word deur "toevallige" blootstelling aan politieke mediaboodskappe wat op die media se agenda voorkom, kan dus nie genoeg beklemtoon word nie. Die leerproses het 'n sneeubaleffek: indien vroue oor sekere basiese politieke kennis beskik behoort nuwe politieke inligting vir hulle meer toeganklik voor te kom omdat hulle reeds gedeeltelik verstaan. Om hulle by hierdie punt te kry vereis egter doelbewuste, innoverende pogings van die media in die aanbieding van politieke nuus, veral in die lig daarvan dat die meeste mense passiewe inligtingsoekers is (Fourie, 2004:85).

Uit bogenoemde bespreking kan die volgende teoretiese stelling afgelei word:

Spesifieke teoretiese stelling 1:

Die insluiting van konteks en gevolgtrekkings in politieke items kan vroue se aandag trek en bydra tot die ontwikkeling van hul politieke skemas.

Omdat vroue nie doelbewus na politieke inligting soek nie gaan daar in die volgende afdeling ondersoek word hoe vrouetydskrifte te werk behoort te gaan om inligting aan te bied, sodat dit sal lei tot meer volledige politieke skemas by hul lesers. Dit word gedoen teen die agtergrond van die agendastellingsteorie omdat die agenda só gestel behoort te word dat dit bestaande elemente van vroue se skemas moet prikkel.

2.5 Agendastellingsteorie

Agendastelling is die *proses* waarvolgens die hoeveelheid aandag wat die media oor 'n tydperk aan 'n saak of persoon skenk, die rangorde van belang daarvan op die openbare agenda bepaal. Die definisie van 'n *agenda* is 'n stel kwessies wat in 'n hiërargie van belangrikheid op 'n bepaalde tydstip gekommunikeer word (Dearing & Rogers, 1996:2).

Die media kan struktuur verleen aan die publiek se persepsies van die wêreld, spesifiek oor watter samelewingskwessies (en ook politieke aangeleenthede) belangrik is, deur hul aandag daarop te fokus. Dit sluit aan by die funksies van die media omdat die media mense help om die samelewing te verstaan en daarin te kan funksioneer. Die hoeveelheid aandag wat die media aan 'n saak skenk, asook die wyse waarop dit berig doen (sien insetsel oor nuusraming hieronder), bepaal hoeveel en watter kennis hulle opdoen en ook wat hulle belangrik ag. Die sake en aspekte van sake wat afgeskeep word se belang neem weer af. Só hou dit dan ook verband met die skemateorie en aanlyn-evalueringsmodel. Mense het beter ontwikkelde skemas oor sake waaraan die media meer aandag skenk en plaas sake gewoonlik op dieselfde prioriteitsrangordelys as die media. As 'n uitvloeisel hiervan kan die openbare beleid oor 'n saak beïnvloed word. Die samelewing sal nie baie besorg wees oor 'n saak waarvan hulle min of geen kennis dra nie en dus ook nie byvoorbeeld beleid daaroor vorm of verander nie (Fourie, 2003b:304; McQuail, 2000:426; 455; 491; McQuail & Windahl, 1990:62; Lowery & De Fleur, 1988:99,332; Berger, 1995:64; Dearing & Rogers, 1996:4,8,24,62; McCombs & Becker, 1979:121-126; Banks, 2004:214; De Beer, 1998:11,12; Tuchman, 1978:2).

Aangesien die media dus tot 'n groot mate bepaal waaroor die publiek dink en praat, bepaal dit ook tot 'n soortgelyke mate waarop mense *reageer*. Mediaboodskappe kan egter nie aan mense dikteer wát om te dink nie, soos vroeër aanvaar is toe die spuitnaaldteorie die aanvaarde norm in verband met media-effekte was. Die media het dus nie so 'n kragtige direkte invloed op die gehoor soos vroeër gedink is nie. Dit beïnvloed eerder mense se verwysingsraamwerke omdat dit die agenda waaroor hulle dink en praat en die hiërargie van belangrike kwessies wat in hierdie agenda voorkom, grotendeels bepaal.

Daar is ook net 'n sekere hoeveelheid plek/tyd beskikbaar op die media se agenda en sekere knelpunte word dikwels ten koste van ander opgeneem. Só beïnvloed die media verder mense se politieke en sosiale besluite indirek (Lowery & De Fleur, 1988:328,332; Berger, 1995:64,170; Agee *et al.*, 1991:319; Jeffres *et al.*, 2007:19; Dearing & Rogers, 1996:14; Nel, 2001:5-6). Die media het dus die potensiaal om vooruitgang en verandering in die samelewing te stimuleer omdat dit die veranderende bewussyn en waardes van die samelewing vorm, oordra en voorstel op die agenda daarvan.

Die mate waartoe die media dus sy funksies vervul kan duidelik gemeet word aan wat op die agenda daarvan verskyn. Die massamedia is opvoeder en ontwikkelaar van die samelewing *deur die inligting op sy agenda* (sien paragrawe 2.2 en 2.3).

In die lig hiervan behoort tradisionele vrouetydskrifte dalk hul agendas te heroorweeg. Vroue lees vrouetydskrifte immers reeds omdat hulle daarby aanklank vind – hulle leer ken dit as 'n geloofwaardige bron van inligting waarin hulle belangstel. Indien vrouetydskrifte hierop ag slaan en dus 'n groter bron van byvoorbeeld belangrike politieke inligting spesifiek vir vroue word, kan hulle 'n impak maak op hul lesers se politieke kundigheidsvlakke.[11]

Die nuusramingsteorie is verwant aan agendastelling (McQuail, 2000:495). Dit word hier *ter aanvulling* van agendastelling (as 'n teoretiese uitgangspunt vir hierdie studie) gebruik. Dit is relevant omdat van die riglyne vir die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte juis gebaseer is op hoe sodanige sake geraam behoort te word om die leser se aandag te trek en te behou (sien afdeling 1.3). Akademici verskil oor die interpretasie van raming. Sommige sien dit as 'n sekondêre vlak van agendastelling (Haskell, 2007:63): "...framing is a second level of agenda setting that elevates the importance of certain features or aspects of a particular event or issue." In dié sin oorvleuel raming met agendastelling. Ander outeurs stel weer dat raming 'n teorie apart van agendastelling is omdat die teorie groter klem plaas op die verantwoordelikheid en aksie met bepaalde uitkomste in gedagte ("agency") wat van mediapraktisyns vereis word. Dit gaan oor die doelbewuste, deelnemende rol wat joernaliste speel deurdat hulle 'n bepaalde saak bevorder en die gepaardgaande voorstellings wat oor die saak voorgehou word. Dit gaan dus oor die aktiewe konstruksie van die boodskap deur interpretasie en oordeel aan die dag te lê (Haskell, 2007:63-4).

Raming beteken in hierdie studie die subtiele seleksie van sekere aspekte van 'n kwessie deur die media. Die klem maak die geselekteerde aspekte meer belangrik omdat dit vir die publiek uitgelig word en daarom word tweedevlak-raming gebruik (Fourie, 2003b:305; Dearing & Rogers, 1996:63,71; McQuail, 2000:343,495).

Hoewel mediaboodskappe nie die werklikheid volkome weerspieël nie en eerder "a window on the world" is (Tuchman, 1978:1), het die manier waarop inhoud geraam word steeds daadwerklik 'n invloed op die leser omdat dit as verwysingspunt dien (McQuail 2000:426;495). Vanweë die aard en beperkinge van die joernalistieke bedryf, asook die invloed daarop van buite, is mediaboodskappe eerder die oordrag van geselekteerde idees wat met 'n spesifieke doel in gedagte gekonstrueer is (Haskell, 2007:63; Swanepoel, 2005:96; Oosthuizen, 2003c:463;465). Die raam bepaal verder "hoe mense 'n kwessie sal begryp, onthou, evalueer en kies of hulle daarop gaan reageer of nie" (Swanepoel, 2005:95). Ingevolge die aanlyn-evalueringsteorie kan politieke inligting op só 'n wyse aangebied word – dus *geraam* word – dat dit vir lesers gebruikersvriendelik, interessant en relevant is[12].

---

11 Sien afdeling 2.4.

12 Sien hoofstuk 3 vir riglyne waarvolgens politieke sake in vrouetydskrifte geraam kan word.

Daar bestaan sekere elemente wat tydens raming ingespan word (McQuail, 2000:343):

- die gebruik van bepaalde woorde en frases
- die maak van kontekstuele verwysings
- keuse van grafika
- verwysing na bepaalde bronne

Vrouetydskrifte se redaksionele spanne kan berekend met elk van hierdie elemente omgaan om die maksimum aandag na die spesifieke nuusitem te trek. Dit is in elk geval 'n noodsaaklikheid in die huidige kompeterende Suid-Afrikaanse medialandskap waar verskeidenheid en kwantiteit hoogty vier op die tydskrifrakke.

Ter samevatting: Vroue kan leer oor politiek deur deurlopende blootstelling aan politieke inligting omdat hulle in die geheel nie aktief hierna soek nie. Dit gaan nie noodwendig daartoe lei dat hulle 'n magdom politieke feite sal kan herroep nie. Hulle sal egter wel meer konkrete opinies kan vorm oor verskillende politieke aangeleenthede. Hulle behoort ook nuwe inligting meer doeltreffend deel te kan maak van hul bestaande skemas. Om die nuwe inligting toeganklik te maak moet sorg gedra word hoe dit op die publikasie se agenda aangebied word.

(Spesifieke teoretiese stellings word aan die einde van die volgende afdeling (2.6) in samehang met hierdie afdeling geformuleer.)

2.6 Die funksie(s) wat vrouetydskrifte kan vervul

Daar is 'n aantal voorbeelde van vrouetydskrifte wêreldwyd, sommige daarvan tradisioneel, wat vroue met betrekking tot die openbare domein bemagtig (*Ms. Magazine* is reeds in 1.3 genoem). In Roemenië het tydskrifte soos *Eva*, *Ele*, en *Avantaje* 'n wye sirkulasie. Die inhoud van hierdie gewilde tydskrifte bevat wel skoonheidsadvertensies, kookwenke, inhoud oor huishoudelike sorg en verhoudingsadvies (dus in pas met die die kenmerke van tradisionele vrouetydskrifte soos in 1.3 genoem), maar terselfdertyd is daar "significant portions dedicated to issues of serious concern to women, such as domestic abuse, political empowerment, and strategies for professional success" (Oprica, 2007:37). Die tydskrifte is verder "very useful to women, as they provide links to the women's community at large and to specific institutions of support for various cases of emergency (such as rape, domestic abuse, child problems, etc.)".

In Taiwan, weer, word vrouetydskrifte gebruik om die outoritêre, onderdrukkende politieke klimaat in die land te verander deurdat die tydskrifte gebruik word "to spread their [die bevrydingsgroepe] ideas and raise women's consciousness" (Yong, 2007:364).

In Tanzanië was die vrouetydskrif *Sauti ya Siti* (Voice of Women) die eerste instelling in die land om in die openbaar te praat oor sake wat vroueregte raak, soos seksuele teistering by die werk, bediendes se werksomstandighede en prostitusie (Henry, 2005). Vrouetydskrifte was egter nog nooit algemeen daarvoor bekend dat dit politieke inligting dra nie, soos sal blyk uit die volgende paragrawe.

Vroue se rol in die samelewing was voor die opkoms van feminisme in die 1960's tradisioneel gesetel in die private domein en dié van mans in die openbare domein. Vroue het egter met die opkoms van feminisme en vroueregte meer begin toetree tot die openbare domein en dit het gelei tot veranderinge in die samelewingstruktuur omdat geslagsrolle verander het. Tog het die eeuelange verbintenis tot die private domein steeds 'n beperkende invloed op vroue se lewens en hul potensiaal vandag (Youngs, 2004:188-189).

In die 1860's het feministe reeds kapsie gemaak teen die feit dat koerante en tydskrifte die sogenaamde "new woman", wat na meer sosiale, politieke, ekonomiese en opvoedkundige regte gestrewe het, as belaglik afgemaak of geïgnoreer het. Revolusionêre feministe soos die Amerikaner Betty Friedan (skrywer van *The Feminine Mystique* [1963]) het egter nie die situasie gelate aanvaar nie (Carter & Steiner, 2004a:1):

> ...*The Feminine Mystique* (1963) emphasized the impact of popular women's magazines, whose articles, fictions and advertising celebrated a very particular form of domestic, suburban femininity, one that operated in a sphere almost completely separate from that of men. In so doing, *magazine content naturalized the idea that women's 'normal' sphere of operation and influence is not only completely separate from that of men, but also less socially valued.* (Eie beklemtoning.)

Vrouetydskrifte het dus bygedra tot die voortbestaan van die mite dat alle vroue gelukkig en vervuld in die private domein funksioneer het. Dit het 'n groot invloed op die vorming van hul lesers se persoonlike agendas gehad. Dit het die verskynsel dat vroue en mans afsonderlik gefunksioneer het en dat vroue se funksionele domein ondersteunend en ter aanvulling van die (meer primêre) domein van mans was, as normaal voorgehou (Friedan, 1963).

As vrouetydskrifte die vermoë het om so 'n samelewingsopset as normaal voor te hou, kan dit logies gesproke ook geleidelik 'n ander tipe samelewingsopset begin voorstel. Black (1982:136) stel dit inderdaad dat interpretasieraamwerke kan verander deur stereotiperende voorstellings in die media te verander. Dit word bewerkstellig deur die herhaalde gebruik van boodskappe wat die veranderde beeld voorstel. Hoe anders verklaar 'n mens hoe die beeld van skoonheid deur die dekades verander het? Toe Twiggy in die 1960's as model en mode-ikoon bekend geword het, het die idee van skoonheid heeltemal verander na aanleiding van die omvangryke media-blootstelling wat sy gekry het.

Sommige vroue wou reeds in die 1960's meer politiek in vrouetydskrifte sien. Tydskrifte wat dit probeer deurvoer het, het egter nie geslaag nie omdat die *meeste* vroue nie daarin belang gestel het nie en tevrede was met die deursnit vrouetydskrif (Wolseley 1966:286,287) – nog 'n aanduiding dat baie vroue bloot nie besorg was/is oor politieke inligting nie.

Vroue kla egter dikwels dat daar in politieke debatte nie na hul belange en alledaagse besorgdhede verwys word nie (Hendriks *et al.*, 2004:421). Indien hulle meer betrokke raak by politiek sal daar ook meer aandag gegee word aan hul besorgdhede. 'n Toeganklike manier om mee te begin is om byvoorbeeld 'n brief aan 'n vrouetydskrif (of ander media) te skryf oor 'n politieke aangeleentheid wat die vrou op die openbare agenda wil plaas.

Vroue het dikwels boonop nie dieselfde selfvertroue as mans wanneer dit kom by hul vlakke van politieke kennis nie. Mense met min politieke kennis is nog minder geneig om daarna te soek aangesien hulle geïntimideer voel deur oënskynlik ingewikkelde politieke inligting. Hulle dink dit is gemik op mense wat daarvan sal kan sin maak (Hendriks *et al.*, 2004:421; Mondak, 1999; Torres & Brites, 2006). Vrouetydskrifte kan die onderwerp dus aanpak op dieselfde intieme vlak as wat dit oor ander onderwerpe kommunikeer – as 'n "vriendin" (*SARIE* se slagspreuk was selfs vroeëre jare "'n Vriendin vir elke vrou").

In afdeling 2.3 is daar uitgewys dat sekere redes waarom vroue vrouetydskrifte lees teenstrydig is. Die mees noemenswaardige is die teenstrydigheid tussen opvoeding en ontspanning, oftewel "vermaak". Vrouetydskriflesers is bykans nooit of dan slegs vaagweg bewus van hierdie oënskynlike teenstrydigheid tussen redes waarom hulle vrouetydskrifte lees (Hermes, 1995:31-34). Die afleiding kan dus gemaak word dat lesers dit verwelkom dat hulle ook iets leer uit die inhoud, al lees hulle tydskrifte doelbewus vir vermaak. Dit is dus 'n bewys van die effektiwiteit van "infotainment" waar die vermaaklike en informatiewe mekaar ontmoet.

Die volgende spesifieke teoretiese stelling kan uit die voorafgaande bespreking afgelei word:

Spesifieke teoretiese stelling 2:

Vroue kan leer oor politiek deur deurlopende blootstelling aan politieke inligting op die media se agenda, wat daartoe kan lei dat nuwe inligting doeltreffend in hul bestaande skemas opgeneem word.

Spesifieke teoretiese stelling 3:

Die hoeveelheid aandag wat vrouetydskrifte aan politiek skenk, asook die aspekte wat uitgelig word, beïnvloed hoe belangrik vrouetydskriflesers die saak en aspekte ag en of hulle dit sal aanvaar as norm van vroulikheid.

Spesifieke teoretiese stelling 4:

Vrouetydskrifte behoort politieke onderwerpe wat vir vroue relevant is te kies en deur die gebruik van bepaalde woorde en frases, verwysings na die nodige konteks, grafika en bronne aandag daarheen te trek.

Spesifieke teoretiese stelling 5:

Politieke sake behoort as "infotainment" aangebied te word in tradisionele vrouetydskrifstyl – die politieke inligting word "gekamoefleer" onder die dekmantel van vermaak, maar die klem moet steeds op die inligting val.

2.7 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om ondersoek te doen na die funksies wat vrouetydskrifte behoort te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder. Die gevolgtrekking word onder drie punte bespreek.

- Vrouetydskrifte behoort wel hul lesers aan nuttige politieke inligting bloot te stel, wat 'n positiewe bydrae tot hul alledaagse bestaan kan lewer. Politieke inhoud kan vroue se skemas oor politiek in die algemeen aanvul en hulle dus bemagtig in alledaagse besluitneming. Dit help hulle ook met sosialisering, omdat hulle hulself meer effektief kan uitleef in die samelewing. Die uitgangspunt is dus dat vrouetydskrifte hul lesers in die steek laat indien hulle nie politieke sake, veral daardie kwessies wat direk betrekking het op vroue en soms boonop min aandag in hoofstroommedia ontvang nie, op hul agenda het nie.

- Politieke inligting moet op spesifieke wyse geraam word sodat vroue hulle nie hoef in te span om die spesifieke saak te verstaan nie. Die ideaal is dat vroue politieke inligting moet ontvang sonder dat hulle doelbewus daarna soek, soos die uitgangspunte van die aanlyn-evalueringsmodel stel. Die vermaakfunksie van die media is hier ter sprake aangesien die elemente van vermaak doelbewus ingespan moet word tydens aanbieding van feite, wat soms reeds die geval is in die media.

- Dit is ook vir vrouetydskrifte nodig om groter pogings aan te wend om die oorsake en kontekste van politieke nuus aan vrouetydskriflesers te verduidelik, om sodoende die moontlikheid van gebrekkige skemas te ondervang. Daar is 'n samelewingsontwikkelingsdimensie verbonde daaraan om mense toegang te gee tot inligting en hulle in staat te stel om hul kognitiewe skemas met betrekking tot sekere onderwerpe te ontwikkel (Buckingham, 1999:180). Dit kan lei tot polities meer ingeligte vroue en dus bydra tot die groei en verdieping van 'n jong demokrasie. Mobilisering is hier tot 'n mate ter sprake omdat dit die medialesers kan aanspoor tot politieke aksie.

Die rol wat vrouetydskrifte in die politieke opvoeding van die vrou kan speel, hou nou verband met die insluit van bepaalde onderwerpe en aanbiedingswyses daarvan op hul agendas. McCombs (2005:556) stel dit tereg dat agendastelling 'n groot verantwoordelikheid is. Hierdie verantwoordelikheid is direk in pas met die media se *funksies* en eintlik die media se hele bestaansreg, naamlik om die gehoor (die samelewing) te dien deur inligtingoordrag wat lei tot opvoeding, korrelasie, integrasie en interpretering wat aan hulle die relevansie van nuus verduidelik en help met sosialisering.

Solank vrouetydskrifte in 'n politieke vakuum funksioneer toon hierdie "reëlboek" van vroulikheid in essensie dat politiek dus nie een van 'n vrou se prioriteite behoort te wees nie, aldus nie op haar persoonlike agenda hoort nie. Juis omdat vroue graag vrouetydskrifte lees (afdeling 1.3) en die medium op vroue en hul behoeftes fokus, is dit die ideale medium om meer vroue te bereik en hulle te inspireer om polities meer bewus te word. Die medium kan dus 'n aanmoedigingsrol speel in die totstandbring van praktiese, alledaagse volhoubare demokrasie in die Suid-Afrikaanse milieu waar ontwikkeling aan die orde van die dag is.

***

Daar is in hierdie hoofstuk gekyk na die funksies en verantwoordelikheid van die media. In die volgende hoofstuk word daar gekyk na hoe dit in die praktyk aangewend kan word. Daar word riglyne vir die aanbieding van politieke kwessies in vrouetydskrifte wat vanuit die literatuur en *Ms. Magazine* saamgestel is, weergegee.

Hoofstuk 3: Riglyne vir die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word riglyne vir die aanbieding van politieke kwessies in vrouetydskrifte voorgestel, aangesien vrouetydskrifte die funksie kan vervul om vroue se politieke kundigheidsvlakke te verhoog deur politieke sake op 'n bepaalde manier aan te bied. Die vorige hoofstukke het getoon dat politieke sake op 'n spesifieke wyse in vrouetydskrifte aangebied behoort te word omdat vroue hulle gewoonlik nie met politieke inligting ophou nie (sien paragrawe 1.3 en 2.4) (Buckingham, 1999:177; Verba *et al.*, 1997; Carter & Steiner, 2004b:22).

Die riglyne vloei uit besprekings van elk van die spesifieke teoretiese stellings wat in hoofstuk 2 op die tafel geplaas is. Daar word teorie vanuit die literatuur bygewerk by voorbeelde uit *Ms. Magazine* (hierna word verwys na *Ms.*). Die voorbeelde is so gekies dat dit van toepassing kan wees op die aard van tradisionele vrouetydskrifte. Sommige riglyne wat vanuit verskillende teoretiese stellings vloei oorvleuel. Die riglyne word aan die einde van die hoofstuk saamgevat.

Die formulering van dié riglyne steun ook op kritiek teen vrouetydskrifte, soos dat bepaalde sake nie genoeg dekking ontvang nie en dat vroulikheid wanvoorgestel word. Die kritiek word vervolgens bespreek.

3.2 Kritiek teen vrouetydskrifte

Die spesifieke kritiek teen vrouetydskrifte as medium word soos volg opgesom (Wolseley, 1966:376; Ferguson, 1983 in McQuail 2000:80-81; Boshoff, 2005; Froneman, 2002:40; Kirca, 2001):

- Vroue se individualiteit en persoonlike smaak loop die risiko om verlore te gaan, vanweë die konvensionele norme van vroulikheid wat deur vrouetydskrifte voorgehou word en wat druk op vroue plaas om daaraan te konformeer. Vroue word op stereotipiese wyse voorgestel, wat ongebalanseerd of afbrekend kan wees en 'n negatiewe impak kan hê op hul identiteitsvorming. Indien die vroulike ideaal voorgestel word sonder politiek, sal dit vroue alles behalwe aanspoor om meer politieke kennis op te doen.
- Vrouetydskrifte lei die aandag weg van die openbare domein en werklikheid – dit ondersteun vroue dus in hul ontvlugting en vermyding van politiek en ander ernstige onderwerpe. Vrouetydskrifte bied in essensie 'n onvolledige blik op, en dus 'n wanindruk van, die werklikheid – een waarin daar nie veel politiek bestaan nie. Dít lei tot verdere agteruitgang van vrouetydskriflesers se politieke skemas.

- Vrouetydskrifte is te veel daarop ingestel om aan lesers te gee "wat hulle wil hê". Kenners is besorg oor hierdie afname in kwaliteit en toename in sensasie. Die kommersialisering van die mediabedryf bedreig die kredietwaardigheid daarvan.
- Vrouetydskrifte ontwyk hul verantwoordelikheid om leiding te neem in die oplos van sosiale probleme. Hulle stel ook blykbaar nie in die algemeen daarin belang om vroue se posisie in die samelewing te bevorder nie en is dus dikwels nie krities genoeg ingestel nie.

Soos duidelik vanuit die bogenoemde kritiek gesien word, is daar sekere aspekte verbonde aan vrouetydskrifte in die algemeen wat 'n uitdaging stel aan meer politieke dekking. Daar word vervolgens ondersoek hoe die vrouetydskrif tog (doelbewus maar onopsigtelik) vroue kan inlig en opvoed met die oordrag van kennis.

3.3 Spesifieke teoretiese stellings en formulering van riglyne

3.3.1 Spesifieke teoretiese stelling 1

Die insluiting van konteks en gevolgtrekkings in politieke items kan vroue se aandag trek en bydra tot die ontwikkeling van hul politieke skemas

Soos in afdeling 2.6 bespreek, word die aanbieding van politieke sake op relevante en toeganklike manier reeds prakties deur 'n aantal vrouetydskrifte wêreldwyd toegepas. In nog 'n ander geval is bevind dat twee Turkse nie-feministiese vrouetydskrifte die heersende patriargale stand in daardie land suksesvol uitgedaag het deur bepaalde aksiestappe (Kirca, 1999; Kirca, 2001). Die konstruksie van die tydskrifinhoud het klem gelê op vroue se alledaagse lewe en hoe om dit te verbeter. In plaas daarvan om 'n platform te wees vir feministiese debatte, soos feministiese vrouetydskrifte, was die tydskrifte eerder besorg oor die verduideliking van sake wat verband hou met feministiese politiek en waardes sodat vroue begrip vir die implikasies daarvan op hul lewens kon hê[13]. Die nodige konteks en gevolgtrekkings wat ingesluit is het dus vir die leser duidelik gemaak hoe die inligting vir haar relevant is.

In *Ms.* se *Spring 2003*-uitgawe is daar 'n item getiteld: "The feminist to-do list". Die titel spreek vanself – knelpunte wat volgens feministe aandag moet geniet, word gelys. Wat dit so nuttig maak is dat al die kwessies wat gelys word dinge is waarmee vroue op alledaagse vlak hulp/ondersteuning nodig het en hulle kan dus ook op alledaagse vlak 'n verskil in hul eie lewens maak, indien hulle sou besluit om deel te

13 Die twee tydskrifte het later nie genoeg advertensies gelok nie en moes derhalwe hul deure sluit (Kirca, 1999; 2001).

word van die taakmag om die kwessies op te los. Die volgende, wat 'n politieke dimensie het, word gelys:

- mense behoort 'n alternatiewe vorm van brandstof te eis wat meer omgewingsvriendelik is en nie die land se buitelandse beleid kompliseer nie;
- almal moet stem in verkiesings omdat minder as vier uit tien Amerikaners dit doen;
- die verspreiding van MIV/vigs moet afneem deur bepaalde maatreëls in plek te kry;
- gesondheidsorg moet opgeskerp word en medisyne moet vir almal beskikbaar gestel word.

Die konstruktiewe gevolge van hierdie aksiestappe word deurgaans verduidelik sodat die leser kan verstaan hoe dit 'n impak op die samelewing en op hul alledaagse bestaan kan hê.

By elke punt word daar webadresse verskaf waar vroue meer inligting kan kry oor die spesifieke aangeleentheid. Daar is ook geleentheid vir vroue om te kan deel wees van aksiestrategieë teen die genoemde uitdagings. Die insetsel het dus praktiese gebruikswaarde vir vroue.

Die riglyn wat uit bogenoemde spesifieke teoretiese stelling en bespreking afgelei word, is:

- ***Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond, om konteks te skep vir die belang daarvan.***
- ***Verskaf waar nodig/moontlik gevolgtrekkings wat die relevansie van inligting vir alledaagse gebruik toon.***

3.3.2 Spesifieke teoretiese stelling 2

Vroue kan leer oor politiek deur deurlopende blootstelling aan politieke inligting op die media se agenda, wat daartoe kan lei dat nuwe inligting doeltreffend in hul bestaande skemas opgeneem word

Sake met betrekking tot die openbare domein is skaars in vrouetydskrifte (Ballaster *et al.*, 1991:13). Stereotipiese voorstellings van vroue as apolities dui op 'n onsensitiewe ingesteldheid teenoor gendergelykheid.[14] Sulke voorstellings word nie net gesien in die som van *vroulikheid ≠ politiek* nie, maar ook afgelei deur die blote *afwesigheid* van politieke sake in vrouetydskrifte.

In die *Ms.*-uitgawe van *Fall 2003* handel die artikel "March for choice/Making history" oor 'n aantal vroue-organisasies wat saam 'n betoging vir die behoud van aborsie-wetgewing beplan het. Dit handel dus oor

14 Sien paragrawe 1.2 en 1.3.

vroue se reg om outonomiteit oor hul liggame te hê, met ander woorde ook hul menseregte. Hierdie mediablootstelling van gewone vroue wat opstaan vir hul regte en dus aktief deelneem aan politieke aktiwiteite in die openbare domein, bring die boodskap by die lesers tuis dat hulle dit ook kan doen. Hulle kry nie net inligting oor hul regte nie, maar hul skemas word op so 'n manier aangevul dat hulle meer gemaklik raak met die gedagte om deel te neem aan so 'n aksie. Hoe meer hulle hierdie boodskap in die media kry, hoe meer brei hul skema daaroor uit en kort voor lank besluit hulle dalk ook om deel te neem aan 'n betoging, hoewel hulle nie elke nuusitem wat hulle daaroor gelees het, kan onthou nie. Die tydskrif het nie net die verantwoordelikheid om in te lig en op te voed nie, maar ook om aan te moedig deur mobilisering. Vroue moet hul regte ken, maar ook aangespoor word om dit uit te leef.

Vrouetydskrifte moet dus hul sosiale verantwoordelikheid nakom deur steeds aktief betrokke te wees by die belang van die samelewing en nie uitsluitlik daarop fokus om aan die lesers te gee wat hulle wil hê nie.

Die riglyn wat hieruit afgelei word, is:

- ***Soek aktief politieke nuusitems uit.***

3.3.3 Spesifieke teoretiese stelling 3

Die hoeveelheid aandag wat vrouetydskrifte aan politiek skenk, asook die aspekte wat uitgelig word, beïnvloed hoe belangrik vrouetydskriflesers die saak en aspekte ag en of hulle dit sal aanvaar as norm van vroulikheid

Een van die beduidendste bevindinge van die 2005 GMMP-verslag[15] is dat die nuusmedia van vandag nie doeltreffend is daarin om die genderspesifieke implikasies van nuusgebeure aan die publiek oor te dra nie (byvoorbeeld die gevolge wat werkloosheid vir onderskeidelik vroue, mans en families in geheel inhou) (GMMP, 2005). Aspekte verbonde aan 'n saak wat spesifiek op vroue van toepassing is, kan dus in diepte dekking in vrouetydskrifte kry.

Om te verseker dat politieke artikels gendersensitief is, met ander woorde spesifiek voorsiening maak vir die skema van die gemiddelde vrouetydskrifleser, moet die algemene oriëntering daarvan, keuse van bronne en die onderliggende perspektief met sorg gekies en gekonstrueer word (Ross, 2004:69). So byvoorbeeld kan 'n artikel oor seksuele teistering lesers oriënteer om op die uitkyk te wees vir die

15 GMMP staan vir *Global Media Monitoring Project* en is begin deur gender en kommunikasie-aktiviste met die oog daarop om nuusdekking van vroue en mans wat betref die deelname en uitbeelding van beide geslagte, te bepaal (WACC, 2008).

voorkoms daarvan in hul werksituasie deur presiese inligting te verskaf oor wat as seksuele teistering geklassifiseer kan word. Daar kan na vroulike kenners op die gebied gesoek word wat dan as bronne geraadpleeg word. Die onderliggende perspektief van die artikel kan wees dat teistering onaanvaarbaar is – dit moet vroue aanmoedig om op hul regte te staan in die werkplek en nie teistering te duld nie.

In die *Ms.*-uitgawe van *Winter 2006* is daar 'n artikel wat fokus op die ekonomiese gevolge spesifiek vir vroue nadat die orkaan Katrina New Orleans in die VSA getref het, getiteld "Poverty is a woman's issue". Dit handel ook oor hoe daar steeds op grond van ras en klas gediskrimineer word in Amerika. In plaas daarvan om dus net weer oor ras- en klasdiskriminasie berig te doen, haak hulle dit aan 'n gebeurtenis wat in daardie stadium op die hoofstroommedia se agenda was, maar fokus spesifiek op vroue. Deur so 'n artikel verstaan vroue meer oor waardeur ander vroue gaan tydens so 'n krisis en hoe dit hul alledaagse lewe as vroue beïnvloed. Dit word duidelik hoe vroue, met hul spesifieke rolle en verantwoordelikhede as moeder, eggenote, (skoon)dogter en somtyds alleen-voorsiener vir 'n familie, in sulke situasies behandel word en reageer, hetsy berekend of instinktief. Dit word duidelik dat wanneer vroue nie deur die politieke bestel in 'n land ondersteun word tydens 'n krisis nie dit verreikende gevolge het vir hul alledaagse bestaan.

Die volgende riglyne vloei hieruit:

- ***Soek aktief politieke nuusitems wat op vroue betrekking het uit.***
- ***Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep.***

3.3.4 Spesifieke teoretiese stelling 4

Vrouetydskrifte behoort politieke onderwerpe wat vir vroue relevant is, te kies en deur die gebruik van bepaalde woorde en frases, verwysings na die nodige konteks, grafika en bronne aandag daarheen trek

Die elemente wat tydens raming ingespan kan word, is reeds in afdeling 2.5 gelys. Vrouetydskrifte kan met die berekende aanwending daarvan 'n unieke/besondere/ongewone aanslag vir politieke artikels gebruik sodat dit vir lesers interessant, maar ook eenvoudig verstaanbaar bly wanneer dit byvoorbeeld by taalgebruik kom. Om die voorbeeld van veranderde wetgewing oor mense wat saambly te gebruik: die tydskrif kan verhale gebruik van vroue wie te na gekom is deur saamblyverhoudinge wat nie uitgewerk het nie (*kontekstuele verwysings* en die gebruik van *bepaalde bronne* is hier ingespan). Hierdie beskrywings van wat in die werklikheid kan gebeur, behoort vroue te oortuig van die belangrikheid van die saak. Hoewel hulle self dalk nie in 'n saamblyverhouding is nie, ken hulle

waarskynlik iemand ('n vriendin of in baie gevalle 'n bediende) aan wie hulle die inligting kan oordra, in pas met die beginsels van die twee-stap-vloei model. Dis belangrik om genoeg vroulike bronne te kry omdat vrouetydskrifte immers op vroue gemik is en hulle makliker met mekaar se ervaringe assosieer. Dis ook belangrik om vroulike kenners te kry om 'n positiewe beeld van vroulike kundigheid uit te straal.

Dit kan ook verder 'n visuele impak maak indien daar grafika by die nuusitem is. In dié geval kan daar byvoorbeeld 'n welgeklede dame met 'n aktetas in haar hand onder in die straat voor 'n dubbelverdiepinghuis staan, terwyl 'n man haar klere uit die boonste venster gooi (*keuse van grafika* word dus berekend gebruik). Indien die kop ook prikkelend is (die gebruik van *bepaalde woorde/frases*), soos byvoorbeeld "Uitgeskop: ken jou regte" met die moontlike onderkop: "Al het jy nie in die paadjie afgeloop nie, beteken dit nie jy hoef met niks uit te stap nie", gaan dit die leser verder intrek.

Wanneer politieke sake wel in vrouetydskrifte voorkom, is dit gewoonlik gebaseer op die volgende drie temas (Ballaster *et al.*, 1991:13-14):

- Onderhoude met politici en/of hul familielede (byvoorbeeld die vrou van 'n politikus), wat sterk fokus op hul huislike omstandighede in plaas van hul (of hul familielid se) loopbaan.
- Die bespreking van kwessies soos die ekologie, misdaad teen vroue en ander maatskaplike probleme (hierdie sake het direk betrekking op lesers se lewenskwaliteit, asook dié van hul families).
- Inligting oor mense se wetlike en politieke regte.[16]

Die volgende onderwerpe is verder reeds in vrouetydskrifte gebruik hoewel dit nie so geredelik voorkom soos bogenoemde drie onderwerpe nie (Kirca, 1999; Doner, 1993; Yong, 2007:368):

- Aborsie (inherent ook die wetgewing daaragter)
- Die aktiwiteite en beleid van regerings- en nie-regeringsorganisasies van toepassing op vroue
- Gendergelykheid
- Vroue se suksesse in vakbonde en werknemersverenigings
- (Internasionale) vrouekonferensies

Onderhoude met/profiele van manlike en vroulike politici en/of hul familielede kan as artikelonderwerpe dien vanweë die mense-storie-karakter daarvan. Sorg moet egter gedra word met die keuse van politici vir moontlike profiele en ook hoe dié figure geraam word om nie lesers se partykeuse te beïnvloed nie omdat tradisionele vrouetydskrifte hul nie behoort te bemoei met partypolitiek nie (Ballaster *et al.*, 1991:159; Rabe, 2005).

16 Sien ook bespreking onder spesifieke teoretiese stelling 2 – afdeling 3.3.2.

Die inhoud van *Ms.* wat bestudeer is, val grotendeels in een of meer van hierdie kategorieë. Hierdie onderwerpe word dus reeds gebruik in feministiese publikasies wat op politiek fokus, asook tradisionele vrouetydskrifte wat hulself nie uitgee daarvoor dat hulle op politiek fokus nie. Dit is egter belangrik om te let daarop dat tradisionele vrouetydskrifte tot 'n noemenswaardige mate minder oor hierdie onderwerpe skryf as hul feministiese "susters".

Wat onderhoude met politici en/of hul familielede betref, is daar talle voorbeelde in *Ms.*. Die uitgawe van *Spring 2004* se tema is selfs "First ladies" [17] en bevat 'n hele aantal artikels oor die vroue van politici. So is daar 'n artikel oor die rol wat ene dr. Judith Steinberg Dean (nie) in haar politikus-man, Howard Dean, se veldtog gespeel het (nie) ("Who needs first ladies?"). Die rede vir haar afwesigheid was dat sy besig was om haar besige dokterspraktyk te bestuur. Hierdie verskynsel het egter 'n mediastorm ontketen en gevolglik is die rol van "first ladies" (met die ondertoon van vroue en vroue as eggenote se rol in die samelewing) in diepte geanaliseer in die media. Hierdie spesifieke artikel in *Ms.* is 'n opsomming van hoe die media die kwessie hanteer het en poog dan self om lig te werp op die rol van politici se vroue deur kenners se aanhalings te interpreteer. Dit is in pas met die integrasie-, korrelasie- en interpreteringsfunksies van die media. Mense-stories kan dus substansiële inligting insluit.

Hier volg 'n lys voorbeelde ter illustrasie van die res van die onderwerpe wat bo genoem is. Dit is met sorg gekies sodat almal op 'n tradisionele vrouetydskrif se agenda ook sou kon pas. Noemenswaardige aspekte verbonde aan die hantering van die onderwerpe word deurgaans uitgelig:

- *Die ekologie.* In die uitgawe van *Summer 2004* is daar 'n in-diepte artikel oor organiese boerdery ("Food, farming... feminism?"). Die voorkoms van organiese produkte word bespreek en ook die voordele daaraan verbonde. Die verband tussen feminisme en voeding word in die volgende sin van die inleiding verduidelik: "No matter how we rebalance gender roles, women's lives and health – and those of their families – are intricately connected to how food is produced" (Lipson, 2004). Die artikel kon 'n sterker politieke begronding gehad het indien die skrywer byvoorbeeld ook melding gemaak het van die regering se beleid oor plaagbeheer.
- *Misdaad teen vroue (gesinsgeweld en seksuele misdade) en vroueskuilings.* Die uitgawe van *Fall 2005* se tema is "North Country and sex harassment" met Charlize Theron wat die hoofrol in die feministiese rolprent *North Country* gespeel het, voorop. In die rolprent werk Theron se karakter by 'n myn om vir haar gesin te sorg en hier word sy en die handvol ander vroue wat daar werk aan seksuele teistering blootgestel. Sy maak 'n hofsaak teen die myn aanhangig en wen na 'n moeilike stryd om van die ander vroue te oorreed om ook saam met haar teen die teistering kapsie te maak. Hierdie voorbeeld gebruik ook die mense-storiebenadering omdat Theron in 'n onderhoud in die uitgawe oor feministiese aangeleenthede praat en ook omdat die rolprent op ware gebeure van die 1980's gegrond is. Aandag behoort na die onderwerp getrek

17 Elke uitgawe van *Ms.* het 'n bepaalde tema.

te word vanweë die betrokkenheid en uitgesprokenheid van 'n bekende en 'n onlangse rolprent van daardie tyd. Afgesien van Theron se sosiale kommentaar is die item ook substansieel in die sin dat dit 'n dokumentêre basis het en die werklikheid reflekteer.

- *Ander maatskaplike probleme (soos armoede, die verspreiding van MIV/vigs en dwelmmisbruik).* In die uitgawe van *Fall 2004* is daar 'n in-diepte artikel oor vroue en MIV/vigs getiteld "AIDS has a woman's face". Die skrywer argumenteer dat seksisme 'n sentrale rol in die pandemie speel – dat die verhoogde voorkoms van die virus onder vroue toegeskryf kan word aan die genderdiskriminasie waaraan hulle blootgestel word. So kry 'n onderwerp wat moontlik reeds sy nuutheid op die media se agenda verloor het, 'n nuwe hoek.
- *Aborsie en wetgewing oor geboortebeperking. Ms.* besef dat wanneer dit by geboortebeperking kom vroue van die nuutste verwikkelinge wil weet. In die uitgawe van *Spring 2006* verskaf hulle byvoorbeeld inligting oor 'n webblad waar vroue die mees onlangse nuus in hierdie verband kan lees ("We deserve some answers"). Die webblad bevat onder meer inligting oor wat politieke partye se beleid hieroor is – so kry geboortebeperking 'n politieke dimensie. Vroue het ook die geleentheid om vrae aan die betrokke politici via hierdie webblad te stel en sodoende kry hulle dus die geleentheid om hulself met die spesifieke inligting wat hulle verlang te bemagtig. Omdat hierdie onderwerp so 'n groot impak op vroue het en hulle dus waarskynlik vrae daaroor het, is interaktiewe hantering daarvan baie gepas.
- *Politieke partye se beleid oor vroue.* Bogenoemde voorbeeld is ook op hierdie riglyn van toepassing. In aansluiting hierby is daar in die uitgawe van *Fall 2004* 'n artikel getiteld "Why the gender gap matters" wat handel oor die impak wat vroue kan maak deur te stem in politieke verkiesings. Een van die hoofpunte wat gemaak word is dat waar daar meer vroue gestem het in verkiesings, politieke kandidate wat pro-keuse (met betrekking tot aborsie) was, gewoonlik verkies is. Politieke partye se beleid oor vrouekwessies beïnvloed dus vroue se stemkeuses. Dit illustreer weereens waarom vroue bewus moet wees van hierdie beleide, aangesien dit hul lewens prakties beïnvloed. Daarom is dit so integraal dat vrouetydskrifte moontlike brandpunte aan lesers opsom, die dele wat spesifiek vir hulle belangrik is beklemtoon en in leketaal verduidelik.
- *Veranderinge in wetgewing wat spesifiek van toepassing is op vroue.* Die meer geredelike beskikbaarstelling van noodgeval-geboortebeperking, wat deur wetgewing bemoontlik is, word in 'n artikel in die uitgawe van *Summer 2003* bespreek ("Scrip-less contraception"). Die uitgawe van *June/July 2001* bevat ook 'n brokkie by die gereelde rubriek "Health" oor wetgewing op geboortebeperking ("Cardinal sins"). Baie van die uitgawes wat bestudeer is, bevat inligting oor aborsie en die teenstand wat pro-keuse-organisasies en/of -individue kry. Dit hou dus verband met wetgewing oor geboortebeperking. In 'n artikel in die uitgawe van *Summer 2004* word ondersoek ingestel na diskriminasie teen vroue wat in wetgewing wêreldwyd voorkom en die redes daaragter ("Unequal – A global perspective on women under the law"). So 'n oorsig van

die onderwerp kan vroue nuwe perspektief gee oor hulle regte deur dit te vergelyk met dié van vroue in ander lande. Hierdie artikel hou ook verband met die volgende riglyn:

- *Die amptelike gelykheid tussen vroue en mans.* 'n Artikel wat handel oor seksisme in skoolsport kom voor in die uitgawe van *Winter 2002* ("And now they tell us women don't really like sports?"). Dit ondersoek die verskynsel dat seuns op skool meer ondersteuning (in die vorm van byvoorbeeld beurse en spandrag) kry as meisies met betrekking tot sport Dit is 'n beduidende voorbeeld van hoe (skool)politiek 'n invloed het op vroue en hul families, sowel as op hul finansies. In dieselfde uitgawe word daar in 'n ander artikel ondersoek waarom dit moeiliker is vir vroue om lidmaatskap en toegang tot bepaalde golfligas te kry – dus die politiek daaragter ("Only some women bang on the door to get on the green"). Telkens word alledaagse situasies – skoolsport en gholf hier spesifiek – gebruik om die onderwerpe se relevantheid aan te dui. Hierdie soort items ondersteun ook 'n breër tema – gelykheid tussen mans en vroue. Dit is in wese nie onvanpas vir 'n tradisionele vrouetydskrif nie.
- *Vroue se suksesse in vakbonde en werknemersverenigings.* 'n Artikel in die uitgawe van *Fall 2003* dokumenteer hoe vroulike werknemers van die kettingwinkel Wall-mart in Amerika op daardie stadium besig was om hofsake wat geslagsdiskriminasie beveg, teen dié organisasie aanhangig te maak (en sommige wat alreeds sukses behaal het) ("What Wal-Mart women want"). Die artikel bevat ook 'n lys van die aanmerkings wat sommige vroue tot regstappe laat oorgaan het. Dit is funksioneel omdat vroue in ander werksopsette kan lees watter tipe aanmerkings onaanvaarbaar is, indien hulle onseker is oor die manier waarop hulle by hul werk behandel word.
- *Die aktiwiteite en beleid van nie-regeringsorganisasies wat op vroue fokus.* Die uitgawe van *August/September 2000* bevat 'n artikel oor hoe om by 'n aktivistiese groep betrokke te raak en sodoende 'n verskil te help maak ("Shake up the system"). In plaas daarvan om lesers op 'n algemene manier te mobiliseer (byvoorbeeld: "Staan op jou regte"/"Maak 'n verskil"), word hier konkrete, praktiese idees gegee.
- *(Internasionale) vrouekonferensies.* 'n Mede-redakteur van *Ms.* het 'n rubriek geskryf na aanleiding van 'n byeenkoms oor vroueregte wat sy bygewoon het ("Heat wave") (*August/September 1999*). Haar fokus was die tekortkominge daarvan (en hierdie soort konferensies in die algemeen), omdat dit oor die oppervlakkige simptome van seksisme gehandel het, eerder as dieper en meer omvangryke kwessies wat tot werklike verandering kan lei. Vrouekonferensies het gewoonlik temas en daarvan kan die publikasie byvoorbeeld werk maak. 'n Aspek verbonde aan die bepaalde tema kan die basis vorm van 'n artikel waarvoor die joernalis selfstandige navorsing doen, maar sy kan dan ook verwys na die konferensie en wat daar bespreek is. Konferensies is ideale platforms vir forums tussen vroue, maar die "gewone" vrou kom waarskynlik nie gereeld sover om by een in te skakel nie.

Die riglyne wat uit hierdie bespreking vloei is soos volg:

- ***Berig gebalanseerd en regverdig oor politici, politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte.***
- ***Trek/interesseer die leser deur kontekstuele verwysings, keuse van grafika en 'n eenvoudige en verstaanbare skryfstyl.***
- ***Kenners moet verkieslik vroulik wees.***

3.3.5 Spesifieke teoretiese stelling 5

Politieke sake behoort as "infotainment" aangebied te word in tradisionele vrouetydskrifstyl. Die politieke inligting word "gekamoefleer" onder die dekmantel van vermaak, maar die klem moet steeds op die inligting val

Vroue onthou mediaboodskappe beter wanneer dit interessant is en/of *emosies* ontlok (sien paragrawe 2.2 en 2.4). Om interessant te wees, moet inligting byvoorbeeld 'n persoonlike, selfs intieme kwaliteit hê, soos tradisioneel in vrouetydskrifte gevind word. Dit kan moontlik oor 'n element van drama beskik terwyl dit steeds oor belangrike onderwerpe handel wat gehore van nuttige, bruikbare inligting voorsien. In oorleg met die "infotainment"-aanslag, onthou vroue stories met 'n mense-storie-inslag beter. Mediaboodskappe kan verpersoonlik word deur byvoorbeeld reaksie van lede van die publiek te kry. Artikels oor politiek in vrouetydskrifte kan op een van hierdie genoemde punte (of meer as een daarvan in kombinasie) steun, om te verseker dat die inhoud van die artikel aanklank vind by vroue en 'n indruk op hulle maak sodat dit hul politieke skemas aanvul (Hagen, 1997:409; Black, 1982:136; Graber, 1977:24,26).

Berelson (1960:531-32) stel dit dat media wat 'n persoonlike aanslag het, soos radiogesprekke, se invloed om mense se opinies te verander groter is as dié van onpersoonlike kommunikasie soos 'n toespraak wat oor die radio uitgesaai word. Dit gaan dus oor die graad van persoonlikheid, soos ervaar deur die ontvanger van die boodskap. Die afleiding kan gemaak word dat die vrouetydskrif wat met sy leser praat asof sy 'n vriendin is, groter impak kan hê as koerantberigte met hul saaklike styl. Die twee Turkse vrouetydskrifte waarvan daar onder spesifieke teoretiese stelling 1 melding gemaak is, is in tradisionele vrouetydskrifformaat gepubliseer hoewel dit belangrike politieke inligting bevat het. Volgens Kirca (1999; 2001) het hulle op dieselfde intieme, persoonlike trant met lesers as ander vrouetydskrifte gekommunikeer.

"Gesels" tussen vriendinne is ook vermaaklik aangesien dit mense help ontspan (sien afdeling 2.2). Vermaak impliseer dus nie noodwendig blote humor nie, hoewel dit deel daarvan kan vorm. Inteendeel, in pas met nog 'n kenmerk van vermaak, emosionele ontlading, kan die leser selfs minder positiewe gevoelens soos hartseer ervaar.

Om hierdie punt verder te illustreer, word verwys na die *Ms.*-uitgawe van *Winter 2006*. Die stand van wetgewing oor minderjariges wat aborsies sonder hul ouers se medewete wil ondergaan word in een artikel bespreek ("Jane Doe's choice"). Dit word onder meer gedoen aan die hand van die verhaal van 'n meisie wat sonder haar ouers se toestemming 'n aborsie wou hê en die wetmatige pad wat sy daarvoor moes loop. Só kry die artikel 'n sterk dokumentêre basis sowel as 'n persoonlike karakter wat die konteks van die wetgewing prakties illustreer omdat dit aan die hand van hierdie meisie se belewenis gedoen word. Hierdie interessante verhaal behoort lesers, veral dié wat self kinders het of op 'n manier geraak is deur 'n aborsie, emosioneel in te trek.

Daar kom inderdaad baie emosionele inhoud en interessante feite in *Ms.* se artikels voor. 'n Voorbeeld van beide hierdie elemente is 'n artikel in die uitgawe van *Summer 2004* oor die invloed van verandering in aborsie-wetgewing op 'n vrou ("Between a woman and her doctor"). Die skrywer van die spesifieke artikel is 'n vrou wie se ongebore baba ophou lewe het op 19 weke. Vanweë veranderde wetgewing wat die aborsie van fetusse wat ouer as 13 weke is verbied, was dit baie moeilik vir haar om 'n dokter te kry wat 'n aborsie op haar sou doen. Haar emosionele pad vandat sy gehoor het van haar ongebore baba se sterwe en haar moeilike pad na herstel, is gedokumenteer in hierdie artikel wat in die eerste-persoonstyl geskryf is. Dit is 'n ongewone, boeiende en dus interessante verhaal. In die redakteursbrief van daardie uitgawe het die redakteur geskryf watter groot indruk die artikel op die redaksie gemaak het: "[die artikel] stopped everyone who read it at Ms. right in their tracks" (Lafferty, 2004). Dit blyk dus asof só 'n artikel emosie en empatie by die lesers wek, maar tog ook 'n kognitiewe bydrae lewer omdat die effek van die artikel 'n paar sinne later deur die redakteur soos volg beskryf word: "I promise you will never read the phrase 'partial birth abortion' in the newspaper again the same way" (Lafferty, 2004). "Interessantheid" is dus nie noodwendig 'n neutrale of positiewe verskynsel nie (sien ook afdeling 4.5.1.3 – Kategorie 2: Onderwerpe).

Die volgende riglyne vloei uit die bespreking bo:

- ***Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud.***

'n Verdere riglyn wat met bogenoemde verband hou kan afgelei word uit die bestudeerde inhoud van *Ms.*. Daar word dikwels onderhoude met bekende persoonlikhede (wat nie politici is nie), soos aktrises en komediante gevoer. Die fokus daarvan is egter nie primêr op die glansrykheid van hul bestaan nie, maar hul standpunte oor politieke aangeleenthede. In die uitgawe van *Fall 2005*, soos reeds genoem,

word Charlize Theron ondervra oor haar perspektief op seksuele teistering na aanleiding van haar rol in die rolprent *North Country,* wat oor hierdie saak handel ("'You just have to be human.'"). In die uitgawe van *Spring 2006* maak die aktrise Geena Davis weer voorspraak vir gender-gebalanseerdheid in kinderrolprente ("A girl's own story"). Aan bekende persone (veral vroue) wat nie politici is nie, kan daar dus steeds vrae oor hul politieke perspektiewe gevra word, tesame met vrae wat minder ernstige (en meer vermaaklike) inligting oor hulle dek. Die "infotainment"-funksie kom dus hier na vore. Sodoende word daar voorspraak gemaak vir die betrokke saak deur iemand met die relatiewe vermoë om lesers te beïnvloed vanweë hul openbare status/gewildheid.

In *Ms.* word daar ook groot klem geplaas op "gewone" vroue, met ander woorde vroue wat nie vermaaklikheidsterre of politici is nie. Dit gebeur in 'n rubriek met die beskrywende naam "Uppity women" en ook sporadies in ander artikels wat nie onder hierdie rubriek val nie. Hierdie vroue doen gewoonlik iets ongewoons, wat wys dat hulle polities bemagtig is en wat hulle laat uitstaan. Die vroue kan as 'n reël as rolmodelle dien vir ander vroue omdat hulle op 'n sekere vlak geëmansipeerd[18] is, hoewel hulle ook "gewoon" is, soos die meeste ander lesers. Vermaaklikheidsterre en ander hoë profiel-persoonlikhede se lewens blyk soms ver verwyderd te wees van die lewe van die deursnit landsburger en hierdie afstand veroorsaak dat lesers waarskynlik nie altyd die inspirerende en opbouende inligting sal internaliseer nie. Die feit bly egter ook staan dat baie vroue na aantreklike, suksesvolle bekendes opkyk en daarom kan hulle ook genader word om hul politieke perspektiewe. Beide benaderings kan inderdaad gebruik word. Items kan in geheel op een of albei gebaseer word, of dit kan bloot bygewerk word om die item ekstra trefkrag te gee.

Tydens 'n besoek aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus in 2006 het me. Rachel Stewart van die media organisasie Sanef[19] en werksaam by die SAUK, en me. Mapule Thelma Mbhalati, hoof van die SAUK se radio-afdeling, gesê dat nuus nie gemaak kan word sonder die mense in die samelewing nie. Mbhalati (2006) het dit duidelik gestel: "You cannot make news without the people, given that you make news *for* the people." Daar moet dus *met* die mense *oor* hulle gepraat word. Sy het voorts gesê dat een van die probleme met vrouetydskrifte is dat hulle meestal suksesverhale van bekendes bevat, maar dat dit meer sin maak om oor mense se mislukkings te skryf sodat die leser iets daaruit kan leer en iets kan *doen* met die inligting wat verkry is. Dit kan dus afgelei word dat stories oor gewone vroue, wat hulself opgehef het te midde van moeilike omstandighede, lesers kan aanmoedig om dieselfde te doen. Dit is vroue wat volgens *Ms.* leiding neem, bemagtig en opvoed, terwyl hulle inspireer en vermaak (Ms. Magazine, 2007). Vir die doel van hierdie studie moet dit egter binne 'n politieke konteks geskied.

---

18 Emansipasie: "vrymaking ... gelykstelling, toekenning van gelyke regte" (Odendal, 1994:195).

"Gewone" vroue (dus nie vermaaklikheidsterre of politici nie), wat polities geëmansipeerd is en hul bemagtiging in hul alledaagse lewe uitleef, kan dus as rolmodelle voorgehou word omdat dit vir ander vroue bewys dat 'n lewe van bemagtiging moontlik is.

Die riglyn wat hieruit vloei is:

- ***Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek.***

3.4 Samevatting

Riglyne vir die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte kan soos volg saamgevat word:

1. Soek aktief politieke nuusitems uit wat betrekking het op vroue.
2. Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte.
3. Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep.
4. Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl.
5. Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek.
6. Kenners moet verkieslik vroulik wees.

***

Die volgende hoofstuk beskryf hoe die teoretiese aannames wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel is, empiries toegepas is. Die metodologiese stappe wat die studie volg om die empiriese data in te samel, word breedvoerig bespreek.

---

19 Sanef staan vir *South African National Editors' Forum* en het in 1996 ontstaan om onreëlmatighede wat in die verlede in die media voorgekom het, te bekamp. Die organisasie beywer homself ook vir die bevordering van mediavryheid en –onafhanklikheid (Anon, 2006).

Hoofstuk 4: Navorsingsmetode

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetode waarvan die studie gebruik maak om die empiriese data in te samel, bespreek en verduidelik. 'n Navorsingsmetode word gedefinieer as 'n gestruktureerde stel prosedures en instrumente, waardeur empiriese verskynsels waargeneem, gedokumenteer en geïnterpreteer word (Jensen, 1991:8). Dit is belangrik vir enige studie om te toon presies *hoe* dit uitgevoer is sodat ander navorsers wat 'n soortgelyke projek wil aanpak, of navorsers wat wil voortbou op die bevindinge, kan sien hoe die resultate verkry is.

Eerstens gaan daar verduidelik word wat die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings en metodes behels en waarom elk vir spesifieke doeleindes gekies en aangewend word. Daar word ook gemotiveer waarom daar van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak word in hierdie studie. Hierna word triangulasie, betroubaarheid en geldigheid kortliks bespreek omdat dit belangrike aspekte is om in enige wetenskaplike navorsingsprojek in ag te neem. Daarna volg 'n bespreking van die navorsingsontwerp en werkswyse wat in die studie gebruik is, in die ondersoek wat ingestel is na die dekking van politieke sake in *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE*.

4.2 Die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings tot navorsing in kommunikasiestudies

In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na die unieke eienskappe van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings tot wetenskaplike navorsing in 'n poging om die (kwalitatiewe) navorsingsontwerp van die studie te kontekstualiseer. Die aspekte wat spesifiek aandag kry, is soos volg:

- die tekortkominge van die kwantitatiewe benadering, volgens die aard daarvan
- die ontstaan van die kwalitatiewe benadering
- verskille tussen die twee benaderings, veral wat veralgemening van resultate, die navorser-respondent-verhouding en teoretiese begronding betref

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings sluit mekaar nie noodwendig uit nie, maar kan mekaar aanvul (Du Plooy, 2002:38). Só 'n kombinasie kan selfs die geldigheid van die bevindinge verhoog (sien afdeling 4.4). Die keuse van benadering hou ten nouste verband met die navorsingsvrae en -doelstellings van die bepaalde studie.

Kwantitatiewe navorsing verwys grotendeels na die gebruik van syfers (daar word gepoog om so akkuraat moontlik te tel en só te meet). Die kwantitatiewe benadering het sy oorsprong in die

positivisme, wat grootliks natuurwetenskaplik van aard was. Dié benadering tot navorsing is sedert die 1960's toenemend gekritiseer, omdat baie gevalle van mensegedrag en verskynsels wat verband hou met die massamedia nie na behore op hierdie manier nagevors kon word nie (Jankowski & Wester, 1991:44,50-51).

Daarenteen vind kwalitatiewe navorsing wat op menslike gedrag soos kommunikasie gemik is, nie in 'n vakuum plaas nie. Dit gebeur in 'n bepaalde konteks – 'n aspek wat dikwels nie in die kwantitatiewe benadering in ag geneem word nie. Die omgewing, asook die bepaalde agtergrond, het 'n invloed op die respondente en op die media (Struwig & Stead, 2001:12). Kwalitatiewe navorsingsmetodes is derhalwe ontwikkel om die klem op die alledaagse gedrag van respondente te plaas en is dus eerder beskrywend as kwantifiserend van aard (Du Plooy, 2002:33).

Terwyl die Latynse word *qualitas* "of what kind?" beteken, beteken die word *quantitas* weer "how great/much/many?". Wanneer dit dus kom by die kwaliteite van tekste, gaan dit oor die "... text's properties, degree of excellence, and distinguishing characteristics. There is an element of evaluation and judgment and taste connected to the term quality" (Berger, 2000:13).

Kwalitatiewe data sluit inligting in soos: woorde, grafika (prente, skilderye, tekeninge, foto's), rolprente en ander oudiovisuele materiaal, musiek en klankbane. Tydens kwalitatiewe navorsing probeer die navorser om 'n kwessie of 'n kommunikeerder en sy kommunikasie-aksies te verstaan en 'n diep begrip daarvoor te ontwikkel eerder as om aan die hand van statistiese gegewens afleidings te maak, wat dus die positivistiese kwantifisering van menslike gedrag na aanleiding van statistiese inligting insluit. Kwalitatiewe navorsing is derhalwe meer ondersoekend en interpreterend as kwantitatiewe navorsing (Van Vuuren *et al.*, 1998:409; Fortner & Christians, 2003:415; Struwig & Stead, 2001:13). Sommige navorsers meen dan ook dat kwantitatiewe data oppervlakkig en nie so veelseggend soos kwalitatiewe data is nie, omdat dit selde 'n omvattende verduideliking van die bestudeerde kwessie bied (Struwig & Stead, 2001:18).

Kwalitatiewe bevindinge kan nie noodwendig op ander kontekste van toepassing gemaak word, of na die groter navorsingspopulasie veralgemeen word nie. Dit word dikwels aangewend om *spesifieke situasies* te ondersoek eerder as om veralgemeenbare resultate te verkry, soos in die kwantitatiewe benadering. In pas hiermee maak kwantitatiewe navorsingsmetodes verder dikwels van veel meer respondente as kwalitatiewe metodes gebruik en funksioneer eersgenoemde gevolglik op veel groter skaal (Du Plooy, 2002:33; Donnelly, 2003:315; Struwig & Stead, 2001:5; Van Vuuren *et al.*, 1998:409).

Een van die kritiekpunte teen die kwalitatiewe benadering is juis die feit dat dit moeilik is om kwalitatiewe studies te herhaal (Struwig & Stead, 2001:6; Neuendorf, 2002:12). 'n Studie is egter wel herhaalbaar in 'n ander konteks wanneer die navorsingsprosedure duidelik, akkuraat en in detail uiteengesit is, omdat ander navorsers sodoende van die middele voorsien word om die studie te herhaal (Struwig & Stead,

2001:6; sien ook afdeling 4.4.1). In hierdie hoofstuk word gepoog om die studie se navorsingsprosedure só uiteen te sit.

Nog 'n onderskeid wat noemenswaardig is tussen die twee benaderings, is die navorser-deelnemer verhouding. In die kwalitatiewe benadering is die navorser en deelnemer baie maal *beide betrokke* by die navorsingsproses – die navorser probeer die deelnemer se perspektief inkorporeer in die studie. By die kwantitatiewe benadering is die kontak tussen navorser en deelnemer egter vlugtig (Struwig & Stead, 2001:17).

Daar word dikwels nie aanvanklik van hipoteses of voorspellings gebruik gemaak in kwalitatiewe navorsing nie omdat die navorser met 'n oop ingesteldheid die navorsing aanpak en sensitief wil wees vir nuwe begrip en interpretasie, asook nuwe rigtings wat die navorsing mag inneem. Gaandeweg word daar egter dikwels wel teorieë ontwikkel, of bestaande teorieë word geïdentifiseer (Struwig & Stead, 2001:13).

Kwalitatiewe navorsing is dus in baie gevalle nie so gestruktureerd soos kwantitatiewe navorsing nie. Dit is egter aanvaarbaar om van die begin af met bepaalde teorieë te werk. Dit rig die navorser sodat hy/sy nie oorweldig word deur inligting nie (Struwig & Stead, 2001:17). In pas met die laasgenoemde, steun hierdie studie van die begin af op teoretiese begronding om dit te rig en te begrens, hoewel die studie inderdaad kwalitatief en dus ondersoekend van aard is. Teoretiese uitgangspunte en 'n in diepte literatuurstudie verskaf begronding en rigting vir die operasionalisering van die navorsingsmetode, wat grotendeels kwalitatiewe inhoudsanalise behels. Die inhoudsanalise is egter só ontwerp en uitgevoer dat dit ruimte gelaat het vir die vorming van nuwe begrip en interpretasie.

4.3 Die relevansie van kwalitatiewe inhoudsanalise vir hierdie studie

Wanneer in ag geneem word dat kommunikasie 'n proses is waartydens betekenis gedeel word in verskillende sosiale kontekste, is 'n hoofsaaklik kwantitatiewe benadering, in ag genome die kritiek daarteen soos bo bespreek, nie geskik om die simbolesisteem waarvolgens daar gekommunikeer word te bestudeer nie (Du Plooy, 2002:32).

Hierdie studie fokus op interpretasie en afleidings wat gemaak kan word. Betekenis word bestudeer en aangesien dit grotendeels handel oor die beoordeling van die inhoud van publikasies deur inhoudsanalise, is 'n kwalitatiewe benadering gepas (Du Plooy, 2002:29; Verwey, 2003:161-2,164).

Die studie kyk na die aanbieding van politiek in vrouetydskrifte – of en hoe dit gedoen is. "Of" dit gedoen is word wel gemeet deur die bepaling van frekwensie, maar dit impliseer nie per se die gebruik van die kwantitatiewe benadering nie aangesien die kwalitatiewe benadering ook die bepaling en in agneming van frekwensie kan insluit (Fourie, 2004:133). "Hoe" dit gedoen is vorm egter die grootste deel van die

studie en dít kan slegs kwalitatief bepaal word. Dit gaan immers hier om die verstaan van die werklikheid wat die vrouetydskrifte met betrekking tot politiek projekteer.

Die studie steun dus grotendeels op kwalitatiewe inhoudsanalise as navorsingsmetode. Inhoudsanalise kan inderdaad kwantitatief en/of kwalitatief wees (Fourie, 2004:133). 'n Inhoudsanalise is om die sistematiese, kwantitatiewe óf kwalitatiewe analise van die boodskapeienskappe in tekste deur bepaalde elemente te ondersoek. Inhoudsanalise bied basies *'n opsomming van die eienskappe van boodskappe* en wat dit openbaar oor die oortuigings en waardes wat die sender wil oordra (Neuendorf, 2002:1,5,16; Struwig & Stead, 2001:14; Berger, 1995:48-9,172).

Die tipes kwalitatiewe kommunikasienavorsing waarin inhoudsanalise voorkom, is byvoorbeeld die analise van media-inhoud (waaronder dus tydskrif-inhoud), organisasiekommunikasie (soos die analisering van elektroniese pos en beleidsdokumente) en transkripsies van groepbesprekings (Du Plooy, 2001:191). Die ondersoekmateriaal kan gesproke, geskrewe of selfs visueel wees. Die "inhoud" wat tydens inhoudsanalise ontleed word verwys na alle fasette van die boodskappe – woorde, simbole en temas en die betekenis daarvan (Struwig & Stead, 2001:14).

Betekenis kan verder ooglopend of geïmpliseer wees (Dearing & Rogers, 1996:35). Hoewel inhoudsanalise in agendastellingsnavorsing gewoonlik fokus op die omvang van die dekking wat 'n kwessie geniet (ooglopend), kan die bestudering van die inhoudelike betekenis van die stories (geïmpliseer), 'n groter begrip vir die agendastellingsproses by die navorser tuisbring (Dearing & Rogers, 1996:36). Die weglating van bepaalde inligting is volgens Fourie (2004:133) ook noemenswaardig in kwalitatiewe inhoudsanalise: "Hoewel dit moeilik interpreteerbaar is, kan die breër konteks gebruik word om betekenis aan die weglating van die inhoud te gee."

Inhoudsanalise is verder ook 'n bruikbare prosedure om die ontplooiing en ontwikkeling van kwessies en ook tendense op die media se agenda oor 'n tydperk uit te wys of om die hantering van bepaalde inhoud op onderskeie media se agendas te vergelyk (Lowery & De Fleur, 1988:20; McQuail, 2000:493). Die bestudering van die agenda toon weer tot watter mate die medium sy funksies vervul. Volgens Fourie (2004:133) is die fokus van kwalitatiewe inhoudsanalise verder "meer op die intensie van die kommunikeerder en potensiële effek daarvan op die gehoor, as blote beskrywing van die inhoud." Daar kan wel afleidings gemaak word oor wat die gehoor uit die boodskappe kry, maar dit is baie riskant en moet dus eerder vermy word omdat sulke afleidings nie op empiriese bewyse gebaseer is nie (Berger, 1995:48-9; 172). Hiervoor is ander metodes soos fokusgroeponderhoude nodig. Dié feite word deurgaans in ag geneem tydens die studie.

Wat verdere beperkinge van inhoudsanalise as metode betref: sodra daar 'n oordeel gevel moet word om afleidings te maak oor ingesamelde data, bestaan die moontlikheid dat twee navorsers verskillende bevindinge kan maak. Die rede hiervoor is dat hulle die data verskillend mag interpreteer vanweë die

subjektiewe aard van interpretasie. Wat egter belangrik is, is dat die afleidings op konsekwente en goed-gemotiveerde wyses gedoen word. Die navorser moet ook oor geoefende oordeelsvermoë ("trained judgment") beskik en logies aantoon hoe die afleidings gemaak is (Lowery & De Fleur, 1988:281-282).

Om konsekwentheid teweeg te bring is daar datavelle[20] ontwerp om inligting mee in te samel wat in 4.5.1.2 in besonderheid bespreek word. Hierin word daar nie met rigiede kategorieë gewerk nie aangesien daar ruimte gelaat moes word vir elke publikasie se interpretering van politiek. Die beskrywings en interpretasies word egter deurgaans gemotiveer en voorbeelde ter illustrasie word ook gebruik (sien ook 4.4.1).

Die redes waarom kwalitatiewe inhoudsanalise die gepaste hoof-ondersoekmetode van die studie is, word opsommenderwys gelys:

- In pas met die kwalitatiewe benadering is gepoog om 'n spesifieke situasie soos dit in die werklikheid voorkom te verstaan. Dit is: die mate waartoe en die manier waarop drie bepaalde vroeutydskrifte in 'n jong demokrasie belangrike inligting vir die lesers (burgers) oordra. In pas met die aanlyn-evalueringsmodel en agendastellingsteorie gaan dit om die posisionering en frekwensie van inligting sodat die belang daarvan aangetoon word en dat dit beskikbaar is. In pas met die skemateorie gaan dit weer om die ondersoek na die skema-inligting wat die publikasie aan die leser bring. Hieruit is bepaal tot watter mate die vrouetydskrifte hul funksies as mediums in die spesifieke millieu waarin hulle funksioneer (demokrasie) vervul, terwyl hul spesifieke aard en die feit dat hulle steeds wins moet maak in ag geneem is. Laagenoemde afleidings is veral gefasiliteer deur die response van genderkenners te ontleed en te inkorporeer, ook in pas met die kwalitatiewe benadering.
- Die navorsingsdoelwit van die studie is om te bepaal hoe vrouetydskrifte (kan) bydra tot die verhoging van vroue se politieke kennisvlakke. Dit gaan dus hier oor *wat* en *hoe* die publikasies gekommunikeer het, maar ook oor die potensiaal waaroor hulle beskik om 'n groter bydrae te lewer. Dus is daar ook bepaal watter aspekte weggelaat of afgeskeep is. Die ondersoek na afwesige inhoud kon slegs kwalitatief bepaal word.
- "Hoe" politiek aangebied is, is bepaal met omskrywende, en nie rigiede kategorieë nie. Daar moes ruimte geskep word tydens inhoudsanalise om die spesifieke aanwending van die onderskeie elemente soos in die datavelle vervat, in elke bestudeerde item te ondersoek. Dit sou nie met die kwantitatiewe benadering bewerkstellig kon word nie.

---

20 Daar is van twee datavelle gebruik gemaak, die een vir items wat net na politiek verwys (datavel B) en een vir items wat volledige aan politieke nuus gewy word (datavel A). Die twee datavelle is aangeheg as addendum A (datavel A) en addendum B (datavel B). Daar sal in die studie verwys word na die twee datavelle as datavel A en datavel B.

4.4 Triangulasie

Triangulasie is die gebruik van twee of meer verskillende databronne, tipes steekproewe, ondersoekers/navorsers en/of teorieë om 'n navorsingsvraag te beantwoord, of om 'n komplekse verskynsel te verstaan en te verduidelik. Vir triangulasiedoeleindes kan daar ook vanuit twee of meer vakkundige oogpunte na 'n studie gekyk word, byvoorbeeld histories én ideologies. Die gevolg van so 'n veelvuldige benadering is 'n beter begrip vir die navorsingsvrae en konteks daarvan by die navorser(s) (Fortner & Christians, 2003:354; Staley & Shockley-Zalabak, 1989:250; Du Plooy, 2002:39; Hermes, 1995:207).

Die doel van triangulasie is verder om 'n meer gebalanseerde en egte beeld van die werklikheid wat nagevors word te verkry en om daardeur die *betroubaarheid* en *geldigheid* van die studie se waarnemings, analises en bevindinge te verhoog (Du Plooy, 2002:39-40; Fortner & Christians, 2003:354; Jankowski & Wester, 1991:62; Staley & Shockley-Zalabak, 1989:251; Struwig & Stead, 2001:18) (sien ook 4.4.1 en 4.4.2).

Die huidige studie maak gebruik van metodiese en teoretiese triangulasie. Dit maak gebruik van drie verskillende navorsingsmetodes (literatuurstudie, inhoudsanalise en e-posvraelyste) wat dieselfde verskynsel ondersoek. Die uiteinde is 'n kombinasie van wat die literatuur gesê het, wat prakties voorkom in die publikasies en kenners en mense in die tydskrifbedryf se kommentaar daarop. Die e-posvraelyste is uitgestuur omdat die senior redaksielede en/of redakteurs tot 'n beduidende mate as agendastellers optree en die gender-eksperts se insig in gendersake het gelei tot dieper dimensie by die bevindinge. Daar word ook van vier verskillende teorieë wat met mekaar verband hou in hierdie studie se konteks gebruik gemaak. Dit is die funksies van die media, die skemateorie, aanlyn-evalueringsmodel en agendastellingsteorie.

4.4.1 Betroubaarheid

Betroubaarheid is die mate waartoe die metingsprosedure dieselfde resultate in dieselfde konteks deur verskillende proefnemers lewer. Betroubaarheid se vraag is: as 'n ander navorser hierdie studie sou doen, sal hy/sy dieselfde resultate behaal? By 'n gebrek aan betroubaarheid kan resultate ook nie as *geldig* beskou word nie (Neuendorf, 2002:112,141; Du Plooy, 2002:27; Hermes, 1995:206) (sien afdeling 4.4.2).

Die identifisering van politieke nuusitems wat ondersoek is, het op betroubare wyse geskied, omdat daar eerstens 'n lys moontlike onderwerpe, gemotiveer uit die literatuur, opgestel is waarvoor daar gesoek is. Daar is duidelik gedefinieer wat ingesluit word en wat nie (afdeling 4.5.1.3). Die publikasies is boonop almal geargiveer in die Ferdinand Postma-Biblioteek en enige navorser het fisiese toegang daartoe. Dit

is dus nie soos 'n radiogesprek wat nêrens bekombaar is nie. 'n Navorser kan teruggaan en weer ondersoek doen indien nodig.

Daar word verder in die datavelle gebruik gemaak van goed omskryfde kategorieë, om meting te begelei (afdeling 4.5.1.3). Onderwerpe is inderdaad een daarvan. Hierdie kategorieë funksioneer as vasgestelde kriteria waarteen die tydskrifte se inhoud gemeet is. Die kategorieë se relevansie word ook volledig in afdeling 4.5.1.3 verduidelik en dit lei die navorser om data in te samel, wat sal lei tot die beantwoording van die navorsingsvrae. Dus word 'n sistematiese ondersoek meegebring.

Die kategorieë verseker verder dat die aanbieding van politiek in die uitgawes in diepte geassesseer word. Die navorser het deurgaans na die riglyne verwys om fokus te behou. Die riglyne se samestelling getuig ook van betroubaarheid aangesien dit saamgestel is uit verskeie literatuur en kenners dit goedgekeur het. Nadat die literatuur waarin kritiek teen vrouetydskrifte ook aanwesig is, ondersoek is, is dit versterk deur voorbeelde daarvan in die inhoud van *Ms. Magazine* – 'n tydskrif wat reeds voldoen aan hierdie riglyne – te soek. Voor die aanvang van die inhoudsanalise is kenners gevra vir hul kommentaar oor die riglyne. Die inhoud en samestelling daarvan het hul goedkeuring weggedra (Pansegrouw, 2008; Kort, 2008; Geertsema, 2008).

Met die gebruik van hierdie datavelle behoort ander navorsers *soortgelyke* resultate in 'n studie soortgelyk aan die huidige een (dus met dieselfde tydskrifte van dieselfde tydperk) te verkry. Die verwerking van al die ingesamelde data in 'n soortgelyke studie deur ander navorsers sal egter moontlik effens verskil vanweë die subjektiewe aard van die interpretasie. Daarmee word dan ook erken dat die interpretasie soos in hoofstukke 5-7 vervat, die subjektiewe oordeel van die navorser is. Daar is egter doelbewuste pogings deur die navorser aangewend om deurentyd bewus te wees van moontlike vooroordele en om dit nie te laat inmeng met die interpretasie nie. Dit is van uiterste belang om goeie redes te gee vir interpretasies – jy moet bewyse kan lewer in die vorm van byvoorbeeld voorbeelde (Berger, 2000:7-8). Die afleidings word ook duidelik gemotiveer en deurgaans geïllustreer met voorbeelde.

Die gevolgtrekking is dat die metodes van hierdie studie in die spesifieke konteks daarvan herhaalbaar is en soortgelyke resultate behoort te lewer wanneer herhaal word. Daar moet egter in ag geneem word dat indien die studie herhaal word, dit nie enige besonderhede soos byvoorbeeld die keuse van publikasie kan verander nie, want dan kan die resultate aansienlik verskil van die huidige studie s'n. Daarmee word dan ook erken dat die resultate nie veralgemeen kan word selfs na die onderskeie publikasies, *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE*, in hul geheel nie, maar beperk is tot die jare waaruit die ondersoekmateriaal bestaan (sien afdeling 4.5.1.1).

4.4.2 Geldigheid

Vir resultate om geldig te wees, moet dit so ver moontlik die stand van die werklikheid weerspieël (Du Plooy, 2002:26). Geldigheid is die mate waartoe die metingsprosedure die beplande konsep van ondersoek voorstel en verduidelik. Om geldigheid te bepaal, word die vraag gevra: meet die studie wat dit veronderstel is om te meet? (Neuendorf, 2002:112). Volledige en deeglike analisering en interpretering is spesifiek noodsaaklik vir die geldigheid van 'n studie (Struwig & Stead, 2001:18).

Die huidige studie se geldigheid word verseker hoofsaaklik deur die gebruik van die datavelle, omdat dit kriteria bevat wat opgestel is uit verskeie geloofwaardige bronne uit die literatuur en ook neerslag vind in beriggewing in ander publikasies. Uit hierdie kriteria is die derde navorsingsvraag, naamlik, op watter wyse politieke sake in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied word, konsekwent en in diepte ondersoek. Die data wat deur die onderhoude met kenners op die gebied van gender verkry is, is ook hier bygewerk. Die kenners het baie ondervinding en gespesialiseerde kennis en kry te doen met die rol van die vrou in die samelewing in hul alledaagse werksomgewing (sien afdeling 4.5.2). Só is verseker dat die bevindinge so akkuraat moontlik die werklikheid weerspieël, omdat dit die praktiese kennis van kenners kombineer met data wat op 'n beplande en gestruktureerde wyse ingesamel is.

Die navorsingsdoelwit wat spruit uit die tweede navorsingsvraag, naamlik watter riglyne uit die literatuur en *Ms. Magazine* oor die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte geformuleer kan word, is ook geldig bepaal. Dit het gespruit uit die teoretiese stellings wat die kern van die studie versinnebeeld (sien hoofstukke 2 en 3). Triangulasie het plaasgevind omdat die riglyne deur twee metodes opgestel is: 'n literatuurstudie vanuit verskeie bronne (waaronder daar gefokus is op kritiek teen vrouetydskrifte), asook die bestudering van die inhoud van *Ms. Magazine*. Die twee metodes se bevindinge is komplementêr. Die ondersoek na *Ms. Magazine* se inhoud het die riglyne wat aanvanklik vanuit die literatuur opgestel is, bevestig deur voorbeelde daarvan te verskaf en boonop 'n addisionele riglyn te verskaf, hoewel die tydskrif feministies en nie hoofstroom is nie. Dié feit is deurgaans in ag geneem en riglyne is opgestel as 'n middeweg tussen die hipotetiese populêre vrouetydskrif, wat politiek nie aktief uitsoek nie en feministiese tydskrifte wat dit grotendeels dek. Die voorbeelde wat uit *Ms.* geneem is ter illustrasie was telkens voorbeelde wat in tradisionele vrouetydskrifte ook sou pas.

Al die kenners van wie terugvoer ontvang is het boonop positiewe terugvoer oor die riglyne gegee, *voor* daar begin is met analise (Geertsema, 2008; Kort, 2008; Pansegrouw, 2008). Dit verleen dus geldigheid aan die kriteria wat die grootste deel van die datavelle uitmaak.

Deur tydens die interpretasie van al die ingesamelde data deurentyd terug te verwys na die kern van die studie, soos deur die navorsingsvrae daar gestel, is boonop verseker dat die studie daarop fokus om te

meet wat dit veronderstel is om te meet en dat dit dus geldig is. Hoofstuk 8, wat die samevatting en gevolgtrekkings bevat, word selfs grotendeels volgens die spesifieke navorsingsvrae gestruktureer.

4.5 Navorsingsontwerp

Die spesifieke metode wat in die studie gebruik is om die navorsingsvrae te beantwoord, word in hierdie afdeling bespreek. Die navorsingsvrae word herhaal om die verband tussen die metodologie en vrae aan te dui. Die algemene navorsingsvraag van die studie is:

Op watter wyse, indien enigsins, is politieke sake van 1994 tot 2005 in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied, om vroue in te lig en op te voed[21]?

Die spesifieke vrae wat hieruit spruit, is:

- Watter funksies behoort vrouetydskrifte te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder?
- Watter riglyne kan vanuit die literatuur en die tydskrif *Ms. Magazine* geformuleer word met betrekking tot die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte?
- Op watter wyse word politieke sake in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied?

Die eerste vraag is beantwoord deur literatuur oor die onderwerp te bestudeer en verslag te doen daaroor (sien hoofstukke 1 en 2). Om die tweede vraag te beantwoord, is daar weer na literatuur gekyk en *Ms. Magazine* is hierby ingesluit, asook kenners se opinies. Die derde vraag is het betrekking op die empiriese gedeelte van die studie en is beantwoord deur 'n kwalitatiewe inhoudsanalise te doen van die inhoud van die drie Suid-Afrikaanse tydskrifte, asook semi-gestruktureerde onderhoude via e-pos te voer met verskeie genderkenners. Die literatuurstudie is reeds goed verduidelik in afdeling 1.9.1. Die aspekte verbonde aan die ontwerp van die kwalitatiewe inhoudsanalise en die e-posvraelyste kom vervolgens onder die loep.

4.5.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise

4.5.1.1 Ondersoekmateriaal en -tydperk

Die eenhede in 'n navorsingstudie is die individuele entiteite wat die onderwerpe van die studie is – daardie items waarvan die inhoud bestudeer en geanaliseer word (Neuendorf, 2002:13). Die eenhede in hierdie studie is die items met politieke inligting in die eksemplare van die spesifieke publikasies wat geanaliseer is, asook die onderhoudmateriaal/voltooide e-posvraelyste wat van die onderskeie respondente verkry is.

Die drie spesifieke Suid-Afrikaanse tydskrifte is as studiemateriaal gekies omdat hulle plaaslik ontstaan het en geproduseer word en gesamentlik 'n spesifieke gehoor in die Suid-Afrikaanse samelewing bedien, naamlik die deursnit wit Engels- en Afrikaanssprekende vrou (Fair Lady, 2005; rooi rose, 2006; SARIE; 2006). Soos in afdeling 1.3 vermeld, is hul lesertalle die drie hoogstes in die land in die kategorie vir die bepaalde teikenmarkte (Saarf, 2008).

Politieke inligting is geneig om toe te neem in verskiesingstye (Kenski, 2002:198). Daar is na alle eksemplare van die publikasies van 1994, 1999 en 2004 (verkiesingsjare) gekyk omdat daar in hierdie tydperk groot politieke omwentelinge in Suid-Afrika was. In 1994 was daar vir die eerste maal 'n demokratiese verkiesing en vroueregte het toe ook meer prominent op die openbare agenda verskyn (Posel, 2005:125). Die uitgawe wat rondom die 27ste April 1994, die dag van Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing, uitgekom het, is ook spesifiek ondersoek om te kyk of daar geskryf is oor dié geskiedkundige dag. In 1996 is aborsie gewettig (Poggenpoel & Myburgh, 2002:731; Varkey, 2000:87). Dié jaar is dus merkwaardig aangesien die reg van vroue om wettiglik liggaamlike outonomiteit te hê, een van die fundamentele uitgangspunte van die feminisme is (Mathewes-Green, 2006; Gordon, 1999). Die veronderstelling is dat in hierdie onderskeie jare, politiek die openbare agenda meer as in ander tye oorheers het (vgl. ook Lazarsfeld *et al.*, 1960:514).

Hoewel vrouetydskrifte gewoonlik nie op partypolitiek fokus nie, is dit so dat media nie in 'n vakuum funksioneer nie en wel beïnvloed word deur die openbare agenda – wat in die land "aangaan" – omdat dit instellings is wat juis in die openbare domein gesetel is. Die vraag, hoe vrouetydskrifte in die jare tussenin oor politiek berig het (hoewel politiek altyd op die openbare agenda is), word ter wille van uitvoerbaarheid nie in hierdie studie beantwoord nie. Daar word eerder gefokus op tydperke wat dit moeilik sou wees om dit te ignoreer. Indien dit wel die geval was kan afgelei word dat daar doelbewus daarvan weg gestuur is, in pas met kritiek teen vrouetydskrifte (afdeling 3.2). Die konteks van die politieke situasie in die land word dus in die studie in ag geneem, in pas met die kwalitatiewe benadering.

Volledige jare word gekies omdat dit onmoontlik is om te bepaal wanneer 'n publikasie 'n spesifieke kwessie (soos die wettiging van aborsie of die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika) moontlik gedek het. Vrouetydskrifte is nie so gebonde soos koerante aan die kriterium van tydigheid wanneer dit by die keuse van nuus kom nie. Om die uitvoerbaarheid van die studie te verhoog, is die eerste publikasie van elke maand ondersoek. Al drie die tydskrifte het in 1994, 1996 en 1999 nog twee-weekliks verskyn. Daar is dus **12** (eksemplare per jaar – een per maand) **x 3** (aantal publikasies) **x 4** (die getal

---

21 Sien afdeling 1.5.

jare wat ondersoek is) **+ 3** (die drie ekstra uitgawes wat rondom die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994 gepubliseer is[22]) **= 147** eksemplare ondersoek.

Die eksemplare van al die betrokke publikasiejare van *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* is beskikbaar in die Ferdinand Postma-Biblioteek op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. Dit het die uitvoerbaarheid van die studie vergemaklik.

4.5.1.2 Die ontwerp van die datavelle (addendums A en B)

Daar is van twee datavelle gebruik gemaak, die *een vir items wat net na politiek verwys* (datavel **B**) en *een vir items wat volledige aan politieke nuus gewy word* (datavel **A**) (sien ook afdeling 4.6.1). Beide datavelle het logistieke inligting ingesamel: die item-kode (sien die volgende paragraaf), breë item-onderwerp, beskrywing van die inhoud, lengte van die item, titel en skrywer.

Publikasies en items het kodes gekry wat soos volg saamgestel is: Op elke datavel bo-aan verskyn die volgende, waarin die *item-kode* ingevul word: _ _ / _ _ /_ _ /p_-_.

Die eerste deel voor die eerste skuinsstreep is waar die publikasienaam deur twee letters geïdentifiseer word: **FL** staan vir *Fair Lady*, **RR** vir *rooi rose* en **SR** vir *SARIE*. Die tweede afskortinkie is waar die jaar van publikasie (net die laaste twee syfers) ingeskryf word. Die derde deel is waar die uitgawe se datum ingeskryf word (net die syfers en die eerste drie letters van die maand). Die laaste spasies in die kode is vir die spesifieke bladsynommers waarop die *item* verskyn.

Die volgende is 'n voorbeeld van 'n itemkode: **SR/94/27Apr/23-25** (die "p." vir die pagina (bladsynommer) word ook uitgelaat om die kode te verkort en te vereenvoudig). Hierdie item het gestrek oor bladsye 23-25 van *SARIE* se 27 April-uitgawe in 1994.

Die uitgebreide datavel (A) is hoofsaaklik gebruik vir die insameling van die grootste deel van die data. Die inligting is in drie kategorieë ingesamel, naamlik genres, onderwerpe en kriteria gebaseer op die riglyne. Die kategorieë word vervolgens in meer besonderhede verduidelik.

4.5.1.3 Kategorieë

- Kategorie 1: Genres – spesifieke "soorte" items
- Kategorie 2: Onderwerpe soos in riglyn 2 vasgestel
- Kategorie 3: Kriteria – vrae opgestel na aanleiding van die riglyne

---

22 Die drie uitgawes van elke publikasie voor, tydens en na die 27ste April is dus ondersoek om te kyk of daar iets spesifieks oor dié geskiedkundige dag in Suid-Afrika se geskiedenis gedoen is.

Kategorie 1: Genres

Die inhoud van die items in die volgende genres is ondersoek, omdat dit die kategorieë is wat moontlik politieke inligting sou bevat:

- *Redakteursbrief*: Dit kom voor op die redakteursbladsy en bevat kommentaar deur die redakteur (Nel, 2001:119). Dit pas in by die studie in die sin dat dit die tydskrif se opinie (redaksionele kommentaar) bevat. Dit is dus beduidend van wat die publikasie as belangrik beskou.
- *Lesersbriewe*: Dit is briewe wat die lesers aan die redakteur skryf en waarin hulle 'n kans het om hul opinies te lug. Dit kom, tesame met die redakteursbrief, gewoonlik op of dan naby aan die redakteursblad wat duidelik geskei is van die res van die publikasie (Nel, 2001:119). Dit is relevant vir die studie aangesien die onderwerpe waaroor lesers sover sal gaan om openbare kommentaar te lewer, hulle waarskynlik na aan die hart lê. Lesers se persoonlike agendas blyk dus uit die onderwerpe waaroor hulle skryf. Omdat dit egter nie deur die redaksie gegenereer word nie, is dit minder relevant vir die studie aangesien die fokus is op media-funksies en dus indirek op mediawerkers as boodskapskeppers. Hulle selekteer wel die briewe wat uiteindelik gepubliseer word, en daarom word dit tog ondersoek vir bepaalde tendense. Dit kan egter nie aan die riglyne gemeet word nie omdat die riglyne op redaksies gemik is. Lesersbriewe word dan ook deur datavel B gemeet om hierdie redes.
- *Artikels*: Dit is verslaggewing oor 'n bepaalde onderwerp wat gewoonlik in tydskrifte spesifiek gekry word (Collins, 2004:78). Dit is noodsaaklik dat die studie hierdie genre insluit, omdat hier in diepte gekyk word na 'n bepaalde onderwerp. Daar is ruimte vir 'n verskeidenheid bronne, kenners se insette, diverse opinies en ander besonderhede.
- *Gereelde rubrieke*: Dit is items wat op gereelde grondslag (met elke uitgawe) gepubliseer word, wat oor 'n spesifieke onderwerp handel (Collins, 2004:295). Gereelde rubrieke lok lesers wat spesifiek inligting oor die rubriek se tema wil hê en is 'n ideale platform om byvoorbeeld 'n politieke verwikkeling met betrekking tot die veld, te verduidelik. So kan daar in 'n loopbaanrubriek 'n item opgeneem word wat verduidelik hoe om te werk te gaan om aan te sluit by die mees gepaste werkersunie.
- *Skrywersrubrieke*: Dit is insetsels waarin talentvolle skrywers met ondervinding reflekteer oor aspekte van die lewe – die fokus is op die uitdagings/probleme waarmee mense gekonfronteer word. Dit het gewoonlik 'n persoonlike aanslag (Nel, 2001:119). Rubriekskrywers het potensiële invloed op die leser, omdat hul persoonlike, subjektiewe idees gepubliseer word. Die feit dat dit openbaar gemaak word, sal lesers waarskynlik laat dink dat die onderwerpe waaroor hulle skryf noemenswaardig (en dus belangrik) is.
- *Brokkies:* Dit is kleiner onderafdelings van byvoorbeeld gereelde rubrieke. Juis om hierdie rede kan dit inherent slegs deur datavel B gemeet word.

Die spesifieke individuele rubrieke, artikels, briewe en brokkies word "items" genoem (sien voetnota 1).

Kategorie 2: Onderwerpe

Moontlike politieke onderwerpe vir tradisionele vrouetydskrifte is reeds in afdeling 3.3.4 in riglyn 2 vervat. Dit is opgeneem in beide datavelle in 'n oop blok waar die onderwerp beskryf word.

Die geïdentifiseerde items moes onderwerpsgewys 'n *politieke dimensie* hê. So sal 'n artikel oor die gat in die osoonlaag, wat handel oor die huidige stand van sake en wenke oor hoe om tuis dinge anders te doen om verdere skade aan die osoonlaag te voorkom, nie 'n politieke dimensie hê nie. So 'n artikel lewer wel 'n positiewe bydrae aangesien dit die vrou kan bemagtig om haar deel vir die behoud van die osoonlaag te doen deur die inligting wat die artikel oordra te implementeer in haar private, huislike omgewing. Volgens die werksdefinisie in hoofstuk 1 van "politiek as nuusitem" (sien voetnota 1), kwalifiseer hierdie voorbeeld egter nie as *politieke* emansipasie nie. Die genoemde voorbeeld kan byvoorbeeld berig lewer oor wetgewing wat sekere chemiese stowwe wat die osoonlaag beskadig in produkte verbied en vroue aanmoedig om agter op hul skoonmaakmiddels en reukweerders se houers te kyk daarvoor. Hulle kan dan ook byvoorbeeld van kontakinligting voorsien word waar hulle die organisasie wat die produkte maak, kan aanmeld. Só 'n artikel sou 'n politieke dimensie hê aangesien dit vroue help om hul lewens en ook in hierdie geval hul omgewing beter te bestuur deur aktief deel te neem aan die proses van (ingeligte) besluitneming, wat tot aksie lei (in hierdie geval in beide die private sowel as die openbare domein).

Daar is met die analise 'n aantal nuwe onderwerpkategorieë geïdentifiseer, meestal uit die inhoud van *Fair Lady* (afdeling 5.3):

- Demokrasie, (post)apartheid en rasse-kwessies
- Waghond speel oor instellings
- Internasionale politiek
- Sport

Demokrasie, (post)apartheid en rasse-kwessies is baie uniek tot die Suid-Afrikaanse politieke konteks omdat die land se demokrasie jonk is en 'n kontroversiële verlede het. Die meeste bronne wat vir die studie se teoretiese afdelings geraadpleeg is, is nie Suid-Afrikaans nie en daarom sou hierdie unieke onderwerpe nie daarin voorgekom het nie. Die items het dikwels 'n positiewe, hoopvolle en selfs "trotse" ondertoon, hoewel daar uitsonderings is, byvoorbeeld items wat baie krities na 'n saak van openbare belang kyk (sien ondertoe in die paragraaf). Positiewe beriggewing in vrouetydskrifte fokus gewoonlik nie op probleme nie, maar op die oplossings daarvoor of moedig die leser aan om positief te wees ten spyte van 'n bepaalde probleem/uitdaging. Nie net die onderwerpe nie, maar ook hierdie ondertone is tekenend van media wat reageer op die politieke verandering in die land.

Waghond speel oor instellings is nie 'n algemene funksie vir die vrouetydskrif nie omdat dit nie gewoonlik baie krities ingestel is nie, ook 'n aspek wat menige outeur as kritiekpunt teen die medium beskou (afdeling 3.2). Spesifiek die inhoud van *Fair Lady* het egter baie kritiese/ondersoekende items bevat (afdeling 5.4.3).

Internasionale politiek word gewoonlik bespreek in samehang met 'n internasionale politikus, maar die ingesteldheid van die item is neutraal ten opsigte van partye wat genoem word. Dit word gewoonlik slegs ingevoeg om konteks te skep (sien afdeling 5.3.1).

Wat sport betref, was daar inderdaad slegs een item uit al die ondersoekmateriaal wat tematies-gewys wat op sportpolitiek gebaseer is (afdeling 5.3.1), maar omdat dit in geen ander onderwerpkategorie kon pas nie is daar een voor geskep.

Kategorie 3: Kriteria

Elke riglyn het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van vrae waarvolgens die inhoud van die nuusitems geanaliseer is. Dit is gedoen sodat die nuusitems in die vrouetydskrifte kwalitatief geëvalueer kon word. Die vrae is deur die navorser "beantwoord" nadat die inhoud van die item noukeurig ondersoek is. In die datavel is daar by geslote vrae verdere aanduidings soos "Motiveer" bygevoeg om ruimte vir interpretasie te laat (sien addendum A). Die vrae wat na aanleiding van elke riglyn geformuleer is, sien soos volg daarna uit:

Tekskassie 1 – Riglyne en vrae na aanleiding daarvan

Riglyne:	**Vrae:**
1. Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het	(Dit word ondervang deur die opteken van die items en hul onderwerpe.)
2. Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme asook oor vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte	(Die onderwerpe word in die kategorie "onderwerpe" ondervang.) **2a)** Word daar enige inligting in die inhoud van die item verskaf oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte? **2b)** Word die implikasies (van onkunde en ook van 'n bewustheid en beroeming op die regte) aan die lesers verduidelik? **2c)** Word 'n spesifieke politieke party genoem en indien wel, in watter lig word hulle gestel?
3. Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep	**3a)** Word die inligting in die politieke item van toepassing gemaak op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad)? **3b)** Word daar in die politieke item konteks geskep en/of gevolgtrekkings gemaak, wat die leser se begrip vir die onderwerp moontlik kan aanhelp; en indien wel, hoe? **3c)** Is daar bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en indien wel, wat is die relevansie hiervan?

4. Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl	**4a)** Is daar sprake van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die item? **4b)** Is die inhoud met interessante feite gekombineer? **4c)** Speel die inhoud op 'n bepaalde emosie? **4d)** Is daar grafika by die item en wat is die onderwerp daarvan? Trek dit waarskynlik die leser se aandag na die item? **4e)** Word nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal ("leketaal") verduidelik, of kom daar jargon voor?
5. Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek	**5a)** Bevat die item inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is? **5b)** Bevat die item inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe? *In geval van 'n onderhoud/profiel:* **5c)** Wie is die onderwerp van die onderhoud/profiel? (Beskryf amp en/of verhouding met politikus en ook geslag). **5d)** Word daar meer op die persoon in hul persoonlike hoedanigheid gefokus of meer op hul loopbaan, idees en boodskappe? **5e)** Kom daar enige inligting voor wat die lesers se keuse van politieke party moontlik kan beïnvloed?
6. Kenners moet verkieslik vroulik wees.	**6a)** Hoeveel van die bronne wat gebruik word is vroulik en hoeveel manlik? **6b)** Hoeveel van elke geslag is kenners?

Hierdie vrae is in die bespreking van die resultate in hoofstukke 5-7 omvorm tot subopskrifte onder die riglyne as hoofopskrifte. Sien afdeling 4.6.1 vir besonderhede.

4.5.1.4 Toetsstudie: Inhoudsanalise van *Fair Lady, rooi rose en SARIE*

'n Toetsstudie is gedoen om probleme met die uitvoer van die inhoudsanalise met behulp van die datavelle voor die hoofstudie uit te wys (vgl. Neuendorf, 2002:146). Die steekproef van die toetsstudie het bestaan uit die eerste eksemplare van *Fair Lady* en *rooi rose* vir elke jaar wat ondersoek is. Daar is tydens hierdie eerste rondte na die hele tydskrif gekyk, waarna die artikels met relevante politieke inhoud geselekteer is.

Daar was nie groot probleme met die gebruik van die datavelle nie. 'n Paar aanpassings is wel gemaak, maar die resultate van die toetsstudie kon basies net so oorgedra word na die hoofstudie. Die aanpassings word vervolgens beskryf:

- By datavel A is die genres "lesersbriewe" en "brokkies" uitgehaal (sien afdeling 4.5.1.3 – Kategorie 1: Genres).

- Die vrae: *Kan die aanslag as gewoon of buitengewoon geklassifiseer word?* en *Trek die skryfstyl die leser?* is uitgehaal. Eersgenoemde is vervang deur die vraag: *Is daar sprake van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die item?* en laasgenoemde was nie werklik peilbaar nie.
- By baie van die vrae moes aanwysings bygevoeg word wat 'n kwalitatiewe ontleding aangemoedig het, byvoorbeeld by *Speel die inhoud op 'n bepaalde emosie?* is *Beskryf en motiveer* bygevoeg.

4.5.2 E-posvraelyste

Vrae gebaseer op bevindinge voor en na die inhoudsanalise is aan kenners gestuur vir triangulasie-doeleindes (afdeling 4.4).

Die volgende persone is tydens e-pos onderhoude ondervra:

- Me. Martie Pansegrouw, die redakteur van *rooi rose* (vrae voor en na inhoudsanalise gestuur)
- Dr. Margaretha Geertsema, ontvanger van die Mary Ann Yodelis Smith-toekenning vir feministiese leer, adjunk-hoof van die gender en kommunikasie-afdeling van The International Association for Media and Communication Research en adjunk-hoof van die internasionale kommunikasie-afdeling van die AEJMC (vrae voor analise gestuur)
- Me. Michele Kort, senior redakteur by *Ms. Magazine* (vrae voor analise gestuur)

Die redakteurs of senior redaksielede van *SARIE* en *Fair Lady,* asook prof. Amanda Gouws, genderkenner, se samewerking kon nie verkry word nie. Vrae is voor en na afhandeling van die inhoudsanalise aan hulle gestuur (e-posse in besit van outeur). Dit was veral problematies om nie insette van werkers by die twee publikasies te kry nie, aangesien die redes agter die publikasies se hantering van politiek nie altyd vir die navorser duidelik blyk nie. Dit is deurgaans so aangedui in hoofstukke 5 en 7. Die betroubaarheid en geldigheid van die bevindinge is dus nie op die peil wat dit sou kon wees nie. Die feit dat me. Martie Pansegrouw se terugvoer die bevindinge uit *rooi rose* grootliks gestaaf het (sien hoofstuk 6), dui egter daarop dat betroubaarheid en geldigheid wel suksesvol met betrekking tot die analise van dié publikasie se inhoud bewerkstellig kon word.

4.6 Werkswyse

Hieronder word die *uitvoering* van die inhoudsanalise van *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* bespreek sowel as die insameling van data via e-posvraelyste.

4.6.1 Inhoudsanalise van *Fair Lady, rooi rose* en *SARIE*

Die genres wat ingesluit is, is in die inhoudsopgawe opgespoor hoewel die publikasie in elk geval ook deurgeblaai is om te sien of daar nie addisionele dekking van politiek is nie. Alle items in die

geïdentifiseerde genres is deurgewerk. Hele artikels handel baie maal nie altyd oor een duidelike politieke tema, soos seksuele teistering nie, en dit kan ook soms nie uit die kop afgelei word presies waaroor 'n item handel nie. Politiek word dikwels slegs kortliks genoem in die inhoud. Daarom is daar nie net gekyk na die items wat duidelik in die kop of opsommingsdek oor een van die politieke onderwerpe handel nie. In artikels wat duidelik nie hoofsaaklik oor politiek handel nie, is die begin (eerste sin of eerste twee lyne) van elke paragraaf gelees om te bepaal of politiek nie êrens genoem word nie. Talle verwysings na politiek is só opgespoor.

Afgesien van logistieke inligting wat ingesamel is (afdeling 4.5.1.2) het datavel B (addendum B) 'n beskrywing van die verwysing na die spesifieke politieke inligting bevat asook kommentaar daaroor. In die kommentaar is daar aandag gegee oor of die spesifieke hantering of voorkoms van die politieke item 'n tendens vorm en of dit moontlik herlei tot 'n riglyn.

Datavel A is langer en meer uitgebreid as datavel B. Baie meer tendense kon hier geïdentifiseer word vanweë die omvang van die aspekte van die items ter sprake. Die tendense is instrumenteel in die beantwoording van die derde navorsingsvraag van die studie (afdeling 1.6). Dit dui immers op *hoe* die inligting aangebied is met betrekking tot die onderskeie riglyne.

Met die opneem van die data na aanleiding van elke kategorie in die datavel, is daar boonop baie uitgebrei. Daar is gepoog om die atmosfeer of trant van die artikel weer te gee, asook voorbeelde en omvangryke verduidelikings en motiverings vir die beantwoording van die vrae te gee. Die rede is dat dit beter is om soveel moontlik inligting vas te vang tydens die kwalitatiewe analiseringsproses, selfs inligting wat aanvanklik onbenullig voorkom. Later blyk dit dalk belangrik te wees. Die inligting kan eerder deurgesif word en relevante feite uitgehaal word as wat daar gedurig teruggekeer moet word na die materiaal. Dit verhoog ook die waarskynlikheid dat die navorser op konsekwente wyse na die ondersoekmateriaal gekyk het.

Die vrae wat die navorser haarself na aanleiding van die riglyne afgevra het (sien addendum A), is in die bespreking van die bevindinge na stellings omgesit wat onder elke riglyn as subopskrifte dien. Die voorkoms van sekere onderwerpe, in watter genres dit voorkom en gevolglik ook die hoeveelheid items in die onderskeie kategorieë word onder riglyn 2 bespreek, hoewel dit ook van toepassing is op riglyn 1 (sien volgende paragraaf). Sommige stellings is gegrond op meer as een vraag. Dit is saamgevat omdat die inligting wat onder dit voorkom sinvol as eenheid bespreek kan word. Die vrae se nommers soos in tekskassie 1 onder afdeling 4.5.1.3 aangedui (byvoorbeeld "5e"), word telkens by elke stelling aangebring. *Daar is dus nie weer hier gewerk met die teoretiese stellings van die studie nie, aangesien die riglyne uit die teoretiese stellings gevloei het.* Die stellings na aanleiding van die vrae sien soos volg daarna uit:

Riglyn 1: Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het

Die mate waartoe daar aan hierdie riglyn voldoen word in die inhoud van die publikasies word geïntegreer met die volgende afdeling (riglyn 2), omdat dit sinvol as eenheid bespreek kan word. Riglyn 1 gaan daaroor *of* politieke nuusitems gedek is en riglyn 2 basies oor *watter onderwerpe* gedek is waar politieke nuusitems wel voorkom.

Riglyn 2: Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

Dekking, genres en onderwerpe (logisties ingesamel)

Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte (2a)

Die implikasies van onkunde en beroeming op regte (2b)

Verwysing na spesifieke politieke partye (2c en 5e)

Riglyn 3: Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep

Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad) (3a)

Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei (3b)

Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan (3c)

Riglyn 4: Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl

Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items (4a)

Die gebruik van interessante feite (4b)

Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel (4c)

Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek (4d)

Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal (4e)

Riglyn 5: Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek

Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is (5a)

Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe (5b)

Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is (5c & 5d)

Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering (uit al die bogenoemde afgelei)

Riglyn 6: Kenners moet verkieslik vroulik wees

Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne (6a en 6b)

4.6.2 E-posvraelyste

Na afhandeling van eerstens die literatuurstudie en op 'n tweede geleentheid die inhoudsanalise van die drie vrouetydskrifte is oop-einde vrae gegrond op die bevindinge opgestel, wat in 'n vraelys opgeneem is. Dit is gedoen omdat die navorser die bevindinge beter wil verstaan en ook wil verklaar. Die respondente kon vryelik kommentaar lewer op die resultate van die studie en dit dus bevestig of bevraagteken, of bloot net meer lig daarop werp.

Bevestiging van die resultate deur die respondente het gelei tot triangulasie en weerspreking daarvan was 'n vertrekpunt vir 'n bespreking oor hierdie diskrepansie in die studie se samevatting (sien hoofstuk 8).

Opvolg-vrae is na die tyd weer via e-pos aan die respondente gerig, waar nodig.

4.7 Verwerking van data en aanbieding van resultate

Die verwerking is op twee vlakke behartig. Eerstens is gekyk na hoe die spesifieke riglyne, na aanleiding van die data wat op grond van die onderskeie kategorieë in die datavel ingesamel is, neerslag vind in die items. Dit is gedoen in hoofstukke 5-7. (Elke publikasie word in 'n aparte hoofstuk behandel). Die tweede vlak het te doen met hoe die drie onderskeie publikasies ooreenkom of verskil met betrekking tot spesifieke aspekte wat gemeet is en word in hoofstuk 8 gedoen. Dit is gedoen om groter duidelikheid en dieper begrip te verkry en nie om die publikasies soseer met mekaar te vergelyk nie, hoewel 'n gesamentlike bespreking van die bevindinge uit al drie die publikasies uiteraard 'n mate van vergelyking tussen die drie impliseer. Dit word egter nie vergelyk in die sin dat *Fair Lady* byvoorbeeld politiek "beter" as *SARIE* dek nie. In die studie wil die navorser eerder verstaan hoe elke publikasie oor politiek berig het, en deur hulle naas mekaar te stel word individuele hantering van onderwerpe en aanbiedingswyses duideliker (sien hoofstuk 8). Deur goed met mekaar te vergelyk word verhoudings daartussen aangedui en hieruit word dieper betekenis gegenereer (Berger, 2000:9-10).

Die empiriese hoofstukke is gestruktureer na aanleiding van die kategorieë deur datavel A gemeet (sien die stellings onder die riglyne in afdeling 4.6.1 hier bo). In elke afdeling is daar gefokus op die tendense wat vanuit die inhoud geïdentifiseer is. Dit is toegelig met beskrywende voorbeelde om die tendens te staaf. Hier volg 'n opsomming van die opskrifte waaronder die resultate telkens bespreek is. "Inleiding" (nommer 1) bevat 'n kort agtergrond van die publikasie onder berspreking. "Noemenswaardige verwysings" (nommer 8) bevat tendense wat in die items wat slegs verwys het na politiek, geïdentifiseer

is. Die res van die insetsels (nommer 2 tot 7), behalwe vir "Samevatting" (nommer 9), bestaan uit die riglyne en stellings wat na aanleiding van die vrae soos hier bo, uiteengesit is.

Tekskassie 2 – Aanbieding van resultate

1 Inleiding
2 Riglyn 1
3 Riglyn 2
3.1 Dekking, genres en onderwerpe
3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte
3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte
3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye
4 Riglyn 3
3.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad)
3.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei
3.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan
5 Riglyn 4
5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items
5.2 Die gebruik van interessante feite
5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel
5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek
5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal
6 Riglyn 5
6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is
6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe
6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is
6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering
7 Riglyn 6
7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne
8 Noemenswaardige verwysings
9 Samevatting

***

In hierdie hoofstuk is die kwalitatiewe navorsingsmetode wat in die studie gevolg is om dekking van politieke sake in vrouetydskrifte te ontleed, bespreek. In die volgende hoofstuk word die empiriese data vanuit die onderhoude en inhoudsontledings van *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* verkry, geanaliseer en geïnterpreteer.

Hoofstuk 5: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *Fair Lady*

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die aanbieding van politieke sake in *Fair Lady* ondersoek. In die proses kyk die navorser hoe die kriteria wat in die vorige hoofstuk saamgevat is, neerslag vind.

Fair Lady is volgens hul webblad trots daarop om in Suid-Afrika gesetel te wees (hulle noem hulself "an organic South African brand"), maar hou ook 'n oog op internasionale tendense. Hulle beskryf hulself verder as 'n tydskrif wat relevant is vir die moderne Suid-Afrikaanse vrou en dek die "beste" wat die land bied. Hulle gaan verder deur te sê: "More than a magazine, FAIRLADY is a network of passionate, optimistic and intelligent women who not only believe in the future of South Africa, but insist on being a part of it" (Fair Lady, 2008).

5.2 Riglyn 1

Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het

Die mate waartoe hierdie riglyn neerslag vind in die inhoud van *Fair Lady* word geïntegreer met die volgende afdeling – sien afdeling 4.7.

5.3 Riglyn 2

Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

Onder hierdie afdeling word die dekking van politiek in *Fair Lady* beskryf, asook die tipe onderwerpe en genres waarin politieke inligting voorgekom het. Daar word ook in die besonder beskryf hoe daar oor spesifieke noemenswaardige onderwerpe, naamlik wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte en politieke partye, berig is in paragrawe 5.3.2 - 5.3.4.

5.3.1 Dekking, genres en onderwerpe

Tabel 1 – Aantal politieke items in spesifieke genres in *Fair Lady* (1994-2004)

1994-2004	**Politieke onderwerp**	**Slegs verwysing**
Lesersbrief (LB)	–[23]	85
Artikel (AT)	50	40
Redakteursbrief (RB)	5	14
Gereelde rubriek (GR)	12	7
Skrywersrubriek (SR)	5	0
Brokkie (BK)	–	8
Totaal	**72**	**154**

Daar is altesaam 72 items waarvan die onderwerp, en dus die hele artikel, as polities van aard bestempel kan word. Verder is daar 154 items wat verwys na politiek, hoewel dit nie die hooffokus van die items is nie. In ag genome dat 49 uitgawes bestudeer is, is hierdie syfers hoog. Die gemiddeld is ongeveer drie items per uitgawe wat na politiek verwys en drie items wat op politiek gebaseer is vir elke tweede uitgawe. As gevolg van hierdie hoë dekking kan gesê word dat daar wel voldoen word aan riglyn 1 en 2 in die inhoud van *Fair Lady* omdat die lesers behoort te leer oor politiek deur hierdie mate van hoë en deurlopende blootstelling aan politieke inligting in die publikasie. Hoe meer "toevallige" blootstelling die leser kry, hoe meer word haar skemas aangevul, in pas met die aanlyn-evalueringsmodel. Terselfdertyd behoort nuwe inligting ook meer doeltreffend in *bestaande* skemas opgeneem te word (afdeling 2.4).

In tabel 2 word aangedui hoeveel dekking daar van elk van die onderwerpe in die ondersoektydperk in bepaalde genres voorgekom het. Daar word ook aangedui na watter onderwerpe daar in watter genres verwys is (dus gemeet deur datavel B). Of 'n item deur datavel A of B gemeet is word aangedui deur 'n "A" of "B" onder die afkortings van die genres in ry 1 (LB – lesersbrief; AT – artikel; RB – redakteursbrief; GR – gereelde rubriek; SR – skrywersrubriek; BK – brokkie).

Tabel 2 – Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *Fair Lady* 1994 – 2004

	LB		**AT**		**RB**		**GR**		**SR**		**BK**	
	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B
Ekologie	–	4	1	1	0	0	0	0	0	0	–	0
Misdaad	–	14	10	3	2	4	2	0	0	0	–	2
Maatskaplike- en ontwikkelingsprobleme	–	8	5	5	0	3	0	0	0	0	–	0
Regte, wette en regulasies	–	17	5	7	0	0	5	2	1	0	–	2
Profiele oor-(oud-)politici/hul familie of ander polities-	–	1	4	7	0	3	2	0	0	0	–	1

23 Die streep dui daarop dat die kategorie nie gemeet is nie – sien afdeling 4.5.1.4.

aktiewe mense												
Aborsie	–	1	3	0	0	0	1	0	0	0	–	0
(Nie-)regeringsorganisasies en politieke partye se beleid en aktiwiteite	–	4	1	0	2	0	3	0	0	0	–	1
Gender(gelykheid)	–	13	13	3	0	1	0	1	0	0	–	1
Vakbonde en werknemersverenigings	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Vrouekonferensies	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Demokrasie en post-apartheid***	–	9	4	10	1	1	0	2	3	0	–	2
Rasse- en ander ideologiese kwessies***	–	9	1	2	0	0	0	0	1	0	–	1
Waghond speel oor instellings***	–	8	4	2	0	1	0	0	0	0	–	0
Sport***	–	0	1	1	0	0	0	0	0	0	–	0
Internasionale politiek*** (profiele uitgesluit)	–	1	0	0	0	1	0	1	0	0	–	1

*** nuwe kategorieë

Wat betref die gebrekkige dekking van sekere onderwerpe, is dit meer relevant om te fokus op die leemtes in dekking waar die items op politiek in geheel gebaseer is (A), as by dié waar dit slegs daarna verwys (B). Dit is egter interessant om te let daarop dat die bevindinge tussen die twee tipes items basies dieselfde is, wat die afleiding oor watter onderwerpe die gewildste is, versterk.

Soos aangedui in tabel 2 is misdaad, gender(gelykheid) en menseregte, wette en regulasies die onderwerpe wat die meeste voorkom. Moontlike redes daarvoor sien soos volg daar uit: Misdaad het 'n element van sensasie wat lesers lok. Die inligting leer hulle ook van die wêreld rondom hulle en stel hulle in staat om empatie met ander te hê. Gender gaan oor die vrou (en man) se rol in die private en openbare domein en is dus regstreeks van toepassing op vroue se alledaagse lewe in beide domeine (Torres, 2001 in Torres & Brites, 2006). Regte, wette en regulasies is gewild omdat dit mense bemagtig met inligting wat hulle in staat stel om probleme te voorkom of te oorbrug. In pas met die funksies daarvan, interpreteer die media dikwels komplekse inligting soos verandering in wetgewing, sodat die leser kan verstaan watter implikasies dit vir haar het.

Daar is egter leemtes wat die dekking van ekologie (by A), aborsie, vakbonde en werknemersverenigings en vrouekonferensies betref omdat daar by elk nie meer as vyf items in die bestudeerde inhoud voorkom nie. Wat ekologie betref is die kanse egter goed dat daar in die jare ná 2004 meer items sou voorkom daaroor, aangesien die wêreldwye fokus oor die onderwerp toegeneem het. Aan die ander kant is dit egter nie noodwendig te sê dat sodanige artikels 'n politieke ingesteldheid sou hê nie, hoewel die verslegtende wêreldekologie 'n verskynsel is wat slegs effektief bestuur kan word op politieke vlak.

Dit is interessant om te let daarop dat verreweg die meeste items wat na politiek verwys in die kategorieë lesersbriewe en artikels gevind word. Daar was in 1994 en 1996 ewe veel lesersbriewe wat na politiek verwys het of daarop gebaseer was. In 2004 was daar slegs twee minder, maar in 1999 was daar tien minder. Dekking van politiek is egter in daardie hele jaar aansienlik minder as in ander jare, veral in die tweede semester daarvan. Gewilde temas in lesersbriewe is misdaad, regte, wette en regulasies en gender. Tot 'n effense mindere mate is maatskaplike- en ontwikkelingsprobleme, demokrasie en (post)apartheid, rasse- en ander ideologiese kwessies en waghond speel oor instellings ook gewild. Die publikasie behoort dit in ag te neem aangesien dit onderwerpe moet dek waarin lesers belang stel.

Die aanbeveling is dat daar 'n konsekwente voorkoms van politieke dekking in enige jaar moet wees sodat vroue se skemas deurlopend aangevul kan word. Hoewel 1999 dus die minste lesersbriewe bevat is dit 2004 wat persentasiegewys die minste lesersbriewe het wat na politiek verwys. Deur in ag te neem dat enigiets tussen ongeveer een kwart en een helfte van al die items in enige jaar wat politieke inligting bevat lesersbriewe is, kan daar dus met relatiewe sekerheid afgelei word dat politiek hoog op die lesers van *Fair Lady* se agenda is.

Artikels bevat ook 'n besonderse hoë aantal items met politieke inligting. Die res van die genres het weinig politieke inligting bevat. Daar is deurgaans tussen 0 en 3 items in enige van die genres in enige gegewe jaar met die uitsondering van redakteursbriewe in 1999 (7 items verwys hier na politiek) en gereelde rubrieke in 2004 waar daar 9 op politiek gebaseer is.

Eersgenoemde verskynsel is ironies omdat 1999 in geheel die minste dekking van politiek het en die redakteursbrief tog aandui wat vir die redaksie belangrik is, oftewel wat hulle spesifiek van hul kant af onder die leser se aandag wil bring. Tog is daar in geen ander jaar meer as drie verwysings na politiek in redakteursbriewe of meer as twee daarop gebaseer nie.

Met betrekking tot die tweede uitsondering is daar egter wel 'n verduideliking. Die hoë voorkoms van gereelde rubrieke in 2004 is hoofsaaklik te danke aan twee tipes aktuele gereelde rubrieke (GR) wat slegs in daardie jaar gevind is, getiteld "Talking About" en "Talking Point". Eersgenoemde handel oor bekende persone en laasgenoemde oor aktuele gebeure wat gewoonlik in die tyd rondom publikasie in die nuus was. Hieruit kan dus afgelei word dat 'n baie effektiewe manier om gereeld politieke inligting op te neem in aktuele rubrieke soos dié gedoen kan word.

5.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

Dit gebeur selde dat 'n hele artikel (teenoor byvoorbeeld gereelde rubrieke wat dit wel soms doen) uitsluitlik daarop fokus om lesers in te lig oor hul regte. Dit gebeur egter in een spesifieke artikel waar

kelners se regte onder die loep kom (FL/04/Nov/258-260;262;264)[24]. Dit is gemik op kelners sowel as restauranteienaars en lig hulle in oor eersgenoemde se wetmatige regte en laasgenoemde se verantwoordelikhede na aanleiding daarvan. Dit is dus op lesers gemik wat hulle in die restaurantbedryf bevind, maar diegene wat nie in die bedryf werk nie kan die artikel wys aan mense wat hulle ken wat wel daarin werk.

Artikelinhoud wat regte verduidelik gaan egter eerder gewoonlik indirek daaroor. Dit kom op die volgende maniere na vore:

- Op latente/onderliggende wyse. Een artikel vertel byvoorbeeld die verhaal van 'n lesbiese paar wat 'n spermskenker gekry het sodat hulle 'n baba kon hê (FL/94/14Dec/116-118;120-122). Omdat hulle nie 'n geskrewe ooreenkoms met die skenker gehad het nie, het hy later gedeeltelike toesig oor die kind gekry – teen die paar se sin. Hier word dus geïmpliseer dat mense attent moet wees daarop om hul regte in sulke situasies te beskerm, van die begin af.
- Implikasies van veranderde wetgewing. Soos wette verander, verander mense se regte en verantwoordelikhede ook en die media moet hulle hieroor inlig op verstaanbare wyse na aanleiding van die opvoedingsfunksie. Een artikel beskryf die leser se regte en verantwoordelikhede as werkgewer van 'n bediende, asook die werknemer se regte (FL/99/8Dec/60-61). Die opsommingsdek[25] vestig reeds die leser se aandag op die feit dat sy as werkende vrou haar regte moet ken in die werkplek, maar dat haar werknemer ook regte het waarna omgesien moet word. Die inligting kring dus verder uit as die *Fair Lady*-leser en word van nut vir ander lede van die samelewing ook.
- Kritiese ondersoeke na die miskenning van vroue se regte. Een spesifieke artikel gaan oor hoe openbare sisteme juis misluk daarin om verkragtingslagoffers te beskerm en te help (FL/99/10Nov/24-26;28). Fair Lady is dikwels besonder krities in hul beriggewing in belang van die leser of sekere gemarginaliseerde groepe.

Riglyn 2 stel onder meer dat daar berig gedoen behoort te word oor vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte. Laasgenoemde is beperk tot 'n aantal items oor aborsie en is dus 'n area vir verbetering hoewel daar moontlik nie gereeld nuuswaardige gesondheidspolitiek gepas vir die vrouetydskrifmark mag voorkom nie.

---

24 Die itemkodes (afdeling 4.5.1.2) word deurgaans as verwysings ingevoeg. Sien addendum C vir 'n volledige chronologiese bibliografie van al die items wat geanaliseer is.

25 'n Opsommingsdek ("blurb" of "summary deck") is 'n opsomming van die storie, gewoonlik 20-30 woorde lank, wat langer is as die kop en kleiner lettergroottes gebruik. Dit kom aan die begin van die item voor en verduidelik in essensie vir die leser waarom die storie belangrik is (Harrower, 2007:151).

5.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte

- Praktiese gevolge van die skending van regte/onkunde oor regte. Een bepaalde artikel handel byvoorbeeld oor die destruktiewe gevolge wat seksuele teistering by die werk vir die slagoffer op alledaagse vlak inhou en kan as 'n waarskuwing geïnterpreteer word (FL/99/4Aug/30-32).
- Wetlike gevolge. Hier word verduidelik wat die presiese gevolge kan wees vir iemand wie se regte misken word en word gewoonlik baie vlugtig behandel. In een item, byvoorbeeld, word verduidelik waar bediendes kan aanklop vir hulp in geval van onregverdige afdanking – die werkgewers mag dalk gedwing word om vir haar kompensasie te betaal of haar weer in diens te neem (FL/96/2Oct/40). Mense gebruik juis die media om nie onkant betrap te word deur situasies nie.

5.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye

Politieke partye word slegs in die verbygaan genoem wanneer dit nodig is vir agtergrond/konteks, of wanneer profiele oor politici of ander mense wat betrokke is/was by die politiek, voorkom. Dit kom inderdaad as reël slegs aan die orde in samehang met 'n persoon as onderwerp. Daar is egter nooit 'n positiewe of negatiewe ingesteldheid teenoor politieke partye nie. In hierdie sin voldoen die publikasie aan die tradisie van vrouetydskrifte aangesien hulle nie betrokke raak by partypolitiek nie.

Die feit dat *Fair Lady* geensins by partypolitiek betrokke raak nie blyk verder duidelik uit 'n lesersbrief in die uitgawe van 20 April 1994 waarin die skrywer die publikasie ondersteun in hul besluit om nie politieke advertensies (waarskynlik met die oog op die algemene verkiesing wat net daarna sou plaasvind), te plaas nie (FL/94/20Apr/6). Dit is in reaksie op 'n uitlating van die (vroulike) adjunk-besturende direkteur van die organisasie Eurospace, wat gesê het dit is oud-modies van *Fair Lady* om dit nie te doen nie. Die leser het haar ondersteuning op die volgende manier verwoord (Horne, 1994:6):

> [I]...believe that at least some things should be kept away from politics. FAIR LADY is one of those sacred things. You have always been supportive of the rights of women and the women who read your magazine are educated and politically aware... and it is not necessary that your wonderful leisure publication should jump on the bandwagon... .

Dit is in 'n mate ironies dat die skrywer sê dat sommige instellings (volgens haar sluit dit *Fair Lady* in) weggehou moet word van politiek, maar in dieselfde brief prys sy die publikasie dat hulle vroue polities opvoed en vroueregte ondersteun; dus 'n politieke bewussyn het. Die afleiding is dat sy moontlik bedoel dat die tydskrif weggehou moet word van spesifiek *partypolitiek* wat illustreer onder watter wanindruk hierdie spesifieke leser is oor wat politiek alles behels.

Die volgende verwysings na politieke partye word gemaak:

- ANC (FL/96/6Mar/116-118;120; FL/04/Apr/34-38; FL/04/Apr/40-44; FL/04/Jun/60-63 en FL/04/Mar/44-48)
- IFP en ANC (FL/99/9Jun/116-119)
- ANC en NP (FL/94/6Apr/86-88;90)
- Een item het kort onderhoude met vroue-politici van onderskeidelik die ANC, DA, NP, PAC en die Women's Rights Peace Party (FL/94/20Apr/90-92).

Laasgenoemde is 'n goeie illustrasie daarvan dat vrouetydskrifte nie by partypolitiek hoef betrokke te raak deur daaroor berig te doen nie. Al die grootste partye van die dag se vroulike voorlopers is genooi om deel te wees van die artikel oor vroue-politici se bydraes en planne vir die land en spesifiek vir vroue. Daar is 'n standaard stel vrae aan hulle gestuur. Daar is boonop nog vroue-kandidate van ander partye uitgenooi om deel te wees van die artikel, maar hulle het volgens die artikelskrywer nie betyds gereageer nie. Die media se rol as platform vir 'n verskeidenheid opinies kom dus hier aan die orde. Die vrouetydskrif se bepaalde sosialiseringsfunksie in die fasilitering van veranderende genderrolle kom ook sterk na vore aangesien dit suksesvolle vroue in 'n tradisioneel-manlike gebied (politiek) in hul agenda opneem en sodoende veranderinge in die samelewing illustreer. Dit stuur dus 'n duidelike boodskap dat politiek beslis nie "onvroulik" is nie.

Dit gebeur soms dat oorsese partye genoem word in beriggewing oor politici in die spesifieke land ter sprake. Dit volg dieselfde trant as die noem van Suid-Afrikaanse partye. Een artikel verwys na die Republikeinse Party (FL/04/Oct/58-60;62) en 'n ander die "Democratic Revolution Party" (FL/94/9Feb/68-70), beide van Amerika. Die bespreking van internasionale politieke partye, al is dit bloot as *konteks* bedoel en dus "toevallige" inligting, kan ook die leser se skema oor daardie land se politiek verbreed en vir dié rede is dit 'n positiewe verskynsel.

Daar word dus voldoen aan riglyn 1 en 2 in die inhoud van *Fair Lady*, behalwe vir 'n tekort aan inligting oor menseregte en bepaalde ander onderwerpe soos genoem onder 5.3.1. Sekere genres kan ook verder ingespan word vir politieke dekking. Die aanbeveling is dat die redaksie moontlik een van die lede daarvan kan aanstel om in kontak te kom met organisasies wat byvoorbeeld vrouekonferensies reël, en ook met werknemersverenigings en ander relevante organisasies om te vra dat nuus relevant vir die vrouetydskrifmark aan hulle gestuur word.

5.4 Riglyn 3

Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep

5.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad)

Sommige items is volledig gebaseer op praktiese raad met 'n politieke dimensie vir gebruik in vroue se alledaagse bestaan. 'n Besonder goeie voorbeeld hiervan is 'n artikel wat fokus daarop om verbruikers te bemagtig in hul handelinge met verskillende besigheidsektore (FL/04/Mar/128-130).

Daar is egter veel meer items wat een (dikwels problematiese) saak in diepte ondersoek en moontlike oplossings en opsies in die hantering daarvan bied. Dit vertel vir die leser waar en hoe om hulp te kry in moeilike situasies wat wissel van misdaad tot aborsie. Een spesifieke artikel vertel vir lesers van skuilings vir mishandelde vroue (FL/99/4Aug/30-32). 'n Ander handel weer oor 'n gewone vrou se traumatiese ervaring van 'n onwettige tuis-aborsie (FL/99/10Nov/46-48). Daar word aan die einde van die artikel ander opsies gegee vir 'n tuis-aborsie. Dit is derhalwe van toepassing op vroue se alledaagse lewe. Aspekte soos ongewenste swangerskappe, die wedywering om onderhoud uit 'n kind se biologiese pa te kry (byvoorbeeld FL/94/9Mar/64-66;68;70-71) en misdaad (FL/99/1Sep/24-27 oor verkragting; FL/94/14Dec/63-64;66;68;70 oor teistering en FL/04/Jul/46-49 oor identiteitsdiefstal) het baie werklike en alledaagse finansiële, emosionele en veiligheidsimplikasies. In die bespreking van die funksies van die media in hoofstuk 2 is daar bevind dat vroue dikwels kyk na die media (en vrouetydskrifte in besonder) om hulle in sulke situasies te help. Die leser gaan self haar besluit maak, maar wil insette hê, sodat sy dit ingelig kan doen.

Dikwels word uitdagende situasies vir die samelewing eerder as die individu bespreek en volg daar 'n oproep tot hulp. Probleme in die samelewing kan immers direkte of indirekte gevolge vir die individuele burger se lewe inhou. Die leser word aangemoedig om te help en ingelig oor hoe om dit prakties te doen. Te dikwels lees mense dat hulle moet bydra en opstaan teen byvoorbeeld kindermishandeling, verkragting en dies meer, maar daar word nie vir hulle gesê *hoe* hulle kan help nie.

Fair Lady maak in die algemeen 'n uitstekende taak daarvan om vir die leser oorwegend maklike intervensies voor te stel om die wêreld waarin sy leef positief te beïnvloed – om haar dus in staat te stel tot aktiewe deelname op alledaagse vlak. Een bepaalde item handel oor die beperkte geletterdheidsvlakke onder Afrikane en hoe die Afrika-literatuurmark uitgebrei behoort te word (FL/04/Jan/46-51). Die skrywer het 'n paragraaf ingewerk met voorstelle vir hoe die leser kan help. So byvoorbeeld kan die leser in 'n boekwinkel vra vir die inheemse boek-afdeling en verbaas optree wanneer daar nie een is nie. Sy kan ook kies om boeke met 'n Afrika-tema vir kinders te lees, die "No VAT On Books"-veldtog ondersteun en vir haar bloukraagwerkers vra of hulle wil leer lees en skryf.

Daar word ook gereeld in die redakteursbrief aanmoediging gegee om betrokke te raak by sake met 'n politieke dimensie om sodoende die leser van prakties-uitvoerbare inligting te voorsien om werklik 'n bydrae tot haar samelewing te lewer. In een spesifieke geval moedig die redakteur vroue aan om te stem in die verkiesing van 2004 en beskryf vroue se potensiële invloed in die land om die belangrikheid

van hul deelname te beklemtoon (FL/94/20Apr/4). Sy gee ook wenke oor hoe vroue ander vroue behoort te help – hulle kan byvoorbeeld vir iemand 'n rygeleentheid bied om by 'n stemstasie uit te kom. Sy gee ook 'n nommer waarheen lesers kan bel om vrae aan politici te stel.

Die praktiese implikasies van wetgewing kom dikwels ook onder die loep. Een voorbeeld handel oor hoe nuwe wetgewing die verhouding tussen 'n bediende en haar werkgewer beïnvloed (FL/96/2Oct/40). Dit wys spesifiek hoe om nuwe werkers te hanteer, wat om te doen wanneer werkers verkeerd optree, die werkgewer se algemene verantwoordelikhede teenoor die werker en die saak wat die werknemer mag hê indien sy onregverdig afgedank is. Die verandering in wetgewing het dikwels alledaagse implikasies vir vroue, hoewel daar nie altyd noodwendig fisies-uitvoerbare raad gegee word nie. In pas met die funksies van die media word inligting in hierdie tipe items op eenvoudig verstaanbare wyse aangebied en opgesom in teenstelling met die manier waarop die staat die nuwe wette uitvaardig. Dit is net belangrik vir die redaksie om tred te hou met verandering in wetgewing wat spesifieke implikasies vir vroue inhou.

5.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei

Daar word in baie gevalle genoeg konteks geskep in die kop en opsommingsdek. 'n Uitstekende voorbeeld is een spesifieke artikel wat handel oor vroulike besnydenis (FL/96/7Aug/40-42;44;46;47). Die kop is: "Female circumcision: a twentieth century atrocity". Die opsommingsdek lui soos volg (Fitz-Patrick, 1996:40):

> For years Waris Dirie [supermodel] kept the most traumatic event of her life a secret, but now she's a visible and vocal spokesperson against a custom that society still sanctions, even though it maims and kills millions of little girls each year.

Die konteks en gevolgtrekking is dus dat vroulike besnydenis 'n ongewenste aktiwiteit is wat nie in die moderne tyd hoort nie. Hoe onaanvaarbaar hierdie tradisionele praktyk in die oë van die ontwikkelde wêreld is, word verder beskryf met sinne soos "The male equivalent would be penile amputation" (Fitz-Patrick, 1996:44). Dit plaas die gebruik vir die leser in perspektief en help haar sodoende om haar gevolgtrekking oor die saak te maak.

Nog 'n tekselement waarin daar in die meeste gevalle op voor die hand liggende wyse konteks geskep word, is inleidende paragrawe – nie noodwendig net die enkele eerste een nie. Dikwels is die gevolgtrekking ook hier te vinde, of 'n sinspeling daarop.

Konteks sowel as gevolgtrekkings word dikwels by monde van gewone mense se opinies of ervarinre geskep. Die voorbeeld bo van Waris Dirie (FL/96/7Aug/40-42;44;46;47) is hier ook ter sprake. So ook 'n

artikel wat handel oor identiteitsdiefstal (FL/04/Jul/46-49). Daarin word konteks aan die begin geskep deur 'n gewone vrou se verhaal te vertel. Sisanda Futs is sonder haar medewete getroud met 'n Japannese man wat sy nog nooit ontmoet het nie. Haar verhaal skep vir mense die konteks van hoe verreikend die probleem kan wees.

Daar is deurentyd ook konteks geskep vir gevalle wat eintlik algemene kennis is. Dit is nodig omdat daar steeds 'n kans is dat daar 'n leser mag wees wat nie die nodige agtergrond het nie (vgl. afdeling 2.4). Haar skema oor die bepaalde gebeure kan nie effektief aangewend word as daar gapings is nie. Die tydskrif maak dus 'n bevredigende taak daarvan om moontlike minder ontwikkelde skemas in ag te neem en daarvoor voorsiening te maak. Die algemene kennis sluit juis by die bestaande skema aan en so word dit uitgebrei. In een bepaalde item word die verhaal vertel van twee Suid-Afrikaners wat hulle in Rwanda gaan vestig het om om te sien na weeskinders wat na die destydse volksmoord agtergelaat is (FL/99/13Oct/24-27). Die agtergrond van die gebeure waartydens die Hutu's die Tutsi's uitgemoor het word vinnig verduidelik vir konteks. In hierdie voorbeeld kom die feit dat daar dikwels nie werklik 'n definitiewe gevolgtrekking is nie, na vore. Dié artikel gaan bloot oor twee Suid-Afrikaners wat hulle ontferm het oor weeskinders en vertel van hul lewe, werk en ervaring daar.

Kenners, studies en statistieke verskaf baie maal die nodige konteks en gevolgtrekking(s). Soms word items in geheel op studies gebaseer en ontvou besprekings na aanleiding daarvan. Die studie verskaf dus die konteks vir die item. Die bevindinge van die studie is gewoonlik interessant omdat dit die werklikheid tot 'n groot mate raak weerspieël aangesien dit gewoonlik wetenskaplik en dus geloofwaardig is.

In een item interpreteer rubriekskrywer Marianne Thamm op skerpsinnige wyse die bevindinge van 'n studie wat die hedendaagse druk waaronder die moderne vrou deurgaan, ondersoek het (FL/04/Aug/12). Sy het twee vrae uit die studie geïdentifiseer *wat skynbaar nie baie aandag gekry het* in die bespreking van die bevindinge nie. Sy lig dit egter vir die leser uit om, wat volgens haar die werklike probleem is, aan die leser te verduidelik. Haar kommentaar maak dit duidelik dat vroue in die genderrevolusie ontwikkel en meer assertief geword het terwyl mans tot 'n groot mate steeds dieselfde rolle vervul. Vroue word dus in hul nuwe rolle sowel as hul tradisionele rolle nie genoegsaam tegemoet gekom en ondersteun deur mans nie. Vroue het nou meer werk as veertig jaar gelede, maar hulle kry nie meer hulp van hul mans met die werk wat hulle altyd self moes doen nie (kinders grootmaak en huiswerk doen spesifiek). Hierdie gevolgtrekkings word pertinent vir die leser uitgewys en die media se waarnemings- en interpretasiefunksies kom sterk na vore. Dit is weer 'n voorbeeld waar die vrouetydskrif sy rol as inligter en opvoeder spesifiek vir die vrou vervul.

Die gebruik van *kenners* as bronne vir die skep van konteks en gevolgtrekkings behoort na alle waarskynlikheid respek by die leser af te dwing, veral indien hulle tot op 'n baie ervare of geleerde vlak, soos byvoorbeeld dié van minister of professor ,gevorder het. Een voorbeeld gaan oor die werkbaarheid

van poligamie en begin met 'n professor in antropologie se argumente ten gunste van die instelling daarvan (FL/96/3Apr/74-76;78). Hy het 'n boek daaroor geskryf uit besorgdheid vir die feit dat die tradisionele familiesisteem besig is om te verval en dat kinders gevolglik in omstandighede grootword wat volgens hom hul mislukking as mens waarborg. Sy ekspert-opinies verskaf grondige feite vir konteks en gevolgtrekkings.

Bepaalde items gebruik *statistieke* om te toon hoe 'n groot probleem vrouemishandeling in Suid-Afrika is (soos FL/04/May/32-40 en FL/04/May/8). In 'n ander word ook met behulp van statistieke verduidelik hoe 'n groot probleem kindermishandeling in die land is (FL/96/4Sep/48-53;134). Geloofwaardige statistieke, net soos wetenskaplik-bepaalde inligting en kredietwaardige bronne, bied die leser konkrete inligting vir die aanvul van haar skemas met onbetwisbare feite. Sy gaan na alle waarskynlikheid moontlik nie die presiese statistieke onthou nie, maar wel dat die situasie problematies is en aandag kort.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat daar op verskeie maniere konteks en gevolgtrekkings in items geskep word om dit relevant te maak vir die leser. Die dekking herinner in die algemeen sterk aan die stipulasies van die agendastellingsteorie, naamlik dat die media nie vir die leser kan sê *wat* om te dink nie, maar *waaroor* om te dink. Desnieteenstaande word die leser se skema oor die onderwerp aangevul deur die inligting deur genoeg konteks en moontlike gevolgtrekkings. Konteks is belangrik in terme van die skemateorie – die doel is nie net om die skema aan te vul nie, maar ook om inhoud so aan te bied dat dit by die bestaande tema inpas. Omdat reeds bestaande skemas bepaal hoe mense inligting opneem, bepaal dit ook hoe die inligting geïnterpreteer word, met ander woorde watter gevolgtrekkings gemaak word (afdeling 2.4).

5.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan

Die geselekteerde aspekte wat dus uitgelig word in die dekking van politiek in *Fair Lady*, beïnvloed die lesers in dié sin dat hulle begrip vorm vir hoe belangrik die bepaalde aspekte van die saak wat hanteer word, is. Die aspekte wat spesifiek aandag kry sal ook 'n groter invloed hê op die leser se politieke skema, veral omdat dit voorgehou word as in pas met die norme van vroulikheid. Só vervul die tydskrif ook sy funksie as skepper van vroulike identiteit deur die bestuur van sy agenda.

Dit wil voorkom asof die onderliggende "ideologie" van die vrouetydskrif die klem of onderliggende idee van items bepaal. Dit is, in pas met die tradisionele uitgangspunt van vrouetydskrifte, om as vriendin op te tree. 'n Goeie vriendin waarsku, help, vermaak en ondersteun. Die klem van die meeste politieke items is op een of 'n kombinasie van hierdie aspekte, wat inderwaarheid bloot die "uitleef" van die medium se funksies is.

Gewoonlik hou die meeste items wat polities van aard is se klem ook verband met die spesifieke onderwerp ter sprake asook met die aard van politiek in die algemeen. Politiek gaan immers oor die bestuur van 'n sisteem (afdeling 1.1) en dit moet in 'n demokrasie gereguleer word. Demokratiese burgers moet insette in die leierskap se besluite kry. Dit is daarom te verwagte dat aspekte waarop klem gelê word aan die leser verduidelik wat presies agter die inligting sit sodat sy kan verstaan wat die implikasies is vir opname in haar skema.

Daar is egter wel 'n paar *spesifieke* fokuspunte wat deurentyd voorkom. 'n Besondere klem word op mense se ervarings geplaas. Omdat die publikasie wil inspireer, fokus hulle ook op hoe mense moeilike omstandighede te bowe gekom het. Dit is gewoonlik verweef met emosionele inhoud en raad. Die klem is op 'n hoopvolle verwagting vir Suid-Afrika se mense en in die besonder vroue, maar ook dat die behaling van 'n bevredigende bestaan optrede van die *leser* gaan verg. Aktiewe deelname aan die samelewing word dus aangemoedig. Daar word egter gereeld erkenning gegee aan hoe individue dikwels nie alleen die mas kan opkom nie, veral wanneer hulle hul vasloop teen oneffektiewe openbare sisteme. Dit kom duidelik na vore in lesersbriewe asook ondersoekende artikels. Daarom is daar sterk uitlewing van die waarnemingsfunksie van die media, al is dit nie altyd by monde van die redaksie nie, soos in lesersbriewe. Die redaksie kies steeds om spesifieke briewe te plaas.

5.5 Riglyn 4

Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl

5.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items

Inderdaad is die grootste kenmerk van die algehele styl waarin *Fair Lady* inligting aanbied tekenend van die tradisionele vrouetydskrif. Dit kan vergelyk word met 'n vriendskapsverhouding – iemand wat help, raad gee, waarsku, inspireer en vermaak. Dit fokus dikwels op aspekte van vroue se bestaan wat nie deur die hoofstroommedia gedek word nie. Een item wat die onderdrukking van vroue in Afghanistan ondersoek wys dit duidelik (FL/96/11Dec/54-56;58;60) (Rowley, 1996:55):

> 'And the women have been ordered off the streets ...' A tiny sentence tucked away in the news reports – just a few words alloted to the fate of tens of thousands of people. In Kabul half the population is now effectively under house arrest because of their sex.

Fair Lady is aan die vrou se kant, sonder om teen die etiese beginsel van regverdige beriggewing in te gaan. In 'n ander item byvoorbeeld, word die media se hantering van verkragting in besonder bespreek (FL/04/Mar/38-41). Dit word gedoen aan die hand van 'n gebeurtenis wat daardie tyd in die nuus was. Suid-Afrikaners Salomé Isaacs, 'n vigsaktivis, en Siraj Desai, 'n regter, was in Indië by 'n sosiale forum.

Sy het aangevoer hy het haar daar verkrag, maar het drie dae later die klag teruggetrek. Daar het 'n mediasirkus na aanleiding van die gebeurtenis ontstaan – agendastellers wou 'n verduideliking bied van wat presies gebeur het en het meestal gesinspeel dat die klag vals was. Die artikel het kritiek gelewer teen die media se hantering van die saak omdat dit die klaagster geviktimiseer het en die werk teen verkragting omtrent 20 jaar teruggesit het, aldus die artikel.

Dit is belangrik dat media ander media tot verantwoording roep wanneer hulle oneties optree omdat die media grotendeels selfregulerend is. Die media moet dus kapsie maak daarteen wanneer sekere lede daarvan samelewingsprobleme aanhelp (dus disfunksioneel optree) – in hierdie geval het *Fair Lady* kapsie gemaak teen die onregverdige beriggewing van ander media wat 'n negatiewe impak op die aanmelding van verkragting mag hê (weereens volgens die artikel). Wanneer vroue spesifiek benadeel word, is dit in besonder media wat spesifiek op hulle gemik is se verantwoordelikheid om aandag aan die saak te gee.

Daar word dus dikwels voorspraak gemaak vir die gelyke behandeling van vroue en vir hul regte. Een bepaalde artikel vertel die verhaal van Anita Ferreira wat haar man laat vermoor het omdat hy haar mishandel het (FL/04/May/32-40). Die publikasie het die perspektief van die weerlose vrou gekies in hul aanbieding van die storie – hulle trek dit deur na 'n pleidooi vir alle vroue se regte en beskerming (Behr & Lund, 2004:40):

> After all, Anita Ferreira, and other women like her [wat mishandel word], would not have turned from victim to perpetrator had her commonlaw and constitutional rights been respected by her husband and protected by the State and society at large.

In pas met die tradisionele manier van doen, kommunikeer *Fair Lady* mense se stories, soos die een pas vermeld, op intieme/persoonlike trant deur universele emosies, ervaringe en besonderhede met die leser te deel. Een item fokus op 'n intieme aangeleentheid – die redes waarom bekende en gewone vroue nie kinders wil hê nie (FL/94/7Sep/112-114;116;121). Dit is 'n onderwerp waaroor talle mense nie sommer praat nie omdat dit so uiters persoonlik is.

Fair Lady is verder in die algemeen baie positief en inspirerend. Hulle wil die goeie punte in die lewe en van die land vir die leser beklemtoon en haar inspireer om haar lewensideale te volg. Dit herinner dan ook aan van die kritiek teen vrouetydskrifte, naamlik dat dit 'n wanvoorstelling van die realiteit daarstel (afdeling 3.2). Maar as dit in samehang met die erkenning van die werklikheid gedoen word, soos in *Fair Lady*, kan die kritiek nie meer geld nie. In een voorbeeld van 'n positiewe, opbouende en hoopvolle redakteursbrief skryf die redakteur: "We dedicate this issue to the best of South Africa: to our most outstanding people, to our awesome scenery, our robust food, our diverse fashion, our rich mix of cultures and our high hopes for the future." (FL/94/6Apr/7.) Die hele uitgawe vier dus die positiewe in Suid-Afrika te midde van dikwels ontwrigtende veranderinge.

Die tydskrif se styl sluit ook soms die gebruik van sensasie in, wat die inhoud van die vrouetydskrif vir die leser waarskynlik nog meer vermaaklik maak. Een voorbeeld gaan oor rassisme in 'n plek waar die leser dit waarskynlik nie verwag het nie – Hollywood (FL/04/Jan/16-19). Afgesien van die feit dat daar bekendes betrokke is by so 'n sensitiewe politieke saak, lewer sommige van die (swart) sterre boonop skerp kommentaar. Die "infotainment"-funksie kom dus hierin na vore.

5.5.2 Die gebruik van interessante feite

Politieke inligting kan maklik baie aanloklik/vermaaklik gemaak word deur die invoeg van interessante feite, wat inherent ook inligting oordra en kan opvoed deurdat die leser se skema aangevul word daardeur. Veral wanneer 'n relatief bekende tema, byvoorbeeld vrouemishandeling, meer aanloklik gemaak word deur voorheen-onbekende feite, byvoorbeeld nuwe/onlangse statistieke. Die impak van die feite kan selfs verhoog word indien die leser dit kan gebruik.

Tydskrifte beskou onderwerpe as nuuswaardig indien hulle verwag dat die leser dit interessant behoort te vind. Daar is by uitstek interessante politieke onderwerpe gekies wat relevant is vir die leser. Die artikels bevat dan gewoonlik ook talle interessante brokke inligting. Tien voorbeelde wat uitgestaan het vir die outeur word gelys omdat daar nie spasie is om alles te noem nie. Na die lys volg 'n opsomming van die tendense.

- Die item FL/94/9Feb/68-70 is deurspek van interessante inligting omdat dit handel oor 'n matriargiese gemeenskap in Suid-Amerika, waar vroue se plompheid en seksuele assertiwiteit gevier word. Dit is verder interessant dat die enigste vroue vir wie dit aanvaarbaar is om maer te wees die "curandera witches" is. Hulle is soos die Suid-Afrikaanse sangomas. Dit beklemtoon dat genderrolle 'n veranderlike in enige samelewing is.
- 'n Ander item handel oor 'n Suid-Afrikaanse vrou wat in die tagtigs 'n aborsie in Nieu-Seeland ondergaan het (FL/94/13Jul/141-142). Sy het tydelik in Sydney gewoon, maar aborsies was in daardie tyd, net soos in Suid-Afrika, nie wettig daar nie. Sy het die skamele 15km na Nieu-Seeland gereis vir die prosedure wat wel daar wettig was.
- Nog 'n interessante item gaan oor gender en verduidelik hoe mans en vroue verskil in terme van rolle, fisiologie en lewensuitkyk (FL/99/4Aug/20-22). Studies het byvoorbeeld getoon hoe verskillend mans en vroue se breine op die stres van kompetisie reageer – die meeste mans word opgewonde terwyl die meeste vroue angstig raak.
- Een bepaalde artikel handel oor rassisme en 'n hele afdeling word gewy aan die vraag of xenofobie en rassisme dieselfde is (FL/04/Jan/22-26). Deur die konsep "xenofobie" naas "rassisme" te stel, leer die leser meer genuanseerd wat dit beteken.
- Die item FL/04/Jun/60-63 gaan oor 'n vrou wat 'n spioen was in die apartheidsjare. Sy deel geheime van daardie tyd, soos byvoorbeeld dat Oliver Tambo en Nelson Mandela met mekaar

gepraat het toe laasgenoemde in die tronk was sonder dat die destydse regering daarvan bewus was.

- Een artikel handel oor inspirerende vroue in die natuurwetenskaplike bedryf, wat voorheen deur mans gedomineer was. Dit bevat interessante inligting oor van hul navorsing, soos die kweek van mielies wat self kan her-genereer al het dit tot 95% vog verloor (FL/04/Jun/100-102). Die vroue werk stereotipes teë – hul stories is noodwendig opvallend vanweë die ongewone aard daarvan.
- Die item FL/04/Jan/46-51 handel oor ongeletterdheid. Dit gee feite soos dat indien 'n mens onderrig word in 'n taal anders as jou moedertaal, die leerproses 'n uitsluitlik serebrale aktiwiteit word. Daar is dan geen emosie in die leerproses betrokke nie. Dit is interessant in die konteks dat taalpolitiek 'n brandpunt in Suid-Afrika is.
- 'n Profiel oor Teresa Heinz Kerry bevat interessante en pittige beskrywings van haar, soos dat sy die "Sharon Osbourne" van presidentsvroue sou wees, dat sy in Suid-Afrika studeer het en teen apartheid betoog het (FL/04/Jul/52-57).
- 'n Ander item vertel hoe vroue in Afghanistan onderdruk word sedert die Taliban beheer oor die land geneem het (FL/96/11Dec/54-56;58;60). Omdat vroue geen regte het nie en glad nie mag werk nie, word jong seuns gedwing om broodwinners te wees indien die gesin vaderloos is.
- Nog 'n item gaan oor die feit dat vroue vandag nie meer veg vir feministiese ideale soos dertig jaar terug nie (FL/99/8Dec/28-30). Een van die interessantste feite is dat die vrou wat 'n groot bydrae gelewer het om die verskynsel van die "supervrou" daar te stel, nou inderdaad seminare aanbied om vroue te help om balans in hul besige lewens te handhaaf.

Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste interessante feite verband hou met mense en hul aktiwiteite en verhoudinge. Dit het baie gereeld 'n politieke dimensie. Dit is dikwels baie interessanter om te hoor waarom mense sekere dinge doen, in plaas daarvan om slegs 'n kenner se verduideliking van die situasie te lees, hoewel laasgenoemde nodige inligting kan verskaf om skemas uit te brei.

Een bepaalde artikel gaan oor poligamie en begin wel met 'n kenner se opinie oor waarom dié familie-opset kan werk in die moderne samelewing, maar die item bevat dan ook talle insetsels van mense wat in poligamiese verhoudings is (FL/96/3Apr/74-76;78). Hulle sê self waarom hulle die leefwyse aanhang en dit gee die leser nuwe en realistiese perspektief op die saak (inderdaad 'n genderaangeleentheid), waarmee daar gewoonlik gespot word en waaraan mense min of nooit logies dink nie.

5.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel

Deur emosie in die storie in te bring identifiseer die leser daarmee en vind daar 'n mate van ontvlugting plaas. Die leser mag verder dalk dink sy lees bloot 'n storie oor iemand se wedervaringe en emosies, maar sy gaan "toevallig" ook inligting oor die bepaalde onderwerp stoor.

Daar word op twee basiese maniere met emosie omgegaan: dit word óf bespreek/beskryf (met ander woorde iemand oor wie daar geskryf word, ervaar dit) óf dit word (moontlik) gewek by die leser. Eerstens gaan daar verduidelik word watter emosies die onderwerpe in politieke items ervaar het, waar dit wel voorgekom het. Hierdie benadering tot die insluit van emosie kan natuurlik ook daartoe lei dat die leser die emosie ervaar, sou sy kies om (on)bewustelik daarmee te vereenselwig tot die mate dat sy empatie met die onderwerp het, soos in die tweede afdeling onder die loep kom. By elk word daar een beskrywende geval bespreek. Dit is egter onmoontlik om te bepaal wat elke individuele leser emotief uit 'n item sou kon put omdat dit so 'n subjektiewe saak is. Een item oor 'n vrou wat 'n onwettige aborsie ondergaan het illustreer dit goed. Daar kan nie met sekerheid bepaal word hoe die beskrywing van die onderwerp se emosies die leser sal laat voel nie omdat hierdie geval baie gemengde gevoelens teweeg kan bring. Sommige lesers mag dalk geen simpatie met haar hê nie en glad nie met haar gevoelens van vrees identifiseer nie. Die artikel erken dit self; dit begin met: "My story will shock you. It may move you. It may even disgust you, but it will ring true" (Anoniem, 1999:46). Die voor die hand liggende emosionele respons van lesers word egter geantisipeer in die tweede afdeling. 'n Kort sinopsis van die item dien in beide afdelings as motivering vir die geïdentifiseerde emosies.

- Vrees en desperaatheid. Dit is 'n emosionele tema wat sterk deurkom in byvoorbeeld items oor aborsie. Een bepaalde item beskryf die verhaal van 'n vrou wat vir 'n onwettige aborsie gegaan het (FL/99/10Nov/46-48). Die hoofrede vir haar keuse was haar vrees dat die baba deur die biologiese pa weggeneem sou word en dat daar 'n toesigstryd sou ontstaan. Die emosie word juis grotendeels geput uit die feit dat sy 'n onwettige aborsie met bepaalde fisieke en emosionele gevolge ondergaan het; die situasie kon moontlik anders gewees het indien aborsie wettig was in die land.

- Hartseer en lyding. In nog 'n item oor aborsie erken die verteller haar emosionele bagasie met die volgende: "...each year on June 25, I mourn the loss of the child who never was" (Anoniem, 1994:142) (FL/94/13Jul/141-142). In teenstelling met die verhaal bo, het hierdie vrou vir 'n wettige aborsie gegaan in 'n ander land en was hierdie lewenservaring van haar dus anders as gevolg van die gesondheidspolitiek in daardie land, maar dit het steeds sekere emosionele implikasies gehad.

- Woede, verontregting en verontwaardiging. Een voorbeeld gaan oor werknemers wat gebuk gegaan het onder seksuele teistering – hulle voel kwaad en te na gekom omdat hulle onder die gesag van hul teisteraars was (FL/94/14Dec/63-64;66;68;70). Twee van die mense is in die proses hul werk kwyt. Hierdie mense se misstappe (wat tot van die emosies aanleiding gegee het) word geanaliseer deur kenners wat verduidelik wat hulle anders moes doen om hul werk te behou en uit die emosioneel uitmergelende situasie te ontsnap. Mense se behoefte daaraan om te werk om geld te verdien is 'n belangrike saak wat gebruik kan word om skemas te aktiveer.

- Frustrasie. In een voorbeeld verduidelik die slagoffers van identiteitsdiefstal hul frustrasie met die regeringsmagte se oneffektiewe beheer oor die situasie en hul onvermoë om slagoffers daarteen te beskerm (FL/04/Jul/46-49). Baie burgers is gefrustreerd met kwessies van openbare wanbestuur in Suid-Afrika en daarom behoort hulle met hierdie soort beskrywings te assosieer.

- Empatie/simpatie. Hoewel dit meer dikwels 'n emosie is wat by die leser gewek sou kon word, deur die hantering van bogenoemde emosies, word daar soms ook geskryf oor die persone betrokke se empatie met ander – dit vorm dikwels die basis vir bepaalde stories. In een item word byvoorbeeld vertel van 'n egpaar wat uit meegevoel na Rwanda getrek het na die volksmoord daar om na weeskinders te gaan omsien (FL/99/13Oct/24-27).

- Nostalgie. In een artikel, waar die skrywer die ontwikkelinge in die Johannesburgse woongebied Yeoville vergelyk met die ontwikkeling in Suid-Afrika, kom die skrywer se nostalgie uit deur sy beskrywing van die lewe in die tagtigs en vroeë negentigs daar (FL/04/Apr/34-38). Op vermaaklike en kreatiewe wyse word inligting oor die politiek van die tyd verweef met hoe mense in Yeoville gefunksioneer het, in pas met die "infotainment"-funksie.

Daar word nou gekyk na watter emosies daar moontlik by lesers gewek sou word in bepaalde items. Dit verskil van die vorige afdeling in die sin dat dit dikwels meer positief en opbouend is. Daar word dus soms negatiewe gevoelens beskryf (bo), maar sorg word geneem om nie negatiewe gevoelens by die leser te ontketen nie, sover die navorser kon agterkom.

- Nasietrots/patriotisme. Dié gewilde tema is reeds onder 5.4.3 bespreek, maar dit kan ook as 'n emosie of ingesteldheid by die leser gewek word deur die inhoud. Een voorbeeld is van 'n agterbladskrywersrubriek waarin die skrywer op patriotisme en positiwiteit oor die nuwe Suid-Afrika fokus met sinne soos: "We can plan and look forward again with real optimism" en "[b]ecause this new rainbow world we live in, it's bright, man, very, very bright" (Van Kuik, 1994:160) (FL/94/13Jul/160). Dit raak egter soms te blatant: "And I suspect there could be a little boom in maternity wards countrywide nine months from now" (Van Kuik, 1994:160). Die redakteur het selfs aan die einde van die rubriek 'n nota ingesit wat lees: "*Enough gushing now. Ed.*" (Butler, 1994:160). Die agendastellingsteorie stel dat gehore deur die media inligting kry om oor te dink en te praat maar nie wat om te dink en te praat nie. Lesers wil nie voorgeskryf word oor hoe hul ingesteldheid oor die nuwe Suid-Afrika moet wees nie. Dit moet egter in ag geneem word dat skrywersrubrieke gewoonlik subjektief is (afdeling 4.5.2.4 – Kategorie 1: Genres).

- Empatie. Empatie word waarskynlik in samehang met gevoelens van skok ervaar/voorafgegaan. In FL/04/May/8 moedig die redakteur die leser aan om empatie te hê met Anita Ferreira oor wie 'n volledige artikel (FL/04/May/32-40) later in die uitgawe volg. Anita het haar man laat vermoor om te ontsnap aan sy mishandeling (Donald, 2004:8):

We urge you to read Anita's story with empathy. If more understanding of the effects of domestic violence can be fostered among us all, perhaps other abused women may find the help they need before taking such drastic action.

- Vroulike identiteitstrots. Net soos daar soms gepoog word om by die leser 'n sin van trots vir haar land te vestig, kom die idee dikwels na vore dat vroue ook trots moet wees op hul vroulikheid en die unieke rolle wat hulle as vroue vervul, byvoorbeeld dié van moeder. Die sosialiseringsfunksie van die media is weer hier ter sprake. In een bepaalde item kry verskeie vroue-politici die geleentheid om te sê wat hul partye vir vroue wil doen en al gedoen het (FL/94/20Apr/90-92). Hulle kry ook geleentheid om te stel waarom vroue se bydrae tot die land se politiek noodsaaklik is. Vroue kry dus die boodskap dat hul deelname aan die land se openbare funksionering absoluut noodsaaklik is en dat hulle belangrik is vir partye. Die feit dat hulle behoeftes op die partye se agendas is, behoort ook hul aandag te trek aangesien vroue wil kan insien hoe politiek op hulle en hul familie se alledaagse bestaan van toepassing is (afdeling 1.2). Hierdie punt hou verband met die volgende afdeling.

- Bemagtiging en inspirasie. Volgens Hermes (1995) is een van die hoofredes waarom vroue vrouetydskrifte lees, die feit dat dit hulle laat bemagtig voel. Wanneer hulle lees van ander wat negatiewe ervarings te bowe gekom het, voel hulle op die tydstip wat hulle die item lees asof hulle dit ook kan vermag om uit te styg bo hul omstandighede. Daar mag 'n sin van bewondering vir die onderwerp(e) gekoester word. Hulle voel dus in staat om hul potensiaal uit te leef na aan leiding van die inspirerende en bemoedigende boodskap wat hulle ontvang het. In een voorbeeld word vier vroue wat in tradisioneel manlik-gedomineerde beroepe sukses behaal het, vereer (FL/96/6Mar/116-118;120). Hulle gee ook raad en bemoediging aan die lesers.

5.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek

Daar is ook sekere tendense hier geïdentifiseer waarop voortgebou kan word. Hier word telkens van die beste voorbeelde van elke tendens bespreek om dit te illustreer. Sommige grafika illustreer uiteraard meer as een tendens. Grafika se effektiwiteit word verder dikwels verhoog deur die toevoeging van tekselemente, in besonder dié van die kop wat dit vergesel. Daar sal hierna verwys word waar dit noemenswaardig is.

Die mense betrokke by 'n storie word gewoonlik gewys ter identifikasie en dikwels word kenmerke van die mens(e) beklemtoon. Een artikel fokus op 'n groep mense wat buite Malmesbury in 'n bos gewoon het (FL/04/Jun/42-45). Hulle was afgesny van die samelewing tot die mate dat hulle tien jaar na die afskaffing van apartheid nog nie daarvan geweet het nie. Die artikel beweeg dan oor na kritiek teen Suid-Afrika se maatskaplike bestuur, asook die manier waarop die land se tronkstelsel werk omdat dit "an aggravating factor in perpetuating poverty, crime and hopelessness" is (Lund, 2004:45). Die foto's van hierdie "vergete" mense is indrukwekkend omdat dit so natuurlik is – die mense het baie kort voor die neem daarvan nog in die bos gewoon met geen hulpbronne nie en dit is duidelik hoe verwaarloos hulle is. Dit versterk en ondersteun die artikel se tema dramaties en visueel.

Somtyds word grafika gebruik om 'n toneel/stel en/of persoon en/of hul aktiwiteite aan te toon. Die mense, aksies en plekke word dus geïdentifiseer om die leser te help om 'n visuele beeld te vorm van die gegewens en/of plekke ter sprake. Die foto in een bepaalde item strek oor een en 'n half bladsye en wys die nuwe hofkamer vir kinders wat moet getuig in sensitiewe hofsake (FL/94/1Jun/128-131;138). Die forensiese maatskaplike werker en 'n kindermodel wat besig is om met die poppe in die lokaal te speel, word gewys. Die artikel gaan daaroor dat kinders nie meer geïntimideer of verder getraumatiseer hoef te word wanneer hulle in mishandelingsake getuig nie omdat hulle deur die maatskaplike werker in 'n aparte lokaal ondervra word wat dan na die hoflokaal gebeeldsend word. Dit verskaf dus illustrasie van hoe die kamer in werklikheid lyk. Ferreira en Staude (1991) stel dat treffende grafika wat groot gebruik word en boonop mense en aksie as onderwerp het, die aandag trek en bydra tot die effektiwiteit daarvan. Hierdie foto illustreer dié konsep en is dus effektief. In samehang met die kop ("Children in court") word die effektiwiteit selfs meer verhoog omdat dit empatie by die leser mag wek.

In pas met bogenoemde, maar meer abstrak word daar soms 'n idee of konsep voorgestel in die grafika wat in die artikel voorkom. Dit kan dus konsepgrafika genoem word. Daar word dikwels daarna verwys as "foto ter illustrasie". Een voorbeeld handel oor biologiese vaders se regte met betrekking tot hul kinders en bevat 'n volbladfoto van 'n man wat 'n baba vashou en sy kop soen (FL/94/14Dec/116-118;120-122). Dit is indrukwekkend, vol emosie en ondersteun die tema van die artikel.

Somtyds word grafika, soos pas beskryf, herhalend aangewend om koherensie in 'n artikel mee te bring. Deur dieselfde grafika op verskillende maniere (byvoorbeeld verskillende groottes) deur die loop van die artikel op verskillende bladsye te gebruik, word die artikel tot 'n visuele eenheid saamgebind. Dit bring ritme mee wat 'n element is van goeie tipografiese ontwerp (Ferriera & Staude, 1991). Een item wat die verskynsel van die "supervrou" ondersoek, is 'n voorbeeld (FL/99/8Dec/28-30). Hier is 'n tema wat sterk deurkom – dit strek van die kop ("Good riddance, superwoman") tot die grafika (van die einste

"Superwoman" uit 'n rolprent) en ander tekselemente soos uittreksels[26] en die opsommingsdek. Die sentrale tema word dus ondersteun deur al hierdie uitleg-elemente en die kommunikasieboodskap word sodoende versterk. Die opsommingsdek lui byvoorbeeld soos volg (Hawthorne, 1999:28):

> We owe a vast debt of gratitude to the feminists who preceded us. They downed aprons, donned power suits, smashed through glass ceilings, turned their young children over to nannies and crèches and went out to blaze new trails in the business world. Why, then, are we beginning to politely decline what they fought so hard for?

Op die eerste blad is daar ook die volgende uittreksel (Hawthorne, 1999:28):

> The reality is that, far from 'having it all', most working mothers are 'doing it all' [sic]

"Superwoman" in vlug word op die grootste deel van die tweede blad gewys (dit loop effens oor na die eerste blad) en word weer kleiner herhaal op die derde blad.

Konsepgrafika word ook soms saam met realistiese grafika vir 'n artikel aangewend en dít het kontras/visuele afwisseling tot gevolg. Kontras trek die leser se aandag (Ferriera & Staude, 1991). Een voorbeeld handel oor kelners se regte en restauranteienaars se verantwoordelikheid (FL/04/Nov/258-260;262;264). Daar is 'n interessante volbladfoto van die bolyf van 'n vrou wat 'n bord kos vashou (konsepgrafika). Die laaste twee bladsye het kleinerige, maar duidelike gesigfoto's van vyf glimlaggende kelners wat genader is om hul werkservaringe te deel. Soos reeds bespreek is die funksie van laasgenoemde foto's om die bronne te identifiseer. Konsepfoto's, waarin kreatiewe en estetiese waarde voorrang geniet kan dus met meer praktiese foto's, soos identifikasie-foto's, afgewissel word.

Bekendes trek die leser se aandag en feitlik oral waar 'n bekende onder die loep kom, word daar ook 'n foto van die persoon geplaas. Een spesifieke artikel gaan oor Juliette Binoche (sy is ook op die voorblad van die uitgawe) en die feit dat sy die hoofrol in 'n Suid-Afrikaanse rolprent vertolk het (FL/04/Aug/20-22;24). Daar is verskeie foto's van haar; ook een van die Suid-Afrikaanse skrywer van die boek waarop die draaiboek gebaseer is – Antjie Krog.

Wanneer daar artikels voorkom oor mense in ander lande, word die geleentheid om eksotiese beelde te gebruik, benut. Die ongewoonheid van die beelde word ten volle gebruik vir visuele effek. Lesers is geïnteresseerd in nuwe en ongewone inligting, wat visuele inligting insluit. Een item handel oor 'n matriargiese gemeenskap in Suid-Amerika en bevat een hele blad bestaande uit twee foto's van die

---

26 'n Uittreksel/prikkel/lokker ("liftout quote/pull quote") is 'n sin of paragraaf wat uit kopie gelig word – "repeated for display purposes" (Nel, 2001:327). Harrower (2007:289) stel dit is "[a] graphic treatment of a quotation taken from a story, often using bold or italic type, rules or screens".

vroue in tradisionele drag (FL/94/9Feb/68-70). Op die laaste blad word een vyfde van die blad gewy aan 'n foto van vroue besig om met klere te werk. Die foto's is kleurvol en eksoties en die vreemdheid daarvan behoort dadelik die leser nuuskierig te maak. Die kleurvolheid en feit dat daar aksie in is, behoort ook die leser se aandag te trek (Ferriera & Staude, 1991). Die geleentheid is nou geskep vir die oordrag van inligting aan die leser, oor die bestuur en funksionering van dié ongewone samelewingsopset.

Humoristiese illustrasies word in uitsonderlike gevalle gebruik en trek die aandag omdat mense van humor hou. In een item wat gaan oor nuwe wetgewing van toepassing op bediendes is daar een kleinerige spotprent van *Madam & Eve* (FL/96/2Oct/40). Dit is 'n bekende strokiesprentreeks wat handel oor die interaksie tussen 'n blanke middeljarige vrou en haar swart bediende Eve in die nuwe Suid-Afrika. Dit is egter baie belangrik dat 'n spot- of strokiesprent moet pas by die bepaalde item wat dit vergesel. In dié geval werk dit besonder goed aangesien dit 'n reeds-bekende strokiesprent is wat die tema van die item weerspieël.

Wat fisiese aanwending betref is daar die collage-metode wat sporadies gebruik word. Dit is waar 'n aantal verskillende grafika aan mekaar gelas word sodat dit 'n eenheid vorm. In een bepaalde item wat handel oor rassisme in Hollywood word dit baie treffend gebruik deurdat altesaam 20 gekleurde vermaaklikheidspersoonlikhede van Oprah Winfrey tot Will Smith gekombineer word (FL/04/Jan/16-19). Hulle is almal aantreklike en goed-versorgde mense met baie bekende gesigte. Die feit dat die artikel juis oor hul velkleur gaan, word visueel versinnebeeld deur die opmerklike versameling swart gesigte bymekaar.

Grafika kan baie emosie by die leser ontlok. Dit bevredig dus die leser se behoefte daaraan om empatie te hê met ander en om emosionele ontlading te ervaar of emosies te ontketen (McQuail, 1972; Blumler *et al.*, 1985 in Nel, 2001:114; Hermes, 1995). Emosionele boodskappe word volgens die skemateorie dikwels gebruik om die leser se aandag na 'n boodskap te trek en die inhoud daarvan meer toeganklik te maak. Emosie is verder 'n nuusfaktor of -waarde en word dus in ag geneem by die selektering van nuusstories (Nel, 2001:52). Dieselfde konsep kan van toepassing gemaak word op die selektering van grafika.

Grafika kan duidelike emosie toon, soos byvoorbeeld in 'n artikel oor joernalis Ranjeni Munusamy (FL/04/Apr/40-42;44). Die tweede blad bestaan uit 'n volbladfoto van haar wat peinsend en onbewus van die feit dat sy afgeneem word, lyk. Hoewel dit moeilik is om te peil presies watter emosies sy ervaar het tydens die neem van die foto is dit duidelik dat sy nie positiewe emosies ervaar nie. Die artikel gaan oor die feit dat sy oneties opgetree het as joernalis en dus weerspieël die foto weereens die storie se tema en toon. Foto's wat negatiewe emosies toon, is egter baie skaars in vrouetydskrifte – op die oorgrote meerderheid glimlag mense, in pas met die algemene positiewe aard van vrouetydskrifte.

Daar kon sporadies op plekke meer moeite gedoen word met die selektering van grafika. Een item wat handel oor Yeoville as 'n metafoor vir die politieke ontwikkelingsfases waardeur Suid-Afrika gaan, is 'n goeie voorbeeld (FL/04/Apr/34-38). Die tema is baie betekenisvol. Die grafika doen egter nie reg aan die artikel nie. Daar is slegs twee kleinerige foto's tussen al vyf die bladsye – een van 'n musikant en een van geboue in Rockeystraat, waar die meeste aktiwiteite in Yeoville plaasvind. Die leser is waarskynlik baie nuuskierig oor hoe Yeoville gelyk het in die dae wat dit gefloreer het en ook hoe dit nou lyk, veral in die lig daarvan dat die skrywer insinueer dat die ontwikkeling in Yeoville die res van die land s'n sein. Daar word ook deurgaans melding gemaak van ene Reshada – 'n vriendin van die skrywer wat vandag nog daar woon. Sy word ook nooit gewys nie, hoewel daar verwysings is na hoe sy en haar huis lyk. Die gevolgtrekking is dus dat sleutelpersoonlikhede en plekke vir die leser gewys moet word in pas met die eerste twee tendense in hierdie afdeling.

In 'n beperkte aantal gevalle is daar geen grafika gebruik nie. By een item wat handel oor seksuele teistering kon daar darem 'n poging gewees het om grafika in te sluit – dit bevat deurentyd bloot "geskeurde" donker agtergronde met uittreksels daarop (FL/94/14Dec/63-64;66;68;70).

Soms is daar egter ook nie plek vir grafika nie, wat dikwels die geval is by gereelde rubrieke (byvoorbeeld FL/04/Jan/12). Dit is gewoonlik slegs een blad lank en gebruik groter lettertipes wat tipografies in blokkies of ander vorms verdeel is. Die gebruik van die verskillende lettertipes en kleure maak die uitleg interessant en daar word dus tog in 'n mate tipografies opgemaak vir die gebrek aan grafika. Juis omdat mense, volgens die aanlyn-evalueringsmodel, grootliks politieke inligting toevallig opdoen, moet grafika egter sover moontlik gebruik word omdat dit so 'n groot rol speel daarin om lesers se aandag ("toevallig") na 'n item te trek.

5.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal

Wat betref woordgebruik word daar op 'n tegniese vlak in die algemeen geen woorde of konsepte gebruik wat ongewoon is nie. Dit gebeur wel dat items sekere nuwe wette aan die leser verduidelik en dit kwalifiseer as 'n nuwe konsep wat bekendstelling aan die leser noodsaak. Een voorbeeld handel oor die nuwe wet met betrekking tot verkragting (die nuwe definisie daarvan en watter praktiese implikasies uit die her-definiëring vloei) (FL/04/Jan/12). 'n Ander handel oor 'n wet wat pas afgestudeerde dokters wil dwing om te werk waar die staat hul plaas (FL/04/Apr/16). In nog 'n ander voorbeeld word die "Gag rule" verduidelik – dit behels die sny van finansiële steun aan klinieke wêreldwyd wat aborsies doen op aandrang van George Bush, die Amerikaanse president van daardie tyd (FL/04/Oct/58-60;62). In een aflewering van 'n gereelde rubriek word die nuwe wet wat van toepassing op bediendes is, verduidelik in praktiese terme (FL/96/2Oct/40).

Sekere belangrike aspekte word deurentyd uitgelig omdat hele wette as gevolg van beperkte ruimte nie in besonderhede beskryf kan word nie. Daar word dus aan die leser inligting verskaf wat vir haar 'n basiese, maar genoegsame skema oor die nuwe wet gee. Die leser se vooraf-bestaande skemas word in ag geneem deur nie ongewone konsepte te gebruik sonder om dit te verduidelik nie.

5.6 Riglyn 5

Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek

5.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is

Die items FL/94/14Dec/63-64;66;68;70; FL/04/Feb/14; FL/99/10Nov/24-26;28; FL/99/8Dec/60-61; FL/99/4Aug/30-32; FL/99/9Jun/116-119 en FL/94/9Mar/64-66;68;70-71 is verhale van vroue wat uiteenlopende uitdagings te bowe gekom het. Dit wissel van teistering, mans wat nie onderhoud betaal nie, mishandeling en veranderde wetgewing. Een uitsonderlike geval is oor vroue wat politieke beheer het oor 'n gemeenskap in Suid-Amerika (FL/94/9Feb/68-70). In dié matriargale bestel is die vroue in beheer van handel en bestuur. Daar is dus 'n aantal voorbeelde van gewone vroue wat spesifiek *polities* bemagtig is, maar nie baie nie.

Daar kan dus meer werk gemaak word daarvan om die mense-storie-aanslag te gebruik deur gewone mense wat polities bemagtig is as rolmodelle voor te hou. Ander gewone mense se ervaringe dien as praktiese voorbeelde en inspirasie. Die skema wat die leser het oor hoe gewone mense se lewens (en ook haar eie) werk word dus in hierdie proses geaktiveer, maar die uitbreidende effek lê daarin dat 'n vrou net soos sy die spesifieke uitdaging ter sprake te bowe kon kom, en dus kan sy ook.

5.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe

Dit is raar dat items in geheel gebaseer is op bekendes se politieke perspektiewe. In die gevalle waar hul opinies wel opgeneem word, word dit dikwels gedoen in samehang met gewone mense s'n. Een bepaalde artikel gaan oor gewone en bekende vroue wat verduidelik waarom hulle nie kinders wil hê en dus nie konformeer tot stereotiperende genderrolle dat vroue moeders behoort te wees nie (FL/94/7Sep/112-114;116;121).

In 'n voorbeeld uitsluitlik gebaseer op 'n bekende se perspektiewe word daar dagboekinskrywings gegee van Helen Mirren, Britse aktrise wat op 'n anti-geweld toer deur Suid-Afrika was (FL/99/9Jun/116-119). Nog 'n voorbeeld gaan weer oor supermodel Waris Dirie se perspektiewe op die ongewensdheid van vroulike besnydenis (FL/96/7Aug/40-42;44;46;47). Sy is uiters uitgesproke (Fitz-Patrick, 1996:47):

"This custom has nothing to do with religion. Neither the Koran nor the Bible mentions it. Men invented it so that sex is just for men... It's cruel, it's unfair, it's humiliating, it's unacceptable, it changes your whole life."

Daar is 'n verskil daartussen om 'n artikel op 'n bekende se ervaring te baseer, soos die voorbeelde pas bespreek en om bloot hul kommentaar oor 'n saak in te win en by te werk. Beide kan egter help om aandag na die artikel te trek, veral wanneer dit gepaardgaan met grafika van die bekende.

Baie bekendes, veral diegene na wie vroue opkyk, is invloedryk en wanneer hulle nie wegskram van politiek nie stuur dit seine uit dat dit aanvaarbaar is vir vroue om opinies daaroor te hê. Soms is die artikel ook gebaseer op 'n bekende se (meer vermaaklike) doen en late en dan word daar sporadies verwys na sekere politieke aangeleenthede. 'n Voorbeeld is een item wat gaan oor die rolprent *In my country* en verwysings na Juliette Binoche se politieke perspektiewe oor apartheid bevat (FL/04/Aug/20-22;24).

Daar is redelik baie gevalle waar die invoeg van 'n bekende se siening die item ekstra trefkrag sou gee. In sommige gevalle sou dit ook help, maar dit sou dalk moeilik wees om 'n *bekende* bron te kry wat uitgesproke is oor die spesifieke saak. Een item gaan byvoorbeeld oor volksmoord (FL/99/13Oct/24-27). Die joernalis wil kommentaar hê wat werklik sal bydra tot die kommunikasiepoging en dit sal dus nie help om enige bekende te kry om bloot te sê hoe skokkend die situasie is nie.

Die feit bly egter dat mense en veral bekendes die aandag na items trek. Dít gee geleentheid dat die item kan bydra tot die vervulling van die medium se funksies deur die leser te bedien met inligting, hoewel sy dit moontlik nie agterkom nie. Daar is dus ruimte vir verbetering wat betref die aanwending van die mense-storie-aanslag deur bekendes se politieke perspektiewe te dek.

5.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is

Daar was altesaam vier profiele oor politici of hul familielede in die ondersoekmateriaal. Een profiel handel oor die destydse minister van buitelandse sake Nkosazana Dlamini-Zuma (FL/04/Jan/36-38). Dit fokus merendeels op haar werk – slegs ongeveer een kwart van die item het oor haar persoonlikheid en private lewe gehandel. 'n Ander profiel handel oor oud-politieke aktivis Connie Braam (voormalige hoof van die Dutch Anti-Apartheid Movement) en fokus ook meestal op haar werk (FL/04/Jun/60-63). Nog 'n profiel handel oor Teresa Heinz Kerry, vrou van John F. Kerry wat in 2004 Amerikaanse presidentskandidaat was (FL/04/Jul/52-57). Daar is balans tussen die fokus op haar werk en op haar as persoon en daar word inderdaad meestal op haar en nie haar man gefokus nie, wat 'n positiewe beeld van vroue uitstraal in die sin dat sy onafhanklik van hom sukses bereik. Nog 'n voorbeeld handel oor nog 'n Amerikaanse presidentskandidaat van 2004, Ralph Nader, en fokus so te sê eksklusief op sy werk

(FL/04/Nov/20;22). Daar is dus slegs een volwaardige profiel oor 'n Suid-Afrikaanse politikus en hierdie is derhalwe beslis 'n leemte wat gevul kan word sodat die lesers die plaaslike politici beter kan leer ken.

Daar is dus nie spesifieke tendense te bespeur in die dekking van manlike en vroulike politieke geaffilieerde mense nie, enersyds omdat daar so min daarvan is en andersyds omdat daar nie spesifieke patrone voorkom nie.

Een moontlike manier om die doeltreffendheid van die aanbieding van profiele oor polities-geaffilieerdes te verhoog is om dit interaktief te maak. Die lesers kan vooraf geleentheid kry om vrae te stel wat hulle graag wil hê die politici moet beantwoord, byvoorbeeld via die publikasie se webblad. Dit kan as 'n elektroniese imbizo gesien word. Die tydskrif is dan die direkte skakel tussen die politikus en die leser/kieser. Lesers kry nie gewoonlik die geleentheid om direk vrae aan politici te vra nie en die tydskrif kan dus die vervulling van sy funksies 'n stap verder neem deur interaksie tussen senders/ontvangers te fasiliteer.

5.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering

Soos wat daar in die vorige afdeling geredeneer is, kan lesers ook "toevallig" leer uit ander mense se ervaringe. Die begrip vir die potensiaal van dié benadering by joernaliste blyk duidelik aangesien die mense-storiebenadering in *Fair Lady* domineer.

Een spesifieke baie gewilde benadering is om 'n werklike geval te gebruik en 'n aktuele saak daar rondom uit te bou. Soms word die teenoorgestelde egter gedoen – 'n saak/gebeurtenis word bespreek en dan word verhale wat dit illustreer bygewerk. In een geval byvoorbeeld, kom nuwe wetgewing van toepassing op bediendes onder die loep en dan word die werklike voorbeeld van 'n bediende en haar werkgewer bespreek ter illustrasie van hoe die nuwe wetgewing suksesvol in die praktyk neerslag vind (FL/99/8Dec/60-61). Albei tegnieke is effektief omdat dit stories, wat mense beter onthou, gebruik om die feite doeltreffend by die leser tuis te bring. Deur die illustrasie van die feite deur middel van 'n werklike voorbeeld word die feite in 'n sin herhaal en sal dit makliker in die leser se skema opgeneem word.

Daar is nog 'n aantal spesifieke aanwendings van die mense-storiebenadering wat uitgelig kan word. Een item is byvoorbeeld heeltemal gebaseer op die opinies van mans in die werkplek oor vroue se sukses en waarde daar (FL/96/12Jul/32;34). Dit is dus 'n "vox pop" – die aaneengevlegte kommentaar van mense (Nel, 2001:144). Vroue en mans is dikwels nuuskierig oor wat die ander groep van hulle dink en hierdie soort item behoort dus vroue se belangstelling te prikkel.

Skrywersrubrieke is nog 'n spesifieke aanwending van die benadering. Dit volg uiteraard die mense-storiebenadering omdat dit by monde van iemand met wie die tydskrifleser vertroud raak, vertel word.

Hul stemme word gehoor, sienings gegee en hulle werk dikwels stories van hul eie lewens in – in pas met Nel (2001:119) se kenmerke van skrywersrubrieke.

In 'n aantal gevalle sou die invoeg van mense se verhale die artikel meer effektief gemaak het. In een item wat handel oor die politiek agter die Olimpiese Spele, kon daar meer doelbewuste kontak met sportlui gemaak word om hul opinies te verkry, maar daar is nie (FL/04/May/28-30). Sportpersoonlikhede is ook dikwels gewild onder die publiek en word inderdaad beskou as vermaaklikheidspersoonlikhede. Hulle kan dus ook 'n impak help maak.

Dit is duidelik uit bogenoemde drie afdelings dat daar op bevredigende en diverse wyses voldoen word aan die bepalinge van riglyn 5.

5.7 Riglyn 6

Kenners moet verkieslik vroulik wees

5.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne

'n Bron is as 'n kenner gereken as hulle geraadpleeg is vir 'n ekspert-opinie wat verband hou met die onderwerp. Hier volg die aantal bronne van die onderskeie geslagte wat geraadpleeg is vir die items wat op politiek gebaseer is in *Fair Lady*:

Tabel 3 – Die aantal bronne in *Fair Lady* 1994-2004

	Aantal bronne	Aantal kenners
Vroue	168	74 (44% van 168)
Mans	120	70 (58% van 120)
Onbekend	11	6 (55% van 11)
Totaal	**299**	**150 (50% van 299)**

Dit blyk dus dat bykans ses uit tien bronne vroue is, terwyl vier uit tien manlik is. Afgesien daarvan is net minder as een kwart van die groottotaal manlike kenners en presies een kwart vroulike kenners. Meer vroulike bronne is dus gebruik, maar persentasiegewys is hulle minder vir hul kundigheid gebruik as mans. Dit is egter te verstane dat daar 'n groot aantal vroulike bronne sal wees wat geselekteer is, juis omdat hulle "gewone" mense is aangesien 'n vrouetydskrif juis op hierdie vroue fokus. Meer sorg moet egter gedra word om vroue as kenners uit te soek sodat dit die beeld uitdra dat vroue ook kundig is op allerlei gebiede, veral tradisioneel manlik-gedomineerdes, in die lig van die sosialiseringsfunksie. Aan riglyn 6 word daar dus in hierdie opsig net gedeeltelik voldoen en geld dit hier as aanbeveling. 'n Vroulike ekspertbron in 'n tradisioneel-manlike gebied mag die leser se aandag trek omdat dit ongewoon is.

Daar is 'n beperkte aantal bronne van onbekende geslag. Hoewel dit min is, is die aanbeveling hier dat indien die joernalis van bronne gebruik maak waar die naam nie duidelik aandui of die persoon manlik of vroulik is nie, of wanneer die bron anoniem is, daar gepoog moet word om persoonlike voornaamwoorde soos "sy"/"haar" te gebruik om geslag aan te dui. Dit is veral belangrik wanneer vroulike ekspertbronne gebruik word. Die joernalis wat attent is op stereotipes behoort doelbewus daarop uit te wees om vroulike kenners te gebruik as bronne en dit dan duidelik so aan te dui.

Een bepaalde item is 'n uitstekende voorbeeld van genderstereotipering wat aan bande gelê word (FL/04/Oct/58-60;62). Die onderwerp is aborsie en daar is vier manlike bronne, drie van onbekende geslag en vier vroulik. Die artikel gaan nie net oor *vroue* wat praat oor aborsie, tradisioneel 'n "vroue-onderwerp", nie. Dit moet egter bygesê word dat dit hier spesifiek gaan oor George Bush se "Gag rule", wat bepaal het dat befondsing aan armer lande se mediese instellings wat aborsies verrig gesny sou word. Dit is dus 'n unieke politiese kyk op aborsie. Daar kan gespekuleer word dat indien die benadering nie so ooglopend polities was nie en argumentsonthalwe aborsie-pasiënte se ervaringe in staatshospitale gedek het, daar moontlik weer minder manlike bronne sou wees. Dit sal afhang van die publikasie se beleid en die bepaalde joernalis se ingesteldheid.

5.8 Noemenswaardige verwysings

In die items wat verwys het na politiek, het daar 'n aantal tendense voorgekom wat 'n bespreking regverdig. Een is hoe suksesvolle nie-blankes tydens apartheid uitdagings te bowe moes kom te midde van die politieke stand in die land. Hulle moes probleme soos byvoorbeeld toegang tot universiteite oorkom. Die klem in die items (gewoonlik profiele) is egter dat die onderwerpe in die huidige tyd geen kwade gevoelens oor die verlede koester nie. Die boodskap is een van versoening. Hierdie boodskappe is die tipe mediaboodskappe wat nodig is om mense se skemas oor die nuwe Suid-Afrika te vorm sodat demokrasie van krag tot krag kan gaan, aangesien dit 'n invloed kan hê op hoe mense met ander mense van verskillende rasse alledaagse interaksie het. Hoe meer boodskappe van versoening daar is, hoe meer sal die samelewing se bewustheid en oortuiginge in verband daarmee aanpas (sien afdeling 1.1 vir die werksdefinisie van politiek). Die media kan, in pas met die korrelasiefunksie daarvan, help om die samelewing te sosialiseer en kultuur help vorm.

'n Baie vermaaklike en gewilde manier om politieke en sosiale kommentaar in *Fair Lady* op te neem is deur artikels oor Evita, oftewel politieke satiris Pieter-Dirk Uys. (FL/94/6Apr/60-62;64 en FL/04/Sep/52-54 is voorbeelde.) Laasgenoemde gaan meer spesifiek oor waaroor sy twee MIV/vigs-produksies gehandel het. Hy verduidelik waarom hy spesifieke politieke en sosiale kommentaar daarin gelewer het. Sy op- en aanmerkings is altyd skerpsinnig en vermaaklik en hierdie verwagting behoort die leser in te trek wanneer sy grafika van Evita bespeur. Kommentaar is in pas met die media se funksie van interpretasie omdat dit beteken dat inligting nie bloot "klakkeloos" weergegee word nie, maar 'n bepaalde

siening daarvan. Dikwels word die inligting in hierdie proses bevraagteken en die leser se skema word dus tot 'n verhoogde mate oor die onderwerp uitgebrei omdat sy kennis geneem het van moontlike teenstrydighede of ongerymdhede met betrekking tot die inligting, of andersyds bewus geword het van positiewe implikasies wat die inligting inhou.

5.9 Samevatting

Om die spesifieke navorsingsvraag, naamlik hoe politiek in *Fair Lady* aangebied is, te beantwoord: Politiek is hoog op *Fair Lady*, as vrouetydskrif, se agenda. Die onderwerpe en benaderings daartoe is in die algemeen interessant en behoort aandag te trek. Die leser word deurgaans van genoeg nuttige inligting, konteks en idees om gevolgtrekkings op te baseer, verskaf. Dit is dus in pas met die skema- en aanlyn-evalueringsteorie. Waar identifiseerbare gevolgtrekkings wel voorgehou word, word daar nie vir die leser voorgeskryf wat om te dink nie. Hierdie bevindinge is in pas met die agendastellingsteorie. Daar is egter sekere onderwerpe en genres wat meer doelbewus gebruik kan word vir die opneem van politieke inligting.

Fair Lady is nie betrokke by partypolitiek nie, maar is gemoeid met die bevordering van die samelewing en spesifiek die vrou. Die inhoud is positief en inspirerend, maar soms tog besonder krities en vervul dus 'n waghondfunksie wat ietwat ongewoon vir die tradisionele vrouetydskrif is.

Die verslaggewers se skryfstyl is verstaanbaar en ondersteun deurentyd die boodskap. Tesame met die aanwending van grafika, trek dit in die algemeen die leser. Laasgenoemde aspek kan op sommige plekke meer deurdag wees en so ook die gebruik van meer vroulike ekspert-bronne, bekendes se politieke perspektiewe, gewone mense se verhale van politieke bemagtiging en profiele oor polities-geaffilieerdes. Daar word deurgaans van die mense-storiebenadering gebruik gemaak en ook interessante feite, emosionele inhoud en nuttige inligting, wat "infotainment" die dominante wyse van nuusaanbieding maak. Dit is in pas met die verwagtinge wat daar in die teoretiese stellings van hierdie studie gekoester is.

In die algemeen vervul *Fair Lady* sy funksie om inligting oor te dra en as opvoeder van die vrou op te tree. Talle politieke items, of verwysings daarna, is op hul agenda. Dit word op vermaaklike manier aangebied sodat dit vroue se aandag sal trek en behou en in die proses hul skemas oor die bepaalde onderwerpe sal aanvul.

Hoofstuk 6: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *rooi rose*

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die aanbieding van politieke sake in *rooi rose* ondersoek. In die proses kyk die navorser hoe die riglyne wat in hoofstuk 3 saamgevat is, neerslag vind.

Rooi rose beskryf hulself as 'n tydskrif vir die moderne Afrikaanse vrou met tradisionele waardes (rooi rose, 2008). Die redakteur, me. Martie Pansegrouw, beskryf dit verder só: "Ons is 'n klassieke vrouetydskrif met verskeie fokuspunte." (Pansegrouw, 2009.) Dit het in 1942 ontstaan (Claassen, 1998:126).

6.2 Riglyn 1

Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het

Soos in die vorige hoofstuk word hierdie riglyn in samehang met die volgende bespreek (sien afdeling 4.6.1).

6.3 Riglyn 2

Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

6.3.1 Dekking, genres en onderwerpe

Tabel 4 – Aantal politieke items in spesifieke genres in *rooi rose* (1994-2004)

	Politieke onderwerp	**Slegs verwysing**
Lesersbrief (LB)	–	30
Artikel (AT)	32	39
Redakteursbrief (RB)	0	5
Gereelde rubriek (GR)	3	7
Skrywersrubriek (SR)	3	1
Brokkie (BK)	–	1
Totaal	**38**	**83**

In die ondersoekmateriaal is daar altesaam 38 items waarvan die onderwerp en dus die hele artikel as polities van aard bestempel kan word. Daar is verder 83 items wat verwys na politiek. Vir die vrouetydskrif as medium is hierdie frekwensie voldoende aangesien dit tradisioneel nié met politiek verbind word nie, hoewel daar moontlik gestrewe kan word na 'n gemiddeld van een artikel wat op politiek gebaseer is per uitgawe sodat politieke inligting deurgaans beskikbaar is en die leser dus "gewoond" raak daaraan om dit op gereelde basis te sien op die publikasie se agenda. Pansegrouw (2009) stel egter dat rooi rose se redaksie via lesersforums op hul webblad kan agterkom dat lesers die minste van artikels met politieke ondertone hou. Hierdie hoofstuk sal egter moontlike leemtes in aanbiedingswyse kan identifiseer waaraan aandag geskenk kan word.

In die volgende tabel word aangedui hoeveel dekking daar van elke onderwerp in die publikasietydperk voorgekom het. Daar is ook weer getoon in watter genres dit voorgekom het.

Tabel 5 – Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *rooi rose* (1994-2004)

	LB		AT		RB		GR		SR		BK	
	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B
Ekologie	–	5	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Misdaad	–	5	11	1	0	0	0	0	1	0	–	0
Maatskaplike en ontwikkelingsprobleme	–	5	5	3	0	1	0	1	0	0	–	0
Regte, wette en regulasies	–	9	0	0	0	1	3	7	0	0	–	0
Profiele oor–(oud-)politici/hul familie of ander polities-aktiewe mense	–	0	6	8	0	0	0	0	0	0	–	0
Aborsie	–	0	1		0	0	0	0	0	0	–	0
(Nie-)regeringsorganisasies en politieke partye se beleide en aktiwiteite	–	2	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Gender(gelykheid)	–	3	6	7	0	0	0	1	2	0	–	0
Vakbonde en werknemersverenigings	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Vrouekonferensies	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Demokrasie en post-apartheid***	–	7	0	1	0	2	0	0	1	0	–	0
Rasse- en ander ideologiese kwessies***	–	4	1	6	0	1	0	0	0	0	–	1
Waghond speel oor instellings***	–	0	0	2	0	0	0	0	0	0	–	0
Sport***	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Internasionale politiek*** (profiele uitgesluit)	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0

*** nuwe kategorieë

Die enigste politieke item (A) wat in een van die nuutgeskepte kategorieë voorkom, was 'n artikel wat gehandel het oor oorlog en dus onder die kategorie "Rasse- en ander ideologiese kwessies, bv. oorlog" voorkom (sien afdeling 4.5.1.3 – *Kategorie 2: Onderwerpe*).

Die ander onderwerpe kan dus as moontlike aanbevelings dien, veral "demokrasie en (post)apartheid" en "waghond-speel oor instellings". Eersgenoemde is immers 'n onderwerp waaroor elke Suid-Afrikaner ingelig behoort te wees en laasgenoemde kan noodsaaklike en relevante inligting verskaf op interpreterende en analiserende wyse.

Sport en internasionale politiek is nie altyd so direk van toepassing op vroue se alledaagse bestaan nie, maar kan ook oorweeg word indien relevante inligting op 'n gepaste manier aangebied sou kon word.

Soos afgelei kan word uit die tabel is die mees algemene onderwerpe: misdaad, maatskaplike en ontwikkelingsprobleme, asook profiele en gender. Misdaad is waarskynlik gewild omdat dit sensasioneel is, terwyl maatskaplike en ontwikkelingsprobleme vroue tradisioneel na aan die hart lê. Profiele is weer gewild omdat mense belangstel in ander mense se doen en late. Die verskille tussen mans en vroue en die rol van vroue in die samelewing, fassineer vroue.

Die onderwerpe wat kan dien as moontlike aanbevelings vir die uitbreiding van wyer politieke dekking is ekologie, aborsie, nie-regeringsorganisasies en politieke partye se beleide en aktiwiteite, vakbonde en werknemersverenigings en ook vrouekonferensies. Hierdie onderwerpe kan 'n diepere dimensie aan politieke dekking gee.

Die meeste verwysings is na die ekologie, misdaad, maatskaplike en ontwikkelingsprobleme, regte, wette en regulasies, polities-geaffilieerde mense (profiele) en gender. Met die uitsondering van die twee kategorieë ekologie en regte, wette en regulasies, stem die verwysing na bepaalde politieke onderwerpe ooreen met volledige hantering van politieke items. Dit ondersteun dus die feit dat die bepaalde onderwerpe nie algemeen in die publikasie voorkom nie.

Die ekologie kom egter slegs in lesersbriewe voor en is dus in 'n mate vir lesers belangrik omdat dit tog op hul agenda verskyn. Dit is 'n punt waarop die tydskrif kan uitbrei, veral in die lig van die toenemende bewustheid van omgewingsake wêreldwyd. Deur berig te doen oor so 'n brandpunt kan die publikasie kritiek vryspring dat vrouetydskrifte sekere aspekte van die werklikheid ignoreer.

Die voorkoms van politieke inligting is die hoogste onder artikels. Die totaal van alle items by dié genre, wat politieke temas het én daarna verwys, is telkens die hoogste in enige gegewe jaar. Altesaam 32 uit die 38 items op politiek gebaseer, is artikels (84%). Wat betref items wat daarna verwys, maak artikels

39 uit 83 daarvan uit (47%). Lesersbriewe en artikels maak altesaam 83% van die items uit wat na politiek verwys.

Dit is dus duidelik dat hierdie twee genres die dominantes is wat betref die dekking van politiek in *rooi rose*. Artikels bied die geleentheid om 'n saak in relatiewe diepte te ondersoek – dit is as reël in *rooi rose* tussen twee en vier bladsye lank. Omdat die artikel meer spasie het om aandag te gee aan die gebruik van visuele- en tekselemente kan dit met die regte beplanning meer doeltreffend die leser se aandag trek en ook behou.

Die res van die genres bevat weinig politieke inligting. Daar is deurgaans tussen nul en drie items in enige van die genres in enige gegewe jaar, met die uitsondering van gereelde rubrieke in 1999 (dit is die enigste kategorie wat vier items bevat wat verwys na politiek). Die voorstel hier is dat daar krities gekyk word na hoe ander genres ingespan kan word om meer politiek in te sluit (sien hoofstuk 8).

Die rede vir die beperkte politieke dekking word deur die huidige redakteur só verduidelik (Pansegrouw, 2009):

> [Ons] voel dat ons nie met week- of dagblaaie kan meeding op hierdie vlak nie. Daarbenewens skryf ons nie vir onsself nie, want ons is vandag se elektroniese tye in noue kontak met ons lesers en weet wat hulle wil hê. Politiek is 'n baie tydgebonde onderwerp en ons fokus eerder daarop om dieper te grawe vir pitkos as sake van die dag. Ons spertye is onverbiddelik vroeg en ou politiek, koud opgedis, is alles behalwe interessant.

Die kwessie van tydigheid het inderdaad 'n groot invloed op nuusseleksie by tydskrifte, maar die navorser verskil van Pansegrouw in dié sin dat bepaalde politieke onderwerpe wel meer tydloos is as ander (daar is immers voorbeelde van politieke onderwerpe in *rooi rose* gevind). Sy meld ook die voorkoms van die huidige gereelde rubriek in artikelformaat, "rooi stoel", wat fokus op aktuele kwessies. Politieke persoonlikhede (soos Pieter Mulder, Helen Zille en Jacob Zuma) en vryskutskrywers word aangemoedig om daarvoor te skryf.

Sy kan egter gelyk gegee word dat daar definitief in ag geneem moet word wat lesers van die publikasie wil hê vir die voortbestaan daarvan. Meer hieroor in hoofstuk 8.

6.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

Daar is 'n beperkte aantal definitiewe verwysing na die beskerming van mense se regte. RR/94/9Mrt/34-35;80 gaan byvoorbeeld oor hoe om jou te beskerm teen teistering. Die artikel bestaan uit spesifieke afdelings met subkoppe verdeel wat direk of indirek bydra tot mense se begrip vir hul regte in so 'n situasie (Van der Merwe, 1994):

- Die inleiding (sonder 'n subkop)
- "Wanneer is dit seksuele teistering?"
- "Wat sê die wet?"
- "Hoe dikwels kom dit in ons land voor?"
- "Bekendes sê"
- "Jy kan self jou werkplek veilig maak"
- "By wie kan jy kla?"

Daar is ook inligting, gewoonlik in 'n gereelde rubriek vervat, wat verduidelik wat die leser te doen staan volgens wette en regulasies. Mense se regte en optrede daarvolgens word dus hier geïmpliseer. Die items RR/04/Des/184; RR/04/Okt/138-139 en RR/04/Nov/128 is voorbeelde van die gereelde rubriek, "Suksesnotas", wat in 2004 voorgekom het. Hierdie rubriek is 'n effektiewe manier om gereeld politieke inligting te dek wat mense van nut mag wees. In een item (RR/04/Nov/128), vra die leser wat die korrekte prosedure is met betrekking tot die ontbinding van haar huwelik. Die raad is omvattend en die heel belangrikste punt wat gemaak word, is dat sy 'n goeie prokureur moet kry wat haar sal help met al die detail van die saak. Die nuutste wet op die motivering vir die ontbinding van 'n huwelik word ook verduidelik.

6.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte

Dit word soms geïmpliseer, soos in die items RR/04/Okt/138-139; RR/96/2Okt/28-31; RR/04/Des/184 en RR/04/Nov/128, waar die onderliggende boodskap is dat indien jy nie sake volgens die wet hanteer nie (en dus op jou wetmatige regte staan nie), jy aan die kortste ent kan trek.

In 'n ander artikel word daar ook nie spesifiek op implikasies gefokus nie, maar die onderliggende argument is dat die leser haarself gaan blootstel aan die ongemak, pyn en lyding van voortdurende seksuele teistering, indien sy die situasie nie wetmatig korrek hanteer nie (RR/04/Aug/20-22;24; RR/94/9Mrt/34-35;80).

Daar word een geval uit die media aangehaal waar 'n jong polisievrou selfmoord gepleeg het omdat die teistering waaraan sy blootgestel is buite beheer geraak het en sy nie die nodige hulp gekry het nie. Skokkende ware verhale soos dié behoort die boodskap oor te dra dat indien die leser nie op haar regte staan en weet waarheen sy kan gaan vir hulp, indien sy nie die nodige ondersteuning in haar werkplek kry nie, dit baie negatiewe gevolge kan inhou. Dit is noodsaaklike inligting soos dié, wat die leser in staat sal kan stel om pro-aktief of reaktief op te tree, met betrekking tot probleme wat sy mag ervaar. Die impak van mense se verhale word vergroot wanneer uitdagende gevolge deel van die bespreking vorm.

6.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye

Daar word nooit op 'n positiewe of negatiewe manier verwys na die onderskeie politieke partye nie. In die ondersoektydperk was daar ook inderdaad slegs in een item na twee partye verwys. Een is 'n profiel oor Sheila Camerer, destyds lid van die Nasionale Party (RR/96/7Mei/10-13). Sy is genooi vir die onderhoud op grond van die feit dat sy herverkies is tot adjunk-minister van justisie en nie omdat sy lid van die NP is nie. Sy verwys ook net vinnig daarna dat lede van die ANC haar geluk gewens het.

In 'n profiel oor Hillary Clinton word die Demokratiese Party waarvan sy en haar man, die destydse Amerikaanse president Bill Clinton lede is, genoem (RR/04/Jan/210-212). Daar word egter geen inligting oor die party gegee nie en die inligting is dus bloot ter agtergrond.

Deurgaans word dus regverdig en gebalanseerd berig gedoen oor politieke partye, in pas met die tradisionele manier van doen. Hier word verder ook voldoen aan riglyn 2, omdat relevante en nuttige inligting vir vroue se skemas op die vrouetydskrif se agenda gevind word.

Sekere onderwerpe en genres is egter in afdeling 6.3 geïdentifiseer wat meer dekking kan geniet. Volgens Pansegrouw (2009) het *rooi rose* "'n oop-deur-beleid, wat die voorstel van artikels betref" en word daar dus nie doelbewus wegbeweeg van politieke onderwerpe nie. Die spesifieke voorstel vir die wyse waarop dit aangebied kan word, is dus inherent deurslaggewend vir of dit geplaas behoort te word.

6.4 Riglyn 3

Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep

6.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad)

In die aanbieding van inligting gemik op vroue se alledaagse bestaan kom daar ook verskeie tendense na vore wat vervolgens bespreek word.

Sommige items is in geheel gebaseer op inligting wat bruikbaar is vir die leser en bestaan dikwels uit die bespreking van reëls, regulasies en wette. Die gereelde rubriek "Suksesnotas" uit die uitgawe van November 2004 gaan oor skei-prosedure (RR/04/Nov/128). Die item bestaan uit raad om so gou moontlik by 'n prokureur uit te kom wat al die nodige inligting waarvoor die item nie plek het nie, sal kan voorsien. Die verslaggewer sorg dus dat die leser verwys word na 'n bron van omvattende hulp. Daar word ook genoem wat die leser spesifiek moet uitvind wanneer sy 'n prokureur gaan sien. 'n Nuwe wet op erkende redes vir egskeiding word verduidelik asook hoe die skikkingsooreenkoms werk.

Raad word dikwels gegee vir die hantering van noodsituasies. Een artikel verduidelik wat die aanmelding van verkragting behels (RR/96/2Okt/28-31). Daar word presies gesê hoe en waar om dit aan te meld.

Inligting wat lesers kan help om hulself en andere wetmatig te beskerm teen verskillende bedreigings is nog 'n tendens. Een artikel gaan byvoorbeeld oor hoe om selfgeldend op te tree wanneer jy seksueel geteister word (RR/94/9Mrt/34-35;80).

'n Verdere aspek verbonde aan inligting-oordrag is dat dit mense ook met realiteitsvorming en identiteitsvorming help, met ander woorde hoe die samelewing werk en wat die individu se rol daarin is. Die inligting hier is nuttig omdat dit mense help sosialiseer. Vrouetydskrifte speel immers spesifiek 'n rol in die tot stand bring van vroulike identiteit (afdeling 2.3). Een artikel gaan byvoorbeeld oor die verandering in mans se geslagsrolle in die moderne samelewing (RR/94/2Nov/24;89). Dit bevat geen daadwerklike raad nie, maar beskryf die huidige situasie om meer duidelikheid oor die onderwerp by die leser tuis te bring. Dit mag hul siening en moontlik hul optrede in die alledaagse lewe beïnvloed. Die artikel is boonop gebaseer op die uitslag van 'n studie en weerspieël dus die werklikheid.

Kontakbesonderhede om verdere hulp te kry, of om uit te vind hoe die leser kan deelneem aan 'n inisiatief, is ook inligting wat prakties bruikbaar is. Die leser word dikwels aangemoedig om betrokke te raak by die samelewing omdat hul praktiese bydraes 'n daadwerklike verskil kan maak.

Daar word dus genoegsame prakties-bruikbare inligting deurgegee wat die opvoedkundige ingesteldheid van *rooi rose* aandui.

6.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei

Konteks en gevolgtrekkings word, net soos by die vorige publikasie, op verskeie maniere geskep wat wel ook ooreenkom met die vorige bespreking. Daar is soms fisiese plekke waar dit voorkom in die item, byvoorbeeld die inleidingsparagraaf. Soms is dit egter nie so voor die hand liggend nie.

- Kop en opsommingsdek[27] (konteks). Genoeg begrip vir die konteks kan reeds hier geskep word. In 'n artikel getiteld "UGO wat werk" stel die opsommingsdek dat uitkomsgebaseerde onderwys reeds sewe jaar deel is van skole se kurrikula (RR/04/Okt/126-128;130). Die artikel bespreek dan die vordering van die sisteem en vervul dus die verwagting wat in die kop en opsommingsdek geskep is. Dit help as genoeg konteks vir die saak ter sprake in die kop en

27 Sien voetnota 25 vir definisie.

opsommingsdek geskep is omdat baie lesers slegs hierdie dele van sommige van die items lees. Hierdie kort dele kan inderdaad help om 'n skema oor 'n onderwerp te skep of uit te brei. Sorg moet dus geneem word met die skryf daarvan om so volledig moontlik die kern van die kwessie oor te dra. Die haastige of onbelangstellende leser kan sodoende ook "toevallig" belangrike inligting in 'n neutedop bekom.

- Eerste en inleidende paragrawe. Dit is 'n baie algemene manier om konteks te skep. Die item RR/99/9Jun/16-19 is byvoorbeeld grotendeels gebaseer op die aparte verhale van drie egpare se lewens en fokus op watter praktiese bydrae die man in die verhouding tot die huishouding maak. Daar word aan die begin in 'n aantal inleidende paragrawe die konteks geskep dat die samelewing wat betref gender verander het. Die punt word gemaak dat vandag se mans duidelik anders is as hul voorgangers, wat dan ook inderdaad die gevolgtrekking is. Sonder hierdie paragrawe sou die artikel weinig sin gemaak het. 'n Sinspeling op die gevolgtrekking is dus dikwels reeds in die inleidende paragrawe te bespeur, soos ook in een artikel wat handel oor vroue in die politiek (RR/94/4Mei/24-26;31): "As 'n bekwame vrou bereid is om haarself beskikbaar te stel vir die politiek, is die geleentheid nóú daar om 'n ware bydrae te lewer." (Nelmapius, 1994:24.)

- Laaste paragrawe (gevolgtrekking). Om sterk te eindig word daar dikwels afgesluit met 'n opsommende gevolgtrekking. 'n Goeie voorbeeld is een artikel wat ondersoek het of staatskole en uitkomsgebaseerde onderwys vir ouers rede tot kommer met betrekking tot hul kinders se toekoms behoort te wees (RR/04/Jan/114-116). Die laaste paragrawe besweer enige besorgdheid (Rossouw, 2004:116):

> "...ouers moenie te bekommerd wees nie, want leerders uit staatskole bly hul [die Randse Afrikaanse Universiteit se] grootste kliënt... . Sorg net dat jou staatskoolkind se basiese ontwikkeling en punte goed is".

Die laaste gedagte waarmee die leser gelaat word, wat sy derhalwe ook makliker behoort te onthou omdat dit die laaste indruk is, help haar dus om tot 'n betekenisvolle gevolgtrekking te kom en haar skema dienooreenkomstig aan te vul. In hierdie geval is dit duidelik hoe gevolgtrekkings deur die publikasie voorgehou die leser inderdaad tot aksie kan oorhaal (die leser moet sorg dat haar kind se skoolpunte goed is).

- Gevalle uit die media. Daar word dikwels voorbeelde van gebeure wat in die media voorgekom het gebruik om konteks te skets oor die omvang van die bepaalde (dikwels problematiese) saak wat ter sprake is. 'n Artikel wat handel oor reeksmisdadigers beskryf aan die begin 'n aantal gevalle van reeksmisdade in daardie tyd in Suid-Afrika (RR/94/5Okt/29-30;93). In so 'n tipe artikel is daar nie 'n daadwerklike gevolgtrekking nie omdat die verskynsel se verskillende fasette

ondersoek word, hoewel die konteks en gevolgtrekking in 'n mate dieselfde sou kon wees. In dié geval is dit dat reeksmisdadigers 'n toenemende probleem is wat politieke ingrype regverdig, byvoorbeeld die oplegging van swaarder strawwe.

- Studies en statistieke. Statistieke en die bevindinge van studies kan ook dikwels aandui hoe omvangryk 'n bepaalde saak is, wat ook kan dui op die gevolgtrekking dat die verskynsel 'n groot probleem is en optrede regverdig van individue en/of die samelewing en/of die regering. Een spesifieke artikel is gebaseer op die uitslag van 'n studie wat ondersoek het of vroue werklik geëmansipeerd *wil* wees of nie (RR/94/2Nov/24;89). Die uitslag van die studie dien dus as agtergrond vir 'n bespreking daarvan. Dit is logies dat die bespreking se gevolgtrekking dikwels in pas is met die uitslag van die studie, maar dit vorm 'n interessanter besprekingspunt wanneer die skrywer krities met die uitslag omgaan en sodoende die leser tot nuwe insigte lei (sien ook afdeling 5.4.2).

- Gewone mense se verhale. Een artikel begin met 'n gewone vrou se verhaal van die aborsie wat sy ondergaan het (RR/94/7Sep/30-31;107). Sy moes geld steel om dit te kan bekostig en wou na die tyd selfmoord pleeg, maar vanweë geloofsoortuiging het sy daarteen besluit. Hierdie dele van haar verhaal skep die konteks vir die uitdagende situasie waarin sy haar bevind het. Die gevolgtrekking is egter ook in haar verhaal opgesluit, naamlik dat sy spyt is oor die aborsie en met die vertel van haar verhaal wil sy mense oortuig om dit nie te doen nie hoewel dit in daardie jaar gewettig is. Hierdie is weer 'n voorbeeld van die aanbieding van nuus vir vroue en nie net vir die algemene samelewing nie. Aborsie was wel wettig teen daardie tyd en tog is die onderliggende gevolgtrekking van die item dat daar ander opsies is.

Soms is dit nie nodig om veel konteks te skep nie, byvoorbeeld in profiele waar dit daaroor gaan om die persoon te leer ken. Daar sal moontlik in die kop/opsommingsdek "verduidelik" of "aangetoon" word waarom die spesifieke persoon gekies is, met ander woorde die persoon se "nuuswaarde" word aangetoon. Dít skep natuurlik die nodige konteks vir die leser wat nie bekend genoeg is met die onderwerp nie.

6.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan

Soos in die geval met die vorige publikasie hou aspekte waarop klem gelê word direk verband met die onderwerp en styl van vrouetydskrifte in die algemeen. Dit fokus op aspekte wat vir vroue belangrik is om hul lewens so effektief en vervuld moontlik te lei.

Daarom fokus verskeie items daarop om vroue te inspireer met inligting oor die oorbrugging van uitdagings wat betref uiteenlopende aspekte van hul lewens. Items fokus ook gewoonlik, waar moontlik,

op mense se stories en persoonlikhede om die leser sover te kry om te identifiseer met die feite en dit dus makliker in hul skemas op te neem (afdeling 6.6).

Somtyds word daar debatte gevoer oor aangeleenthede en die klem is dan op die positiewe en negatiewe aspekte verbonde aan elke saak. Een artikel handel byvoorbeeld oor die werkbaarheid en wensbaarheid van poligamie (RR/99/3Mrt/24-27).

Uit afdeling 6.4 blyk dit dat daar wel aan riglyn 3 voldoen word aangesien daar as 'n reël genoeg konteks en gevolgtrekkings op verskeie maniere in politieke items geskep word en vroue se politieke skemas dus sal ontwikkel. Baie inligting van praktiese waarde word verskaf. Die geselekteerde aspekte wat uitgelig word, is in pas met die toon van die res van die publikasie en vrouetydskrifte in die algemeen.

Die relevantheid van die riglyn word deur Pansegrouw (2008) ook begryp. Volgens haar (en dit word beaam deur afdeling 6.4) fokus hulle reeds op vroue se alledaagse bestaan "en dan wel altyd op 'n positiewe wyse. ... Dit gaan vir ons juis daaroor om ons lesers in te lig, sodat hulle self besluite kan neem. Ons artikels is diepgaande, en ons navorsing werklik betroubaar."

6.5 Riglyn 4

Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, asook die keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl

In verband met hierdie riglyn het Pansegrouw (2008) die volgende gesê: "Presies wat ons probeer doen. ... Die werklikheid van die dag is wat ons weerspieël, maar ons skryf ons artikels altyd in 'n positiewe trant. Mense wil vermaak word, maar hulle wil ook saam met ander ly solank daar altyd hoop is. Mense wil glo hulle kan steeds iets doen aan dit wat in die land gebeur" (Pansegrouw, 2008). Dit is dus in pas met tradisionele vrouetydskrifaanslag om op die positiewe en hoopvolle te fokus. Pansegrouw fokus egter op die aanslag tot die aanbieding van die onderwerpe in 'n holistiese sin. Aandag aan detail, byvoorbeeld die aanwending van grafika kan die impak van die inhoud vergroot.

6.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items

Die algemene styl van items is in pas met die leuse van *rooi rose* in 2004, naamlik "stylvol, sinvol, propvol".

Dit wil die leser help en verhoogde begrip skep vir sake wat haar en haar gesin en die samelewing waarin sy haar bevind, raak. Die items RR/04/Des/184; RR/04/Nov/32-34;36 en RR/04/Okt/126-128;130 handel byvoorbeeld oor sake wat verband hou met kinders. Die items RR/04/Jan/114-116; RR/96/2Okt/28-31; RR/96/10Jan/28-29; RR/96/6Mrt/26-28; RR/94/4Mei/24-26;31; RR/94/9Mrt/34-35;80

en RR/94/5Okt/29-30;93 verskaf weer raad, leiding en waarskuwing in verband met verskillende samelewingskwessies soos misdaad en die opvoedingsisteem. Met die eindeffek van 'n sterker skema in gedagte tree joernaliste in belang van die leser op wanneer hulle onderwerpe kies en die nodige inligting insamel. Dit is dus "propvol" "sinvolle" inligting.

Inligting word egter nie net ondeurdag aangebied net om dit oor te bring nie. Daar word moeite gedoen om dit interessant te maak, om steeds die leser te boei en te vermaak sodat sy kan ontspan terwyl sy leer, soos in 'n artikel waar drie skrywers in geselstrant praat oor hulle navorsing oor die Anglo-Boereoorlog (RR/99/3Mrt/20-23).

Items fokus op die vrou, al gaan dit oor bekendes of invloedrykes, soos artikels wat oor Hillary Clinton handel (RR/94/9Feb/28-29; RR/04/Jan/210-212). Ervarings, uniek aan vrouwees, word spesiaal uitgesoek en in diepte en op persoonlike, intieme vlak oopgevlek, byvoorbeeld 'n artikel oor aborsie (RR/94/7Sep/30-31;107). Die tydskrif tree duidelik as 'n "vriendin" op deur positief en inspirerend te wees tot die mate wat 'n publikasie dit kan doen.

6.5.2 Die gebruik van interessante feite

Dikwels is die artikels gebaseer op interessante onderwerpe en die hele item is dan deurspek van interessante uitbreidings op die onderwerp, byvoorbeeld 'n artikel oor die Anglo-Boereoorlog (RR/99/3Mrt/20-23). Dit bevat boeiende verhale en nuwe insigte oor die oorlog. Die oorlog is 'n deel van blanke Afrikaners se geskiedenis en dit behoort vir die leser interessant te wees om voorheen onbekende staaltjies en feite in verband daarmee te lees. Selfs jonger geslagte mag dit interessant vind omdat hulle nie noodwendig bekend is met baie besonderhede van die oorlog nie, maar tog daarvan weet.

Statistiek word sporadies aangewend om kwessies te beklemtoon. In 'n artikel oor seksuele teistering, word byvoorbeeld gestel dat seksuele teistering gereeld voorkom in ondernemings met meer as 75% manlike werknemers (RR/94/9Mrt/34-35;80).

Profiele en ander items wat mense se ervarings bevat behoort ook vir lesers interessant te wees. Interessante onderwerpe sal dikwels nie doeltreffend aangebied kan word sonder die invoeg van mense wat ervaring daarin het, se sienings nie. Een spesifieke artikel oor poligamie (RR/99/3Mrt/24-27) sou moontlik nie die leser so geboei het as daar nie insette was van 'n gewone vrou wat haar in so 'n verhouding bevind nie.

Dikwels maak die nuutheid ("novelty") van 'n saak dit interessant. Een artikel gaan oor die feit dat die weermag in 1999 vir die eerste maal vroue en mans saam begin oplei het (RR/99/10Nov/38-41). Die

joernalis het 'n dag spandeer saam met van die vroue wat opgelei is en vertel van die ervaring. 'n Paar bekende vroue praat ook oor hul lewe in die weermag van vroeër jare.

6.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel

In sommige items word emosies van die mense oor wie geskryf word, beskryf. In ander kan daar afgelei word watter emosie moontlik by die leser ontlok word na aanleiding van die inhoud (sien afdeling 5.5.3). Emosies wat beskryf word kom eerste aan die beurt.

- Woede. Die item RR/96/6Mrt/26-28 is 'n voorbeeld hiervan en handel oor 'n vrou wat gemolesteer is se woede teenoor haar ma omdat sy haar nie beskerm het nie. Dagboekinskrywings in die artikel verwoord haar presiese gevoelens; dit is ook selfs geadresseer aan haar ma. Die persoonlike en intieme skryfwyse verhoog die emosionele impak.

- Liefde. Die profiel RR/04/Nov/32-34;36 gaan byvoorbeeld oor Beyers Naudé en sy vrou Ilse se lewe saam gedurende die apartheidsjare, waartydens hy 'n stryder was vir menseregte. Volgens die artikelskrywer is hulle in die stryd teen apartheid geostraseer, maar hul liefde vir mekaar was hul behoud. Die artikel word gekomplimenteer deur foto's waar die emosie (liefde en gehegdheid) tussen die twee duidelik blyk.

- Vernedering. Die items RR/94/9Mrt/34-35;80 en RR/04/Aug/20-22;24 gaan oor vroue se behoefte om hulself te laat geld en nie toe te gee aan die vernederende effekte van seksuele teistering nie. Een artikel het 'n spesifieke afdeling wat gaan oor die emosionele letsels wat gelaat word na so 'n ervaring en verduidelik watter negatiewe invloed dit op vroue se selfbeelde mag hê.

- Lyding. Die item RR/96/2Okt/28-31 bevat drie verhale van vroue wat verkrag is.

- Desperaatheid. Die item RR/94/7Sep/30-31;107 vertel die verhaal van 'n vrou wat so desperaat was om 'n aborsie te kry dat sy by haar werk geld gesteel het.

- Hartseer en spyt. Pas genoemde voorbeeld (RR/94/7Sep/30-31;107) illustreer ook hierdie emosie. Die vrou vertel haar storie om ander te oortuig dat aborsie nie die enigste uitweg is nie. Sy is baie eerlik oor haar emosionele wroeging en gebruik dit as deel van 'n pleidooi vir vroue om aborsie te heroorweeg.

- Nostalgie. In RR/99/10Nov/38-41 word vertel van 'n weermagkollege vir vroue wat sou sluit. Daar word met vroue wat daar opleiding ontvang het gepraat oor hul ervaringe van die verlede.

Vervolgens word emosies wat moontlik by die leser gewek sou kon word in bepaalde items bespreek. Dit verskil van die vorige afdeling in die sin dat dit dikwels meer positief en opbouend is, in pas met hoe dit in *Fair Lady* gedoen word (afdeling 5.5.2).

- Bewondering/inspirasie. Die kop van 'n profiel oor Hillary Clinton maak die atmosfeer van die item duidelik: "Hillary Clinton – min duike in háár pantser". Sy word as moedig en inspirerend voorgestel vir die manier waarop sy haar man, oud-president van Amerika Bill Clinton, se ontrouheid hanteer het. Baie vroue word met soortgelyke omstandighede gekonfronteer en sy word as inspirasie voorgehou vanweë die sterkte van karakter wat sy getoon het.

- Empatie. Die item RR/96/10Jul/26-27 is sekerlik die mees beduidende voorbeeld hiervan – dit gaan oor "Samaritane", mense wat welwillend optree teenoor ander en wie dan deur daardie selfde mense aan wie hulle goed gedoen het, vermoor word.

- Vroulike identiteitstrots. Die item RR/99/3Mrt/24-27 illustreer dié emosionele ingesteldheid en gaan onder meer oor hoe een gewone vrou moes aanpas in 'n poligame verhouding. Kommentaar van bekendes in die artikel dui op die siening dat poligamie in die algemeen chauvinisties is omdat dit gewoonlik vroue is wat een man deel. Liefdesverhoudinge is 'n baie emosioneel-gelaaide onderwerp en dit sal dus maklik wees om by hierdie skema van die vrou aanheg te vind.

- Moederinstink. Hier gaan dit daaroor dat vroue gewaarsku word oor dinge wat met hul kinders kan gebeur en lesers kan besorgde en beskermende emosies ervaar. Een artikel gaan oor kinders wat ander kinders molesteer en verduidelik byvoorbeeld hoe die tipiese kind wat sulke misdade pleeg, lyk (RR/96/10Jan/28-29). Die feit dat openbare strafstelsels nie genoegsame afskrikmiddel vir hierdie misdadigers is nie en dat mense in hul alledaagse lewe op hul hoede moet wees, blyk duidelik.

6.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek

Die identifikasie van plekke en mense is 'n funksionele aanwending van grafika waarmee ook estetiese moeite gedoen kan word. Een artikel is 'n goeie voorbeeld van waar die grafika nie net die plek ('n tronk) en die mense ter sprake (gevangenes) wys nie, maar as't ware 'n storie vertel (RR/04/Aug/36-38). So wys een van die foto's 'n muurskildery by die ingang in die tronk onder bespreking. Hierdie afdeling van die tronk is 'n vleuel waar die gevangenes gerehabiliteer word deur voëls te versorg. Die skildery wys voëls in vlug en daar is ook woorde bygeverf: "Animals can cure sometimes, relieve often, but comfort always". Die joernalis verwys in die laaste paragraaf, op dieselfde bladsy as die foto, na hierdie woorde.

Daar is boonop een van die gevangenes met hande beskermend om die voëltjie in sy sorg, ook op die foto, wat so te sê die hele boodskap van die artikel opsom.

Aksie trek ook mense se aandag na grafika (Fereira & Staude, 1991). Veral wanneer dit ongewone aktiwiteite/omstandighede is, trek dit baie aandag omdat mense nuuskierig is. Een item het foto's van vroulike soldate in aksie (RR/99/10Nov/38-41).

Somtyds is daar humoristiese illustrasies by skrywersrubrieke wat dele in die rubriek voorstel. Hierdie tipe illustrasies kondig dadelik die humoristiese aanslag van die item aan en behoort dus die leser, op soek na pittige vermaak, te lok. Een item gaan byvoorbeeld oor vier "tipes" Afrikaanse vroue en bevat 'n spotprent wat hulle versinnebeeld (RR/94/2Nov/22-23). Dit stereotipeer wel ook gender, maar dit word tong-in-die-kies gedoen.

Daar word baie van geposeerde foto's gebruik gemaak in *rooi rose*. Die meeste van die tyd het dit in 'n mate te make met die onderwerp, maar indien die foto in isolasie bekyk sou word, sou dit dikwels nie duidelik blyk wat die onderwerp is nie. Een spesifieke item gaan oor teistering, maar die foto bevat bloot 'n man en vrou in gesprek met mekaar in 'n kantoor-opset (RR/94/9Mrt/34-35;80). Visueel kon die grafika dus die konsep van teistering beter oorgedra het.

Die grafika het somtyds selfs niks te doen met die onderwerp van die teks nie en is dit dus verwarrend en baie ondoeltreffend. 'n Voorbeeld is een spesifieke item met 'n foto van 'n jong man met 'n geweer in sy hand besig om op 'n muur te klim (RR/96/10Jan/28-29). Die artikel gaan oor die seksuele misbruik van kinders deur ander kinders en die verband tussen die inhoud en grafika is dus nie duidelik nie.

Konsepgrafika is in pas met bogenoemde en verskil daarvan in dié sin dat dit wel ook mense kan bevat, maar dat dit meer dikwels egter nie die geval is nie. Daar word eerder 'n abstrakte konsep voorgestel. So bevat een item 'n foto van 'n man se hande wat agter hom vasgemaak is met boeie (RR/94/5Okt/29-30;93). Dis 'n dramatiese konsep wat gevangenskap voorstel. Die artikel handel oor die gevaar wat reeksmisdadigers inhou en die feit dat hulle maklik weer loskom van die gereg.

Bekendes trek die aandag. Evita, 'n karakter geskep deur die komediant Pieter-Drik Uys, trek ook gewoonlik die aandag (byvoorbeeld RR/94/5Okt/26-27). Vrouetydskrifte dek gereeld die "bekendste dame in Suid-Afrika" se doen en late. Wat grafika betref, doen die komediant altyd moeite met sy kleding en ook die aksie en spesiale effekte in die foto. Evita se gesigsuitdrukkings, oordadige grimering, haredos, kleresmaak en posering is maklik herkenbaar. Inligting oor haar is ook gewoonlik vermaaklik en die grafika behoort die leser se aandag te trek.

Die gebruik van grafika kom dikwels tot sy dramatiese reg met behulp van sekere tipografie-effekte. In een spesifieke item word tipografie en spesifiek die element kleur buitengewoon gebruik

(RR/96/10Jul/26-27). Die agtergrond is swart, letters wit en die buitelyn van 'n persoon wat herinner aan die lyne wat polisie op die grond rondom 'n lyk trek, ook wit. Laasgenoemde is dan ook die enigste grafika en gee die algemene beeld van die artikel 'n baie dramatiese kwaliteit. Dit ondersteun die tema wat gaan oor mense wat ander wat vir hulle goed was (genoem "Samaritane"), vermoor. Die gebruik van 'n swart agtergrond is 'n spesiale effek en trek aandag. Soos enige ander spesiale effek moet dit spaarsamig gebruik word en ook net waar dit 'n doel dien.

In sommige gevalle word daar geen grafika gebruik nie, waar dit wel 'n bydrae kon lewer tot die storie. Een item gaan oor pedofiele en kon meer aandag na dié ernstige artikel getrek het met behulp van grafika (RR/94/1Jun/32;120).

Volgens Pansegrouw (2009) is lesers sensitief vir die aanwending van grafika en tipografiese neigings:

> Ons voel dat ons op 'n fyn lyn loop tussen leesbaarheid en besige grafika. Ons het juis onlangs besluit om weer te kyk na ons uitleg om meer leesvriendelik te probeer wees, met kleiner teksblokke en ander aanbiedinge wat aandag kan trek. Ons lesers is gevoelig en kla bv. [sic] as teks in kleurblokke aangebied word, dat dit moeiliker lees.

In die lig van dié kommentaar, asook die feit dat die grootste probleme met die gebruik van grafika in *rooi rose* in die vroeëre uitgawes geïdentifiseer is, word die afleiding gemaak dat grafika tans goed deurdag word.

6.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal

Daar word soms nuwe wette aan die leser verduidelik. Tekenend hiervan is 'n item wat 'n nuwe wet beskryf wat poligamie in essensie goedkeur (RR/99/3Mrt/24-27). Die rasionaal daaragter word verduidelik: vroue in tradisionele gemeenskappe wat in elk geval in poligame verhoudings is, kry deur die nuwe wet meer regte. Die wet self word egter nie in diepte bespreek nie – die fokus is op poligamie as sosiale verskynsel. Die "ongewone konsep" dat vroue (verbonde aan sekere kultuurgroepe, bygesê) inderwaarheid regte kan bykry word met die lees van die artikel duidelik.

Daar word ook in twee artikels verwys na uitkomsgebaseerde onderwys (RR/04/Jan/114-116; RR/04/Okt/126-128;130). Die leser wat teen daardie tyd nog nie verstaan het waaroor dit gaan nie, sou egter 'n baie goeie idee daaroor kon vorm uit enige van die twee artikels na aanleiding van mense se kommentaar daaroor. Selfs 'n leser met 'n baie karige skema van die onderwerp behoort na die lees van een of albei die artikels 'n bevredigende begrip te hê van waaroor dit gaan.

Dit is duidelik uit bogenoemde paragrawe wat onder afdeling 6.5 bespreek is dat riglyn 4 neerslag vind in die inhoud van *rooi rose*. Die aanwending van grafika trek in die algemeen die aandag. Interessante feite en emosionele inhoud, asook die gebruik van vrouetydskrifstyl word gevind wat die "infotainment"-aanslag teweeg bring. Lesers se skemas word ook in ag geneem deur ongewone konsepte spaarsamig te gebruik of te verduidelik.

6.6 Riglyn 5

Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek

6.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is

Daar is bykans geen gevalle waar vroue op hul politieke regte gestaan het en 'n situasie so te bowe gekom het nie en hierdie is dus 'n punt tot nadenke vir die publikasie. 'n Geval wat naby kom is een spesifieke item wat handel oor seksuele teistering (RR/04/Aug/20-22;24). Die vrou wat die hoofbron van inligting is het self teistering beleef hoewel daar nie besonderhede gegee word nie. Daar word bloot vinnig daarna verwys. Die klem val op die raad wat sy het vir ander vroue en die feit dat sy 'n regsorganisasie op die been gebring het sodat sy ander vroue kan help om sulke situasies te hanteer. Hoewel daar dus nie veel detail is nie, word geïmpliseer dat sy tot só 'n mate bemagtig is na haar ervaring dat sy selfs nou ander help om dit te bowe te kom.

In 'n aantal gevalle is die geleentheid om gewone mense se stories in te voeg waar dit sou help om die gegewens beter te illustreer, verspeel. In een spesifieke geval, ook oor seksuele teistering, is die onderliggende idee dat die skrywer slagoffers wil aanmoedig om sulke sake aan te meld (RR/94/9Mrt/34-35;80). Tog word geen voorbeelde van gewone vroue wat dit al suksesvol gedoen het vermeld nie.

Daar word soms ook 'n minder goeie voorbeeld gestel, soos in een artikel wat handel oor 'n vrou wat as kind gemolesteer is (RR/96/6Mrt/26-28). Die vrou kon die saak aangemeld het. Indien dan nie as kind nie, wel as volwassene, maar die artikel gee nêrens hierdie feit weer nie. Dit praat eerder van die vrou se persoonlike pad na herstel, maar ignoreer bykans die bykomende politieke dimensie wat hier ter sprake kon wees, naamlik dat sy haar kon wend tot openbare gesagsmiddele. Hierdie voorbeeld illustreer die belangrikheid daarvan dat vroue bemagtig moet word om in die openbare domein te funksioneer. Dit is verblydend dat hierdie vrou in haar persoonlike hoedanigheid die probleem oorkom, maar dit gaan nie die persoon wat teenoor haar oortree het verhoed daarvan om dit weer te doen nie. Daarvoor moet daar aksie geneem word in die openbare domein.

Soms laat openbare sisteme egter slagoffers wat op hul regte wil staan in die steek. In een item word drie gewone vroue se verhale van verkragting vertel (RR/96/2Okt/28-31). Slegs een het die saak gaan aanmeld, maar die stelsel het haar in die steek gelaat. Sy het by 'n krisissentrum begin werk en help vroue wat verkrag is. Sy is dus persoonlik bemagtig omdat sy besluit het om haar bydrae te maak om verkragtingslagoffers te help, maar nie in 'n openbare, regmatige sin nie. Van die uitstaande funksies van die media is waarneming en waghond-speel en in die lig hiervan behoort sake soos dié 'n hoë prioriteit op die media se agenda te hê sodat dit ook 'n samelewingsprioriteit kan word.

6.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe

Daar is sporadiese gevalle hiervan. In RR/04/Aug/20-22;24 lewer akteur David Vlok kommentaar oor seksuele teistering. Dit is 'n baie doeltreffende toepassing van die gebruik van 'n bekende se opinie aangesien hy praat oor hoe sy karakter in *Egoli*, 'n gewilde sepie in daardie tyd, waarin hy toe te sien was. Sy opinie is juis van waarde aangesien die karakter wat hy gespeel het vroulike karakters geteister het. Hierdie teenstelling tussen die man en die karakter wat hy vertolk bring ekstra vermaakwaarde mee. Hy sê vroue behoort te praat oor die probleem sodat die oortreders voor stok gebring kan word. Hierdie brokkie aanmoediging is in lyn met die media se mobiliseringsfunksie.

'n Ander item handel oor dieselfde onderwerp en bevat ook bekendes se opinies en in dié geval ook hul ervaringe (RR/94/9Mrt/34-35;80). Drie persone is gevra of hulle vantevore aan seksuele teistering blootgestel is, maar net een gee 'n substansiële perspektief oor die saak. Sy dink teistering word oordryf. Dit ondersteun nou wel nie die algemene siening in vrouetydskrifte dat vroue ingelig moet word en moet ligloop daarvoor nie, maar dit dien tog die massamedia-funksie om 'n platform vir verskillende perspektiewe te wees. Perspektiewe teenstrydig met die ondertoon van 'n item hoef dus nie uitgesluit te word nie omdat vroue ook dáárvan moet kennis dra om hul skemas doeltreffend uit te brei.

Die invoeging van bekendes se perspektiewe sou help in 'n aantal gevalle. Een item neem byvoorbeeld die vorm van 'n debat aan oor vroue se veranderde rolle in die samelewing (RR/99/8Des/32-33). Dit ondersoek die implikasies van vroue se toenemende toetrede tot die werkplek. Daar word verder gewys hoe dit vroue se alledaagse lewens beïnvloed in terme van keuses wat hulle moet maak en tree dus toe tot die gendersosialiseringsproses. Bekendes wat byvoorbeeld die instelling van fleksietyd of die beskikbaarstelling van dagsorg by organisasies voorstaan kon die artikel verder verbeter het.

6.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is

Daar was altesaam ses profiele in die ondersoekmateriaal oor polities-geaffilieerdes. Slegs twee hiervan was oor plaaslike persone en vier oor internasionale mense.

Een profiel handel oor Sheila Camerer van die destydse Nasionale Party, wie ook in daardie tyd herverkies is tot adjunk-minister van justisie (RR/96/7Mei/10-13). Dit fokus net 'n bietjie meer as die helfte van die tyd op haar in persoonlike hoedanigheid en dus net minder as die helfte daarvan op haar as (vroulike) politikus. Die algehele fokus is egter op haar as persoon omdat amper elke beskrywing van haar professionele aktiwiteite weer teruggebring word na 'n persoonlike aspek, of die feit dat sy 'n *vroulike* politikus is. 'n Voorbeeld: "Sy is tog, per slot van sake, self eerstens vrou – dan adjunk-minister" (Swart, 1996:13). Die beskrywing van haar as supervrou is duidelik – die moeilike en uitdagende taak om haar rolle as ma, eggenote en politikus te balanseer, is 'n beduidende tema. Dit word onder meer só beskryf: "Dit verg ekstra beplanning om politikus én vrou te wees, spot sy: Jy moet benewens al die ander dinge, 'altyd die regte lipstiffie byderhand hê'" (Swart, 1996:10).

'n Ander profiel is 'n onderhoud met oud-menseregte-stryder Beyers Naudé en sy vrou Ilse (RR/04/Nov/32-34;36). Dit fokus hoofsaaklik op die paartjie se lewe saam, maar in hul persoonlike hoedanigheid. Baie min word gesê oor die politieke aktiwiteite waarby hulle betrokke was. In hierdie geval is dit gepas omdat sy dae as politieke aktivis verby is en die fokus van die artikel op hul verhouding is.

Nog 'n profiel handel oor Hillary Clinton, vrou van die destydse president van Amerika – Bill Clinton (RR/94/9Feb/28-29). Ongeveer 'n driekwart van die artikel handel oor haar persoonlikheid en hoe sy by haar man se loopbaan aanpas en hom ondersteun. Daar word wel sporadies verwys na haar individuele suksesse, maar aansienlik minder aandag word hieraan gegee.

Tien jaar later is daar weer 'n artikel oor haar (RR/04/Jan/210-212). Op hierdie tydstip is haar man nie meer president nie. Daar word egter steeds baie meer op haar as *persoon* en dan sekondêr op haar verhouding met haar man gefokus. Daar word egter baie geskryf oor sy buite-egtelike verhoudings en hoe sy dit hanteer het, asook oor sy werk as president en die rol wat sy daarin gespeel het.

'n Verdere profiel handel oor die vrou van 'n oosterse politieke leier (RR/99/12Mei/112-115). Lisa Halaby was 'n Amerikaanse skoonheid wat koningin Noor van Jordanië geword het. Die item fokus amper uitsluitlik op haar in persoonlike hoedanigheid hoewel daar sporadiese verwysings is na haar politieke perspektiewe oor byvoorbeeld vroue in Jordanië. Sy is dus nie apaties oor die politiek in die land nie. In die lig van hierdie opsigte kan die profiel eintlik gesien word as een oor 'n vermaaklikheidspersoonlikheid.

Dan is daar 'n profiel wat gaan oor 'n oud-soldaat wat na sy militêre dae as aktivis by 'n organisasie aangesluit het wat landmyne onskadelik stel (RR/99/1Sep/32-33). Hy was in 'n ontploffing gestrem gelaat, maar oefen ten spyte daarvan vir die Comrades-marathon. Hy word dus as 'n inspirasie voorgehou oor sy werk en die manier waarop hy persoonlik reageer op die uitdagings na aanleiding van sy gestremdheid. Die fokus op sy professionele en persoonlike lewe is ineengevleg en dra ewe veel gewig.

Daar is dus nie duidelike tendense te bespeur wat betref die fokus op professionele vs. persoonlike aspekte van mense, wat juis as nuuswaardige onderwerpe gesien kan word oor hul politieke affiliasies nie. By geen van die politieke onderwerpe word daar egter meer as die helfte van die spasie aan professionele betrokkenheid afgestaan nie en daar word dus merendeels op die *mense* gefokus in plaas van die politiek.

6.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering

Somtyds is die hele item basies gebaseer op mense se ervaringe, maar ander tye word dit net op sekere plekke ingewerk. Beide dié benaderings werk; dit moet net pas by die spesifieke storie.

Daar word in die meeste gevalle gebruik gemaak van die mense-storiebenadering, wat bewys dat die skrywers bewus is van die feit dat mense oor ander mense wil lees. Dit word gedoen deur profiele en die invoeg van gewone mense en bekendes se stories of opinies of soms selfs dagboekinskrywings. Een voorbeeld wat uitgelig kan word, gaan oor vroue wat hul stempel afdruk in die sportwêreld in spesifieke velde wat tradisioneel manlik-gedomineer word (RR/04/Mei/52-54;56). Die toenemende toetrede van vroue word beskryf aan die hand van die rolprent, *Against the ropes,* wat in daardie tyd uitgekom het. Die bekende aktrise Meg Ryan speel die karakter van 'n suksesvolle vroulike bokspromotor, gebaseer op 'n ware verhaal. Die artikel bevat dan drie profiele oor vroue in die sportwêreld wat praat oor hul ervaringe. Al drie is baanbrekers: die een is 'n joggie wat teen mans deelneem, die ander die eerste vroulike krieketkommentator in Suid-Afrika en die derde 'n fisioterapeut vir die Blou Bul-rugbyspan. Veral die joggie moes baie stereotiperende idees wat mense van haar gehad het te bowe kom: "Mense het gesê sy is te lig in die broek en boonop 'n vrou" (Kemp, 2004:54). Daar word dus positiewe vroulike rolmodelle voorgehou – vroue wat nie samelewingsvooroordele in die pad laat staan het van hul aspirasies nie, maar persepsies juis help verander het. Dit is noodsaaklik dat die media gevalle soos dié aan ander vroue uitwys.

Die gebruik van mense se stories wat nou betrokke is by 'n saak, maak ook dikwels die artikel meer geloofwaardig vir die leser. Een item gaan oor uitkomsgebaseerde onderwys en praat met verskeie onderwysers oor die sisteem (RR/04/Jan/114-116). 'n Voorstel vir die versterking van die mense-storie element hier is om ook ouers se opinies in te bring aangesien die leser sterker hiermee sou kon identifiseer. Hulle is tog ook primêre aandeelhouers in die land se skoolsisteem. Van die redes waarom mense die media gebruik is immers die afname in onsekerheid, ondersteuning vir hul waardes en om verbind te voel aan ander (McQuail, 1972; Blumler *et al.*, 1985 in Nel, 2001:114). Die invoeg van kenners se perspektiewe is uiters belangrik omdat dit kredietwaardigheid aan die feite gee, maar gewone mense se opinies en ervaring bring die inhoud na die gewone leser se vlak sodat hulle daarmee kan identifiseer. Die leser wil hê die inhoud moet *met* én *oor* hulle praat.

Soortgelyk hieraan sou dit ook help om gewone mense se stories te inkorporeer in gevalle waar bekendes en invloedrykes se perspektiewe en ervarings beskryf word. Bekendes se wêrelde kom soms ver verwyderd voor van die gemiddelde mens s'n. Een spesifieke item wat handel oor seksuele teistering kon gewone vroue se suksesverhale en hoe hulle dit die hoof gebied het, ook bevat het (RR/94/9Mrt/34-35;80).

In sommige gevalle is dit die navorser se opinie dat dit wel nie nodig is en selfs oorbodig sou wees om die mense-storiebenadering te gebruik. Dit het baie te doen met die aantal spasie wat soms beskikbaar is. Sommige gereelde rubrieke bestaan as 'n reël net uit een blad en die joernalis kry die opdrag om haar by 'n sekere aantal woorde te hou omdat die tydskrif se beplanning op 'n bepaalde manier geskied. Al die gereelde rubrieke in *rooi rose* wat politieke inligting bevat, is voorbeelde hiervan en hulle bevat inderdaad geen mense-storie-elemente nie. Die gereelde rubriek "Suksesnotas", wat soms politiek dek en 'n effektiewe manier is om gereeld politieke inligting in die tydskrif te voeg, is tekenend hiervan (spesifieke voorbeelde: RR/04/Nov/32-34;36; RR/04/Des/184 en RR/04/Okt/138-139).

Dit is duidelik uit bogenoemde drie afdelings dat daar op bevredigende en diverse wyses voldoen word aan die bepalinge van riglyn 5. Die mense-storiebenadering kan selfs aan ernstige items toegevoeg word om sodoende vermaakwaarde mee te bring.

Pansegrouw se terugvoer in verband met riglyn 5 beaam die bevindinge in afdeling 6.6 (Pansegrouw, 2008):

> Ons doen dit [gebruik die mense-storiebenadering] gereeld op diverse wyse. Ons lesers hou beslis daarvan. ... Onder persoonlikhede wat maar net die afgelope tyd in ons tydskrif was, tel figure soos: Jacob Zuma, Helen Zille, Rian Malan, Zelda la Grange, Frederik van Zyl Slabbert, Dirk Hermann, Deon Maas, Kevin Woods, Roy Bennett, Sandra Botha, Breyten Breytenbach, Danny Titus, Tony Leon, Lynne Brown en Mosiuoa Lekota.

Die feit dat mense van uiteenlopende agtergronde genader is, is positief omdat mense van verskillende oortuigings 'n platform kry om met die lesers te kommunikeer en sodoende ontstaan 'n ryk en gediversifiseerde politieke kennispoel.

6.7 Riglyn 6

Kenners moet verkieslik vroulik wees

6.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne

Tabel 6 – Die totale aantal bronne in *rooi rose* (1994-2004)

	Aantal bronne	Aantal kenners
Vroue	64	35 (55% van 64)
Mans	38	19 (50% van 38)
Onbekend	12	10 (83% van 12)
Totaal	**114**	**64 (56% van 114)**

Uit tabel 6.7.1 blyk dit dat ongeveer vyf of ses uit tien bronne vroue is, terwyl drie uit tien manlik is. Altesaam 35 uit 64 vroulike bronne is kenners – dit is 55% en dus meer as die helfte. Altesaam 19 uit 38 manlike bronne, is kenners – dit beloop 50%. Daar is dus meer vroulike bronne gebruik en persentasiegewys is daar ook meer van vroulike kenners gebruik gemaak, wat 'n positiewe verskynsel is. 'n Groot hoeveelheid bronne van onbekende geslag is kenners en dit word aanbeveel dat veral in gevalle waar anonieme bronne vroulik is, geslag steeds aangedui behoort te word met behulp van voornaamwoorde. Riglyn 6 vind dus tot 'n bevredigende mate neerslag.

Daar is egter een uitsonderlike geval wat handel oor die onderwyssisteem (RR/04/Okt/126-128;1305). Daar is vyf manlike bronne gebruik, wat almal kenners is en slegs twee vroulike bronne waarvan boonop nie een 'n kenner is nie. Dit is dus 'n swak voorbeeld van die gebruik van vroulike kenners. Die onderwys het tog talle voorbeelde van vroulike eksperts, wat die gebrek aan vroulike kenners in hierdie geval selfs meer ongewens maak. Daar moet sorg gedra word om vroue as kenners uit te soek sodat dit die beeld uitdra dat vroue ook kundig is op allerlei gebiede. In besonder tradisioneel manlik-gedomineerde gebiede, maar natuurlik ook gebiede waar vroue reeds opgang gemaak het.

In verband met riglyn 6 het Pansegrouw (2008) die volgende terugvoer gegee: "Vroue lees graag oor mans ook en ons het juis 'n groot manlike leserstal." Volgens haar is ongeveer 30% van hul lesers manlik. Die punt wat egter in hierdie riglyn gemaak wil word, is dat vroue spesifiek as kenners voorgehou moet word om positiewe voorbeelde te stel vir ander vroue, waarvan wie baie in 'n land grootgeword het waar vroue eers na 1994 baie regte gekry het wat mans gehad het. Daar moet definitief oor mans geskryf word en hul opinies oor sake moet ook verkry word omdat vroue daarin belangstel, maar vrouekenners moet terselfdertyd aktief uitgesoek word om stereotipes uit die weg te ruim.

6.8 Noemenswaardige verwysings

Daar is 'n geneigdheid om kuns en vermaak, spesifiek rolprente, teaterstukke en soms boeke, met politieke verwysings te behandel. Weer word die lesers getrek deur die vermaaklike tema, byvoorbeeld waar dit handel oor die toneelstuk, *Kat and the Kings*, se sukses (RR/99/12Mei/22-25). Die verwysings

na politiek is hier die feit dat die toneel afspeel in Distrik Ses, in die tyd toe die kleurlinge nog daar gewoon het en na die veranderinge en politiek in die tyd van apartheid, wat ook hanteer word in die toneelstuk.

Een spesifieke ander item gaan weer oor Marlene van Niekerk se boek, *Triomf,* wat ook politieke verwysings bevat (RR/96/10Jul/84-85). Die gebruik van kreatiewe werke vir die dekking van politieke inligting is baie effektief omdat die werke vir hulself praat – daar kan bloot beskryf word wat in die rolprent, boek of teaterstuk gebeur.

Daar is ook is 'n foto-artikel oor Pieter-Dirk Uys (RR/99/1Sep/120-121). Een foto met 'n beskrywing by is van Evita, sy polities-betrokke alter-ego. Die item is as 'n verwysing na politieke inligting hanteer en dus met datavel B gemeet aangesien dit handel oor Uys en nie primêr oor Evita nie – sy word net vlugtig genoem.

6.9 Samevatting

Om die spesifieke navorsingsvraag, naamlik hoe politiek in *rooi rose* aangebied is, te beantwoord: Politiek was nie baie hoog op *rooi rose* se agenda in die ondersoekmateriaal nie. Die onderwerpe en benaderings daartoe is in die algemeen interessant. Die leser word deurgaans van genoeg nuttige inligting en konteks verskaf, in pas met die skema- en aanlyn-evalueringsteorie. Gevolgtrekkings word dikwels in items voorgehou, maar nie tot die mate dat dit vir die leser voorskryf wat om te dink nie, in pas met die agendastellingsteorie.

Rooi rose is nie betrokke by partypolitiek nie, maar is geïnteresseerd in die bevordering van die samelewing en spesifiek die vrou. Dit is positief en inspirerend en nie baie krities nie. Dit kan moontlik meer ondersoekend wees om die funksies van inligtingoordrag, opvoeding, waarneming, analisering, interpretering en mobilisering meer doeltreffend te vervul. Vermaak en (vroulike) sosialisering is wel volop. Die verslaggewers se skryfstyl is professioneel, hoewel die aanwending van grafika aandag nodig het om meer aandag te trek na items.

Meer vroulike kundiges as manlikes word gebruik; ook in verhouding tot mekaar. Daar word deurgaans van die mense-storiebenadering gebruik gemaak, interessante feite, emosionele inhoud en ook nuttige inligting, wat beteken "infotainment" is wel die dominante wyse van politieke nuusaanbieding. Hierdie kombinasie-funksie wat ook aanbiedingswyse insluit, word dus in die algemeen voldoende aangewend en daarmee moet volgehou word.

Bekendes se politieke perspektiewe, gewone mense se verhale van politieke bemagtiging en profiele oor plaaslike polities-geaffilieerdes kan interessante toevoegings wees tot die dekking van politiek in *rooi rose* en die vermaakwaarde op plekke verhoog, sodat die "infotainment"-aanslag verder tot sy reg kom.

Rooi rose vervul dus in die algemeen sy funksie as medium vir vroue, maar in sekere opsigte is daar ruimte vir verbetering wat spesifieke aanbiedingskwessies en die diversifisering van onderwerpe en genres betref. Dit behoort aandag te kry sodat genoeg van die regte tipe inligting beskikbaar en opmerklik is vir opname in die leser se skema.

Hoofstuk 7: Die aanbieding van politiek as nuusitem in *SARIE*

7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die aanbieding van politieke sake in *SARIE* ondersoek. In die proses kyk die navorser hoe die riglyne wat in hoofstuk 3 saamgevat is, neerslag vind.

SARIE beskryf hulself ook as 'n tydskrif vir die kontemporêre vrou. Hulle fokus op Afrikaanssprekende vroue "wat vooruit dink, vooruit kyk, onafhanklik is en selfvertroue het". *SARIE* verskyn maandeliks en dek modes, skoonheid, dekor- en kosneigings en "insiggewende" leefstylartikels (SARIE, 2008). Dit word uitgegee deur Media24, hul oudste publikasie vir vroue en die basis is in Kaapstad. Dit het in 1949 onder die titel *Sarie Marais* begin verskyn.

7.2 Riglyn 1

Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het

Soos in die vorige hoofstukke word hierdie riglyn in samehang met die volgende bespreek (sien afdeling 4.6.1).

7.3 Riglyn 2

Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, asook vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

7.3.1 Dekking, genres en onderwerpe

Tabel 7 – Aantal politieke items in spesifieke genres in *SARIE* (1994-2004)

	Politieke onderwerp	**Slegs verwysing**
Lesersbrief (LB)	–	36
Artikel (AT)	33	36
Redakteursbrief (RB)	2	12
Gereelde rubriek (GR)	8	4
Skrywersrubriek (SR)	2	0
Brokkie (BK)	–	12
Totaal	**45**	**100**

In die ondersoekmateriaal is daar altesaam 45 items waarvan die onderwerp en dus die hele artikel as polities van aard bestempel kan word. Daar is verder 100 items wat verwys na politiek. In die lig daarvan dat daar 49 uitgawes bestudeer is, beteken dit dat daar gemiddeld een artikel per uitgawe was met 'n politieke ondertoon/politiek as onderwerp en amper twee wat na politieke inligting verwys. Vir die vrouetydskrif as medium is hierdie frekwensie voldoende aangesien dit tradisioneel nié met politiek verbind word nie. Politieke inligting is dus deurgaans beskikbaar en die leser kan "gewoond" raak daaraan om dit op gereelde basis te sien op die publikasie se agenda.

Die uitgawe van 27 April 1994 is noemenswaardig. Daar was 'n profiel oor die politikus Pik Botha waarin 5 van die 28 vrae direk of indirek verband hou met die verkiesing en gepaardgaande veranderinge in die land (SR/94/27Apr/30-32;34). Verder was daar 'n artikel oor vrouepolitici se wense vir vroue in die nuwe Suid-Afrika en waarvoor hulle hul gaan beywer met betrekking tot die ophef van vroue (SR/94/27Apr/42-44). In die gereelde rubriek – *SARIE* Humor – is die spot gedryf met verkiesings (SR/94/27Apr/78-79). Dit is gedoen deur interessante staaltjies wat tydens vorige verkiesings gebeur het, te verhaal. Daar is ook een lesersbrief met politieke inligting (SR/94/27Apr/2). Politiek kom in hierdie uitgawe dus in uiteenlopende genres voor en dit bring verskillende benaderings teweeg. Die gevolg is dat die politieke inligting op verskillende maniere by die leser uitkom en derhalwe 'n groter bydrae maak tot hul skemas.

Tabel 8 – Die onderwerpe en aantal politieke items en items met verwysings na politiek in verskillende genres in *SARIE* (1994-2004)

	LB		AT		RB		GR		SR		BK	
	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B
Ekologie	–	7	0	1	0	2	0	0	0	0	–	O
Misdaad	–	7	5	4	0	2	0	0	0	1	–	0
Maatskaplike en ontwikkelingsprobleme	–	9	6	6	0	2	2	1	0	0	–	2
Regte, wette en regulasies	–	8	1	1	0	0	3	1	0	0	–	1
Profiele oor–(oud-)politici/hul familie of ander polities-aktiewe mense	–	0	13	12	0	0	0	1	0	0	–	7
Aborsie	–	1	0	1	0	0	0	0	0	0	–	0
(Nie-)regeringsorganisasies en politieke partye se beleid en aktiwiteite	–	2	2	4	0	1	2	2	1	0	–	1
Gender(gelykheid)	–	3	4	4	1	2	0	0	1	0	–	4
Vakbonde en werknemersverenigings	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Vrouekonferensies	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Demokrasie en post-apartheid***	–	9	2	11	1	5	1	1	0	1	–	0
Rasse- en ander ideologiese	–	1	1	3	0	0	0	0	0	0	–	0

kwessies***												
Waghond speel oor instellings***	–	0	3	0	3	0	3	0	3	0	–	0
Sport***	–	0	0	0	0	0	0	0	0	0	–	0
Internasionale politiek*** (profiele uitgesluit)	–	0	0	2	0	0	0	0	0	0	–	0

*** *nuwe kategorieë*

Dit is duidelik dat daar 'n wye spektrum onderwerpe wat aan politiek gekoppel kan word, gedek word. Daar is egter leemtes wat die dekking van ekologie, maatskaplike probleme (geweld teen vroue uitgesluit), regte, aborsie, vakbonde en werknemersverenigings, vrouekonferensies, waghond-speel oor instellings en demokrasie en (post)apartheid insluit. Laasgenoemde word egter baie gedek in verwysings. Die gewildste politieke onderwerp is profiele met politici en/of hul familielede. Die teoretiese aanbevelings dat politieke items dus met 'n mense-storiebenadering aangebied behoort te word, vind hier neerslag.

Dit is duidelik uit tabel 8 dat die genres wat die meeste politieke dekking bevat, artikels en lesersbriewe is. Gereelde rubrieke en redakteursbriewe het ook beperkte dekking, maar die ander genres het geen of weinig dekking van politiek.

Soos met die ander twee publikasies kan die geïdentifiseerde leemtes dien as vertrekpunte vir die doelbewuste insluiting van politiek.

7.3.2 Inligting oor lesers se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte

Daar is min dekking oor vroue se regte. 'n Mens sou dink dat in die jaar waarin alle landsburgers vir die eerste maal die reg het om te stem in 'n algemene verkiesing, mense en ook die media, baie meer klem behoort te lê op dié regte. Daar is egter dikwels nie ruimte vir hierdie tipe inligting nie. Nie noodwendig *fisiese* ruimte nie, maar eerder in die sin dat die benadering, fokus en raam van die item self nie toepaslik genoeg is om insluiting van *regte* te regverdig nie.

Byvoorbeeld: een spesifieke artikel bestaan bykans in geheel uit praktiese riglyne en wenke vir selfbeveiliging – hoe om misdaad te voorkom en in misdaadsituasies op te tree (SR/94/2Feb/28-29). Die artikel leen hom dus nie tot die beskrywing van regte nie en dit sou onregverdig wees om die artikel te kritiseer daarvoor. Dit sou ook die geval wees met talle ander artikels.

Daar is egter wel 'n aantal items wat direk/in geheel regte behandel. Een artikel gaan oor arbeidsreg (SR/99/7Apr/62-63) en twee gereelde rubrieke onderskeidelik oor nuwe regte vir mense wat saambly (SR/04/Apr/128) en algemene kinderregte, asook ouers se verpligtinge in die verband (SR/04/Mei/140).

Daar is ook baie gevalle waar daar wel geraak word aan die onderwerp van vroue se regte, hoewel daar nie verduidelik word wat dit behels en hoe dit prakties van nut is nie. Een artikel wat handel oor diskriminasie teen vroue is 'n voorbeeld (SR/94/14Sep/42-43). Daar word kommentaar gelewer oor die mate waartoe die regering voldoen het aan die beloftes wat gemaak is om vroueregte te bevorder. Die ondertoon is ongewoon krities omdat daar beklemtoon word hoe die regering slegs 'n beperkte aantal uitsette in die verband gelewer het. Maar dit lewer bloot kommentaar daaroor, dit verskaf nie daadwerklike inligting oor die regte self nie. Dit kan inderdaad ook nie, want dit maak juis voorspraak vir die verandering van regte.

Dieselfde is ook die geval met een artikel waarin vroue-politici hul wense vir gewone vroue uitspreek – daar word gestel dat diskriminasie nog bestaan en dat daar nog geveg moet word vir vroueregte met betrekking tot gelyke geleenthede, gelyke betaling vir gelyke werk en die skrap van diskriminasie by belasting, mediese- en pensioenfondse (SR/94/27Apr/42-44). Vroue word ten minste in items soos hierdie bewus gemaak daarvan dat die huidige stand van hul regte nie aanvaarbaar is nie. In 'n ander artikel weer, word daar verwys na die feit dat daar heel dikwels teen vroue gediskrimineer word wanneer dit kom by die aanstelling van skoolhoofde (SR/04/Apr/42-44;46;49). Daar word egter nie inligting verskaf oor hoe vroue 'n verskil kan help bewerkstellig nie.

Daar word in sommige lesersbriewe direk voorspraak gemaak vir regte. Dié van byvoorbeeld kinders (die samelewing moet kinders glo wanneer hulle sê hulle word gemolesteer – SR/94/3Aug/3), asook die voorsiening van fasiliteite vir borsvoedende moeders by groot winkelsentrums en lughawens, omdat hulle geregtig is hierop (SR/94/14Sep/5).

7.3.3 Die implikasies van onkunde en beroeming op regte

Vir hierdie kriterium om neerslag te vind moet die item van 'n bepaalde aard en/of aanslag wees. So byvoorbeeld leen 'n artikel oor diskriminasie (SR/94/14Sep/42-43) hom wel tot die insluiting van die implikasies wat dit kan inhou om nie op jou regte in die werkplek te staan nie. Die skrywer het die benadering van teenstelling gevolg deur te verwys na wat wel in organisasies gedoen word teenoor wat in die toekoms gedoen behoort te word om diskriminasie te bekamp. Die aanslag is dus nie net op hulp aan die vrou in die werkplek gefokus nie, alhoewel dit ingesluit sou kon word. Daar is wel redes waarom joernaliste soms net op sekere aspekte fokus, soos byvoorbeeld beperkte ruimte.

Daar is egter nêrens direkte inligting wat daarop dui dat as die leser nie die benadering van "abc" volg nie, die gevolge "xyz" gaan wees. Dit is dalk moeilik om dit met die persoonlike trant van die vrouetydskrif te vereenselwig. Die vrouetydskrif tree op as vriendin, nie as "moeder" nie. Die enigste uitsondering is een bepaalde artikel wat slegs verwys na politiek (SR/5Jan94/32-33). Dit handel oor kettingbriewe en piramideskemas. Die verwysing gaan daaroor dat dit onwettig is in terme van die dobbelwet om daaraan deel te neem en dat jy 'n boete opgelê kan word.

7.3.4 Verwysing na spesifieke politieke partye

Dit kom nie baie voor nie. Wanneer dit wel voorkom word dit gewoonlik genoem omdat dit nodig is vir agtergrond of konteks, soos in die geval van 'n profiel waarin die Kaapstadse burgemeester, Patricia Kreiner, sê die ANC het eenmaal 'n afvaardiging na haar gestuur (SR/94/2Mrt/24-26). Politieke partye word dus nie in die algemeen in 'n bepaalde lig gestel nie omdat die insluiting van die inligting bloot funksioneel is. Die volgende verwysings word ook gemaak:

- die ANC (SR/13Mrt96/129; SR/04/Mei/46,48,50; SR/04/Mei/38-45)
- die ANC en SAKP (SR/99/6Okt/30-32)
- die NP en ANC (SR/96/8Mei/66-67)
- die Vryheidsfront (SR/96/10Apr/17)

Frederik Van Zyl Slabbert (SR/94/13Apr/22-24) en Pik Botha (SR/94/27Apr/30-32;34) praat in hul onderhoude van die ou "VP", Progressiewe Party en ook die ANC en NP. Hulle stel dit in 'n neutrale lig en praat rakelings daaroor. Dit word genoem omdat hulle oor die politiek van die land, (die hede sowel as die verlede), praat. Botha se kommentaar oor die NP wat aan bewind was van die begindae van sy politieke loopbaan, is die uitsondering. Hy is ietwat krities teenoor die party – hy vertel dat hulle tydens hul bewind nie 'n opposisie gehad het nie en dat hy dikwels in die NP-geledere as liberaal beskou is oor sy kritiek teen die party.

In gevalle waar daar onderhoude met politici of hul gades gehou word, is daar uiteraard sprake van die betrokke party, maar daar word geen verwysing na die party se aktiwiteite of beleid gemaak nie. In 'n artikel oor Constand Viljoen se vrou Risti, word die Vryheidsfront genoem omdat hy daarby betrokke was (SR/94/8Jun/28-30). Daar word nie spesifiek veel daaroor uitgewy nie, maar eerder oor haar man se roeping om as politikus die samelewing te help.

Daar word dus, in pas met die tradisionele manier van doen, gebalanseerd en regverdig berig gedoen oor politieke partye.

Die vervulling van die media se opvoedingstaak blyk duidelik uit die vorige afdelings. Daar word voldoen aan riglyn 1 en 2, omdat die inligting relevant en nuttig is vir vroue se skemas en dus op die vrouetydskrif se agenda hoort. Meer direkte en omvattende inligting oor die spesifiek genoemde onderwerpe en die uitgesonderde genres kan egter ingesluit word.

7.4 Riglyn 3

Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep

7.4.1 Inligting van toepassing op vroue se alledaagse bestaan (praktiese raad)

Praktiese raad wat mense kan gebruik om hulself en naaste, in besonder kinders, te help en/of te beveilig is baie gewild. Daar is menige voorbeelde. Een artikel, byvoorbeeld, handel oor misdaadbekamping – 'n samelewingskwessie, wat mense raak in hul alledaagse bestaan (SR/96/3Jul/56-57). Daar word baie praktiese raad vir beveiliging gegee, soos om deel te raak van 'n buurtwag, een te stig of een finansieel te ondersteun. Dit gaan dus oor gemobiliseerde aksie en deelname in die openbare domein ook en nie net oor hoe die individu haarself in die private domein kan beskerm nie.

In 'n ander item kry vroulike politici geleentheid om te sê hoe vroue betrokke kan raak by politiek (SR/94/27Apr/42-44). So word daar byvoorbeeld gesê dat vroue nie noodwendig soos hul mans hoef te stem nie. Vroue behoort ook vir hul kinders die regte voorbeeld te stel deur selfonderhoudend te wees en ook betrokke te raak by landsbestuur.

'n Artikel oor seksuele en geweldsmisdade teen vroue bied weer omvattende inligting oor drie plekke waar vroue hulp kan kry in die verband (SR/94/7Des/34-35). Daar word drie oorde van hulp bespreek: POWA (People Opposing Women Abuse), die polisie en die Heilsleër. Die unieke manier hoe elk funksioneer word beskryf, sodat vroue presies verstaan wat prakties met hulle gaan gebeur as hulle daar aanklop vir hulp.

Kontakbesonderhede is baie nuttig omdat dit die leser in staat stel om verdere inligting volgens hul eie behoefte te bekom.

In menige gevalle is hierdie kriteria nie van toepassing nie en kan die publikasie nie daarvoor gekritiseer word dat dit nie ingesluit word nie. Geertsema (2008b) is dit hiermee eens wanneer sy sê dat sommige media uiteraard meer daarop uit is om te vermaak as om nuus oor te dra. So byvoorbeeld dryf een *SARIE*-humorrubriek die spot met verkiesings en is dit dus nie nodig om die inhoud van toepassing te maak op vroue se alledaagse lewe nie (SR/94/27Apr/78-79). Dit pas nie in by die benadering van die spesifieke item nie.

7.4.2 Die skep van konteks en gevolgtrekkings wat die leser se begrip vir die onderwerp kan uitbrei

Die outeur het nooit die idee gekry dat daar, waar nodig, onvoldoende konteks geskep is in een van die bestudeerde items nie. Wat gevolgtrekkings betref is dit nie 'n noodsaaklikheid soos met konteks nie, aangesien dit dikwels eerder die funksie van die media is om in te lig en verskillende standpunte te bied

as om voor te skryf wat om te dink. Afgesien hiervan was daar gewoonlik 'n mate van gevolgtrekking of 'n onderliggende gevolgtrekking wat opgetel kon word.

Die algemene neiging is om die konteks in die inleiding te skep (soos by die item SR/94/2Feb/28-29 oor misdaadvoorkoming, waar alledaagse veiligheidsrisiko's in die inleiding beskryf word). Soms kom daar egter ook inligting later in die artikel, maar steeds ná die begin voor, wat konteks skep. Gevolgtrekkings word weer *gewoonlik* aan die einde aangetref. Die heel laaste paragrawe bevat dus wel soms die gevolgtrekking, maar dikwels vra die laaste paragraaf 'n klomp vrae, wat die leser prikkel om verder te dink sonder om dus 'n definitiewe gevolgtrekking daar te stel. Dit is in pas met die agendastellingsteorie.

Daar word dikwels in die inleiding konteks én gevolgtrekkings geskep. In een spesifieke artikel se inleiding word daar konteks geskep deur te verduidelik waaroor mense in die algemeen ontevrede is by die werk (SR/99/7Apr/62-63). Dan word daar vertel dat die nodige inligting oor jou regte belangrik is. Die itemskrywer "erken" selfs die nut van die inligting wat volg op dié manier: "Maar dis dalk juis vrese en onkunde oor werkregte wat ons loopbane kan pootjie." (Franc, 1999:62.) Die gevolgtrekking is dan ook hierin opgesluit: dis belangrik om vergewis te wees van waaroor die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Wetsontwerp op Diensbillikheid van 1998 handel.

Die opsommingsdek (sien voetnota 25 vir definisie) skep dikwels ook, in samehang met die kop, die konteks en ook soms reeds die gevolgtrekking. In een item word bekendes gevra of hulle sou verkies om hul kinders tuis te onderrig of na 'n staatskool te stuur (SR/96/10Apr/17). Die opsommingsdek stel dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in 'n onseker tyd is en dat baie ouers derhalwe tuisonderrig oorweeg. Die saak ter sprake hoef nie noodwendig ingewikkeld te wees nie.

Dikwels oriënteer die skrywer die leser met 'n werklike verhaal van mense wat prakties, met die situasie wat ter sprake is, te doen het. Dit gebeur aan die begin of deur die loop van die artikel en skep so, volgens die mense-storie-metode, konteks en dikwels ook die gevolgtrekking namate die saak ontvou.

So byvoorbeeld word daar in een artikel oor misdaad teen vroue konteks geskep deur te begin met die verhaal van 'n gewone vrou wat mishandel word (SR/94/7Des/34-35). Haar verhaal illustreer 'n probleem waarmee baie Suid-Afrikaanse vroue gekonfronteer word. Volgens statistieke in die artikel worstel een uit vier vroue met mishandeling in hul verhoudings. Statistieke is ook 'n strategie vir die skep van konteks. Die gevolgtrekkings wat die meeste van die tyd in hierdie tipe items voorkom handel oor hoe belangrik dit vir mense is om aktief by te dra tot die oplos van die probleem, of dan ten minste op hul hoede te wees daarvoor. Mense word dus aangemoedig om bewustelik kennis te neem van die situasie.

Net so kan kenners ook die konteks vir die omvang van 'n saak of moontlike gevolgtrekkings duidelik maak deur hul ekspert-opinies, verkry deur ervaring en/of geleerdheid. In een artikel gee twee kenners

hul sieninge oor die Waarheids- en Versoeningskommissie – 'n sielkundige wat dink dit is 'n goeie inisiatief en 'n sosioloog wat vir die teendeel argumenteer (SR/96/11Sep/50-51).

Hoewel dit nie so gereeld voorkom nie word daar uit die verhaling van geskiedenis ook konteks geskep en dikwels ook 'n mate van 'n gevolgtrekking. In een skrywersrubriek word geskiedkundige feite weergegee om te verduidelik hoe Vrouedag ontstaan het (SR/99/11Aug/17). Die gevolgtrekking dat die viering van Vrouedag baie nodig is om al die gebeure te herdenk en om die wêreld bewus te maak/te herinner aan vrouekwessies is in die verhaling van die gebeure opgesluit. Dis net jammer vir die chauvinistiese einde waarin die rubriekskrywer stel hoe gretig sy vrou kwansuis is om te wys dat mense op Vrouedag moet besef hoe waardevol vroue is en daarom sou sy die dag aan hom wy.

Wat onderliggende gevolgtrekkings (die idee wat die leser bes moontlik vanuit die lees van die artikel mag kry, maar wat nie letterlik uitgespel word nie) betref, is daar baie voorbeelde. Die onderliggende perspektief in een item wat handel oor emigrasie, is "pro-Suid-Afrika" (SR/94/6Jul/38-9;43). Al die mense met wie onderhoude gevoer is, het of besluit om nie te emigreer nie, of na Suid-Afrika teruggekeer, of hulle verlang terug na die land. Dit getuig van die algemene positiewe ingesteldheid wat die publikasie teenoor die land het, wat ook baie sterk deurkom in verskeie redakteursbriewe van Lizette Rabe (SR/99/2Jun/5; SR/96/4Des/6) en Michélle van Breda (SR/04/Jan/4; SR/04/Feb/6; SR/04/Apr/10; SR/04/Sep/10).

7.4.3 Bepaalde aspekte waarop besondere klem gelê word en die relevansie daarvan

Die aspekte wat aandag kry in items se onderskeie sinne, paragrawe en afdelings is deurentyd van toepassing op die onderwerp ter sprake en ondersteun dus die tema. Daar is egter dikwels nie plek om die onderwerp in al sy diverse fasette te ontgin nie. In een voorbeeld wat handel oor misdaad/selfbeveiliging, is die klem op praktiese wenke wat elke individu kan toepas in verskillende areas van hul alledaagse lewe, sommige met 'n politieke dimensie (SR/94/2Feb/28-29). Dit is die fokus van die artikel. Die artikel kan byvoorbeeld nie daarvoor gekritiseer word dat dit nie die klem plaas daarop dat dit grotendeels die regering se verantwoordelikheid is om misdaad te bekamp nie.

Die spesifieke tematiese fokus in die artikels kom dus deurentyd sterk deur. Bepaalde aspekte van 'n geselekteerde tema word ontgin in so 'n mate dat dit omvattende begrip by die leser behoort te bring spesifiek daarvoor. Hierin lê die relevansie dan ook opgesluit – dat dit skemas kan skep of beduidend kan uitbrei wat betref aspekte van 'n saak wat vir die leser belangrik en van nut is. Hierdie aspekte hou ook verband met die feit dat die publikasie, weereens, soos 'n "vriendin" probeer optree.

Uit bogenoemde afdelings blyk dit dat daar wel voldoen word aan riglyn 3, omdat daar as reël genoeg konteks en gevolgtrekkings op verskeie maniere in politieke items geskep word en vroue se politieke skemas dus behoort te ontwikkel. Die geselekteerde aspekte wat uitgelig word is verder in pas met die

toon van die res van die publikasie en vrouetydskrifte in die algemeen. Spesifieke aspekte van temas word in diepte ontgin om omvattende begrip daarvoor by die leser te skep.

7.5 Riglyn 4

Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, asook keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl

7.5.1 Die gebruik van tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van die items

Die missie van *SARIE* word onder meer só beskryf deur die eertydse redakteur Lizette Rabe (SR/99/14Jul/5):

> Die een wat raad gee en ondersteun, bemagtig en bemoedig, inlig en vermaak, in werk en wandel. Inspireer, in hoofletters. Dat sy selfs méér as vriendin sal word: maar vertroueling in vriendskap, bondgenoot in bemagtiging – kameraad vir elke dag se uitdagings.

Dit kom dus voor asof die tydskrif optree in belang van die leser. Dit vra vrae en dek onderwerpe wat vir vroue van belang is. Dit fokus op die vrou.

So word daar in een item wat handel oor misdaad/selfbeveiliging, van tipies vroulike situasies gepraat – soos hoe om met jou handsak teen jou lyf te loop en om nie jou belangrikste besittings daarin te dra nie (SR/94/2Feb/28-29). Daar word ook selfverdedigingstegnieke gegee vir iemand wat nie fisies baie sterk is nie, soos om jou vingers in die aanvaller se oë te druk. Die items SR/99/5Mei/84-85 en SR/96/5Jun/128-129 handel weer oor 'n onderwerp wat vroue na aan die hart lê – hul kinders.

Dit handel dikwels oor inspirerende vroue. Een spesifieke item gaan oor 'n regsgeleerde wat haar beywer vir vroueregte (SR/96/5Jun/131). Die inhoud toon dat hierdie vrou omgee en 'n verskil wil maak, maar dat sy steeds op die uiterlike en 'n gesinslewe ingestel is – in die opsommingsdek word gesê: "Elize Delport is mooi, dra graag juwele en is gelukkig getroud. Vir dié bekwame en 'bekroonde' regsgeleerde is vroueregte 'n besondere teer saak: sy is deel van 'n nuwe geslag vroue wat die beeld van feministe as 'n groep suur mannehaters wil verander" (Van der Merwe, 1996:131).

Items is soms in ligte trant geskryf en inkorporeer humor om dikwels ernstige onderwerpe op amuserende wyse oor te dra (byvoorbeeld SR/99/2Jun/5; SR/99/5Mei/90-90; SR/99/11Aug/17 en SR/04/Okt/20). In talle artikels is daar selfs 'n geselstrant, soos die artikel waar daar oor Kaapstad se burgemeester, Patricia Kreiner, se menswees, familie en lewe, maar juis nie so baie oor haar werk nie, gepraat word (SR/94/2Mrt/24-26). Die manier waarop woorde gebruik word laat dit klink asof sy met die joernalis gesels, in plaas daarvan om op strak en formele wyse op 'n lys af vrae te beantwoord.

Vrae aan bekende vroue is dikwels persoonlik en fokus op die vrou se rol in die private domein, byvoorbeeld dié van moeder. So word daar op Risti Viljoen (Constand se vrou) gefokus in haar hoedanigheid as eggenote, ma en dan ook in 'n mindere mate, as iemand wat ook op haar eie sukses bereik, maar haarself nie eerste stel nie (SR/94/8Jun/28-30). Op 'n vraag of sy haarself ooit beskou het as 'n loopbaangerigte vrou, sê sy: "Nee, nooit. Ek het my vereenselwig met die rol van vrou en moeder. Miskien omdat my man soveel waarde daaraan heg dat ek daar is as hy tuiskom; die mamma wat daar is vir sy kinders" (Möller, 1994:30). Maar ironies genoeg, in die volgende vraag wat handel oor 'n slaghuis wat sy besit het antwoord sy: "Dit was miskien vir my een van die grootste bevredigings in my lewe, dat ek dit reggekry het."

In vrouetydskrifte word daar op die spesifieke kenmerke, rolle en verhoudings eie aan 'n vrou gefokus. Talle items is bewys hiervan en fokus op bekende en inspirerende vroue met 'n sterk klem op hul persoonlike lewe, dus op die mens in die private domein (soos SR/96/10Apr/37; SR/96/3Jul/121 en SR/96/14Aug/137). Een besonderse geval fokus hoofsaaklik op die onderwerp van die onderhoud in haar tradisionele vroulike rol van moeder (SR/96/8Mei/38-39). In hierdie geval is dit nie van pas om kritiek daaroor te lewer nie aangesien haar storie inderdaad "nuuswaardig" is omdat sy die ma van 'n vermoorde aktivis is. Daarom neem die artikel noodwendig hierdie aanslag. Die ongewoon polities-sensitiewe saak word hanteer op 'n "vrouetydskrif-vriendelike" manier deur te fokus op die vrou as ma en hoe sy haar kind se sterwe hanteer. Onaangename realiteit skemer egter deur in verwysings na die omstandighede van sy dood; die inhoud kan dus nie in hierdie geval daarvoor gekritiseer word dat dit sekere dele van die werklikheid vermy nie.

7.5.2 Die gebruik van interessante feite

Feite is vir vroue van belang indien dit hulle op 'n manier raak en behoort in daardie geval hul aandag te trek (afdeling 2.4). Indien dit hulle nie so direk raak nie behoort die verslaggewer ekstra moeite te doen om dit interessant te maak sodat dit aanklank by die leser sal vind. As die hele onderwerp nie interessant is nie, is daar altyd ten minste 'n aantal interessante feite daarin vervat. Daar is feitlik geen uitsondering op hierdie reël nie en die tydskrif kwyt homself goed van hierdie taak.

"Nuwe" verskynsels is gewoonlik boeiend. Een spesifieke item hanteer byvoorbeeld die interessante verskynsel van identiteitsbedrog – 'n "nuwe" tipe misdaad (SR/04/Okt/20). Wat dit so boeiend maak, is dat dit met enige vrou kan gebeur dat sy eendag uitvind sy is onwetend getroud met 'n vreemde man omdat korrupte amptenare teen R500 vals huweliksertifikate uitreik. Die artikel dui dus spesifiek hoe hierdie samelewingsprobleem vroue kan raak, hoewel dit in die werklikheid mans ook kan raak.

Inligting oor mense, wat hulle bereik het en die pad wat hulle gestap het om dit te bereik, is ook dikwels prikkelend. In een item word vertel van een wit vrou wat 50 Venda-volksverhale in haar

doktorsverhandeling gedokumenteer het (SR/04/Aug/50-52). Die oorsteek van kultuurgrense op so 'n besonderse konstruktiewe manier is 'n unieke verhaal.

Staaltjies oor oud-president Nelson Mandela se lewe word deur verskeie mense wat hom ken in een item vertel, soos dat hy vir Francois Pienaar gevra het of hy peetpa mag wees van Pienaar se oudste seun (SR/04/Mei/46,48,50). Foto's van die wit Suid-Afrikaanse rugby-kaptein en die eerste swart president van die land wat saam in die media verskyn het, het positiewe politieke beelde van die nuwe geïntegreerde Suid-Afrika uitgedra.

Debatte (soos in die item SR/96/11Sep/50-51, waar 'n sielkundige (positief) en 'n sosioloog (negatief) oor die Waarheids- en Versoeningskommissie gedagtes lug) en mense se opinies (soos in die item SR/96/10Apr/17 wat opinies oor tuis- en staatonderrig bevat), maak ook artikels interessant.

Daar is soms interessante feite wat skokkend of ontstellend is. Dit is nie duidelik of die publikasie dit as taktiek gebruik om sensasie te skep en sodoende lesers te lok nie. In een item byvoorbeeld, word interessante mites oor misdaad ontbloot deur 'n professor in kriminologie, soos dat mans verkrag omdat hulle kwaad is en nie omdat hulle seksueel aangetrokke is tot die slagoffer nie (SR/94/2Feb/28-29).

Daar is dikwels interessante inligting oor bekendes wat baie vermaaklik is, hoewel dit nie noodwendig polities van aard is nie. Dit dien steeds 'n doel omdat dit die item opkikker. In een spesifieke geval vertel die destydse onderburgemeester van Johannesburg dat swart mense haar as Mashudu ("die gelukkige een") en Muratho ("die brug") aanspreek omdat sy soveel doen vir die oorbrugging van kulturele verskille in haar werk (SR/94/8Jun/72-73). Hierdie interessante feit het weer 'n politieke dimensie wat uniek in die Suid-Afrikaanse post-apartheidskonteks is.

Dieselfde gebeur in 'n artikel waarin die vrou van die ANC se mediabeampte vertel dat hulle in die tronk getroud is (SR/94/13Apr/36-37). (Hulle was albei in die gevangenis om politieke redes).

7.5.3 Die mate waartoe die inhoud op bepaalde emosies speel

Daar is deurgaans emosie ter sprake. Soos by die ander publikasies word emosie gewek, geskep of 'n emosie wat waarskynlik reeds by die leser aanwesig is, word aangespreek. Eerstens word daar gekyk na emosies wat vir die leser gewys/beskryf word.

- Daar word dikwels die spot gedryf óf ernstig geskryf oor mense se frustrasie en ontevredenheid. Een item spot byvoorbeeld oor mense se frustrasie met burokrasie (SR/99/5Mei/90-90). 'n Ernstige item, weer, gaan oor hoe ontevrede Afrikaanssprekendes is oor die feit dat die SAUK hul moedertaal marginaliseer – dit spreek in 'n sin van taalpatriotisme (SR/96/13Mrt/38-39).

- Empatie en omgee vir ander kom duidelik na vore in verskeie items. 'n Mens kry in een spesifieke geval byvoorbeeld 'n duidelike sin vir die medelye waarmee een vrou wat die onderwerp van die item is, gevangenes help (SR/99/10Mrt/117).

- Hartseer en rou kom dikwels sterk na vore. 'n Voorbeeld is een artikel wat handel oor 'n moeder wie se seun vermoor is vanweë sy politieke aktiwiteite (SR/96/8Mei/38-39). Daar is baie intense emosie regdeur die artikel. Sy sê byvoorbeeld sy sal nooit oor haar seun se dood kom nie.

- Vrees en bekommernis. Sommige artikels speel op mense se vrees om in byvoorbeeld 'n misdaadsituasie betrokke te wees (soos SR/94/2Feb/28-29). Dit is onderliggend, maar die aanslag sê gewoonlik basies: "Moenie vrees en bekommer nie, want daar is iets wat jy aan die situasie kan doen." Die emosie word dus aangespreek deur die artikel en nie geskep nie.

Die volgende emosies wat die leser moontlik reeds voel word aangespreek, of dit word geskep. Soos met die vorige twee publikasies is dit dikwels ook meer positief as die voorafgaande en dus in pas met die positiwiteit wat vrouetydskrifte probeer uitdra:

- Empatie. Dit gaan dikwels gepaard met inligting wat mense ook skok. 'n Artikel oor mishandelde vroue wek waarskynlik gevoelens van empatie vir die slagoffers (SR/94/7Des/34-35).

- Vroulike identiteitstrots. Een van die baie voorbeelde hiervan gaan oor 'n suksesvolle, aantreklike regsgeleerde wie haar vir vroueregte bearbei. Haar passie vir die werk kom duidelik na vore en sy inspireer vroue om op hul regte te staan (SR/96/5Jun/131).

- Inspirasie. Voorbeelde hiervan is volop. Een spesifieke geval gaan oor 'n vrou wat in 'n klerefabriek gekyk het of al die knope aangewerk is en nou vise-president van Cosatu is (SR/96/10Apr/37).

- Nasietrots/patriotisme. Een voorbeeld van hierdie gewilde emosionele ingesteldheid gaan oor emigrasie (SR/94/6Jul/38-9;43). Dit kan dalk patriotisme wek by sekere lesers omdat dit positief teenoor Suid-Afrika ingestel is, hoewel dit nie met sekerheid bepaal kan word nie. Items wat 'n onderliggende pro-Suid-Afrika perspektief het, wil gevoelens van samehorigheid onder die lesers kweek en speel 'n fasiliterende rol in die geleidelike oorgang na demokrasie, wat tot op alledaagse vlak moet deursyfer. Die items SR/94/8Jun/46-47 (argumente teen emigrasie) en SR/94/5Jan/112 (hoe Marita van der Vyver tuis voel in haar huis in Suid-Afrika, ten spyte van al die misdaad en negatiwiteit in die land), is verdere voorbeelde.

7.5.4 Die onderwerpe en aanwending van grafika en die mate waartoe dit die leser se aandag trek

Klein foto's, gewoonlik halflyf of kop-en-skouers, word gereeld gebruik om mense mee te identifiseer en dien dus geen estetiese funksie nie. Redakteursfoto's is voorbeelde hiervan (soos SR/99/2Jun/5) en is bloot funksioneel en ook tradisioneel. Daar kan meer moeite gedoen word met portret-foto's. Dikwels is daar nie eens 'n interessante agtergrond nie en kon daar meer aandag getrek word as die persoon byvoorbeeld in hul werksomstandighede afgeneem is. In plaas daarvan dat die persoon net na die kamera kyk, kon daar ook van ander poserings gebruik gemaak word.

Hierdie tipe grafika-gebruik word soms verder geneem om die mense betrokke by 'n storie se aktiwiteite te wys en/of die plekke waar dit afspeel. Hiermee word dus aksie en outentiekheid geïmpliseer, wat die leser se aandag meer trek. In een item word 'n wit vrou wat opheffingswerk onder swart mense doen tussen hulle gewys. Sy gesels met hulle en op 'n ander foto druk sy haar kop teen 'n swart man se kop (SR/99/10Mrt/117).

Daar word ook in *SARIE* gebruik gemaak van aangekoopte foto's, wat 'n bepaalde konsep van waaroor 'n storie gaan, voorstel (hierdie konsepfoto's is reeds by die ander twee publikasies ook geïdentifiseer). Dit is dus ook funksioneel omdat dit die tema moet ondersteun, maar kan deurentyd meer visuele impak oordra.

Konsepgrafika word dikwels in *SARIE* ook herhaal deur die loop van artikels. Een item bevat grafika met 'n groot voetspoor in sand, met 'n kleiner een daarby; dit word kleiner herhaal op die derde blad (SR/04/Feb/110-113). Afgesien van die feit dat hierdie konsep goed uitgebeeld word omdat dit gaan oor hoe pa's hul seuns sekere genderrolle leer, is dit visueel treffend en deur die herhaling bring dit visuele koherensie mee.

Daar is egter ook voorbeelde waar konsepgrafika meer deurdag aangewend kon word. Een spesifieke item – SR/96/13Mrt/38-39 – is 'n uitstaande voorbeeld daarvan dat grafika meer aandag moet kry. Dit gaan oor taalmarginalisering in die SAUK en bevat bloot grafiese voorstellings van drie televisiestelle teen die agtergrond van die kop. Dit is onopmerklik en voeg dus basies geen waarde toe tot die kommunikasiepoging nie. Dit kon dalk eerder 'n voorstelling gewees het van iemand wat sit en televisie kyk en baie ontevrede is – dalk 'n hele gesin met fronse op hul gesigte en arms gevou op 'n bank voor die televisie.

Sommige van hierdie konsepgrafika maak egter die leser juis nuuskierig, soos 'n item wat een kwartbladfoto van 'n skoolmeisie bevat wat trappe vee (SR/96/5Jun/128-129). Die lesers, van wie talle ma's is, sal wonder waarom 'n skoolkind spesifiek trappe vee, waarna hul oë waarskynlik outomaties na

die kop behoort te beweeg: "Skole se 'nuwe' dissipline". Mense wat kinders op skool het behoort dan verder te lees.

Soms spreek die grafika behoeftes in die leser aan. Een voorbeeld is 'n item oor selfbeveiliging en bevat talle foto's van omheinings, hekke en waarskuwingsbordjies (SR/96/3Jul/56-57). Een foto het 'n gesin van vier agter 'n groot hek. Die visuele boodskappe resoneer met mense se behoefte om hulself te beveilig.

Daar is ook sporadies gebruik gemaak van illustrasies. 'n Humorrubriek getiteld "Worsbroodjies en kruisies" is 'n voorbeeld (SR/94/8Jun/46-47). Dit bevat 'n geïllustreerde spotprent – die hele onderste vyfde van die twee blaaie waaruit die item bestaan stel 'n ry mense voor wat staan en wag om te stem. Daar is allerhande aktiwiteite onder die mense aan die gang wat ook in die teks beskryf word. So is daar iemand wat T-hemde verkoop waarop staan: "I survived 27 April". Dit behoort die aandag te trek omdat hierdie geïllustreerde spotprente een van die kenmerke is van die meeste humorrubrieke wat ondersoek is – gereelde lesers ken dit sommer dadelik uit wanneer hulle die tydskrif deurblaai. Tweedens trek dit die aandag omdat dit komies en dus ook vermaaklik is. Die leser verwag dat die aard van die teks ook komies gaan wees en behoort dit dan te lees in haar soeke na vermaak.

Bekendes trek uiteraard die meeste lesers se aandag. Een besonder treffende voorbeeld bevat verskeie volbladfoto's van bekendes wie almal vir hul (positiewe) opinies oor Suid-Afrika gevra is (SR/04/Mei/38-45). Die grafika is visueel treffend.

Mense in ongewone gewaad, soos tradisionele Afrika-drag, behoort ook die leser se aandag te trek vanweë die vrouetydskrifleser se inherente belangstelling in voorkomsaspekte soos kleredrag, asook die eksotiese aard van die Afrika-drag. Een spesifieke item bevat nou wel net een kleinerige halflyffoto van die destydse speaker van die Vrystaatse Wetgewer, Motlalepule Chbaku, maar sy is in tradisionele drag (SR/13Mrt96/129). Dit is interessant om te let daarop dat die profiel (wat moontlik eerder 'n "mini-profiel" genoem kan word), net een bladsy lank is. Vandaar die tekort aan spasie vir groter grafika. Die gevolgtrekking is dat wanneer grafika noodgedwonge klein gebruik moet word, daar selfs meer moeite gedoen moet word met die komposisie en onderwerp om aandag te trek na die item.

Die vraag kan egter ook gevra word of daar nie een hele ekstra blad aan grafika gespandeer kon word in die geval bo nie. Dit kon bloot op die linkerkantste bladsy aangebring geword het. Die artikel val onder 'n gereelde rubriek wat in daardie tyd in *SARIE* voorgekom het, naamlik "Vroue wat 'n verskil maak". Dit was as 'n reël slegs een bladsy lank. Die volgende vraag is nou: Waarom word aan sulke formidabele vroue slegs een bladsy afgestaan en dan boonop ook redelik agter in die publikasie? Die publikasie kommunikeer op hierdie manier aan die leser dat inligting oor hierdie vroue nie so hoog op hul nuusagenda is, soos vermaakpersoonlikhede vroeër in die publikasie, aan wie baie meer ruimte afgestaan word nie.

Een van die groot tekortkominge in foto-inhoud is aksie. In een spesifieke item wat handel oor misdaad/selfbeveiligingswenke byvoorbeeld, is daar 'n derde blad van 'n dame wat met haar handsak styf teen haar lyf op 'n sypaadjie loop (SR/94/2Feb/28-29). Sy is wel keurig aangetrek en illustreer die manier waarop die leser haar handsak op straat behoort vas te hou, soos in die artikel verduidelik, maar dit is verder 'n betreklik onopmerklike foto wat nie besonder baie aandag behoort te trek nie. Hier kon eerder van 'n aksiefoto gebruik gemaak word waar iemand byvoorbeeld weghardloop van 'n aanvaller af. Die leser sou dadelik hierby vasgesteek het, vanweë die visuele impak. Meer foto's wat verskillende wenke illustreer sou ook groter visuele impak gehad het en die inhoud ondersteun het.

Foto's van bekendes, byvoorbeeld Pik Botha, Constand Viljoen en Frederik Van Zyl Slabbert, kan egter groter gebruik word, omdat 'n bekende gesig meer aandag behoort te trek. Daar word ook gewoonlik nie meer as een kwart van 'n bladsy aan grafika afgestaan nie en sommige bladsye het geen grafika nie. Daar kan dus in die algemeen meer grafika voorkom – daar kan bloot ekstra blaaie ingevoeg word.

7.5.5 Die voorkoms van vaktaal en die verduideliking van nuwe/ongewone konsepte in verstaanbare taal

Geen vaktaal kom voor nie. In een item wat handel oor Johannesburgse vroulike onderburgemeester, wat ook 'n toordokter in haar vrye tyd is, is daar wel ongewone konsepte – nyanga en sangoma (SR/94/8Jun/72-73). Die onderburgemeester verduidelik egter wel wat dit beteken.

Die items SR/04/Apr/128 en SR/04/Mei/140 verduidelik nuwe wette. In eersgenoemde word nuwe konsepwetgewing vir paartjies wat in saamblyverhoudings is, in detail verduidelik. Laasgenoemde handel oor wetsverandering met betrekking tot kinders se regte.

Dit is duidelik uit bogenoemde afdelings dat riglyn 4 tot 'n mate neerslag vind in die inhoud van *SARIE*. Die aanwending van skryfstyl en woordkeuse getuig hiervan, hoewel die aanwending van grafika aandag benodig. Interessante feite en emosionele inhoud asook die gebruik van vrouetydskrifstyl, dui op die "infotainment"-aanslag.

7.6 Riglyn 5

Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek

7.6.1 Inligting oor "gewone" vroue wat polities bemagtig is

Daar word nie baie gevalle van vroue voorgehou wat spesifiek *polities* bemagtig is nie behalwe in die beperkte aantal artikels oor geweld en diskriminasie teen vroue. Een vrou in 'n spesifieke artikel was ongelukkig oor ongelyke behandeling by haar werk en het verdere ondersoek ingestel (SR/94/14Sep/42-43). Sy het gevind haar maatskappy diskrimineer ook op ander gebiede teen vroue. Sy het dan ook in die openbaar daaroor gepraat met *SARIE*. Hoewel sy nie op haar eie wetgewing of die maatskappy se regulasies kan verander nie, kan sy steeds in die openbaar kapsie maak. Sodoende kan ander mense bewus gemaak word en tot 'n mate gemobiliseer word deur die media se funksies. Sy aanvaar dus nie net die situasie gelate nie, maar tree op.

Indien 'n item homself kan leen tot die insluiting van 'n verhaal van 'n gewone mens wat polities bemagtig is moet dit beslis gedoen word sodat dit 'n positiewe voorbeeld vir ander lesers kan wees en dat hulle daarmee kan identifiseer. In talle gevalle kon dit 'n bydrae gelewer het tot die storie. Die invoeg van gewone vroue se suksesstories, om as voorbeeld vir ander lesers te dien, hoef boonop nie baie ruimte op te neem nie, maar moet steeds outentiek voorkom.

7.6.2 Inligting oor bekende persoonlikhede se politieke perspektiewe

Daar word weinig van bekendes se politieke perspektiewe/kommentaar melding gemaak. Hierdie is 'n strategie wat deur die tydskrif ontgin kan word om die boodskap oor te bring dat politiek interessant kan wees en dat dit nie taboe vir vroue is om uitgesproke te wees oor politiek nie. Daar is egter 'n aantal gevalle van bekendes wat politieke perspektiewe gee.

Die een kom in een spesifieke artikel wat handel oor emigrasie voor (SR/94/6Jul/38-9;43). Die skrywer Eben Venter het as gevolg van die noodtoestand in Suid-Afrika in 1986 die land verlaat omdat die samelewing "te eng" geword het en oor die angstigheid wat in die samelewing geheers het. Hy het intussen sukses behaal in Australië as eienaar van 'n restaurant en bly dus daar waar sy sakebelange is. Hy sê verder egter dat hy terughunker na Suid-Afrika.

In twee artikels – profiele van onderskeidelik 'n akademikus en 'n aktrise (artikels SR/94/9Nov/20-21 en SR/94/7Des/26-28;30), word verwys na vroue se rol in die samelewing. Dis goed om jong, dinamiese vroue te kry om te sê dat hulle vroueregte voorstaan. Dit stel 'n positiewe voorbeeld vir ander vroue – veral jonger vroue. Die twee vroue is nie in pas met 'n stereotipe van feministe as onvroulike mannehaters nie en hulle help om die stigma van "feminis" teen te werk, hoewel net een van die twee haar pertinent as een beskryf.

'n Uitstekende voorbeeld is egter 'n artikel wat handel oor bekendes en onbekendes se mening oor hoe die land ontwikkel het (SR/04/Mei/38-45). Die skrywer Rachelle Greeff, die aktrise Margit Meyer-Rödenbeck, die akteur Patrick Mynhardt, die sangkunstenaar Natalia da Rocha en Max du Preez,

Rapport-rubriekskrywer, is betrek. Ravi Naidoo, bemarker en brein agter die *Internasionale Ontwerp Indaba*, het die vraag gevra oor hoe enigeen sinies kan wees oor die land in die lig van die volgende: "'n Wit kind van Durbanville is die ruimte in met die banier *The First African in Space*. 'n Swart Suid-Afrikaner het Everest uitgeklim. 'n Mynwerker het in die maraton by die Olimpiese Spele goud gewen. 'n Jong Afrikaanssprekende kwaito-ster is 'n finalis vir die *Kora Heel Afrika Musiekpryse*. Hoe kan enigeen sinies oor Suid-Afrika wees?" (Els, 2004:44). Sulke inligting stuur boodskappe uit wat die deursyfer van praktiese en volhoubare demokrasie op voetsoolvlak waar mense met mekaar interaksie het, fasiliteer.

'n Voorbeeld van waar die siening dat vrouetydskrifte wegskram van politiek duidelik deurkom is 'n artikel wat handel oor staat- vs. tuisonderrig (SR/96/10Apr/17). Dit bevat bekendes se opinies oor die saak. Hoewel die onderwerp homself leen tot politieke opinies het slegs een persoon werklik vanuit 'n politieke oogpunt gepraat en dit is Pieter Mulder van die Vryheidsfront. Hy praat oor die feit dat die kind in 'n Christelike opset in Afrikaans onderrig behoort te kan word, asook binne 'n sekere kultuurmilieu. Hy stel ook voor dat mense kragte saamsnoer om privaatskole te begin, maar dat dit weer in 'n mate onregverdig sal wees omdat hulle steeds gaan belasting betaal vir openbare skole. Vanuit almal se verskillende opinies kry die leser egter 'n verskeidenheid inligting vir opname in haar skema.

Daar is talle gevalle waar bekendes se perspektiewe moontlik ingevoeg kon word. In 'n bepaalde rubriek wat opgemaak is uit brokkies word bekendes ondervra oor wie hulle bewonder en hoekom (SR/94/13Apr/13). Mimi Coertze, operasangeres, sê sy bewonder oud-president F.W. de Klerk omdat hy volgens haar die enigste ware staatsman is wat die land nog werklik kon oplewer. Maar ironies genoeg sê sy dan net daarna dat haar besluit nie polities is nie: sy vertel dat sy haar aan hom verwonder omdat hy kalm kan bly in stresvolle tye. Die rede waarom sy so pertinent was daaroor dat haar keuse niks met politiek te doen het nie, is nie duidelik nie. Dit kom voor asof sy haar wil distansieer van 'n politieke etiket. Dis verder ook ironies omdat alles wat sy van hom sê in elk geval te doen het met sy werk.

7.6.3 Die onderwerpe van profiele en of die fokus op hul persoonlike of professionele bedrywighede is

In die bestudeerde uitgawes van *SARIE* is daar 13 artikel-profiele oor politici of hul verwantes gebaseer.

Een profiel handel oor die burgemeester van Kaapstad, Patricia Kreiner, en fokus baie meer op haar persoonlike lewe (SR/94/2Mrt/24-26). Slegs twee uit 28 vrae fokus op politiek. Hulle vra haar eerstens oor die uitdagings in haar werk en die volgende vraag handel direk oor haar persoonlikheid: "Maar hoe lyk die vrou agter die burgemeestersketting?" Daar word ook gereeld verwys na haar voorkoms – "perfek gemanikuurde hand" en "Sy is klein, fyn en dinamies" (Truter, 1994:24). Die enigste ander vraag wat oor politiek handel, is: "Is jy 'n feminis?".

'n Ander profiel handel oor die vrou van destydse Vryheidsfrontleier Constand Viljoen – Risti (SR/94/8Jun/28-30). Die fokus is skerp op haar man – slegs 11 uit die 27 vrae is oor haar. Die res handel almal oor hom. Agt daarvan is oor sy werk en die res oor sy persoonlikheid. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is 'n vraag om uit te vind of hy romanties is, aldan nie.

'n Onderhoud word ook gevoer met die destydse onderburgemeester van Johannesburg – die eerste vrou wat daartoe verkies is in die laaste halfeeu – Rae Graham (SR/94/8Jun/72-73). Die fokus is op die persoonlike, in die vorm van haar ander tydverdryf – toordoktery. Daar word ook gefokus op haar agtergrond en hoe sy gekom het waar sy vandag is, maar baie min op haar werk as onderburgemeester.

In nog 'n profiel word die oud-politikus dr. Frederik Van Zyl Slabbert ondervra (SR/94/13Apr/22-24). Daar is sterk fokus op politiek en sy openbare take – sy huidige werk. Minder as die helfte van die vrae handel oor persoonlike/private aangeleenthede.

Die algemene neiging is om meer op vroulike politici in hul persoonlike hoedanigheid te fokus en meer op manlike politici se politieke loopbane. Daar word geen onderhoude gevoer met die eggenote van vroulike politici nie, maar die teendeel is waar. Wanneer onderhoude met politici se vroue gevoer word, word daar ook meestal gefokus op hul mans se loopbane en persoonlikhede.

7.6.4 Verdere tendense in die gebruik van die mense-storiebenadering

Die mense-storiebenadering manifesteer ook op 'n aantal ander wyses, bo en behalwe dié wat tot dusver onder afdeling 7.6 bespreek is. Dikwels word 'n aktuele artikel gekleur met die invoeg van mense se stories of opinies, of 'n saak word rondom iemand se ervaring uitgebou. Dit gebeur ook in die ander twee publikasies. Een spesifieke geval handel oor wat gewone mense doen om hulself en hul omgewing/gemeenskap te beveilig (SR/96/3Jul/56-57). Die storie van 'n pa en seun wat 'n beveiligingseenheid in Norwood op die been gebring het, is 'n illustrasie. Daar kon egter meer stories oor die mense wat daar woon ook vertel word wat toon hoe die eenheid byvoorbeeld hul daaglikse handel en wandel positief affekteer.

'n Ander artikel is oor die feit dat die SAUK nie meer baie in Afrikaans uitsaai nie en bevat opinies van gewone mense (SR/96/13Mrt/38-39). Dit maak die onderwerp vir almal toeanklik, omdat die leser beter met iemand wat soos sy is, se gevoelens en opinies kan identifiseer. Daar kon moontlik 'n storie in gewees het van iemand wat vertel hoe hul gesinslewe ontwrig is noudat hul hoofbron van ontspanning nie meer daar is nie – miskien kla die kinders daaroor. In talle ander items word gewone en bekende mense se opinies gevra en hul stories vertel – daar is werklik nie 'n tekort aan die menslike element in items nie.

Dit is duidelik uit bogenoemde drie afdelings dat daar op bevredigende en diverse wyse voldoen word aan die bepalinge van riglyn 5. Die mense-storiebenadering kan selfs aan ernstige items toegevoeg word om sodoende vermaakwaarde mee te bring. Mense ontvlug wanneer hulle hulself vir 'n wyle in iemand anders se situasie plaas.

7.7 Riglyn 6

Kenners moet verkieslik vroulik wees

7.7.1 Die aantal vroulike en manlike (ekspert)bronne

Die bronne in die artikels wat politiek as onderwerp het, word vervolgens getabelleer:

Tabel 9 – Die aantal bronne in *SARIE* 1994-2004

	Aantal bronne	Aantal kenners
Vroue	96	53 (55% van 96)
Mans	65	45 (69% van 65)
Onbekend	13	6 (46% van 13)
Totaal	**174**	**104 (60% van 174)**

Dit blyk dat bykans vyf of ses uit tien bronne vroue is, terwyl omtrent vier uit tien manlik is. Aansienlik meer vroulike bronne is dus gebruik, maar persentasiegewys is hulle minder vir hul kundigheid gebruik as mans. Dit blyk duidelik uit die feit dat 60% van alle bronne gebruik is vir hul kundigheid, hoewel 55% van vroulike en 69% van manlike bronne kenners is. Daar behoort derhalwe meer moeite daarmee gedoen te word om vroulike kenners in die hande te kry. Die ander sy van die munt is dat daar meer gewone vroue aangehaal word as gewone mans.

Daar is 'n beperkte aantal bronne van onbekende geslag. Hoewel dit min is, is die aanbeveling hier dieselfde as by die ander twee publikasies – vroulike kenners se geslag behoort aangedui te word.

Dit word ook aanbeveel dat 'n manlike kenner se opinie gekry word in gevalle waar daar spesifiek oor vrouesake geskryf word (byvoorbeeld items SR/94/7Des/34-35 en SR/94/14Sep/42-43), sodat daar 'n gebalanseerde blik op die onderwerp is. So byvoorbeeld is daar 'n verwysing in 'n profiel van 'n mediese dokter waarin hy gevra word of hy 'n "bevryde man" is (SR/94/2Feb/22-23;26). Hy huldig die progressiewe opinie dat vroue se plek nie noodwendig in die kombuis is nie. "'n Vrou (en 'n man) moet alles doen wat sy kan, haarself verbeter, aan die gemeenskap gee, haar familie, haarself verryk, dinge doen, lees." (Truter, 1994:26.) Hy is 'n voorstaander van onafhanklike vroue. Hy sê ook hy sou wou sien dat vroue "intellektuele prikkeling nastreef". Dit stel 'n goeie voorbeeld dat hierdie man met aansien – hy

word die "volksdokter" genoem en verskyn dikwels in die media – die onafhanklikheid van die vrou voorop stel.

Riglyn 6 vind dus nie heeltemal doeltreffend neerslag in die ondersoekmateriaal uit *SARIE* nie.

7.8 Noemenswaardige verwysings

Daar is 'n noemenswaardige neiging opgemerk in die items wat slegs verwys na politiek: swart en bruinmense wat geaffekteer is deur apartheid. Wat opmerklik is hier, is dat dit voorkom asof die mense wat gekies is vir onderhoude juis nie bitter is oor die effek wat apartheid op hulle gehad het nie. In een item, 'n profiel oor nuusleser Anand Naidoo, vertel hy hoe moeilik dit was om bruin te wees in Suid-Afrika toe hy jonk was (SR/94/11Mei/32-33). Hy vertel hoe hy gesukkel het om toelating te kry tot Rhodes Universiteit en ook gesukkel het om blyplek te kry op kampus – hy moes by die Katolieke Kerk gaan woon. Hy stel dit egter duidelik dat hy nie bitter is nie. Dit is ook die geval met 'n profiel oor sopraan Virginia Davids (SR/94/5Jan/34-35). Sy het in die apartheidsjare gesukkel om haar sangloopbaan op dreef te kry omdat bruinmense verbied was in sekere plekke. Haar gesin is ook verskuif na aanleiding van die Groepsgebiedewet. Sy word egter nie as bitter daaroor voorgestel nie – sy het dit bloot hanteer en hulp gekry om haar drome te verwesenlik.

7.9 Samevatting

Om die spesifieke navorsingsvraag, naamlik hoe politiek in *SARIE* aangebied is, te beantwoord: Politiek handhaaf 'n bevredigende frekwensie op die agenda van *SARIE*. Die onderwerpe en benaderings daartoe is in die algemeen interessant. Die leser word deurgaans van genoeg nuttige inligting en konteks verskaf. Dit is dus in pas met die skema- en aanlyn-evalueringsteorie. In pas met agendastelling word gevolgtrekkings voorgehou, maar nie tot die mate dat dit aan die leser voorskryf wat om te dink nie.

Daar word deurgaans van die mense-storiebenadering gebruik gemaak en tesame met interessante feite, emosionele inhoud en nuttige inligting, beteken dit dat "infotainment" wel die dominante wyse van nuusaanbieding is. Hierdie kombinasie-funksie, wat ook aanbiedingswyse impliseer, word dus in die algemeen voldoende aangewend en daarmee moet volgehou word.

SARIE is nie betrokke by partypolitiek nie, maar is geïnteresseerd in hoe die samelewing 'n beter en meer akkomoderende plek gemaak kan word vir die vrou. Dit is positief en inspirerend en nie baie krities nie. Dit kan moontlik meer ondersoekend wees, om die funksies van inligtingoordrag, opvoeding, waarneming, analisering, interpretering en mobilisering meer doeltreffend te vervul. Vermaak en (vroulike) sosialisering is wel volop.

Die verslaggewers se skryfstyl is professioneel en neem die skemas van die leser in ag, hoewel die aanwending van grafika oorweging nodig het om meer aandag na items te trek. Die gebruik van vroulike ekspertbronne kort ook aandag om verhoudingsgewys beter met manlike bronne te vergelyk.

Bekendes se politieke perspektiewe en gewone mense se verhale van politieke bemagtiging kan interessante toevoegings wees tot die dekking van politiek in die publikasie. Die vermaakwaarde kan sodoende op plekke verhoog, sodat die "infotainment"-aanslag verder tot sy reg kom.

SARIE vervul dus in die algemeen sy funksie as medium vir vroue, maar in sekere opsigte is daar ruimte vir verbetering wat spesifieke aanbiedingskwessies en die diversifisering van onderwerpe en genres betref sodat genoeg van die regte tipe inligting beskikbaar en opmerklik is vir opname in die leser se skema.

Hoofstuk 8: Samevatting en gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk word die drie spesifieke navorsingsvrae van die studie, wat as opskrifte dien, beantwoord. Laastens word die algemene navorsingsvraag ook beantwoord, naamlik:

Op watter wyse, indien enigsins, is politieke sake van 1994 tot 2005 in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady, rooi rose* en *SARIE* aangebied om vroue in te lig en op te voed?

In die voorafgaande hoofstukke is aandag gegee aan die omvang en wyse van aanbieding van politieke inligting op die onderskeie publikasies se agendas. Daar word in hierdie hoofstuk 'n opsomming gegee van die bevindinge van die studie. Die resultate verkry van die individuele publikasies word geïntegreerd aangebied en sodoende word tendense wat betref die manifestering van bepaalde riglyne teenoor mekaar gestel. Die doel is egter nie om te identifiseer watter publikasie politiek die "beste" aangebied het nie, maar om elk se unieke hantering van die onderwerp in diepte te ondersoek. Sommige publikasies het egter tot groter mate voldoen aan bepaalde riglyne. Aanbevelings word deurgaans gemaak.

Bydraes en beperkinge van die studie en voorstelle vir toekomstige navorsing word aan die einde van die hoofstuk gemaak.

8.1 Beantwoording van spesifieke navorsingsvraag 1

Watter funksies behoort vrouetydskrifte te vervul om politieke kundigheid onder vroue te bevorder?

Die studie gaan van die standpunt uit dat vrouetydskrifte 'n interessante hibried is van die twee "tipies" media wat Geertsema (2008b) voorstel, naamlik "nuusmedia" en "vermaakmedia", in die lig daarvan dat "infotainment" die dominante aanslag tot nuusaanbieding is. Daar is in hoofstuk 2 geargumenteer dat vrouetydskrifte wel hul lesers bloot behoort te stel aan nuttige politieke inligting wat 'n positiewe bydrae tot hul alledaagse bestaan kan lewer ingevolge veral die opvoedings- en inligtingsfunksies van die media. Politieke inhoud kan vroue se skemas oor politiek in die algemeen aanvul en hulle dus bemagtig in alledaagse besluitneming, in lyn met teoretiese argument 1. Dit help hulle ook met sosialisering omdat hulle hulself meer effektief kan uitleef in die samelewing. Politieke nuus kan hulle ook help in die vorming van opinies oor politieke aangeleenthede deur feite en gebeure te interpreteer. Daar is bevind dat vroue wel vrouetydskrifte lees om te ontspan, maar ook omdat hulle nuttige inligting daarin vind. Die gevolgtrekking is dat vrouetydskrifte hul lesers in die steek laat indien hulle nie politieke sake, veral daardie kwessies wat direk betrekking het op vroue en soms boonop min aandag in hoofstroommedia ontvang, op hul agenda het nie. Die studie gaan verder van die standpunt uit dat die medium grotendeels reeds inherent aan die leser bied wat sy wil hê en dat daar groter vryheid met betrekking tot

die inhoud is, solank daar aandag aan aanbiedingswyse geskenk word. Dié punt is gegrond op die beginsels van die aanlynevalueringsmodel, skemateorie en agendastelling. Politieke inligting kan op spesifieke wyse geraam word sodat vroue hulle nie hoef in te span om die spesifieke saak te verstaan nie en selfs sonder dat vroue agterkom hulle ontvang politieke inligting, omdat die meeste van hulle, soos die aanlynevalueringsmodel stel, juis nie op soek is daarvoor nie. Die teoretiese argumente van die studie vat dit saam:

Teoretiese argument 1:
Polities-kundige burgers is 'n aanwins vir enige (veral ontwikkelende) demokrasie, omdat politieke verandering 'n uitwerking op hul alledaagse lewens het. Mense moet ingelig word via die media as spesialis-adviseur omdat dit deel uitmaak van die media se funksie en verantwoordelikheid om politieke inligting in 'n demokrasie te voorsien.

Teoretiese argument 2:
Burgers (vroue meer as mans) is grootliks polities onkundig in die sin dat hulle nie inligting kan herroep nie. Hulle is egter wel in staat om 'n besluit te neem op grond van inligting wat "toevallig" ingesamel is volgens die aanlynevalueringsmodel.

Teoretiese argument 3:
Vrouetydskrifte kan in bogenoemde konteks dus 'n bydrae lewer tot vroue se politieke kundigheid deur politieke nuus op hul agendas te hê en dit so te raam dat dit by vroue se politieke skemas aanklank vind.

Die vermaakfunksie van die media is dus hier veral ter sprake aangesien die elemente van vermaak doelbewus ingespan moet word tydens die aanbieding van inligting om die kans te verhoog dat die leser dit raaksien, terwyl sorg steeds met die navorsing en opneem van kwaliteit-inligting geneem word. Die eerste tydskrif, *The Review*, wat in 1704 deur die skrywer Daniel Defoe gepubliseer is, het reeds van die "infotainment"-konsep gebruik gemaak. Die doel van die publikasie was om minder nuus en meer "features" (soos artikels oor die sosiale lewe in Londen, leefstyl-aangeleenthede en die politiek van die dag) te bevat. Defoe het in daardie tyd reeds besef dat lesers soms op innoverende wyse aangemoedig moet word om ernstige nuus te lees. Daarom het hy sodanige nuus met 'n ligter aanslag aangebied. In die afdeling "Advice from the Scandalous Club" het hy op humoristiese wyse met ernstige politieke sake omgegaan en dit sodoende meer toeganklik vir die leser gemaak (Claassen, 1998:120;129). Dit is 'n aanslag wat talle vrouetydskrifte reeds volg (Kort, 2008; Pansegrouw, 2008), maar nie noodwendig altyd vir politieke nuus nie. Die publikasies is egter goed geposisioneer om dit wel te kan doen omdat hulle 'n getroue leserskorps het (*Fair Lady* bestaan al 44 jaar, *rooi rose* 68 en *SARIE* 60) en styl- en aanbiedingsgewys nie hoef af te wyk nie. Soos Hermes (1995:34) tereg sê: "Women's magazines ... are typically second-choice reading matter that adapts to a noisy background, to other obligations. They are read more for their adaptability than for their content." Die kenmerke en aard van die *medium* is dus

deur baie jare reeds as suksesvol bewys. Die inhoud moet egter van tyd tot tyd heroorweeg word om veranderende samelewingsnorme te weerspieël en verslaggewers, as agente van sosiale verandering, moet tred hou hiermee. Dié punt word verder bewys deur Ballaster *et al.* (1991:12) se stelling dat die vrouetydskrif vrouelesers gewoonlik simbolies in die private domein plaas. Dit gebeur wanneer tydskrifte hoofsaaklik op tradisionele vrouebelangstellings (soos kosmaak en skoonheid) fokus, en nie op aspekte wat tradisioneel in die openbare domein gesetel is nie (soos politiek). Solank vrouetydskrifte in 'n politieke vakuum funksioneer, toon hierdie "reëlboek" van vroulikheid in essensie dat politiek dus nie een van 'n vrou se prioriteite behoort te wees nie; nie op haar persoonlike agenda hoort nie. Aangesien vroue nie oor parate politieke kennis beskik nie en hul politieke kennisvlakke in die algemeen boonop laer is as dié van mans, is dit duidelik dat intervensie nodig is, maar dat dit deurdag gedoen moet word om die bestaande uitdagings die hoof te bied.

Dit gaan dus by hierdie navorsingsvraag oor die onderwerpe en aanbiedingswyses daarvan op die media se agenda. Dit hou direk verband met die media se *funksies* en eintlik die media se hele bestaansreg. 'n Medium moet die spesifieke nismark waarop dit fokus dien deur inligtingoordrag wat lei tot opvoeding na aanleiding van korrelasie, integrasie en interpretering wat aan die gehoor die relevansie van nuus verduidelik en help met sosialisering. Die feit bly staan dat vroue graag vrouetydskrifte lees. Dié medium help hul lesers deels om hul vroulike identiteit te vorm. Die norm en voorbeeld wat voorgehou word moet dus alle aspekte van die lewe as vrou insluit. Gereelde en getroue lesers internaliseer die sosiale norme van vrouwees waarmee hulle herhaaldelik in vrouetydskrifte gekonfronteer word tot 'n mate; selfs ook vroue wat nié vrouetydskrifte lees nie word indirek beïnvloed. Vroue praat immers onder mekaar en opinieleiers in die vroulike (en selfs manlike) gemeenskap lees ook dikwels vrouetydskrifte. Juis omdat vrouetydskrifte fokus op vroue en hul behoeftes is dit die ideale medium om meer vroue te bereik en hulle te inspireer om polities meer bewus te word, hoewel die waarde van die medium in hierdie hoedanigheid eerder komplementerend is. Daar moet dus nie te hoë verwagtinge van die potensiële invloed van vrouetydskrifte op vroue se politieke skemas geplaas word nie (in lyn met Geertsema, 2008b; Pansegrouw, 2008; Hermes, 1995). Die feit dat vroue hierdie medium ondersteun hou net te sterk verband met vermaakbehoeftes (ontspanning en ontvlugting).

8.2 Beantwoording van spesifieke navorsingsvraag 2

Watter riglyne kan vanuit die literatuur en die tydskrif *Ms. Magazine* geformuleer word met betrekking tot die aanbieding van politieke sake in vrouetydskrifte?

Hoofstuk 2 het die volgende riglyne opgelewer, aanvanklik gegenereer uit literatuur oor vrouetydskrifte en politiek en die bestudering van die inhoud van *Ms. Magazine*, en bevestig deur kenners en die voorkoms daarvan in een of al drie die bestudeerde Suid-Afrikaanse publikasies:

1. Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het.

2. Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, en vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte.
3. Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep.
4. Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl.
5. Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek.
6. Kenners moet verkieslik vroulik wees.

Spesifieke toepassings van die riglyne in die Suid-Afrikaanse publikasies word vervolgens bespreek.

8.3 Beantwoording van spesifieke navorsingsvraag 3

Op watter wyse word politieke sake in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied?

Hierdie vraag word aan die hand van die onderskeie riglyne beantwoord.

Soek aktief politieke nuusitems uit waarby vroue belang het.

Wat algehele dekking betref, is *Fair Lady* voor met 72 items waarvan die onderwerp polities is en 154 items wat verwys na politiek hoewel dit nie die hooffokus van die items is nie. Aangesien daar 49 uitgawes bestudeer is werk dit uit op gemiddeld drie items per uitgawe wat na politiek verwys en drie wat op politiek gebaseer is vir elke twee uitgawes – 'n hoë frekwensie. In *SARIE* is daar 45 items wat volledig aan politieke sake gewy is en 100 items wat slegs daarna verwys. Hierdie gemiddeld van amper een item per uitgawe wat op politiek gebaseer is en twee wat daarna verwys, is voldoende aangesien die vrouetydskrif nie tradisioneel met politiek geassosieer word nie. In *rooi rose* is daar altesaam 38 items waarvan die onderwerp polities is en 83 items wat verwys na politiek. Die gemiddeld per uitgawe kan moontlik opgestoot word na een artikel wat op politiek gebaseer is per uitgawe. Dit sal help as dit konsekwent in elke uitgawe gedek word sodat die leser herhaalde en deurlopende blootstelling aan 'n verskeidenheid politieke inligting kan kry om sodoende haar skemas te ontwikkel. Verreweg die meeste items kom voor in *Fair Lady* se 2004 uitgawes. Daar is nie duidelikheid oor die redes hiervoor nie, aangesien daar nie spesifieke tendense in 2004 se dekking bespeur kan word nie.

By al drie die publikasies kom politiek die meeste voor in artikels en lesersbriewe. Dit kan dus met relatiewe sekerheid afgelei word dat sekere politieke sake belangrik is vir die lesers – in *Fair Lady* se geval meer as by die ander twee. Die res van die genres bevat weinig politieke inligting en besit dus onontginde potensiaal.

'n Voorstel in dié verband is om 'n gereelde rubriek op die been te bring waarin daar tematies-gewys geleentheid geskep word vir die gereelde dekking van politiek in publikasies, soos "Talking about" en "Talking point" wat in 2004 in *Fair Lady* voorgekom het (sien afdeling 5.3.1). Hierdie voorgestelde rubriek kan dieselfde formaat volg as dié in *Fair Lady*. Die volgende is kenmerke van die rubrieke:

- Die onderwerp trek aandag vanweë die aktuele aard daarvan; omdat dit in die nuus is in die paar maande wat die publikasie van die spesifieke uitgawe voorafgaan.
- Die rubrieke het soms, maar nie altyd nie, 'n kort inleiding; die res bestaan uit vrae met antwoorde. Dit is dus in kleiner dele verdeel met vrae as subkoppe wat dit meer lesersvriendelik maak. Die idee is om vrae te vra oor aspekte van die saak/persoon waarin die leser moontlik sou belangstel. Hierdie afleiding word verder versterk deur die feit dat een vraag dikwels ontstaan na aanleiding van inligting in die antwoord bo dit. Navigering binne die item word ook vergemaklik omdat die leser bloot die antwoorde op die vrae kan lees waarin sy belangstel.
- Dit is gewoonlik net een bladsy lank, maar in uitsonderlike gevalle twee. Die korter lengte maak dit selfs meer lesersvriendelik – dit bied ernstige inligting opsommenderwys aan sodat die leser net die belangrikste oor die saak te wete kan kom. Die opdeel daarvan in kort dele asook die kort lengte van die rubriek verhoog die kanse dat dit gelees behoort te word. Die leser kan moontlik redeneer dat sy dit net sowel kan lees omdat dit nie baie tyd in beslag behoort te neem nie. Die feit dat vroue vrouetydskrifte lees omdat dit maklik is om neer te sit wanneer 'n ander taak skielik opduik (Hermes, 1995), dui daarop dat hierdie korter, verdeelde items se kans om gelees te word hoog is.
- Omdat "Talking About" oor 'n bekende persoon gaan (nie sommer vermaaklikheidspersoonlikhede nie, maar eerder byvoorbeeld politici) het dit 'n mense-storie-aanslag wat lesers trek. In pas met riglyn 5 (sien ook paragraaf onder) kan items oor politiesgeaffilieerdes soos dié oor vermaakpersoonlikhede vroeg in die publikasie voorkom en moet daar sorg geneem word om die toon en visuele impak daarvan soortgelyk aan ander profiele oor "glanspersone" te maak.

Hoewel *rooi rose* en *SARIE* tot 'n mate meer aandag aan politiek sou kon skenk, word daar egter inderdaad tot 'n bevredigende mate voldoen aan riglyn 1 en 2.

Berig gebalanseerd en regverdig oor politieke partye, nie-regeringsorganisasies en die regering se beleid en aktiwiteite van toepassing op vroue, die ekologie, misdaad teenoor vroue en ander maatskaplike probleme, en vroue se wetlike, politieke, finansiële en gesondheidsregte.

Wat onderwerpe betref is misdaad, gender en regte, wette en regulasies die gewildste in *Fair Lady*. Daar is egter leemtes wat die dekking van ekologie, aborsie, vakbonde en werknemersverenigings en vrouekonferensies betref omdat daar by elk nie meer as vyf items in die bestudeerde inhoud voorkom nie. Die volgende onderwerpe is bykomend geïdentifiseer uit die publikasie se inhoud en gevolglik ook

in die ander publikasies se inhoud voor gesoek. Sommige daarvan is uniek tot Suid-Afrika se politieke situasie, wat die afwesigheid daarvan in die literatuur verduidelik:

- demokrasie en (post)apartheid
- rasse- en ander ideologiese kwessies, byvoorbeeld oorlog
- waghond speel oor instellings, byvoorbeeld lughawens en die regstelsel
- sport
- internasionale politiek

Hierdie "nuwe" onderwerpe het nie so geredelik voorgekom in die ander twee publikasies nie. Daar was wel redelik baie *verwysings* na demokrasie en (post)apartheid.

In *rooi rose* is misdaad, maatskaplike- en ontwikkelingsprobleme, profiele en gender die gewildste onderwerpe met politieke dimensie. Onderwerpe in ander genres wat meer dekking kan geniet en as wegspringplek vir die generering van storie-idees kan dien, is ekologie, aborsie, (nie)regeringsorganisasies en politieke partye se beleid en aktiwiteite, vakbonde en werknemersverenigings, vrouekonferensies, demokrasie en post-apartheid, rasse- en ander ideologiese kwessies en waghond-speel oor instellings.

In *SARIE* is die gewildste politieke onderwerp profiele oor politici of hul familielede. Die tydskrif het uiters belangrike kwessies waarvan die inhoud 'n groot impak op die kwaliteit van die alledaagse lewe van hul lesers kan hê ook gereeld gedek, naamlik diskriminasie en geweld teen vroue. Daar is egter leemtes wat die dekking van ekologie, maatskaplike probleme, regte, aborsie, vakbonde en werknemersverenigings, vrouekonferensies, demokrasie en (post)apartheid en waghond-speel oor instellings betref. Sport en internasionale politiek, twee baie ongewone onderwerpe vir die vrouetydskrif, kan ingesluit word in enige vrouetydskrif wanneer dit relevant is vir die lesers.

Die mees algemene politieke onderwerpe wat in 3.3.4 aan die lig gekom het, was

- profiele oor polities-geaffilieerdes (*SARIE* het dit baie gedek, *rooi rose* minder en *Fair Lady* baie min)
- kwessies soos ekologie, misdaad teen vroue en ander maatskaplike probleme (al die publikasies het dit gedek, behalwe vir ekologie),
- inligting oor mense se wetlike en politieke regte (slegs *Fair Lady* het gereeld daaroor berig).

Gender was gewild in al die publikasies, hoewel dit nie op hierdie lys gevind word nie. Daar is dus verskille tussen watter politieke onderwerpe die literatuur as algemeen aangedui het en wat inderdaad in die publikasies verskyn het.

Daar is nooit 'n positiewe of negatiewe ingesteldheid teenoor politieke partye by enige van die publikasies nie. Dit word altyd in samehang met 'n persoon as onderwerp genoem. Dit word ook as 'n reël slegs in die verbygaan genoem wanneer dit nodig is vir agtergrond/konteks. Dit is in lyn met

vrouetydskrif-tradisie om nie by partypolitiek betrokke te raak en sodoende lesers te vervreem nie. Dit getuig van gebalanseerde en regverdige beriggewing. *Rooi rose* het besonder min melding gemaak van politieke partye – daar is in slegs een item na twee plaaslike partye verwys en in 'n ander item na 'n internasionale party. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat daar regverdig en gebalanseerd oor politieke partye berig gedoen word tot die mate dat die leser se partykeuse nie beïnvloed behoort te word nie, in al drie die publikasies. Profiele oor politici stel egter gewoonlik die persoon in 'n betreklik goeie lig, vanweë die algemene "onkritiese" aard van vrouetydskrifte, in besonder in *rooi rose* en *SARIE*. In *Fair Lady* word mense met politieke affiliasies egter soms meer krities bejeën, soos die item FL/04/Apr/40-44 wat krities kyk na Ranjeni Munusamy, politieke joernalis, se affiliasies met Jacob Zuma en die manier waarop sy haar loopbaan bedryf.

In al drie die publikasies is daar 'n beperkte aantal definitiewe verwysings na mense se regte. Dit is weereens 'n saak wat suksesvol op gereelde grondslag in 'n rubriek soos "Talking about" uit *Fair Lady* kan kom. Die implikasies daarvan om nie jou regte te ken en daarop te staan nie, word soms voorgehou as onderliggende boodskap; dit word baie min letterlik gedoen. Dit vloei gewoonlik uit die implikasies van veranderde wetgewing of die miskenning van vroue se regte. Skokkende ware verhale van mense wie se regte misken is en nie die regte hulp kon kry nie, dien as waarskuwing hoewel dit nie eksplisiet so gestel word nie en daarop kan voortgebou word.

Daar word dus, hoewel nie tot 'n bevredigende mate nie omdat sekere onderwerpkategorieë te kort skiet, voldoen aan riglyn 2 in die publikasies. Sekere genres het ook onontginde potensiaal. Die aanbeveling is dat die redaksie 'n lid aanwys om in kontak te kom met organisasies wat verbind is met die onderskeie sake om nuus relevant vir die vrouetydskrifmark te bekom.

Plaas aspekte van toepassing op vroue en hul alledaagse lewens op die voorgrond om konteks te skep.

Konteks en/of gevolgtrekkings word op die volgende verskillende wyses geskep:

- die kop en opsommingsdek (konteks)
- laaste paragrawe (gevolgtrekking)
- eerste en inleidende paragrawe
- gevalle uit die media
- kenners, studies en statistieke
- gewone mense se verhale

Die feit dat daar dikwels nie werklik 'n definitiewe gevolgtrekking is nie, beaam weer die feit dat die media vir die leser inligting gee om oor te dink en te praat en nie noodwendig wat om presies daarvan te maak nie, in lyn met die agendastellingsteorie.

Daar word deurentyd in al drie die publikasies baie praktiese raad en nuttige inligting verskaf vir alledaagse gebruik. Die publikasies vervul hul funksies as inligting-oordraers en opvoeders in hierdie opsig tot 'n bevredigende mate. Daar word dus voldoen aan riglyn 3. Sommige items is volledig gebaseer op praktiese raad met 'n politieke dimensie vir gebruik in vroue se alledaagse bestaan. Daar is egter veel meer items wat een (dikwels problematiese) saak in diepte ondersoek en moontlike oplossings en opsies in die hantering daarvan bied. Dikwels word uitdagende situasies vir die samelewing eerder as die individu bespreek en volg daar 'n oproep tot hulp. Die leser word aangemoedig om te help en ingelig oor hoe om dit prakties te doen; sy word dus voorsien van die middele om deel te neem aan die funksionering van die samelewing.

Die praktiese inligting wat oorgedra word in al drie die publikasies is egter soms minder konkreet en skep eerder begrip vir 'n persoon/saak by die leser, gee 'n lewensles, lewer kommentaar en/of interpreteer vir die leser die boodskap. Hierdie "soort" inligting is egter nie minder nuttig nie omdat dit ook indrukke maak op die leser se skema. Die juiste feit dat dit nie altyd bloot die versameling van 'n aantal feite is nie, maak dit moontlik inderdaad meer toeganklik vir "toevallige" opname. Die feit dat verskillende tipe items ditself tot verskillende tipes aanwendingswyses leen, kom hierin na vore. In skrywersrubrieke sal daar dikwels meer fiktiewe en werklike stories voorkom as in gereelde rubrieke wat oor bepaalde temas handel, byvoorbeeld "Suksesnotas" uit *rooi rose* (2004) wat loopbaanwenke bevat. Sodanige rubriek kan dus nie daarvoor gekritiseer word dat dit nie mense-stories bevat nie, omdat daar baie maal nie plek is daarvoor nie. Dit is ook makliker om geselstrant te gebruik in 'n redakteursbrief of skrywersrubriek as in sommige gereelde rubrieke en artikels, terwyl lesersbriewe en brokkies fisies nie baie ruimte bied om 'n kwessie in besondere diepte te ontgin nie.

Daar is nie presiese identifiseerbare aspekte waarop besondere klem gelê word wat gelys kan word nie. Daar is eerder idees. Dit wil voorkom asof die onderliggende "ideologie" van die vrouetydskrif die klem of onderliggende idee van feitlik alle inhoud bepaal. Dit is, in lyn met die tradisionele styl van vrouetydskrifte, om op positiewe, hoopvolle wyse as vriendin op te tree. 'n Goeie vriendin waarsku, help, vermaak en ondersteun. Die klem van die meeste politieke items is op een of 'n kombinasie van hierdie aspekte, wat inderwaarheid niks anders as die vervulling van funksies is nie. Dit is belangrik om politieke items in dieselfde trant as ander items aan te bied omdat dit juis hierdie trant is, so eie aan die vrouetydskrif en waarmee die leser bekend is, wat die leser intrek en waarmee sy identifiseer. Items fokus ook baie eksklusief op die vrou. Ervarings uniek aan vrouwees word spesiaal uitgesoek en dikwels op persoonlike, intieme vlak oopgevlek. Die klem in die meeste items wat polities van aard is, hou verder verband met die spesifieke onderwerp ter sprake. Al drie die publikasies het dus in die algemeen 'n tradisionele vrouetydskrifstyl in die aanbieding van politiek. Hulle is aan die vrou se kant, sonder om teen die etiese beginsel van regverdige beriggewing in te gaan, en maak dikwels voorspraak vir die gelyke behandeling van vroue en vir hul regte, in besonder *Fair Lady*. Dié publikasie kyk in teenstelling met tradisionele styl en ook die ander twee publikasies, egter, na baie ernstige sake (soos sake wat vroue marginaliseer en hul regte en vryheid inperk) op 'n besonder kritiese wyse. In sodanige

items gaan dit dikwels oor die samelewing wat (sekere) vroue marginaliseer eerder as openbare instellings, hoewel laasgenoemde ook soms onder die loep kom. Die ander twee publikasies bevat weinig kritiese ingesteldhede en is meer in lyn met die verwagting, wat spruit uit kritiek teen die medium (3.2), dat daar 'n ietwat versuikerde weergawe van die werklikheid aangebied word. Die redakteur van *rooi rose* werp egter besonder goeie lig op die situasie (Pansegrouw, 2008):

> Die werklikheid van die dag is wat ons weerspieël, maar ons skryf ons artikels altyd in 'n positiewe trant. Mense wil vermaak word, maar hulle wil ook saam met ander ly, solank daar altyd hoop is. Mense wil glo hulle kan steeds iets doen aan dit wat in die land gebeur.

Die feit bly egter staan dat *Fair Lady* ditself meer gereeld kwyt van die take van waarneming, interpretasie en waghond-speel, wat ook vergestalt word in onderwerpkeuses soos bo beskryf. Die vraag ontstaan of Engelssprekende vroue polities meer bewus, kundig en aktief is omdat daar soveel meer dekking van politiek in *Fair Lady* is en dat dit op 'n meer interpreterende, kritiese wyse geskied as in die twee Afrikaanse vrouetydskrifte. Die antwoord lê egter buite die bestek van dié studie (sien 8.8).

Trek/interesseer die leser deur die gebruik van tradisionele vrouetydskrifaanslag, interessante feite en/of emosionele inhoud, keuse van grafika en eenvoudige en verstaanbare skryfstyl.

Daar is bevind dat die skryfstyl wel die leser behoort in te trek. Die volgende aspekte word in wisselende hoeveelhede ingespan in al drie die publikasies: positiewe en opbouende boodskappe, intieme/persoonlike trant, skrywersrubrieke se unieke stem, humor en die invoeg van mense se stories en aanhalings. Humorrubrieke wat byvoorbeeld met verkiesings spot, was gewild in die vroeëre uitgawes van *rooi rose* en *SARIE*. Soms is daar 'n element van sensasie gebruik.

Nuwe konsepte wat aan die leser bekend gestel word, is gewoonlik beperk tot nuwe wette en regulasies. Lesers se skemas word dus in ag geneem by die aanbieding van nuwe inligting wat noodsaaklik is vir die vrouetydskrif om oor te dra. Baie min ongewone konsepte kom inderdaad voor. Die rede hiervoor is waarskynlik dat lesers uit media wat meer gereeld verskyn en deur interpersoonlike inligting-oordrag baie van die konsepte reeds leer ken het, byvoorbeeld "uitkoms-gebaseerde onderwys". Die kans is baie skraal dat 'n medium soos die vrouetydskrif 'n totaal-nuwe konsep eerste op die leser se agenda gaan plaas vanweë die beperkinge van die medium wat betref *tydigheid*.

Daar is baie interessante feite gebruik. Die meeste hiervan hou verband met mense en hul aktiwiteite en verhoudinge, maar ook met wetenskaplike feite soos statistieke en kenners se navorsing.

Aangaande emosies, word dit óf gewys/beskryf vir die leser, óf daar word gepoog om dit by die leser te skep (hoewel eersgenoemde dit ook sou kon bewerkstellig). Dit is onmoontlik om te bepaal watter emosie by 'n leser gewek sal word om subjektiwiteitsredes, maar afleidings is vanuit die inhoud gemaak oor watter emosies *waarskynlik* by die leser gewek sou kon word. Talle soortgelyke emosies word in die

drie publikasies voorgestel, naamlik vrees, desperaatheid, hartseer, vernedering, lyding, spyt, woede, verontregting en verontwaardiging, frustrasie, empatie/simpatie, liefde en nostalgie. Nasietrots/patriotisme, empatie en skok, vrees en/of bekommernis, vroulike identiteitstrots, moederinstink en bemagtiging en inspirasie, alles positief, sou moontlik by die leser ontlok kon word. Emosionele boodskappe word volgens die skemateorie gebruik om verhoogde ingang van boodskappe by lesers teweeg te bring. Verder stoor mense ook dikwels eerder 'n emosionele evaluering van die kognitiewe ervaring wat hulle gedurende die lees van 'n bepaalde item opgedoen het, wat later weer herroep kan word. Om hierdie rede is die insluit van emosies 'n bruikbare instrument in die oordra van mediaboodskappe in die "infotainment"-tradisie, al is die emosie nie direk van toepassing op die politieke inligting nie, maar daarby aangesluit. Die publikasies kwyt hulself, in tradisionele vrouetydskrifstyl, goed van hierdie taak.

Die maniere waarop grafika in die algemeen in die drie publikasies gebruik word, kan onder een of meer van die volgende *aanwendings* gevind word (hierdie kan dus ook as riglyn dien vir die aanwending van grafika):

- identifikasie van die mense betrokke in 'n storie – sleutelpersoonlikhede
- een of meer persone en/of hul aksies en/of die stel/toneel ter sprake
- geposeerde foto's
- 'n abstrakte idee of konsep
- die herhaling van grafika vir fisiese samehang in die item
- humoristiese illustrasies
- bekendes
- emosie wat getoon of uitgelok word
- eksotiese/ongewone/nuwe beelde
- collages
- die verskillende tipes soos hier genoem saam aangewend vir kontras

Die grafika wat gebruik word kon op 'n aantal plekke meer deurdag gewees het, veral in *rooi rose* en *SARIE* se vroëre uitgawes. Die geposeerde foto's en konsepgrafika in die twee publikasies is dikwels problematies omdat dit nie bydra tot die kommunikasiepoging nie. Daar is egter in al drie publikasies skynbaar meer sorg geneem met die keuse van grafika in latere uitgawes, waarskynlik met die toename in kompetisie in die vrouetydskrifmark.

Gebruik die mense-storie-aanslag deur byvoorbeeld "gewone" vroue as rolmodelle voor te hou en bekendes se politieke perspektiewe te dek.

Daar kan meer verhale van gewone mense wat *polities* bemagtig is ingesluit word aangesien dit besonders skaars is. Sulke verhale illustreer prakties hoe mense se regte vir hulle kan werk omdat dit vir ander mense net soos hulle ook gewerk het.

Daar is 'n aantal voorbeelde van gewone en bekende vroue wat polities bemagtig is en wat hul politieke perspektiewe verwoord, maar nie baie nie. Dit kom meer voor in *Fair Lady* as in die twee ander publikasies. Dit is raar dat items in geheel gebaseer is op bekendes se politieke perspektiewe. In die gevalle waar hul opinies wel opgeneem word, word dit dikwels gedoen in samehang met dié van gewone mense wat waarskynlik veroorsaak dat die leser beter daarmee kan assosieer. Haar belangstelling word terselfdertyd geprikkel indien sy belangstel in bekendes se doen, late en sienings. Dit is dus 'n goeie praktyk waarop voortgebou kan word. Daar is inderdaad 'n aantal gevalle waar die invoeging van 'n bekende se siening die item ekstra trefkrag sou gee en daardie belangrike skakel in die inligting-oordragproses sou volvoer, naamlik om die leser se aandag te trek.

Wat betref profiele oor polities-geaffilieerdes, was daar in *Fair Lady* altesaam vier profiele oor politici of hul familielede in die ondersoekmateriaal. Daarvan is egter slegs een oor 'n Suid-Afrikaanse politikus. Hierdie is derhalwe beslis 'n leemte wat gevul kan word sodat lesers die plaaslike politici beter kan leer ken, oftewel hul skemas oor hulle uitbrei. *Rooi rose* het ses profiele gehad en *SARIE* 'n volle 13; dit terwyl daar aansienlik minder dekking van politiek in dié twee publikasies as in *Fair Lady* was. *Fair Lady* het dus op baie meer *kwessies* gefokus as die ander twee publikasies. Profiele oor polities-geaffilieerde persone kan dus meer gedek word, hoewel dit in *SARIE* 'n bevredigende gemiddeld van ongeveer een profiel vir elke vierde uitgawe beloop. Items oor Hillary Clinton en Evita (die alter-ego van politieke satiris Pieter-Dirk Uys) kom voor in al drie die tydskrifte. Die rede vir hul gewildheid is waarskynlik die feit dat Hillary Clinton 'n sogenaamde "sterk" vrou (en dus 'n rolmodel) is wat nie in haar man se skadu leef nie. Sy moes verder sy ontrouheid in die openbaar hanteer en verwerk wat sterk emotiewe en dus boeiende dekking tot gevolg het. Evita is weer baie vermaaklik, hoewel daar in sommige gevalle eerder op Pieter-Dirk Uys se doen en late as op haar gefokus word. Omdat daar so min dekking van profiele in *Fair Lady* en *rooi rose* was, kan daar nie werklik tendense geïdentifiseer word wat betref die fokus op manlike/vroulike onderwerpe se persoonlike/professionele aktiwiteite nie. In *SARIE* word daar egter meer op mans se professionele hoedanighede gefokus wanneer hulle die onderwerpe van profiele is. Daar is nie 'n spesifieke tendens in die voorstelling van vroue nie: soms word daar meer gefokus op hul persoonlike lewe, soms op hul professionele lewe en soms is daar balans tussen die twee domeine. Wat fokus betref, is die aanbeveling dus slegs dat daar nié hoofsaaklik op vroulike politici se persoonlike lewens gefokus word terwyl daar weer grotendeels op manlike politici se professionele lewens gefokus word nie. Wanneer die onderwerp egter nie die politikus self is nie, maar 'n familielid, gaan die aanslag noodwendig meer op persoonlike hoedanigheid en verhouding met die politikus wees, aangesien dít juis die nuuswaarde meebring. Dit behoort ook interessant te wees om die manlike eggenote van vroulike politici as onderwerpe van profiele te hê – die nuuswaardes van *ongewoonheid* en *prominensie* sou hier vorendag kom omdat dit nie die tradisionele "vrou van 'n politikus" is nie, maar "man van 'n (vroulike) politikus". Dit is dus steeds in lyn met tradisionele vrouetydskrifstyl omdat dit gaan oor verhoudinge, emosies en die alledaagse lewe, maar dit sou ook genderrolveranderinge in die samelewing verteenwoordig en dus progressief in dié sin wees.

Een algemene manier wat verder in al drie publikasies gebruik word om die mense-storiebenadering te bewerkstellig, is om 'n werklike geval te gebruik en 'n aktuele saak daarrondom uit te bou. Soms word die teenoorgestelde egter gedoen – 'n saak/gebeurtenis word bespreek en dan word 'n mense-storie daarby aangeheg om dit te illustreer. "Vox pops" word sporadies gebruik asook skrywersrubrieke. Deur meestal van die mense-storie-aanslag gebruik te maak en dikwels van vrouetydskrifaanslag, interessante feite, emosies en grafika soos bo bespreek, en die hoë premie wat op nuttige inligting geplaas word, kan die meeste van die items as "infotainment" geklassifiseer word. Selfs baie ernstige temas kry 'n "infotainment"-aanslag deur mense se ervaringe in te voeg. Die saak word sodoende nie getrivialiseer of (noodwendig) gesensasionaliseer in 'n poging om die leser te trek nie.

Kenners moet verkieslik vroulik wees.

Die totale aantal bronne uit die bestudeerde items wat op politiek gebaseer is in *Fair Lady* beloop 299. Bykans ses uit tien bronne is vroue terwyl ongeveer vier uit tien manlik is. Afgesien daarvan is net minder as een kwart van die groottotaal manlike kenners en presies een kwart vroulike kenners. Meer vroulike bronne is dus gebruik, maar persentasiegewys minder vir hul kundigheid. Die totale aantal bronne vir die bestudeerde items in *rooi rose* wat op politiek gebaseer is, beloop 114. Ongeveer vyf of ses uit tien bronne is vroulik, terwyl drie uit tien manlik is. Daar is meer vroulike bronne gebruik en persentasiegewys is meer van die vroulike bronne boonop kenners. Genoeg vroulike bronne (ook as kenners) word dus gebruik en hierop moet *konsekwent* voortgebou word. In *SARIE* is ook ongeveer vyf of ses uit tien bronne vroulik, terwyl omtrent vier uit tien manlik is. Aansienlik meer vroulike bronne is dus gebruik, maar persentasiegewys is hulle minder vir hul kundigheid gebruik as mans. Dit blyk duidelik uit die feit dat 60% van alle bronne gebruik is vir hul kundigheid, hoewel 55% van vroulike en 69% van manlike bronne kenners is. Daar behoort dus meer moeite daarmee gedoen te word om vroulike kenners te raadpleeg by *Fair Lady* en *SARIE* en riglyn 6 vind nie bevredigend neerslag nie. Die feit dat daar in die algemeen egter meer vroulike bronne en kenners is hou 'n positiewe beeld van vroue voor. Die gebruik van manlike bronne op die gebied van "vrouesake" soos byvoorbeeld aborsie kort egter aandag. Daar behoort weg gedoen te word met die stereotipe dat vroue geraadpleeg word oor sake hoofsaaklik verbandhoudend met vroue en andersom. Die joernaliste moet daadwerklike pogings aanwend om stereotiperende voorstellings soos dié teen te werk deur 'n vrou te soek om op 'n tradisioneel manlike gebied kommentaar te lewer, soos byvoorbeeld die politieke woelinge in skoolsport.

Hoewel daar nie baie bronne van onbekende geslag gebruik is nie, is die aanbeveling hier dat indien die joernalis van bronne gebruik maak waar die naam nie duidelik aandui of die persoon manlik of vroulik is nie of wanneer die bron anoniem is, daar gepoog moet word om persoonlike voornaamwoorde soos "sy"/"haar" te gebruik om geslag aan te dui, veral wanneer vroulike ekspertbronne gebruik word. Elke maal wanneer daar melding gemaak word van 'n vroulike ekspertbron, word die leser se skema oor vroue as kenners in 'n verskeidenheid velde stewiger gevestig. Die tweede keer wanneer sy lees oor 'n vroulike inginieur of ruimtevaarder, sal dit vir haar reeds minder opvallend wees omdat die skema dat

vroue nie in sekere beroepe spesialiseer nie ('n skema wat opgebou is sedert haar kinderjare waarin alle inginieurs en ruimtevaarders nog altyd mans was), aangepas word.

8.4 Beantwoording van algemene navorsingsvraag

Op watter wyse, indien enigsins, is politieke sake van 1994 tot 2005 in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte *Fair Lady*, *rooi rose* en *SARIE* aangebied om vroue in te lig en op te voed?

Politiek is hoog op *Fair Lady*, as vrouetydskrif, se agenda. *SARIE* bevat gemiddeld een politieke item en twee wat daarna verwys per uitgawe terwyl *rooi rose* nie heeltemal by dié gemiddeld uitkom nie en ietwat te kort skiet wat gereelde konsekwente dekking van politiek betref. Ironies genoeg bevat *rooi rose* egter *persentasiegewys* die beste verteenwoordiging van vroulike kenners op verskeie politieke gebiede. In al drie die publikasies is die onderwerpe en die benaderings daartoe interessant en behoort dit aandag te trek, hoewel sekere onderwerpe meer aandag kan kry. *Fair Lady* dek 'n wyer verskeidenheid onderwerpe en boonop dek hulle onderwerpe uniek tot die Suid-Afrikaanse politieke konteks in meer diepte. In lyn met die agendastellingsteorie behoort politiek dus hoër te wees op die agendas van *Fair Lady* se redaksie en lesers. Hierdie publikasie se lesers het ook groter kans om 'n wyer verskeidenheid politieke inligting op te doen op "toevallige" wyse en beter daarmee om te gaan omdat daar 'n sterk vermoede bestaan dat hulle beter ontwikkelde skemas het. Dit stryk met die bepalinge van die aanlynevalueringsmodel en skemateorie.

Die leser word in al drie die publikasies deurgaans van genoeg nuttige inligting, konteks en idees om gevolgtrekkings op te baseer, verskaf. In hierdie sin is dit ook in lyn met die skemateorie en aanlynevalueringsmodel. Daar word soms identifiseerbare gevolgtrekkings voorgehou, maar daar word nie vir die leser voorgeskryf wat om te dink nie, in lyn met die agendastellingsteorie. Soms word vrae eerder geopper in die item en vervul die publikasie dus 'n bewusmakingsfunksie of stimuleer dit openbare debat, volkome in lyn met die agendastellingsteorie en funksies van die media.

Geen publikasie is betrokke by partypolitiek nie. Hulle is eerder gemoeid met die bevordering van die samelewing en spesifiek die vrou, strykende met die aard van die medium. Die inhoud is positief en inspirerend. *Fair Lady* is egter soms besonder krities en vervul dus 'n waghondfunksie ietwat ongewoon vir die tradisionele vrouetydskrif. Die ander twee publikasies kan moontlik meer ondersoekend wees om die funksies van inligtingoordrag, opvoeding, waarneming, analisering, interpretering en mobilisering meer doeltreffend te vervul, hoewel dit steeds getemper behoort te word met genoeg vermaak soos tans wel die geval is.

Die verslaggewers se skryfstyl is professioneel, weldeurdag wat betref gepastheid vir die atmosfeer van die item en ondersteun deurentyd die boodskap. Tesame met die aanwending van grafika behoort dit in die algemeen die leser te trek. Laasgenoemde aspek kon op sommige plekke, veral in *rooi rose* en *SARIE* in die jare voor 2004, meer deurdag gewees het.

Twee spesifieke maniere waarop die mense-storiebenadering vir politieke doeleindes aangewend kan word, naamlik die inkorporering van bekendes se politieke perspektiewe en gewone mense se verhale van politieke bemagtiging, kan meer ontgin word in al drie die publikasies. Profiele oor Suid-Afrikaanse polities-geaffilieerdes kan meer gereeld in *Fair Lady* en *rooi rose* voorkom, hoewel *rooi rose* se redakteur gesê het dat hulle 'n hele aantal polities-geaffilieerde mense as onderwerpe behandel het, waarskynlik in 2008 en 2009 (Pansegrouw, 2008; Pansegrouw, 2009). Daar word deurgaans op verskeie ander maniere van die mense-storiebenadering gebruik gemaak en ook interessante feite, emosionele inhoud en, soos bo genoem, nuttige inligting. Dit maak "infotainment" die dominante wyse van nuusaanbieding, in lyn met die verwagtinge wat daar in die teoretiese argumente en stellings van hierdie studie gestel is. Die twee "tipes" media wat Geertsema (2008b) as "nuusmedia" en "vermaakmedia" beskryf, kom dus bymekaar in die vrouetydskrif. Politieke inligting word inderdaad "gekamoefleer" onder die dekmantel van vermaak wat op verskillende maniere bewerkstellig word, maar die klem val duidelik steeds op die oordrag van inligting as substansiële komponent. Die leser wat bloot op soek is na vermaak sonder kwaliteit-inligting, sal haarself waarskynlik tot die geelpers wend en nie 'n gevestigde vrouetydskrif met 'n goeie reputasie, soos die drie wat ondersoek is, nie.

In die algemeen vervul veral *Fair Lady* die funksie as inligtingoordraer en opvoeder van die vrou deur genoeg politieke items en verwysings daarna op hul agenda te hê en dit op vermaaklike maniere aan te bied sodat dit vroue se aandag sal trek en behou en in die proses hul skemas oor die bepaalde onderwerpe aanvul. *Rooi rose* en *SARIE* vervul in die algemeen ook hul funksie as inligtings- en vermaakmedium vir vroue, maar in sekere opsigte is daar ruimte vir verbetering wat spesifieke aanbiedingskwessies en die diversifisering van onderwerpe en genres op hul agendas betref sodat *genoeg* van die *regte tipe inligting* beskikbaar en opmerklik is vir opname in die leser se skema.

8.5 Samevattende argumente

Die twee groot kwessies wat vorendag tree by die realistiese oordenking van vrouetydskrifte se moontlike rol as gedeeltelike politieke opvoeder van die vrou, is aan die een kant die feit dat vrouetydskrifte deur die leser *primêr* gesien word as gerieflike vermaak wat vinnig gebruik kan word en aan die ander kant die feit dat die publikasies 'n wins moet maak. Geertsema (2008b) stel die volgende in dié verband:

> [E]en rede is dat vrouetydskrifte meer tipies gesien word as vermaak, en nie nuus nie. So mense kompartementaliseer hulle lewens: vrouetydskrif is vir pret, nuustydskrif is vir ernstige sake.

Die kommersialisering van die mediabedryf impliseer dat die ideologie van die hele bedryf verander het – die magsbasis in die media het verskuif van die redaksionele tot die ekonomiese (Djerf-Pierre, 2007:99). Dit gaan met ander woorde nie meer oor "the conviction that journalism is not a product that is

produced, sold and consumed on the market, but rather a specific mission that is indispensable to society and the proper function of democracy" nie, maar oor die generering van 'n wins soos in enige ander besigheid (Djerf-Pierre, 2007:94). Die resultaat is dieselfde as wat in die musiekbedryf gebeur – musici word "produkte" wat musiek maak wat voorsien in die smaak van die gemiddelde persoon en hulle bly nie noodwendig getrou aan hul eie sin vir musikale kwaliteit nie. Musici wat wel musiek maak wat hulle glo voldoen aan hoë musikale standaarde en uniek is, het gewoonlik veel kleiner getalle aanhangers en maak derhalwe ook minder wins.

Hierdie studie wil egter nie 'n ideaal voorop stel wat geen indruk gaan maak op mediapraktisyns en -studente nie. Daar word ag geslaan op wat Fengler en Russ-Mohl stel (2008:521):

> For many mass communication researchers, an economic analysis of journalism and journalistic behavior [sic] is still unthinkable, since they – as do journalism educators and practitioners of journalism – cling to the notion of the journalist as a selfless watchdog of the public interest.

Geertsema (2008b) is dit hiermee eens en identifiseer ook die moontlikheid van botsende belange in die joernalistieke bedryf as 'n potensiële probleem. Die feit is dat joernalistiek markgedrewe is en derhalwe ingestel op wat aanloklik/vermaaklik pleks van wat noodwendig belangrik is vir hul gehore. Daar is dus spanning tussen die "tradisionele" funksies van die media en die eise van die ekonomie. Die fokus vandag is eerder op wat mense wíl hoor en lees as dit wat hulle behoort te weet en verstaan (Sreberny & van Zoonen, 2000:10). Froneman (2002:40) stel ook dat die opkoms en gewildheid van die geelpers in Suid-Afrika te wyte is aan die feit dat die oorgrote meerderheid van mense nie belang stel in ernstige onderwerpe of die ernstige aanbieding daarvan nie. Kort (2008) lewer die volgende pleidooi in dié verband: "I don't think you should dumb down your magazine for women – as if they're not smart enough to understand politics. But again, politics have to be brought down to street level."

Daar is egter steeds 'n groot aantal outeure wat die inligtingsfunksie van die media beklemtoon (Hafkin, 2008; Harber, 2007):

> Knowledge is not only for economic growth but its foremost use should be to empower and develop all sectors of society to understand and use knowledge to increase the quality of people's lives and to promote social development. A socially inclusive knowledge society empowers all members of society to create, receive, share and use information and knowledge for their economic, social, cultural and political development.
>
> The media will contribute to the kind of society we want, and the kind envisaged in our constitution, not by writing good news stories but by the quality of debate and discussion, the level to which our media empowers our people to make informed decisions about their life and their country.

Die feit is egter ook dat dit nie slegs die media se plig is om vroue te ontwikkel nie. In Roemenië "the combination of better education, increasing penetration of women's media, governmental and nongovernmental initiatives, exposure to Western liberal currents, and legislation resulting from EU-accession conditionality, is slowly building up a civil society that is more aware of gender issues and is more willing to rectify gender inequalities" (Oprica, 2007:40). In Noorweë weer, was die ingang van vroue in die politiek, opvoeding- en die beroepsektor in die 1970's en 1980's 'n resultaat van 'n "comprehensive equality project initiated by the *state* in the wake of the Equality Act in 1978, which included action plans and rules about affirmative action. In the Nordic countries in general we have a closer affiliation between feminism, state, institutionalized politics, and research than in many other European countries" (Mühleisen, 2007:176) (eie beklemtoning). Dit is dus duidelik dat die media slegs een van baie rolspelers is in die proses om vroue op voetsoolvlak te bemagtig. Wanneer die media egter die kultuur van die dag help verander, word positiewe beweging aan die gang gesit wat waarskynlik die staat en siviele lewe sal beïnvloed. Die media as sisteem word immers beïnvloed deur ander sisteme waarmee dit nou saam funksioneer, en beïnvloed hierdie ander sisteme weer op sy beurt.

Die kenners wat geraadpleeg is vir hierdie studie het ook voorgestel dat ander tipe media as vrouetydskrifte ingespan kan word om vroue se politieke kennisvlakke te verhoog. Geertsema (2008b) is van mening dat veral arm vroue wat dikwels ongeletterd is, nie soveel baat sal vind by opvoedingstrategieë wat vrouetydskrifte insluit nie. Die rol van televisie en radio is in hierdie opsig baie groter. Kort (2008) stel dat die verkiesingseisoen in Amerika in 2008 gewys het hoeveel belangstelling daar in politiek kan wees wanneer daar konflik tussen politici se persoonlikhede en idees is. Sy stel voorts: "I think the internet and blogosphere have also upped the level of excitement for politics, as people search hour-by-hour for updates and news and opinions... ." Weereens is geletterdheid egter 'n kwessie, en in hierdie geval ook toegang tot die nodige tegnologiese infrastruktuur. Dit is dus duidelik dat die politieke opvoeding van die vrou (eintlik die samelewing in geheel) 'n omvangryke taak is. Die studie fokus egter op vroue wat in die sosio-ekonomiese klas val wat vrouetydskrifte kan bekostig en kan/wil lees.

Ten slotte: In die hedendaagse kompeterende mediabedryf gaan dit nie suksesvolle voortbestaan vir 'n titel verseker om elke nou en dan die mashoof se lettertipe te verander om aan te pas by moderne tipografiese neigings nie; die inhoud moet ook vernuwe om by vroue se veranderende rolle en siening van hulself aan te pas. Dit kan inderdaad gedoen word deur terug te keer na die basiese beginsels van die funksies van die media en vrouetydskrifte in besonder en dan te oorweeg wat die moderne vrou se lewe in vandag se samelewing behels. Die antwoord lê waarskynlik in 'n "goue middeweg". Dit word vervat in die volgende kommentaar van Martie Pansegrouw en Michele Kort, redakteure van *rooi rose* en *Ms. Magazine* onderskeidelik en dus ervare in wat in die praktyk werk (Pansegrouw, 2008; Kort, 2008):

Aangesien ons dit [die riglyne] reeds doen kan ek daarvan getuig dat vroue graag oor politiek lees, maar sonder die gevoel van 'angstigheid oor die toekoms' wat die robuuste politiek kommentaar soms skep. As 'n 'gedeelde belangstelling' werk dit wel.

I believe you should both give readers what they want and what you think they need!

8.6 Bydrae van die studie

Die studie het ondersoek ingestel na die moontlikheid om 'n onkonvensionele medium te gebruik om spesifiek vroue se politieke opvoeding te verbeter. Daar is min oor dié onderwerp internasionaal en in besonder in Suid-Afrikaanse konteks gedoen. Die literatuur is dus gewoonlik van toepassing op spesifieke ander lande, en die feit is deurgaans in ag geneem en aanpassings gemaak vir die Suid-Afrikaanse konteks. Die toevoeging van sekere onderwerpe (4.5.1.3) wat baie uniek tot Suid-Afrika se politieke konteks is, is bewys hiervan.

